
**Suid-Afrikaanse Taalregtemonitor | South African Language Rights Monitor**
Fokusuitgawe 1 | Special Edition 1

# Kaapstad se 'Streetgate'

## Politieke maneuvers en die Peter Marais debakel (1999-2002)




Johan C. Moll

sb

# Kaapstad se 'Streetgate'

Politieke maneuvers en die
Peter Marais debakel (1999-2002)

Johan C. Moll

SUNBONANI
SCHOLAR

*Kaapstad se 'Streetgate' - Politieke maneuvers en die Peter Marais debakel (199-2002)*

Uitgegee deur Sun Media Bloemfontein (Pty) Ltd.

Druknaam: SunBonani Scholar

Alle regte voorbehou

Kopiereg © 2014 Sun Media Bloemfontein

Hierdie publikasie is deur die uitgewer aan 'n onafhanklike dubbel-blinde portuurevaluering onderwerp.

Die skrywers en die uitgewer het alles moontlik gedoen om kopieregtoestemming te verkry vir die gebruik van derdepartyinhoud en om sodanige gebruik te erken. Rig alle navrae aan die uitgewer.

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm deur enige elektroniese, fotografiese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat-, band- of laserskyfopname, mikroverfilming, via die Internet of e-pos of enige ander stelsel van inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Menings in hierdie publikasie weerspieël nie noodwendig dié van die uitgewer nie.

ISBN: 978-1-920382-58-2
ISBN: 978-1-920382-59-9 (e-boek)
DOI: https://doi.org/10.18820/9781920382592

Geset in Minion Pro 12/16
Bandontwerp, bladuitleg en produksie deur Sun Media Bloemfontein
Spotprente word gebruik met die vergunning van die koerante en ZapRock Productions (waar van toepassing)

Navorsing en akademiese werke word onder hierdie druknaam in druk en elektroniese formaat uitgegee.

Hierdie publikasie kan bestel word by: media@sunbonani.co.za
Die e-boek is beskikbaar by: https://doi.org/10.18820/9781920382592

# Suid-Afrikaanse Taalregtemonitor / South African Language Rights Monitor

## Fokusuitgawe 1 / Special Edition 1

Die Suid-Afrikaanse Taalregtemonitor / South African Language Rights Monitor is 'n publikasiereeks van die Eenheid vir Taalfasilitering en -bemagtiging aan die Universiteit van die Vrystaat. Aanvanklik is die reeks ingerig om 'n jaarlikse *Monitor* uit te gee waarin daar verslag oor die taal- en taalregteverwikkelinge in Suid-Afrika gedoen word. Aangesien die jaarlikse Monitor oorsigtelik van aard is en uiteraard tot een kalenderjaar beperk word, bly die ondersoek van brandende en meestal deurlopende taalvraagstukke agterweë. 'n Behoefte het dus ontstaan om die reeks met die daarstel van spesiale uitgawes as 'n tweede komponent in die reeks uit te brei. Hierdie fokusuitgawes bied dus diepgaande beskrywings van sodanige temas wat slegs oorsigtelik in die ander uitgawes van *Monitor* aan die bod kom. Hiermee spreek ons die hoop uit dat 'n belangrike bydrae gelewer word tot die verdere dokumentering van eietydse taalverwikkelinge hier te lande.

**Theodorus du Plessis** (*Reeksredakteur*)
*Eenheid vir Taalfasilitering en -bemagtiging*
*Departement Linguistiek en Taalpraktyk*
*Universiteit van die Vrystaat*

Bloemfontein
November 2014

# INHOUDSOPGAWE


Lys van spotprente ..... i

Afkortings ..... ii

Kronologie ..... iii

Voorwoord ..... vii

1. Teoretiese invalshoeke ..... 1
   - 1.1. Straatname as deel van die kollektiewe geheue ..... 2
   - 1.2. Die aard van vereringstraatname ..... 3
   - 1.3. Die herbenoeming van straatname: Afrekening met die ou bewind, toejuiging van die nuwe ..... 6
2. Die nuwe bedeling kry gestalte ..... 9
   - 2.1. Die eerste megastede kom tot stand ..... 9
   - 2.2. Die DP en NNP vorm die DA ..... 13
   - 2.3. Die DA palm Kaapstad in ..... 19
3. Die protagonis in die verhaal ..... 27
4. Marais se straathernoemingsplan ..... 40
5. Die straatnaamdebakel ..... 66
6. Vanaf debakel tot “monumentale klug” ..... 89
7. Die Heath-ondersoek ..... 111
8. Die Heath-verslag se gevolge ..... 140
9. Marais se afdanking as burgemeester ..... 159
10. Die DA se finale aftakeling ..... 184
11. Die verdere verloop van straatnaamverandering aan die Kaap ..... 197
12. Tussen teorie en praktyk ..... 199

Bylae 1 ..... 201

Bylae 2 ..... 202

Bronnelys ..... 203

Indeks ..... 215

# LYS VAN SPOTPRENTE

Spotprente word gebruik met die vergunning van die koerante en ZapRock Productions (waar van toepassing)


1: Gerald Morkel en Peter Marais jubelend oor hul onderskeie poste as premier van die Wes-Kaap en burgemeester van Kaapstad (*Daily News*, 21 Februarie 2003:10) .... 34

2: Marais begin die woede van openbare weerstand teen sy hernoemingsplan voel (*Die Burger*, 22 Mei 2001:8) .... 62

3: Die beweerde straatnaambedrog word as 'n ongeurige dis met unistad-suurwyn bedien (*Die Burger*, 27 Julie 2001:12) .... 78

4: Die aanklagte van petisiebedrog begin en die burgemeester se son verduister (Zapiro in *Mail & Guardian*, 28 Junie 2001:2) .... 85

5: Marais besig om sy eie graf te grawe weens die stembedrog, maar steeds onstuitbaar (*Sowetan*, 1 Augustus 2001:14) .... 113

6: Marais maak 'n bespotting van die DA se belofte van skoon regering as gevolg van die stemverneukery-meulsteen om sy nek (Zapiro in *Mail & Guardian*, 2 Augustus 2001:22) .... 117

7: Die hoofkarakters in die straatnaamdebakel tydens die Heath-verhoor (*Cape Argus*, 8 Januarie 2002:10) .... 122

8: Marais se aanhoudende en ernstige misstappe laat hom reddeloos (Zapiro in *Mail & Guardian*, 16 Augustus 2001:18) .... 130

9: Marais se illusies oor sy invloed en statuur word 'n tydbom op pad na tamatiestraat (*Rapport*, 2 September 2002:28) .... 152

10: Vir Leon word Marais se aapstreke te veel, terwyl Van Schalkwyk hom steeds beskerm (*Saturday Star*, 20 Oktober 2001:8) .... 158

11: Leon en Van Schalkwyk bult spiere oor Marais se lot (*Die Burger*, 18 Oktober 2001:10) .... 161

12: Leon se vasberadenheid om van Marais ontslae te raak en Van Schalkwyk en Marais se halsstarrigheid laat die DA-alliansie tuimel (*Beeld*, 23 Oktober 2001:8) .... 167

13: Terwyl Van Schalkwyk plek inruim vir Marais, pluk Leon die stoel onder hom uit (*Sowetan*, 21 Oktober 2001:17) .... 168

14: 'n Opsomming van die opskudding binne die DA met Marais as die spilpunt (*The Star*, 18 Oktober 2001:6) .... 174

15: 'n Onverbiddelike Leon raak hardhandig van Marais ontslae terwyl Van Schalkwyk onthuts toekyk (*Sowetan*, 24 Oktober 2001:16) .... 177

16: Die leier en onderleier van die DA in 'n botsing, terwyl dringende stadsake agterweë bly (*The Star*, 19 Oktober 2001:12) .... 180

17: Wedersydse rugstekery en agterdog met Marais dodelik verwond deur die straatnaamdebakel (*The Star*, 23 Oktober 2001:12) .... 185

18: Die verbysterende omruil van premier- en burgemeestersposte deur twee bruin leiers met min ooghare vir mekaar (*Eastern Province Herald*, 3 November 2001:4) .. 192

# AFKORTINGS

ACDP (African Christian Democratic Party)
AEB (Afrikaner Eenheidsbeweging)
AHI (Afrikaanse Handelsinstituut)
ANC (African National Congress)
ANCYL (African National Congress Youth League)
AZAPO (Azanian People's Organisation)
COPE (Congress of the People)
COSATU (Congress of South African Trade Unions)
DA (Demokratiese Alliansie)
DP (Demokratiese Party)
FA (Federale Alliansie)
LUK (Lid van die Uitvoerende Komitee)
NBK (Nasionale Bestuurskomitee)
Nehawu (National Health and Allied Workers Union)
NP (Nasionale Party)
NPP (Nuwe Nasionale Party)
NY (Native Yard)
PP (Progressiewe Party)
UDM (United Democratic Movement)
SACP (South African Communist Party)
SABC (South African Broadcasting Cooperation)
SIU (Special Investigation Unit)
WVK (Waarheid- en versoeningskommissie)

# KRONOLOGIE

## 1992-2000

Marais dien as lid van die Wes-Kaapse kabinet

## 1996

| | |
|---|---|
| 6 Augustus – | Unistede kom tot stand en die sewe Kaapse metropolitaanse rade smelt saam |

## 1998

| | |
|---|---|
| Februarie – | Eerste duidelike tekens dat Kaapstad se straatname kan verander |
| – | Blitsopname toon dat inwoners ten gunste van straatnaamverandering is |
| November – | Komitee van vername Kapenaars aangestel om naamsverandering te ondersoek |

## 2000

| | |
|---|---|
| Februarie – | Boraine en ander stadsraadsamptenare kry die trekpas |
| 14 Februarie – | Marais voor die DA-tugkomitee oor sy onuitgeklaarde stellings oor nouer samewerking met die ANC |
| 28 Februarie – | Marais word as lid van die Wes-Kaapse kabinet afgedank |
| April – | Marais vra die partyleierskap om verskoning, maar word ’n agterbanker |
| 10 April – | Premier Morkel stel hom weer as minister van maatskaplike dienste en armoedeverligting aan |
| Junie – | Stemme dat Mandela vereer behoort te word |
| 24 Junie – | DP en NNP stig DA |
| November – | Unistad besluit op die naam Kaapstad |
| 6 Desember – | DA palm Kaapstad in |
| 7 Desember – | Eerste sitting van die Kaapstad-unistad se stadsraad |

## 2001

| | |
|---|---|
| Februarie – | Marais word deur kabinetskollega Adams vir seksuele teistering gedagvaar |
| April – | Marais ontvang burgemeestersketting |
| – | Eerste persberigte van Marais se plan om Adderley- en Waalstraat na Mandela en De Klerk te vernoem |
| – | Eerste reaksie op en besware teen Marais se ondemokratiese hantering van die straatnaamsveranderingproses |
| – | Marais rig uitnodiging aan die publiek om kommentaar te lewer |
| Mei – | Aankondiging van Marais se straatnaamplan lok wye openbare reaksie uit |
| – | Veelpartykomitee word aangestel om openbare reaksie te hanteer |
| 21 Mei – | Sperdatum vir die publiek se terugvoer |
| 22 Mei – | Blyke van hewige teenkanting jeens die plan |
| 24 Mei – | Marais lewer Kaapse Persklub-toespraak |
| Junie – | Gerugte van verdeeldheid in DA oor die hernoemingskwessie |
| 8 Junie – | Bom bars oor die beweerde kullery rakende die openbare deelname |
| 10 Junie – | DA stel sy eie ondersoekkommissie oor beweerde onreëlmatighede aan |

| | | |
|---|---|---|
| 14 Junie | – | Die veelpartykomitee se subkomitee begin die publiek se reaksie deurwerk |
| | – | *Mail & Guardian* berig oor die burgemeesterkantoor se weiering om kopieë van openbare deelnames te verskaf |
| 15 Junie | – | Advokaat Joe van der Westhuizen word as eenmankommissie deur die stadraad aangestel |
| 21 Junie | – | DA stel drieman-ondersoekkommissie onder leiding van Piet Marais aan |
| 23 Junie | – | Openbare verhoor van Van der Westhuizen-kommissie |
| 24 Julie | – | Leon ontvang Johnson se beëdigde verklaring |
| | – | Piet Marais-kommissie word deur die Heath-ondersoekkommissie vervang |
| | – | Smit en Kieser word geskors |
| 26 Julie | – | Mandela en De Klerk stem saam dat die plan laat vaar moet word |
| 26 Julie | – | Johnson se verklaring word openbaar gemaak |
| 27 Julie | – | Druk gesprekke in DA-kringe om van Marais ontslae te raak |
| 28 Julie | – | Van der Westhuizen se ondersoek word beëindig |
| 30 Julie | – | Kennisgewing in provinsiale koerant oor Heath se aanstelling |
| Augustus | – | Skerp reaksie op ondersoekkoste |
| 6 Augustus | – | Amptenare getuig voor Heath |
| 6 Augustus | – | Leon stel voorwaardes aan Morkel en die stadsraad om Marais se optrede hok te slaan |
| 8 Augustus | – | Marais getuig |
| 28 Augustus | – | Heath oorhandig sy verslag aan minister Uys |
| Einde Augustus | – | Berigte dat spanning tussen die DA en NNP breekpunt bereik |
| 30 Augustus | – | Heath se verslag word openbaar gemaak; DA-topbestuur vergader om Heath se bevindings rakende Marais onder oë te neem |
| 31 Augustus | – | Marais word deur Morkel afgedank; DA stel drieman-ondersoek aan oor Marais en twee raadslede se optrede; Walker word die waarnemende burgemeester |
| 10 September | – | Leon verwittig Van Schalkwyk dat die Marais-probleem afbrekend vir die DA geword het |
| 24 September | – | Van Schalkwyk gee te kenne dat dit die einde van die Marais-probleem moet wees as Marais deur die stadsraad se reëlskomitee onskuldig bevind word |
| 21 September | – | King-ondersoekkommissie na die beweerde oortreding deur stadsraadslede word laat vaar |
| 1 Oktober | – | Leon laat aan Van Schalkwyk blyk dat Marais moet padgee |
| 5 Oktober | – | Marais deur die unistad se veelpartykomitee vrygespreek |
| 12 Oktober | – | Leon se besluit om Marais te skors word met stembreuk tussen DP en NNP aanvaar; Marais gee te kenne dat hy hom tot die hof gaan wend |
| 13 Oktober | – | Leon se afdankingsbrief aan Marais word in die pers vrygestel |
| 19 Oktober | – | NBK vergader om Marais se weiering om die burgemeestersamp neer te lê te bespreek; Marais word uit DA geskop |
| 22 Oktober | – | Marais rig 'n dringende hofaansoek teen die DA se beslissing |
| 25 Oktober | – | DA reik 'n persverklaring uit oor waarom Marais versoek is om te bedank |
| | – | Van Schalkwyk kondig aan dat hy 'n strategiese alliansie met die ANC oorweeg |
| 26 Oktober | – | Konfrontasie tussen Marais en DA in die Kaapse hooggeregshof |
| 1 November | – | Marais word tot leier van die NNP in Wes-Kaap verkies |
| 7 November | – | Die DP en NNP se weë skei |
| 12 November | – | Morkel verwittig die provinsiale kabinet van sy bedanking as premier |

14 November – Marais verkry ’n dringende interdik teen die DA om ’n nuwe burgemeester aan te stel
21 November – Die hooggeregshof beslis dat daar onregverdig en onbillik teenoor Marais opgetree is; Marais bedank op verrassende wyse as burgemeester
23 November – Morkel word tot die DA se Wes-Kaapse provinsiale leier verkies
28 November – Samewerkingsooreenkoms tussen die ANC en NNP word bekend gemaak
31 Desember – Smit se kontrak met die stadsraad verval

## 2002

Januarie – Kieser word as regsadviseur deur Morkel aangestel
18 Maart – Marais stig die Nuwe Arbeidersparty
5 Junie – Van Schalkwyk word premier
Desember – Verdoemende verslag oor Morkel se onetiese verbintenis met Harksen

# VOORWOORD

Wat bal aan die rol gesit het as 'n ondersoek na die reaksie oor Peter Marais, Kaapstad se destydse burgemeester, se straathernoemingsidee in die gedrukte media het vanweë ineengestrengeldheid met die destydse politiek op 'n meer omvattende studie uitgeloop. Die hoofredes hiervoor was veral die problematiese optrede van die protagonis in die verhaal, die saambring van uiteenlopende politieke sienings en oortuigings in 'n kunsmatige nuwe politieke alliansie, die ambisies van die twee leiers in die nuwe party en die unieke uitdagings vir die enigste provinsie in die land wat nie onder bestuur van die ANC was nie om administratiewe sukses ten alle koste te behaal. Die idee om twee van die bekendste strate in Kaapstad na die voormalige staatsleiers Nelson Mandela en FW de Klerk te vernoem om versoening en eenheid te bevorder, was op sigself lofwaardig. Waarom so 'n relatief eenvoudige plan skeef geloop het en tot 'n verstommende aantal ondersoekkommissies, afdankings en die skeuring van 'n party aanleiding gegee het, kan tot die rol van politiek en ambisieuse politici, die gevolge van 'n onvrugbare politieke alliansie, en veral die doen en late van 'n onbedwingbare individu herlei word.

Soos in die teoretiese toeligting aangetoon word, het hierdie poging tot straatnaamverandering ook geïllustreer hoe geografiese ligging en historiese en politieke belangrikheid na vore getree het toe twee van die bekendste strate in die Kaap ter sprake gekom het. Die bepaalde gevoelswaarde en die historiese konteks van die ou en nuwe name het bepaalde konnotasies met hulle saamgedra, en sommige van die simbole uit die verlede het byna heilige betekenis in verskillende dele van die gemeenskap gehad. Wat al die planne en bedrywighede gekompliseer het, was die slinkse handelswyses van politici in die uitvoer van stadsake ter wille van politieke voordeel, wat 'n relatief eenvoudige straatnaamverandering in 'n debakel van ongekende omvang verander het.

Dit was besonder moeilik om die aandag op die kernkwessies van straatnaamsverandering en die hoofrolspeler in die verhaal, Peter Marais, gevestig te hou. Uiteindelik was die verhaal nie te vertel sonder inagname en verduideliking van die besondere politieke situasie en strominge in Kaapstad op daardie stadium nie. Na 'n bondige teoretiese verkenning oor sommige aspekte wat onderliggend is aan en ter sprake kom by naamsverandering, word ook kortliks verwys na die nuwe munisipale strukture wat na die demokratisering van Suid-Afrika tot stand gebring is. Soos die inhoudsopgawe aandui handel hierdie publikasie hoofsaaklik oor Peter Marais se straathernoemingsinisiatief en die herrie wat dit tot gevolg gehad het soos in hoofsaak in die gedrukte media gerapporteer.

'n Studie van hierdie aard is nooit sonder die insette van talle persone moontlik nie. Eerstens was daar die bydraes van joernaliste wat dikwels vreesloos, soms venynig, en in baie gevalle ernstig objektief, op soek na die eintlike waarheid was. Dit is gevaarlik om persone uit te sonder, maar soos die bronnelys aandui, is daar by tye sterk geleun op die deeglike verslaggewing van *Die Burger* se T. van der Westhuizen en W. Jordaan, die meer sensasionele berigte van *Cape Times* se A. Smith, E. Sylvester se dikwels noukeurige ontledings in die *Argus*, M. Merten en T. Kahn se vreeslose onthullings in die *Mail & Guardian*. Waar beland demokrasie en die samelewing sonder die waghond-beriggewing in die hoofartikels van die *Business Day*, die *Mail & Guardian*, *Die Burger* en *Cape Times*? Spotprenttekenaars sê dikwels met enkele pennestrepe wat 'n skrywer met lang omhaal probeer tuisbring en selfs dan nog nie so treffend raakvat nie. Zapiro se bydraes in die *Mail & Guardian* bly merkwaardig, en ook in *Die Burger* en ander koerante het verskeie tekenaars die gees en essensie van gebeure in briljante uitbeeldings vasgevang.

Dank is verskuldig aan persone wat bereid was om mondelinge onderhoude toe te staan, onder andere Peter Marais en Veronica Johnson. Verskeie persone en instansies aan die Universiteit van die Vrystaat verdien besondere dank: Christa Heyns by SA Media (UV) se hulp was onontbeerlik, en onophoudelike navrae is altyd met vriendelikheid en bekwaamheid hanteer; prof. Theodorus du Plessis, die direkteur van die Eenheid vir Taalfasilitering en -bemagtiging,

vir sy aansporing en geduld; Chrismi-Rinda Loth van dieselfde instansie, wat talle ongewone versoeke geduldig, vinnig en deeglik hanteer het en die finale afronding van die manuskrip saam met Jeanne-Leanne Smit behartig het. Die keurders het talle sinvolle aanbevelings gemaak en Gerdus Senekal van SUN MeDIA Bloemfontein se noukeurige redigering het die manuskrip grootliks verbeter, maar die foute wat mag voorkom, bly die skrywer se verantwoordelikheid.

**Johan Moll**
*Eenheid vir Taalfasilitering en -bemagtiging*
*Universiteit van die Vrystaat*

Bloemfontein
Maart 2013

# 1. TEORETIESE INVALSHOEKE

In wese fokus hierdie studie op straatname. Die breë dissipline wat met die bestudering van name te doen het staan bekend as onomastiek, waarvan straatname een van die subdissiplines vorm en as odonimie bekend staan. Een van die funksies van munisipaliteite is om name toe te ken aan strate, paaie en openbare plekke en sulke name wanneer doenlik te hernoem (Toussaint 2007:1-5). Wat odonimie in Suid-Afrika en in baie wêrelddele steeds relevant maak, is dat munisipaliteite voortdurend besig is om nuwe woongebiede en strate uit te lê en nuwe name daarvoor te vind.

Straatname het wesenlik met ruimte te doen en ruimte vorm een van die hoofelemente in enige kulturele stelsel. Die ruimtelike teks van 'n padkaart is leesbaar en interpreteerbaar, en deur na 'n padkaart te kyk kan 'n bevoegde leser eerste glimp van die stad se geskiedenis kry, ook in terme van die veranderende politieke toneel (Palonen 1993:104). Dit blyk egter dat die interpretasie van so 'n ruimtelike teks binne meer kontekste as net die historiese of politieke moontlik is. Dit kan onder andere ook in 'n demografiese, geografiese of sosiologiese konteks geplaas word, terwyl kombinasies van sulke kontekste natuurlik ook moontlik is. Die studie van straatname kan dus tot holistiese benaderings en verklarings lei deur die uiteenlopende kontekste daarvan te ontleed. Straatname se betekenis word verruim en die bekendheid daarvan bevorder deur gebeure wat daar plaasvind en objekte wat daar te vinde is. In die Marais-straatplan kom 'n kerk, 'n parlementsgebou, 'n politieke vergadersaal en 'n standbeeld ter sprake. Die uiteenlopende beskrywings en vertolkings daarvan raak met menslike oogmerke en waardes ineengestrengel en verraai ook politieke standpunte en sentimente (Entrikin 1991:11). Die geskiedenis van sulke ruimtes is belangrik, nie slegs in terme van die ontstaan daarvan nie, maar veral ook vanweë bepaalde interaksies en verdraaiings, en die skakeling daarvan met wat daar op 'n bepaalde tydstip in 'n samelewing aan die gebeur is (Entrikin 1991:42). 'n Straatkaart bevat ook ideologiese dimensies wat aan bepaalde openbare ruimtes en straatname gekoppel kan word. Op hierdie wyse

word straatname 'n bron vir die voortbring en voortdurende neerslag van 'n stadsgemeenskap se kollektiewe geheue (Pinchevski & Torgovnik 2002:374).

## 1.1. Straatname as deel van die kollektiewe geheue

'n Belangrike aspek wat by straatname ter sprake kom, is kollektiewe geheue, en daarmee saam duik temas soos geskiedenis en erfenisgoedere op. Kollektiewe geheue is 'n sosiale verskynsel wat na gelang van politieke, historiese en sosiale opvattings en veranderinge gekonstrueer word (Pinchevski & Torgovnik 2002:365). Die wyse waarop die verlede bejeën word, is dikwels diensbaar aan die politieke ideale, strominge en bewindhebbers van die betrokke tydstip waaruit gekyk word. Dit blyk duidelik uit die geskiedenis van die twee strate in Kaapstad – Waal- en Adderleystraat – wat in hierdie studie ter sprake kom. Die politieke oorname van Suid-Afrika deur die ANC sou aanleiding gee tot nuwe historiese beklemtonings voortspruitend uit dinamiese sosiale veranderinge wat ook neerslag sou vind in beide die toekenning van name en veral die herbenoeming van name wat tydens die onderdrukkende apartheidsverlede gebruik is.

Dit is veral heersende politieke belange en magsverhoudings wat die simboliese konstruksie van identiteit bepaal. Sulke belange en verhoudings weerspieël die politieke magshebbers se bepaalde behoeftes en oogmerke en hulle vermoë om opvattings oor gemeenskaplike simbole te manipuleer. "In particular it reflects certain needs of political elites and their ability to manipulate symbols and notions of common heritage" (Azaryahu & Kook 2002:199). So het die NP tydens sy bewind simbole op groot skaal gemanipuleer deur die verandering van die Volksraad-regalia, die verwydering van die Union Jack en dies meer. Die ANC sou hierdie gebruik na magsoorname voortsit en grootliks uitbrei, siende dat die bevolkingsmeerderheid vir die eerste keer aan bewind gekom het. Weereens is die Volksraad-regalia gewysig, die ampsname van wonings verander, die volkslied aangepas, apartheidsimbole soos standbeelde (van veral dr. H.F. Verwoerd, die voormalige premier), borsbeelde en skilderye in die Volksraad verwyder, name van geboue verander, ensovoorts. Met die Wes-Kaapse bewindsverandering na die DA sou die naamsveranderinge ter wille van politieke en persoonlike agendas op hulle beurt na vore tree.

Toe daar onder die nuwe DA-stadsraadsbewind in Kaapstad gepoog is om ’n nuwe kollektiewe stadsgeheue te vorm en te beklemtoon, is maniere en middele probeer vind waardeur dit in die alledaagse lewe van die Kapenaars gestalte kon vind. Nuwe klem is op die dramatiese historiese gebeure wat hulle pas voltrek het geplaas, en belangrike individue – president Nelson Mandela en die voormalige president FW de Klerk – is uitgesonder om vereer en herdenk te word. Aangesien hierdie studie oor verering deur middel van straatname handel, is dit interessant om daarop te let dat verskeie studies gedoen is om spesifiek straatname as ’n herdenkingsverskynsel te verken. Vergelyk byvoorbeeld die werk van Ferguson (1988), Palonen (1993), Azaryahu (1996) en Pinchevski en Torgovnik (2002), waarin die klem op twee aspekte van besondere belang geplaas word – die politieke stryd, en die besluitnemingsprosesse wat met die benoeming van straatname gepaard gaan. In Kaapstad se geval het dit uiters komplekse en botsende besluitnemings veroorsaak, met talle ondersoekkommissies, verskeie hofsake, die ontbinding van ’n politieke alliansie en die afdanking van ’n premier en ’n burgemeester as gevolg daarvan. Dit blyk dat die vermenging van straathernoeming met die destydse politiek ’n magstryd tot gevolg gehad het wat verreikende en uiters nadelige gevolge vir die stadsgemeenskap ingehou het.

## 1.2. Die aard van vereringstraatname

Een van die mees algemene kenmerke van die moderne plaaslike politieke kultuur is verering- of huldigingstraatname (Schwartz 1982:377). Dit vorm die kern van die straatnaamverandering wat hier rondom twee Suid-Afrikaanse Nobelpryswenners ter sprake kom. ’n Straatnaam se simboliese funksie as ’n wyse van herdenking of verering bly altyd ondergeskik aan die praktiese funksie daarvan. Die meerderheid vereringstraatname bestendig die nagedagtenis van historiese figure en gebeure wat deur die besluitnemers belangrik genoeg vir verering binne die stadslandskap geag is. Hierdie tipe verering beklee historiese gebeure en persoonlikhede met buitengewone betekenis en verskaf volgens Schwartz (1982:377) “a register of sacred history”. Vanuit die perspektief van diegene wat in beheer van die vorming

van die samelewing se simboliese infrastruktuur is, is die groot voordeel van vereringstraatname dat hulle 'n amptelike voorstelling van die geskiedenis binne die omgewing van die alledaagse stadslewe bied.

Net soos monumente en museums, weerspieël straatname wat vereer nie slegs 'n bepaalde weergawe van die geskiedenis op 'n gegewe tydstip nie, maar dra dit ook by en word medespelers in die voortdurend veranderende en voortgaande kulturele aanbieding en voorstelling van 'n gedeelde verlede namate herbenoemings plaasvind. In hulle rol en funksie, beide as historiese verwysings en as ruimtelike skeppings, gee straatname gestalte aan die ontmoetingspunt en interaksie tussen geskiedenis en geografie. Daar is potensiële konflik in die verering van persone, omdat vereringstraatname die heersende strukture van mag en gesag konkretiseer (Azaryahu 1996:312).

In hierdie studie word die historiese aspek, in die oogmerk om twee nasionale ikone te vereer, weerspieël, terwyl die geografiese sterk meegespreek het deurdat twee van Kaapstad se bekendste strate as bekende bakens ter sprake gekom het. Dié is was in een van die mees historiese omgewings van die stad geleë, waar onder andere die volgende voorkom: die Groote Kerk, die St. George-katedraal, die Parlement, die Tuynhuys, die Kultuurhistoriese Museum (as slawelosie gebou en toe as die Ou Hooggergshof gebruik en in 1998 weer tot Slawehuis herdoop), Jan Smuts se standbeeld, en die Kompanjiestuin (Van Houwelingen 2001:3).

Die gebruik van straatname as eerbetoningsoogmerke dra by tot die omskepping van die stedelike omgewing tot 'n bykans volwaardige politieke een. Die vermoë om die betekenisse van sulke omgewings te wysig en te beheer is 'n belangrike uiting en bewys van mag (Entrikin 1991:52). Een van die ter sake Kaapse burgemeester se onderliggende oogmerke met die straatnaamveranderingsinisiatief was politieke versoening, en ook om te toon dat die ANC sou moes vir lief neem dat een van die figure wat deel van die apartheidsbewind was, ook vereer sou word.

Straatname definieer die geskiedenis in terme van lokaliteit en maak deel van die historiese geheue van die dorps- of stadsbewoners uit. Straatnaamgewing

vorm 'n tipiese terrein vir die uiting van wat "banale nasionalisme" genoem word; die weergawe van komplekse gebeure, gewoontes en voorstellings wat op alledaagse wyse die kollektiewe identiteit van die bewoners of kultuurgroep of landsbewoners weerspieël (Billig 1995). In hierdie geval sou die vereringsname aan die kollektiewe identiteit van die swart (Mandela) en wit (De Klerk) gemeenskappe herinner, en aan die bruin burgemeester wie se idee die versoeningsgebaar was gekoppel word. Vir diegene wat beheer oor die bepaling van die simboliese infrastruktuur van die samelewing uitoefen, is die groot voordeel van vererings- en gedenkstraatname dat hulle 'n amptelike weergawe van die geskiedenis binne die opset en omgang van die alledaagse lewe daarstel. Diegene wat in beheer is besluit wat geskik is om herdenk te word, en straatbenoeming word op hierdie wyse deel van die politiek van openbare verering en herdenking (Azaryahu & Kook 2002:199).

Die gebruik van straatname as vereringsoogmerke bied dus 'n amptelike weergawe van die geskiedenis wat binne die sfeer van die sosiale lewe geïnkorporeer kan word (Azaryahu 1996:321). Historiese kontekste kleef ook aan hierdie name, en sodoende dien hulle as 'n tipe "geskiedeniskaart" en word hulle 'n amptelike uitbeelding van wat as belangrike historiese erfgoed beskou word. Die idee om Mandela en De Klerk te vereer, kon as so 'n geskiedeniskaart van pas afgelope politieke gebeure dien. Op hierdie wyse sou die twee straatname deel word van die simboliese konstruksie van 'n nuwe identiteit, en die lees daarvan sou neerkom op 'n ontsyfering van 'n amptelik gekonstrueerde identiteitsteks wat die belange en houdings van die plaaslike politieke leiersgroepe en die stad se magshebbers weerspieël (Azaryahu & Kook 2002:210).

Wat egter belangrik is, is hulle houbaarheid, geldigheid en die interpretasie wat die gebruikers daarvan daaraan heg, want dít is wat hulle kultureel en polititcase relevant en aanvaarbaar maak (Azaryahu & Kook 2002:200). Lefebvre (1991:54) beweer:

> *A revolution that does not produce a new space has not realized its full potential: indeed, it has failed in that it has not changed life itself, but has merely changed ideological superstructures, institutions and political*

> *apparatuses. A social transformation, to be truly revolutionary in character, must manifest a creative capacity in its effects on daily life, on language and on space – though its impact need not occur at the same time, or with equal force, in each of these areas.*

Oral in Suid-Afrika sou die ANC straatname met die name van die helde uit hulle bevrydingstryd teen apartheid vervang. Kaapstad kon 'n uitsondering word deur ook die historiese bydrae van die wit opsegger van apartheid in herinnering te roep.

## 1.3. Die herbenoeming van straatname: Afrekening met die ou bewind, toejuiging van die nuwe

Herbenoeming is 'n prominente kenmerk van die toponimie van moderne stede. Volgens Azaryahu (1996:317) het die hernoeming van 'n straat 'n beduidende uitwerking, nie net op die stad nie, maar ook op menslike ervaring en waarneming van ruimtes binne stede. Die feit dat herdenkingstraatname ook deel van die simboliese infrastruktuur van mag en gesag uitmaak, lei daartoe dat hulle net soos ander strate teikens word wanneer politieke omwentelinge intree. Deurdat 'n polities gemotiveerde herbenoeming 'n tweevoudige prosedure van "ontdenking" en herdenking behels, gaan dit dikwels met konflik, of ten minste heftige reaksie, gepaard (Azaryahu 1996:317). Die poging om die name van twee strate in Kaapstad te verander sou die ontdenking van 'n deel van die blanke geskiedenis van die stad, en herdenking van die nuwe demokratiese opset van Suid-Afrika, behels.

Die herbenoeming van strate is 'n bewys dat die behoefte van 'n nuwe bewind vir wettigheid en self-voorstelling akuut word. In die geval van die een of ander dramatiese politieke verskuiwing is die herbenoeming van strate 'n daad van politieke propaganda met aansienlike proklamasiewaarde, omdat dit openbare reaksie uitlok. Deur herbenoemings proklameer die nuwe bewind die begin van 'n nuwe era, en toon en bevestig terselfdertyd die vasberadenheid en selfvertroue om die tekens en simbole opnuut te bekyk en te verander. Die herbenoemingsdaad bevestig die feit dat radikale herstrukturering van die magsverhoudings in die samelewing werklik bereik of onderweg is, en

dit bevestig 'n grondige rekonstruksie van sosiale en politieke instellings. Straatherbenoemings is "both a celebration of triumph and a mechanism of settling scores with the vanquished" (Azaryahu 1996:318). Die uniekheid van die spesifieke poging tot straatnaamverandering in Kaapstad wat hier bespreek word was dat dit beide 'n viering van triomfantelike vernuwing van die nuwe heersers, sowel as 'n gebaar van versoening teenoor die aftogblasers sou wees. Juis daarom het dit so 'n fel debat tussen diegene wat wou vernuwe en dié wat aan die bestaande verknog was ontketen.

Dit is beslis waar dat daar met die verloop van tyd min van die oorspronklike samelewing, wat aanvanklik aan die benoeming van die ruimtes en straatname betekenis verleen het, oorbly. Mettertyd het die destydse Kaapse bewoners en die gesaghebbers wat Waal- en Adderleystraat benoem het vanaf die toneel verdwyn, en het weinig van die latere inwoners uiteindelik die vaagste benul van die werklike herkoms of diepere betekenis van die straatname uit die betrokke tydperk gehad. Dit het merendeels iets geword wat rigting en adres aandui en as oriënteringspunt dien (Entrikin 1991:x). Waal- en Adderleystraat in Kaapstad is 'n goeie voorbeeld hiervan – argiefmateriaal moes opgediep word om vas te stel na wie hierdie strate oorspronklik vernoem is.

Wanneer plek- en straatname van tyd tot tyd verander en die gebruikers daarvan nie hulle stemme laat hoor nie, kan niemand anders namens hulle praat nie. Beslis nie die een of ander deskundige of segspersoon nie, want niemand het eintlik die reg om namens die werklike gebruikers hul opinie te lug nie. Dikwels word stilswye die kern van die probleem van naamsverandering (Entrikin 1991:xi). Dat stryd en konflik in naamsverandering ter sprake kom, is te verstane. In die Suid-Afrikaanse situasie moes die wit minderheid toesien hoe hulle simbole, insluitend die name van verskeie provinsies, stedelike en dorpstraatname, lughawens, damme en geboue, deur 'n nuwe swart meerderheid verander en herbenoem word.

Sonder die verrekening van die waarde van ruimte, die semiotiek aan naamgewing verbonde en die kollektiewe geheue van 'n gemeenskap, kan straatname nie eintlik bedink word nie. Ook kan veral die politiekery daaraan verbonde nie buite rekening gelaat word nie. Straatnaamveranderinge dui

op twee verskynsels. Eerstens, hoedat die geografiese ligging en historiese en politieke belangrikheid ter sprake kom, soos in die Kaapstad-geval waar twee van die belangrikste strate eerste getakel is. Tweedens illustreer dit hoe die semiotiese aspekte deur die gevoelswaarde en historiese konteks van die ou en nuwe name betrek is, maar ook hoe weerstand ontlok is deur die aantasting van simbole uit die verlede wat 'n bykans heilige karakter aangeneem het. In 'n sin het verandering ingetree daar waar die ou simboliek die prominentste was en die verandering dus die opvallendste sou wees, en die nuwe helde met al die simboliek aan hul name verbonde prominent onder die aandag sou bring. Vir die nuwe ANC-bewind was dit 'n kwessie van "unshackling" en "decolonization" na die lang vryheidstryd wat in die nuwe samelewing gereflekteer moes word (Jack 2002:17). So sou die ANC-beheerde munisipaliteite deur nuwe straatname hul stempel op die samelewing begin afdruk, 'n proses wat tot op hede nie afgeloop is nie.

In Kaapstad se geval het handelswyses ter wille van politieke voordeel in die uitvoer van stadsake 'n relatief eenvoudige straatnaamverandering in 'n debakel van verstommende dimensies en gevolge omskep.

# 2. DIE NUWE BEDELING KRY GESTALTE

## 2.1. Die eerste megastede kom tot stand

Op provinsiale regeringsvlak was die oorgang in Suid-Afrika in sommige opsigte meer "sensitief, kompleks en moeilik" as die oorgang na 'n nuwe nasionale bedeling (Carrim 1998:8). In 1996 is die bestaande Kaapstad-stadsraad ontbind en 'n nuwe raad geskep. Drie jaar later is hierdie liggaam weer verander ten einde die groter Kaapstad-area onder een groot mega-stadsraad te ressorteer. Dit het plaasgevind na die regering se aankondiging op 6 Augustus 1999 dat verskeie megastede of unistede tot stand sou kom, naamlik Johannesburg, die Oos-Rand, Durban, Pretoria en Kaapstad. Vir Kaapstad sou dit die samesmelting van die ses bestaande munisipaliteite in die Kaapse metropolitaanse area beteken: Blaauwberg, Helderberg, die Suidelike Skiereiland, Tygerberg, Oostenberg sowel as die Kaapse Metropolitaanse Raad. Hierdie struktuur sou voortaan die belange van ongeveer drie miljoen inwoners moes behartig (West 2000:5).

Alhoewel die megaplan hewige debat ontlok het, was Kaapstad se stadsbestuurder, Andrew Boraine, vol vertroue dat dit 'n skuif sou wees wat Kaapstad in 'n moderne, doeltreffende, wedywerende en veel meer regverdige stad om in te woon en te werk sou transformeer (Hadland & Campbell 1999:1). Die hoofredes vir die skep van megastede was om hulle te ontrassifiseer en hulle mededingendheid op nasionale en internasionale vlak te verbeter. Transformasie en modernisering was dus die kern van wat beoog is. Dit moes 'n nuwe bedeling wees, voordeliger vir al die stadsbewoners.

Die oorgang tot unistede is as 'n "betekenisvolle oomblik in Suid-Afrika se geskiedenis" bestempel, aangesien dit die eerste keer sou wees dat enkelvlak metropolitaanse munisipaliteite tot stand gebring word (*Die Burger* 1999:1). Dit is as die "einde van apartheidsgrense" beskou en sou die volgende insluit: 'n enkele begroting vir die hele gebied, dieselfde belastingbasis vir die hele

metropool, dieselfde heffings op grondbelasting, dieselfde tariefstelsel vir dienste, en 'n sentrale werkgewer vir en 'n verbetering in dienslewering deur middel van geïntegreerde diensagentskappe. Die betrokke minister sou spilpunte vir elke metropolitaanse gebied moes uitwys, terwyl die gebiede se buitegrense steeds deur die munisipale afbakeningsraad bepaal sou word (*Die Burger* 1999:1). Daar kon geen twyfel bestaan dat stadsrade in veral die unistede voor groot uitdagings te staan gekom het, en dat die burgemeestersamp veel groter verantwoordelikhede sou meebring, nie.

Een van die standpunte teen hierdie nuwe verwikkeling was dat 'n unistad die potensiaal het om in 'n massiewe burokrasie te ontaard. Aan die een kant was die ANC deurgaans van mening dat die verarmde gemeenskappe vir die eerste keer werklik toegang tot hulpbronne sou kry wat ware verandering in hulle lewens sou teweegbring (Campbell 1999:25). Die problematiek rakende die armes sou veel beter deur so 'n goed geoliede administrasie opgelos kon word. Aan die ander kant was die DA (waarvan die totstandkoming later kortliks aangeraak word) se kommer dat die nuwe stelsel sou beteken dat die sentrale regering alles op die derdevlak-regering aflaai, en dat so 'n unistad in een van tegnokratiese, onbetrokke amptenare kon ontwikkel.

Die nuwe proses moes binne tien maande, voor die verkiesing in 2000, afgehandel wees. Een van die grootste uitdagings was om te verseker dat basiese dienste voortgesit en balans tussen korttermyn politieke agendas en die langtermyn behoeftes van Kaapstad gevind word. In die breër konteks gesien was hierdie veranderinge geen unieke ontwikkeling nie, siende dat stede soos Parys en Londen op gereelde grondslag soortgelyke herstrukturering deurloop. Die herskepping van groot stedelike opsette toon wêreldwyd 'n siklusgang (Brummer 2000:9).

Na die afhandeling van die plaaslike verkiesings sou 'n unistad in Kaapstad in plek wees, soos ook in die bogenoemde metropolitaanse areas. Dit was duidelik dat die kwessie van hulpbronne, wat groot implikasies ingehou het, van kardinale belang sou wees en nuwe denke oor dienslewering sou verg. Die nuwe unistad-opset het ook die geleentheid gebied om wyke te herstruktureer en die getal raadslede te verminder. Die Munisipale Strukturewet van 1998 het

distrikswye funksies aan distriksrade toegeken en die meerderheid daaglikse diensleweringsfunksies aan die plaaslike rade. Hierdie wet het vir die vermindering van die aantal raadslede voorsiening gemaak, maar die finale sê aangaande die getal raadslede is aan die die provinsiale regering oorgelaat (McKenzie 2000:2).

Die ANC-, DP- en NNP-raadslede waaruit die unistad-kommissie bestaan het, het in Maart 2000 op verreikende aanbevelings ooreengekom om die weg vir die herstrukturering van die plaaslike regering te baan ten einde 'n unistad te verwesenlik (West 2000:5). Die nuwe struktuur sou ná die plaaslike regeringsverkiesings in November 2000 in werking tree. Die volgende stap was om op die naam van die unistad te besluit. Die meeste rolspelers was van mening dat die naam niks anders as Kaapstad kon wees nie, maar die kommissie sou voorstelle van die publiek verwelkom. Die hoof van Kaapstad Toerisme het gemeen dat die enigste naam wat die unistad kon kry "Stad Kaapstad" was, omdat Kaapstad die handelsmerk was waaronder die stad internasionaal bekend gestaan het. Die naam "Kaap" of "Kaapse Metropolitaanse Gebied" sou nie werk nie, omdat daar wêreldwyd baie "Kape" bestaan. Daar was egter diegene wat gemeen het dat "Stad Kaapstad" te omslagtig was. Bloot "Kaapstad was 'n "duidelike, bekende pleknaam" (Brummer 2000:8). Die voorsitter van die Kaapse stadsraad het egter "Stad Kaapstad" verkies, want hy het aangevoer dat dit met die vorige, kleiner Kaapstad verwar kon word as dié ou naam behou is. Die publiek is ook genooi om naamsvoorstelle voor te lê en die uiteindelike besluit was die gewildste een: Kaapstad.

Met 'n enorme personeel van 26 000, 'n begroting van R7 biljoen en die vereistes wat 'n nuwe demokratiese opset sou verg, het die stadsraad voor groot uitdagings te staan gekom. Die oorgang na die nuwe Suid-Afrika sou moes tred hou met die uitdagings van 'n groot aantal personeellede, 'n enorme begroting bestuur, en terselfdertyd aan die vereistes van die Munisipale Struktuurwet 1998 voldoen waarvolgens die unistad-strukture in Suid-Afrika se metropolitaanse stede daargestel is**.** Die oorgang sou ook transformasie in die stad, sowel as die inwoners van Kaapstad se vermoë om 'n behoorlike bestaan te maak, moes bevorder. (McLachlan 2000:8). Die oorgang moes

op veel meer fokus as die volgende plaaslike verkiesing of die politici en amptenare binne die stelsel se eiebelang en ambisies. Terwyl politici meestal besorgd was oor die uitslag van die volgende verkiesing, het die stadsbestuur van Kaapstad visionêre leierskap vereis wat die belange van die volgende geslagte moes verreken. Wêreldtendense het getoon dat die welstand van die landsbewoners al meer in stede beslis sou word. Diegene wat die stad bestuur en die inwoners wat daar leef, werk en ontspan, sou hande moes vat ten einde Kaapstad se regmatige plek in die streek, die land en die wêreld daarbuite te verseker (McLachlan 2000:8).

Om Kaapstad in 'n kreatiewe stad te omskep sou beteken dat diegene wat die stad bestuur die hindernisse in die weg van kreatiwiteit – burokrasie, kortsigtigheid, nepotisme, die negatiewe invloed van die gevestigde professies en gekompliseerde goedkeuringsprosesse – moes hokslaan (McLachlan 2000:8). Daar sou veral sensitiwiteit aan die dag gelê moes word betreffende die demokratisering van prosesse en, veral, die bewoners se inspraak in die sake wat hulle direk raak. Die Die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture 117 van 1998 het immers duidelik bepaal 'n munisipale raad "must conduct its business in an open manner" (RSA 1998). Naamsverandering was op die nasionale agenda en die sentimente en sensitiwiteit daaraan verbonde het dit een van die aanvegbaarste kwessies op alle stadsraadsagendas gemaak.

Die nuwe wet het op uitvoerige wyse alle aspekte van munisipale funksies en beheer uitgespel. Pierre Uys, Kaapstad se LUK (Plaaslike Regering), se take het onder meer die vestiging van 'n munisipaliteit ingesluit. Die burgemeester is uit die tien lede waaruit die uitvoerende komitee bestaan het, verkies. Die burgemeester se verpligtinge is duidelik uitgespel en het onder andere die volgende behels: die identifisering van die munisipaliteit se behoeftes, die aanbeveling van strategieë om in proriteitsbehoeftes te voorsien, die vasstelling van die beste werkswyse om sulke strategieë te verwesenlik, die evaluering van vordering en 'n oorsig van munisipale optrede ten einde ekonomie, doeltreffendheid en doelmatigheid te verbeter (RSA 1998).

In wese het die plaaslike regerings dramaties verander ná die aanvaarding van die nuwe wetgewing. Ingevolge die Grondwet van 1996 is daar van die

tradisionele hiërargiese beskouing van die verhouding tussen verskillende regeringsvlakke wegbeweeg. Voortaan sou daar na regeringsfere, en nie na regeringsvlakke nie, verwys word ten einde die nuwe verhouding tussen hulle te beklemtoon (Heunis 2001:11-12). Die nuwe bestel vir die plaaslike regering het aan die raadslede uitvoerende magte verleen, wat dit bemoeilik het om te bepaal of 'n raadslid binne die perke van sy amp in goeder trou en sonder nalatigheid optree. Indien so 'n bewering gemaak is, sou dit slegs bepaal kon word wanneer 'n ondersoek daaroor gedoen en afgehandel is (Munisipaliteit Kaapstad 2001:A2). Toe regsprosedures ingestel moes word om oor die optrede van en teen raadslede te besluit, is daar gevind dat daar geen presedente was om te volg nie.

Die eerste sitting van Kaapstad se unistad-stadsraad het op 15 Desember 2000 plaasgevind. Hierdie raad het uit 200 raadslede bestaan, waarvan die helfte in stadswyke, en die oorblywende helfte proporsioneel volgens partyverteenwoordiging verkies is. Omrede die meeste raadslede vanweë hulle eerste toetrede tot politieke bestuursposisies min of geen ervaring in stadsbestuur gehad het nie, het burgemeesters op hierdie stadium oor aansienlike mag beskik deurdat hulle beslissende leiding moes gee en sodoende talle aspekte van die stad se beleid en diensverskaffing kon bepaal en beïnvloed. Wat die burgemeester se belangrikheid en invloed verder versterk het, was die heersende ingewikkelde politieke situasie en onderstrominge. Soos aangetoon sal word, het die DP en die NNP 'n nuwe alliansie daargestel waarbinne baie onsekerheid en wedersyde agterdog geheers het.

## 2.2. Die DP en NNP vorm die DA

Na die algemene verkiesing van 1999 het die DP die amptelike opposisie met weliswaar slegs 38 setels in die Parlement gevorm. In sy teenkanting van apartheid was die DP goed georganiseerd, baie duidelik hoorbaar en ervare genoeg om van elke parlementêre geleentheid gebruik te maak om die regering met kruisvrae in die verleentheid te stel (Johnson 2009:258-259). Alhoewel die DP steeds die NNP in munisipale verkiesings oorskadu het, is daar tot die besef gekom dat die partye moes verenig, eerder as om stemme

tussen die twee te verdeel (Johnson 2009:258-259). Op 24 Junie 2000 het die NNP en die DP 'n nuwe politieke party, die DA, gestig. Die DA sou deur die DP-leier, Tony Leon, gelei word, met die NNP-leier, Marthinus van Schalkwyk, as die onderleier en Joe Seremane, die bekende menseregte-advokaat en DP-parlementslid, as federale voorsitter. So ook het die ou Verenigde Party en sy nasate (die Progressiewe Party en later die Demokratiese Party) verdwyn. Die nuwe alliansie het inderdaad 'n "hele nuwe era in die geskiedenis van opposisiepolitiek" in die land ingelui (Gunning 2000:1). Louis Luyt van FA het aangedui dat dié party ook dalk in insluiting sou belangstel, en die UDM het die stigting van die alliansie ook in 'n positiewe lig beskou.

Die alliansie was die resultaat van intense onderhandelings en drama in Kaapstad, en het in 'n noodvergadering van die uitvoerende komitees van beide partye geëindig. Die onderhandelings was "voortdurend op 'n naaldpunt" en die twee leiers moes telkens ingryp om die proses aan te help (Gunning 2000:1). Uiteindelik is dit deur die federale rade van die twee partye goedgekeur, veral weens die deurslaggewende oortuiging dat dit wedersydse voordele in die komende verkiesing sou inhou. Die nuwe reëling sou voorlopig vir twee jaar geldig wees, en het ingewikkelde regsaspekte tot gevolg gehad wat sou meebring dat die DP en die NNP tegnies as regspersoonlikhede in die Parlement sou moes voortgaan ten einde hulle setels te behou. Op alle regeringsvlakke sou die twee koukusse egter saam vergader. Die nuwe strukture in die DA sou funksioneer volgens die stemme wat die twee partye tydens die verkiesing van 1999 verower het. Dit het daarop neergekom dat vir elke tien verteenwoordigers van die DP, sewe uit die NNP sou kom (Gunning 2000:1).

Vir Leon was die ooreenkoms tussen die partye belangrik omdat dit "opposition within opposition politics" beëindig het (Paton 2000:2). Volgens hom was die groot hoofoogmerk egter "to enter the real political contest", aangesien die ANC tot op daardie stadium "a free ride" gehad het (Paton 2000:2). Van Schalkwyk het op sy beurt laat blyk dat dit die opposisie teen die ANC sou fokus en versterk, terwyl hy ook erken het dat dit heelwat toewyding sou verg om die alliansie te laat slaag. Die FA het uiteindelik besluit om met die DP te verenig, en die nuwe alliansie sou uiteindelik 66 setels in die Nasionale

Vergadering hê, met 38 vir die DP en 28 vir die NNP. Deur dié ooreenkoms is nasionale en provinsiale beheerkomitees daargestel wat die verenigingsproses verder sou voer en oor die nuwe party se embleem sou besluit. Op nasionale vlak sou die bestuurskomitee deur die DP oorheers word met 'n ratio van 9:6, soos in die nasionale stemtellings gereflekteer. Daarenteen sou die NP die provinsiale regering in die Wes-Kaap en Noord-Kaap beheer, terwyl die ANC die provinsiale strukture in die sewe ander provinsies oorheers het. Binne twee maande sou beide partye die alliansie tydens hulle nasionale kongresse finaliseer. Die DP het dit as sinneloos beskou om steeds geld in 'n stryd teen die NNP te verkwis terwyl sulke uitgawes eerder met vrug aangewend kon word om nuwe velde te ontgin (Cull 2000:1). Leon se kommentaar hierop was: "The principles are ours. The management committee is in the hands of the DP. I am the leader. What more could I ask for?" (Paton 2000:2). Dit sou mettertyd blyk dat dit 'n baie optimistiese siening was en dat Van Schalkwyk en sy volgelinge steeds hulle eie agenda daarop nagehou het.

Dit was van die begin af 'n losse verbintenis, en die twee politieke groeperings sou as onafhanklike entititeite voortbestaan. Wat die ANC betref was die nuwe party 'n klug en is die skuif as vrugteloos beskou omdat die grondslag van die alliansie as "wit bevoorregting" afgemaak is (Mitshali 2000:2). Die weglating van die woord "liberaal", 'n DP-grondbeginsel, in die ooreenkoms was een van die groot strydpunte vir sommige van die DP-lede, met Helen Zille aan die spits van hierdie protesteerders. By die NNP weer het persone soos Keppies Nieman en Willem Odendaal beswaar gemaak omdat Leon die hoofleier sou word (Gunning 2000:1).

Na 'n week van gespanne onderhandelings is die alliansie egter gefinaliseer en kon die ANC deur beide partye in een alliansie teengestaan word. Intussen sou daar gesamentlike koukusse vir die twee partye in die Parlement en in die nege provinsiale wetgewende vergaderings wees (Gear 2000:1). Tydens een van die DA se perskonferensies het Leon in antwoord op vrae te kenne gegee dat hy nog 'n "liberal" was, terwyl Van Schalkwyk te kenne gegee het dat hy homself beslis nie as 'n liberalis sien nie, maar dat sulke verskille eintlik welkom was. Leon het erken dat sekere elemente binne die DP ongelukkig oor

die samesmelting was, maar dat wat hom betref dit 'n vertrouensbou-oefening en deel van 'n interessante stadium in die land se ontwikkeling was. Die partye se konsolidasie het vir hom veral beteken dat die regering meer doelgerig en vurig teengestaan sou kon word (Gear 2000:1).

Ook FW de Klerk het die stigting van die DA verwelkom en die NNP-ondersteuners aangemoedig om die nuwe alliansie te ondersteun. Vir hom was dit "goeie nuus vir veelpartydemokrasie" en 'n poging om gematigdes saam te snoer. Daarteenoor het die ANC daarop bly hamer dat die alliansie "bloot 'n poging [was] om die belange van 'n ryk minderheid ten koste van 'n arm meerderheid" te beskerm (*Beeld* 2000:4). Die nuwe alliansie is ook volgens hierdie publikasie as die "begrafnis van die Natte" beskryf. Deur die sukses van die ANC se vryheidstryd is die eens magtige Natte oorwin, en finaal deur die DP en NNP se samesmelting begrawe. Hieroor kon alle "still mentally functioning" Suid-Afrikaners slegs dankbaar wees, aldus die *Business Day* (Rodgers 2000:13).

Een van die probleme wat voorsien is, was dat die twee partye bymekaargebring is met niks gemeenskapliks anders as 'n vyandigheid teenoor die ANC nie. Leon het deur sy sterk leierskap gesag aan die DP verleen, geen afknouery deur die ANC geduld nie en daadwerklike optrede van sy volgelinge verwag. Hy het besef dat dit uiteraard 'n kwessie van politieke mag was. Uit die persgeledere is hy egter aan John Vorster se woorde herinner, naamlik om vir almal plek in die motor te maak, maar nie op die voorste sitplekke nie. Dit was te veel om te verwag dat "as the NNP goes goose-stepping into the wings, that its members have undergone a wholesale spiritual enlightenment" (Rodgers 2000:13). Daarenteen het die DP vanaf sy ontstaan en in verskillende gedaantes, tog die vermoë getoon om ander groeperings te absorbeer en nogtans sonder die opsegging van beginsels vooruit te gaan.

Die kernvraag was wat Leon en sy nuwe alliansie vir die land kon beteken. In daardie stadium is die antwoord in die moontlikheid gesoek dat meer swart mense daardeur by die DA betrek kon word. Een van die probleme ter verwesenliking hiervan is daarin gesien dat daar min optrede van die DA se kant af was rakende die Waarheid- en versoeningskommissie (WVK) se

bevindings oor kwessies soos watter vergoeding uit die WVK se verhore en bevindings moes voortvloei, hoe endemiese moorde op boere en hul arbeiders getakel moes word, hoe die regstel meer toeganklik gemaak kon word en hoe vrye entrepeneurskap aangehelp kon word. Meer erkenning van die diep wonde wat deur apartheid veroorsaak is en die afwesigheid van vaardighede in die openbare dienssektor wat daardeur veroorsaak is, was immers nodig. Die noodsaaklikheid van 'n meer verteenwoordigende opposisieparty is juis deur die ANC se swak bewindsprestasies geïllustreer. Bewyse hiervan is gesien in powere optrede rakende gesondheid, opvoeding en buitelandse sake, verwarring in die ekonomiese beleid tussen die ANC, die SACP en COSATU, partylojaliteit bo prestasie, die afwesigheid van deursigtigheid, en oorgevoeligheid vir kritiek (Rodgers 2000:13).

Alhoewel Peter Marais, 'n voorste bruin leier met 'n groot aanhang, aanvanklik krities teenoor die DP was, wat hy as 'n rykmansparty bestempel het, het hy slegs een maand na die vorming van die alliansie deel geword van die samesmelting. Met 'n robuuste gevatheid het hy opgemerk: "Hulle het die geld en ons weet hoe om dit te spandeer" (Hadland 2001c:4). Omdat bruin steun van deurslaggewende belang was moes Marais diplomaties hanteer word en die manewales waartoe hy in staat was sover moontlik deur beide partyleiers verdra word.

Leon vertel dat daar tydens die veldtog voor die 2000 munisipale verkiesings aan hom gesuggereer is dat hy moes probeer om die NNP-leierskapsfigure buite die koterie rondom Van Schalkwyk beter te leer ken. Die DP in die Wes-Kaap was veral angstig dat hy die twee invloedrykste provinsiale Natte, die Wes-Kaapse premier Gerald Morkel en die party se waarskynlike burgemeesterskandidaat, Peter Marais, moes ontmoet. Beide het tydens die driekamerstelsel groot opgang in die bruin politiek gemaak, maar daar was 'n geskiedenis van vyandigheid tussen hulle, met Marais wat gewoonlik die onderspit moes delf (Leon 2008:548-549). Leon het erken dat hy uiters ongemaklik oor die samesmelting tussen die DP en die NNP gevoel het. In sy outobiografie wat jare later verskyn het, het hy sy ervaring van die alliansie as "a marriage made in hell" beskryf (Leon 2008:535). Afgesien van Van

Schalkwyk was dit veral Marais wat gestalte aan die onaangename gebeure en dramatiese ervarings wat hulle in die volgende maande sou afspeel sou gee. Beide Morkel en Marais het hulle status aan die NNP te danke gehad en het hulle nou in 'n nuwe alliansie met 'n nuwe leier bevind "who until mere weeks before had loomed large in their demonology" (Leon 2008:548-549). Volgens Leon was die vorming van die alliansie uit en uit 'n politieke skuif om meer bruin stemme te werf, en selfs die NNP se steun uit daardie oord was volgens hom nie die gevolg van Morkel of Marais se gewildheid nie, maar uit respek vir De Klerk. Gebeure rondom Marais sou toon dat Leon geneig was om Marais se gewildheid en vermoë om hom uit lastighede te woel grootliks onderskat het.

Deur die alliansie het die DP 'n houvas op die plaaslike regering gekry wat nooit tevore vermag kon word nie, terwyl dit vir die NNP weer 'n reddingsboei was. Leon was uiters gesteld op die voorbeeld en navolgenswaardige optrede wat die DA-beheerde munisipaliteite moes stel en wat hulle van die selfverryking en onsindelikheid van die ANC-beheerde munisipaliteite sou onderskei (Leon 2008:549). Daarom moes die DA-munisipaliteite deurgaans voorbeeldig optree en dit het gaandeweg duidelik geword dat Marais nie maklik in hierdie idealistiese patroon sou inpas nie. Tydens die 2000-veldtog was hy 'n harde werker met gevatte kommentaar en sterk populistiese instinkte, maar in sy optrede en uitsprake het hy altyd op die rand van kontroversie beweeg en dit soms selfs aktief aan die gang gesit. Die ANC-leier Ebrahim Rasool het hom sonder omhaal van woorde 'n huigel- en leuenagtige persoon genoem (Ensor 2000:1), en veral DP-partylede het bekommerd begin raak toe Marais die Grondwet begin veroordeel het met die bewering dat aspekte daarvan nader aan kommunisme as aan die Christendom was. Dit het al duideliker geword dat hy as lid van die alliansie en veral as burgemeester probleme in die party kon veroorsaak (Leon 2008:549).

Tydens 'n mondelinge onderhoud het Marais te kenne gegee dat hy nie ten gunste van die stigting van die DA was nie. Sy grootste beswaar was dat swart Suid-Afrikaners nie betrek is nie en dat die alliansie die indruk van die "laertrek van bruin en wit" geskep het (Marais 2011). Omdat hy in daardie stadium

belangrike poste in die NNP beklee het, soos onder andere as ondervoorsitter van die NNP se federale raad, was hy 'n stem wat bepaalde en besliste gewig gedra het. Vir Marais was die probleem in die alliansie voortdurend wie se waardes sou seëvier: die liberalisme van die DA of die konserwatisme van die NNP. Wat hom en eendersdenkendes veral gegrief het, was dat verwysings na die oppergesag van God en wat daarmee gepaard gegaan het uit die nuwe beginsels van die nuwe party gelaat is om andersdenkendes te akkommodeer. Veral Leon se siening was nie Christelik-demokraties nie. So byvoorbeeld het Marais hom teen die idee van 'n rooiligdistrik uitgespreek en was nie ten gunste van die sogenaamde *pink dollar* doelwit vir Kaapstad nie. Vir hom moes die stad se beeld nie "gay friendly" wees nie, wel "maar wel God friendly" (Marais 2011).

Die vorming van die DA is deur baie as 'n Nat oorgawe beskou, en baie het gedink dat die oorheersende DP die NNP uiteindelik tot die vorming van die alliansie geïntimideer het (Cull 2000:1). In een stadium het die NNP geëis dat Leon en Van Schalkwyk mede-leiers moet wees, gemotiveer met die argument dat beide partye as gelykes onderhandel. Dit is summier deur die DP verwerp en Leon is as leier gekies.

## 2.3. Die DA palm Kaapstad in

Op 6 Desember 2000 kon die Onafhanklike Verkiesingskommissie bevestig dat die DA met 108 raadslede voortaan in beheer van Kaapstad sou wees. Die DA kon daarin slaag om 54% van die stemme te verower. Die getal raadslede het bestaan uit die 67 kandidate wat verkies is in die wyke wat deur die DA verower is, sowel as die 41 wat ingevolge die formule vir die aanwysing van proporsionele kandidate daarby gevoeg sou word. Die ANC het 43% van die stemme behaal en sou 87 raadslede hê van wie 33 in wyke gekies is, terwyl die ander 54 uit die ANC se proporsionele lys aangestel sou word. Die vyf ander setels sou aan die ACDP (4) en die Africa Muslim Party (1) gaan. Kaapstad was die enigste metropolitaanse gebied waar die ANC nie aan bewind kon kom nie. Provinsiaal het die vyf maande oue alliansie tussen die DA, die NNP en die FA 'n 4% toename in stemtotaal behaal, bo die 45% wat in die

provinsie behaal is gedurende die vorige jaar se provinsiale en nasionale verkiesings (Van der Westhuizen 2000a:1). Marais is aangehaal dat hy verwag het die DA 'n meerderheid sou behaal omdat die ANC hom nie kon roem op dienslewering nie, iets waarvan die kiesers terdeë bewus was (Lund 2000:1.) Dit was feitlik 'n uitgemaakte saak dat die DA-koukus Marais se aanstelling as nuwe burgemeester sou bekragtig, terwyl daar ook oor die nuwe lede vir die uitvoerende komitee besin sou moes word (Van der Westhuizen 2000b:4).

Die DA se oorwinning is toegeskryf aan kiesers se ontnugtering met die ANC en die slim DA-veldtog met beter beeldpoetsers en 'n klem op effektiewe vervoer na die stemlokale. Leon kon met oortuiging sê dat die DA in sy drie verkiesingsdoelstellings geslaag het, naamlik om beheer oor Kaapstad te verkry, landswye steun te verbeter en om 'n teenwoordigheid onder swart kiesers te vestig. Marais self het spesifiek ter sprake gekom: "The ANC's efforts to negatively portray the DA's unicity mayoral candidate, Peter Marais, had not superseded the drive to cast an anti-drive vote" (Hadland & Lund 2000:1). Ontleders het beweer dat die DA se sukses in die vereniging van die groepe binne die party ook as 'n bydraende faktor tot hul sukses gereken moes word.

Die eerste vergadering van die nuwe stadsraad het op 7 Desember plaasgevind. Howard Parker, Stuart Pringle, Elmar Dunn, Una Pick en Bonita Jacobs was onder andere verkose DA-lede wat veral 'n prominente rol sou speel. Die belangrike ANC-lede was Mohamed Mowzer en Lynne Brown (Van der Westhuizen 2000b:4). Soos reeds genoem was die bepaling dat die burgemeester en onderburgemeester uit die tien verkose lede van die Uitvoerende Komitee verkies moes word. Siende dat die DA oor 'n volstrekte meerderheid beskik het, is daar besluit om drie uitvoerende komiteeposte aan die ANC te bied, maar dit is van die hand gewys. Hierop is Marais se burgemeesterskap in groot opskrifte in die pers aangekondig. Sy wisselende en interessante loopbaan is in herinnering geroep, onder andere dat sy paadjie van "sanger in 'n pop-groep tot Wes-Kaapse LUR tot Kaapstad se burgemeester" geloop het (Van Zyl 2001:11). Daar is na hom verwys as die "barmhartige" Marais wie se volgelinge sou juig en wie se opponente waarskynlik in die woorde van De Gaulle sou wou beweer dat "in 'n poging om die meester te

word, gee die politikus voor hy is 'n dienaar" (Van Zyl 2001:11). In die eerste onderhoud met hom in sy nuwe amp het hy vol vertroue te kenne gegee hy het nooit "enige politieke pos begeer nie, maar wel bepaalde magte" ten einde 'n verskil aan veral armes se lewensgehalte te maak. Hy het onderneem om voortaan in diens van elke Kapenaar te staan en was "doodtevrede met my kleiner salaris [teenoor die ministerspos], want ek het soveel meer mag gekry". Kordaat wou hy aan diegene wat gemeen het net blankes kan goed presteer bewys "dat selfs 'n bruin burgemeester groot hoogtes kan bereik. Ek sal selfs instem as hulle more sê ek moet president wees. Ek weet ek sal 'n baie beter *job* daarvan kan maak". Hy het verklaar dat hy ernstig nadink voor hy dinge aanpak. "Ek is nie 'n man wat my eerlikheid ter wille van politieke korrektheid sal inkort nie". Hy het ook te kenne gegee hy was daarvan bewus dat hy soms as 'n "oorhaastige grootprater" uitgekryt word omdat hy dinge kwytraak wat mense nie wil hoor nie. Veral betekenisvol vir hoe hy sy optrede vorentoe gesien het, was die uitlating dat hy in homself glo, graag lei en nie maklik volg nie (Van Zyl 2001:11).

Die opposisiekiesers was kennelik tevrede met die vereniging van die twee partye wat die DA in staat gestel het om veral in die Wes-Kaap en KwaZulu-Natal 'n hele aantal dorpe te verower. Alhoewel die ANC wel sy eie posisie in die ander dele van die land behou het, was daar kennelik irritasie met die DA se verkiesingsuksesse. Nog erger was die opnames wat begin toon het dat die leier van die DA vinnig besig was om gewilder in die presidensiële wedloop te word. Johnson (2009:258) wys daarop dat die DA egter nooit in wese 'n hegte alliansie was of kon word nie, omdat die DP met sy sterk anti-apartheidsrekord aan bande gelê en gekompromiteer is deur so 'n groot groep NP's in die nuwe alliansie. Al wat eintlik bereik is was die munisipale suksesse, maar daar moes nou plek vir die NNP se leierskader op provinsiale en nasionale vlak ingeruim word. "The result was acute indigestion, particularly since the NNP insisted on keeping its own separate organisation within the alliance" (Johnson 2009:258). Hierdie slegte spysvertering sou al erger word en uiteindelik toon dat die DP en NNP faksies eintlik onversoenbaar gebly het.

Rasseverdeeldheid het na die verkiesing verdiep omdat wit en bruin Kapenaars, vanaf die rykes tot die werkersklas, vir die DA gestem het. Daarenteen kon die DA slegs 'n paar honderd stemme in die township-areas inoes. Die ANC het alle township-wyke gewen, maar kon net twee oorwinnings in bruin gebiede behaal, naamlik Rylands/Crawford op die Kaapse Vlakte en Macassar naby Gordonsbaai (Merten 2000:4). Politieke ontleders het dit as die DA se kapitalisering van die 'gatvol-faktor' weens ontevredenheid met die ekonomie, die regering se optrede, en veral kommer oor misdaad en swak basiese dienste, gesien. Stempatrone het hierdie rasseverdeeldheid duidelik gereflekteer. Volgens Merte (2000:4) het amptenare ook te kenne gegee dat daar nog 'n hoë vlak van anti-swart gevoel onder die bruin gemeenskap geheers het. Swart Suid-Afrikaners het nie vir die DA gestem nie en die DA se boodskap is as negatief en rassisties gesien. Vir die ANC het die DA se oorwinning beteken dat daar diep gedink en besin sou moes word. Belangriker egter was dat die DA nou sou moes bewys dat hy Kaapstad beter as die ANC kon bestuur. Die DA se "credibility was on the line, particularly because it wanted to 'show off Cape Town' as a success" (Merten 2000:4). Een van die grootste uitdagings was die oorplasing van openbare bronne na die armste dele, ten spyte van die rassepolarisasie waar die DA vir ryk en wit gestaan het, en die ANC vir swart en arm.

Die *Sowetan* het deeglik daarop probeer ingaan oor waarom die ANC in Kaapstad verloor het (Ndletyana 2000:9). Die bevinding was dat een van die belangrikste faktore die swak stempersentasie was, wat gesien is as protes teen die ANC se swak dienslewering. Daar was ook nie genoeg inspirasie aan die kant van die ANC te bespeur nie, met die gevolg dat stemgeregtigdes nie werklik geïnspireer is om die ANC te steun nie. Voorbeelde uit die verlede is aangehaal van hoe De Klerk vir die eerste keer swart babas gedurende die 1994-verkiesingsveldtog gesoen het. So ook het Mbeki homself aan die Transkei-kiesers op sy sibbenaam, Zizi, voorgestel om sy tradisionele wortels te probeer beklemtoon. Die ANC is gekritiseer dat hy charisma ondergeskik gemaak het aan tegniese kapasiteit. Daar kon nie meer net gesteun word op die trekkrag van die ANC se vryheidsgetuigskrifte nie. Die *Sowetan* het

ook daaraan herinner hoedat daar swart mense nog onlangs as gevaarlik uitgemaak is, en dat rassevooroordele nog bestaan en baie stemgeregtigdes se keuse bepaal het. Die DA het nie vergeet hoe belangrik charisma is nie, veral deur Marais as burgemeesterskandidaat te benoem (Ndletyana 2000:9). Daar is wel op gewys hoe Marais kort tevore 'n *persona non grata* in die DA was, maar hoe die DA-leierskap besef het dat hy oor eienskappe beskik wat hulle Kaapstad kon laat wen. "He sang, danced and made jokes with the voters … he simply charmed them" (Ndletyana 2000:9). Kiesers het Marais na die stembus gevolg ten spyte van die gebrek aan krane en 'n swak rioolstelsel. Die *Sowetan* het sover gegaan om te beweer dat Marais die enigste verskil tussen die DA en die ANC was. Die ANC se burgemeesterskandidaat, Lynne Browne, is ook nie as die geskikte keuse teen Marais beskou nie. Die politiek het vereis dat kandidate moet sê en doen wat die stemgeregtigdes wil hoor en sien (Ndletyana 2000:9).

Dit was te verwagte dat die amptenarekorps van die vorige bedeling onder skoot sou kom toe die nuwe bewind sake op 15 Desember oorneem. Toe die nuwe burgemeester se termyn 'n aanvang geneem het, het hy volgens die *Business Day* (2000:7) die "politics of instinct" wat hy tydens die verkiesing gevolg het voortgesit. Dit was al verduideliking wat gevind kon word vir die "onbetaamlike haas" waarmee hy met sy sogenaamde suiweringsveldtog teen die munisipale amptenare van die vorige ANC-beheerde administrasie te werk gegaan het.

Een van die eerstes onder skoot was die stadsbestuurder, Andrew Boraine, en ten minste vyf ander amptenare se name is genoem vir die "suiwering" wat op hande was (Fine 2000:1). Daar is berig dat Marais se onmiddellike bevel was dat Boraine dadelik verwyder moet word, alhoewel sy kontrak eers in Januarie 2002 sou verstryk. Van die amptenare het besef dat Marais nie oor die mag beskik het om so 'n opdrag te gee nie, en dat hy daarmee die Arbeidverhoudingswet sou oortree. Mowzer se reaksie was dat Marais se optrede verregaande was en neergekom het op 'n suiwering van amptenare wat 'n uitstaande bydrae tot die regering van die stad gelewer het, en bloot uitgedryf word omdat hulle deur die ANC-administrasie aangestel is (Fine 2000:1). Fine skryf dat Boraine

deur die nuwe alliansie se interim-bestuurder, dr. Stewart Fisher, ingeroep en meegedeel is dat daar geen plek vir hom en sekere van sy kollegas in die nuwe unistad se opset was nie. In terme van die amalgamasieproses sou Boraine nog dien in die unistad se interim-bestuurspan saam met die stadsbestuurders van die groter Skiereiland se ander munisipaliteite. Dit alles het gevolg nadat die ANC aangedui het dat die party nie die vier setels wat hom op die uitvoerende komitee van tien lede aangebied is, sou aanvaar nie, maar wel die amptelike opposisie sou vorm in die volle raad van 200 wyke en proporsioneel verkose raadslede (Smith 2000:1).

Die unistad se eerste permanente superstad-bestuurder sou deur die DA-beheerde unistad aangestel word. Die ander amptenare op die treflys was: Mike Marsden, die uitvoerende direkteur van munisipale dienste; Judy Sibisi, die hoof van transformasie; Philip van Ryneveld, die uitvoerende hoof van finansies; Leonora de Souza-Zilwa, die bestuurder van openbare sake; en Ahmedi Vawda, die hoof van gemeenskapsontwikkeling. Mowzer was uiters verontwaardig, maar het te kenne gegee dat optrede van hierdie aard eintlik van die nuwe party te verwagte was: "On the one hand they attack the ANC for withdrawing from the executive committee of the new Cape Town unicity and talk of co-operative governance, while on the other hand they have not even been officially installed and are already embarking on the purging campaign" (Smith 2000:1).

Die verduideliking en verweer vir Marais, en by implikasie die DA, se optrede was dat die nuwe alliansie besig was om presies dieselfde te doen as wat die ANC gedoen het met hulle kaderontplooiing op nasionale vlak, deur die senior staatsamptenare van die NP-era met 'n nuwe geslag openbare amptenare te vervang. Tog is die oordeel uitgespreek dat Marais se optrede daarvan verskil het in die opsig dat dit eerder kenmerkend was van 'n stormagtige en wraaksugtige poging om van vermeende politieke vyande in die stadsadministrasie ontslae te raak (*Business Day* 2000:7). Wat dit meer problematies gemaak het, was dat alhoewel Boraine en die ander senior amptenare politieke aanstellings was, hulle nooit in eng politieke verband opgetree het nie en hulle verantwoordelikhede professioneel en doeltreffend

tot voordeel van die stad uitgevoer het. Die slotvraag in 'n hoofartikel van die *Business Day* oor Marais se optrede en bekwaamheid sou profeties blyk te wees: Beskik Marais oor die temperament om 'n moderne stad soos Kaapstad suksesvol te lei, of sal sy impulsiwiteit as burgemeester skadelike gevolge hê? (*Business Day* 2000:7). Kaapstad moes dus 'n nuwe stadsbaas soek, en dié pos sou geadverteer word en 'n spesiale komitee met verteenwoordiging uit die gemeenskap, sou die seleksie doen. Dit is duidelik gestel en die versekering is gegee dat die aanstellingsproses wetlike verdedigbaar en daarom deursigtig, geldig en regverdig sou wees (Hartley 2000:2).

Dit was te verwagte dat Boraine nie sy pos sonder hewige reaksie sou ontruim nie. Toe hy en vyf ander kollegas die trekpas gegee word, het hy luidkeels geprotesteer dat 'n kultuur van vrees nou in die gange waar mag uitgeoefen word heers. Volgens hom het dit met die DA se waarskuwing na die verkiesings gerym, naamlik dat slegs polities aanvaarbare senior amptenare aangestel sou word en dat die party homself die reg voorbehou om alle amptenare se verslae en aanbevelings te veto voor hulle aan die raad en die publiek voorgelê word. Boraine het gewaarsku dat die DA se beleid verreikende gevolge vir Kaapstad sou inhou (Hartley 2000:2).

Die geoormerkte onderburgemeester, Belinda Walker, het Boraine se uitspraak as uiters emosioneel afgemaak (Williams 2001:1). Sy het daarop gewys dat hy sy uitsprake gemaak het ten spyte van 'n vertroulikheidsklousule in sy skeidingsooreenkoms; vir Boraine was hierdie 'gewetensklousule' van die DA egter dieselfde as die NP se werkreservering tydens apartheid en daarom onwettig, diskriminerend en onregverdig. Dit was gebaseer op die veronderstelling dat amptenare se primêre lojaliteit teenoor die party, eerder as die raad, Kapenaars of professionele etiek, was. Hy het gewaarsku dat dit tot magsmisbruik vir party-politieke oogmerke deur raadslede en amptenare kon lei (Williams 2001:1).

Boraine het sy pos volgens Williams (2001) ontruim "with guns blazing" en met die bewering dat die vrees sou vererger tydens 'n verkiesingsjaar waar die posisies van die amptenare totaal afhanklik van die lot van 'n party sou wees. Volgens hom is die heersende gesindheid en kultuur van spanwerk, as gevolg

van Marais se vendetta, met 'n kultuur van vrees, dwang, begunstiging en die afrekening met ou griewe vervang. Boraine het die DA se stelling dat senior poste altyd volgens partypolitieke oorwegings gevul is as bog bestempel, aangesien hyself deur die vorige ANC-leierskap slegs na deeglike oorweging en 'n eenparige mandaat van die veelpartykomitee aangestel is (Williams 2001:1).

Walker het voet by stuk gehou dat hy, ten spyte van Boraine se ontkennings, in voortdurende wisselwerking was met die ou ANC-leierskap in die raad oor kwessies soos beleid en strategie wat tot 'n posisie van vertroue tussen hulle bygedra het. Om te wil voorgee dat die vorige topspan neutraal was, was onwaar omdat dit algemeen bekend was dat hulle ANC-gesind was (Williams 2001:1).

Volgens Leon het dit vanuit die staanspoor gelyk asof Marais sy kritici korrek sou bewys deurdat hy prosedureel en polities onwys opgetree het in die ontslag van die stadsbestuurder. Daarna het hy negatiewe publisiteit teen die party ontketen deur spandabelrig geld op lyfwagte, chauffeurs en motors vir die uitvoerende bestuur te spandeer (Leon 2008:560). Feitlik reg van die begin af het spanning in die koukus tussen die DP- en NNP-lede ontstaan, en Marais het selfs by geleentheid laat hoor dat die DP nie weet hoe om te regeer nie. Leon moes Marais dikwels daaraan herinner dat sy hooftaak was om resultate te lewer met betrekking tot die duidelik uitgespelde munisipale manifesto: die voorsiening van antiretroviale middels, die uitbreiding van basiese dienste en die operasionalisering van privatisering. Volgens Leon het Marais 'n soort verslaafdheid aan publisiteit en skemas wat die aandag sou trek getoon, net om daarna seker te maak dat sulke kontensieuse sake of aangeleenthede rugbaar aan die pers gemaak word. Indien sake dan skeef sou loop, het Marais homself as die slagoffer en Leon as die diktator voorgedoen (Leon 2008:560).

Wie was Peter Marais eintlik en wat was die presiese verloop van sy lewe en loopbaan?

# 3. DIE PROTAGONIS IN DIE VERHAAL

Peter Marais is op 4 September 1943 in 'n klein spoorweghuisie in Kensington, Kaapstad, gebore; sy ouers was David Ludwig en Anne Magdalena Marais. Die huishouding was streng godsdienstig en sy pa kon weens finansiële beperkings net tot standerd 2 skoolgaan, maar hy was skrander en het gedigte en toneelstukke geskryf en ook sy eie koor gehad. In die gemeenskap was sy ouers bekend as oom Daan en tant Emma, wat ook die hoofkarakters was in een van sy pa se toneelstukke, *Die anker van die lewe* (wat 460 keer opgevoer is). Sy ouers was betrokke by welsynswerk en kosverspreiding in Windermere en die swart woonbuurt "Maceko se blok" (Van Zyl 2001:11). Dit is as gevolg van sy ouers se invloed dat Peter se deernis en liefde vir die armes ontstaan het. Hy was gelukkig om 'n beurs vanaf standerd 7 te ontvang, en in 1961 matrikuleer hy aan die Hoërskool Kensington.

Na matriek het hy uit sy "arm, maar trotse" agtergrond sy musikale ambisies begin uitleef (Morris 2003:10). Hy het die voorsanger geword van 'n musiekgroep, die Big Bears, en as kitaarspeler het hy die verhoog gedeel met mense soos Taliep Peterson, Zane Adams en selfs Cliff Richard. Oorsee het hy drie opnames van Elvis-liedere gemaak en sang was eintlik sy eerste liefde (Retief 2001:17). Sy eerste inkomste het hy verdien as werker by die firmas SA Litho, Prima Toys en SA Gossard, en reeds as bloedjong fabrieksbestuurder in Nooitgedacht het hy by gemeenskapsorganisasies betrokke geraak. Deur te spaar het hy genoeg geld bymekaar gemaak om in 1976 vir die B.Proc-graad aan die UWK in te skryf. In hierdie stadium raak hy egter so geïnteresseerd in die politiek dat hy nooit sy graad voltooi nie.

In 1983 stig hy sy eie politieke beweging en vertel: "Ek het die politiek meer nodig gehad as die politiek vir my. Van vroeg af al het ek geweet dis die politiek wat deure vir my toegemaak het. Ek het besef as ek dié deure weer wou oopmaak – as ek iets wil word en ander wil help om iets te word – moes ek by die politiek betrokke raak" (Van Zyl 2001:11). Gaandeweg raak hy veral bewus

van die politieke belangrikheid van bruin mense (soos hy konsekwent na hulle verwys) in die Wes-Kaap weens die vlerkslepery deur die wit politici om hulle stemme en ondersteuning te werf. Kort en stewig gebou, vol onbedwingbare selfvertroue en die gawe om sy woord gestand te kan doen, het Marais met sy intense geaardheid vanaf die middel-70's al hoe meer aandag begin trek.

Tydens 'n onderhoud vroeg in 2001 het Marais laat blyk dat hy bruin mense se soeke na identiteit, en wat presies hulle hulself moet noem, nooit kon begryp nie. Wat hom betref het, was bruines trots op hulle identiteit, was hulle Afrikaans en konserwatief en het hulle die Christelike geloof aangehang. Hy was oortuig en baie bewus van die feit dat dit juis die bruin mense se samehorigheid tydens die verkiesing was wat die ANC in die Wes-Kaap verras het. Apartheid se beheptheid met ras en rasseverskille het veroorsaak dat daar gevra is wie bruin mense presies is. Was hulle Griekwas, Basters, Kaapse Kleurlinge of "other whites"? Wat hom betref het, was diegene wat hierdie vrae gevra het deurmekaar (Van Zyl 2001:11). Nadat hy reeds opgang in die politiek gemaak het, het hy by geleentheid laat hoor:

> *Vir bruin mense wat hulself as swart beskou, sê ek altyd 'n spieël is 'n ding wat nie lieg nie. Swartwees is nie 'n kleur nie – dis 'n kultuur en 'n lewenswyse ... Die mense wat dink dat Peter Marais net 'n ou clown met 'n groot bek is, is sekerlik die mense wat dink 'n mens moet altyd ernstig wees om groot hoogtes te bereik. En kyk nou net vandag waar het ek gekom met al die lag* (Van Zyl 2001:11).

Omdat die politiek hom al hoe meer geïnteresseer het, het hy in die tweede jaar van sy B.Proc-studie sy eie ambisieuse People's Congress Party gestig. Dit was in die jare toe Alan Hendricks se Arbeidersparty sterk onder die bruin mense gestaan het en daar gemeen is dat Marais se party nie 'n kans staan om enige setels te wen nie. Tot almal se verbasing palm hy en sy party drie setels vir die Presidentsraad in en beland drie van sy party se LP's in die destydse Huis van Verteenwoordigers (Erwee 2002:20). Sy vurige en onverskrokke standpunte en onteenseglike sprekerstalent het PW Botha se aandag getrek en hy is as lid van dié premier se ekonomiese adviesraad nadergetrek (Erwee 2002:19). Alhoewel hy Botha gerespekteer het, het hulle ook koppe gestamp, maar desondanks

verkry hy ’n setel in die destyds veel bespotte Presidentsraad. Gedurende die tyd toe die apartheidsregering ruim spandeer het om die brutale gruwels van sy onderdrukkende maatreëls en optrede te probeer verdoesel, het Marais parmantig sy eie protes-ballade, “Turn the Tide”, opgeneem. Hy is nogtans as ’n Uncle Tom beskou, maar dit het hom min geskeel en selfs sy opponente moes erken dat hy begrip gehad het vir die strewes en behoeftes van sy gemeenskap, en dat hy hulle taal gepraat het (Morris 2003:10).

Na ’n kronkelende politieke loopbaan, en terwyl die driekamerstelsel in die tagtigerjare op sy hoogtepunt was, het Marais uiteindelik in die vroeë negentigs sy lot by die Nasionaliste gewerp. Dit was veral omdat hy besef het dat die Nasionaliste se toekoms van die bruin steun afhanklik sou wees. Volgens Morris (2003) het min politici harder as hy gewerk, en toe hy uiteindelik in 1992 ’n LUK word, het hy sy teenstanders aggressief aangevat. Alhoewel hy vir sy partylojaliteit geloof is, kon sy flambojante optrede nie ’n bepaalde onbesonnenheid verbloem nie, iets wat by hom ’n neiging tot misrekening en verkeerde verwagtinge tot gevolg sou hê. Hierdie gebreke sou hom uiteindelik duur te staan kom. Dit was asof hy ’n drang na bekendheid en vernaamheid gehad het, maar nie oor die karakter daarvoor beskik het nie (Morris 2003:10).

In die loop van sy politieke loopbaan was Marais vanaf 1992 tot 2000 lid van die Wes-Kaapse kabinet, asook die uitvoerende komitee. Aanvanklik was hy die LUK vir gesondheid, tot en met 1994 toe hy die portefeulje vir plaaslike regering gekry het. Reeds gedurende hierdie tydperk is hy as ’n vuurvreter, onverantwoordelike en “loose cannon” bestempel (Viall 1997:10). In 1998 is die portefeulje van gesondheid weer aan hom toegeken en ’n jaar later is hy as die LUK vir gesondheid en plaaslike dienste aangestel. Feitlik vanaf sy toetrede tot die politiek het Marais roeringe veroorsaak en vyandige kommentaar uitgelok. In 1999 is hy uit die Wes-Kaapse kabinet geskop na ’n periode van ernstige meningsverskille en binnegevegte wat uitgeloop het op sy betwisting van Morkel se leierskap. Op hierdie tydstip was hy skerp krities teenoor die DP, wat hy as ’n rykmansparty sonder deernis vir die armes bestempel het (Hadland 2001c:4).

As LUK het hy dit duidelik gestel dat hy nie van plan was om met enigeen, veral nie straatkomitees nie, te onderhandel. Sy beskouing was dat hy verkies is om te handel, nie om te onderhandel nie. Hy het duidelik laat blyk dat hy nie bloot 'n rubberstempel vir sy department se besluite sou wees nie. Hierdie standpunt verskaf die sleutel tot sy optrede tydens die latere straatnaamdebakel in die sin dat hy geneig was om daadwerklik en dinamies op te tree, sonder om hom te veel aan raadpleging of onderhandeling te steur. Dat hy kreatief en vol planne was, het altyd duidelik na vore getree, soos onder andere gesien in sy idee om groot maatskappye te vra om hospitaalsale onder hulle vlerk te neem (Viall 1997:10). Rassisme sou hy doelbewus beveg, en enigiets doen om die valse aanklag dat die Wes-Kaap die enigste provinsie is wat nog nie "bevry" is nie uit te roei. Vir hom het bevryding nie beteken dat wet en orde vernietig, of dat standaarde afgetakel, of dat swart mense in elke senior posisie in die land geplaas moes word nie. Hy wou veral keer dat die ANC die National Health and Allied Workers Union (Nehawu) as stormram teen die gesondheidsdepartement inspan (Viall 1997:10).

Marais het talle posverskuiwings ondervind en politieke partye gedien, en binne tien jaar het hy 'n leidende rol in verskillende politieke partye gespeel. Hy was onder andere lid van die Presidentsraad (1981-1992), leier en nasionale voorsitter van die People's Congress Party (1983-1987), lid van die eerste minister se ekonomiese advieskomitee (1983-1985), lid van die Kwazulu-Natal Indaba vanaf 1985, lid van die Arbeidersparty (1989-1990), lid van die NNP (1991-2000), lid van die UK van die Wes-Kaapse provinsiale regering (1994-1997), lid van die UK vir sosiale dienste en armoedeverligting (1998-2000), burgemeester van Kaapstad (2000-2001) en lid van die DA (2001-2002) (Marais 2011).

Dit was in Februarie 2000 dat Marais fel in die kollig beland het toe berig is dat hy dalk sy pos as provinsiale minister, en selfs sy lidmaatskap van die NNP, kon verloor. Dit het geblyk dat hy skynbaar maande lank op dun ys beweeg en daarmee weggekom het. Dit was 'n verhaal wat teruggestrek het tot by die NNP se 1999 provinsiale kongres toe Marais almal verbaas het deur nie vir Morkel uit te daag om die premierskap nie, alhoewel daar gemeen is dat hy net

sy tyd afgewag het. Vanaf daardie oomblik het hy al hoe meer krities teenoor die NNP se koalisievennoot, die DP, en uitdagend teenoor die party-leierskap geword. Dit het hom aan dissiplinêre optrede blootgestel (*Cape Argus* 2000:11).

Die redes vir die optrede teen hom het stuksgewys aan die lig gekom. Die spesifieke klagtes het om bewerings gewentel dat hy tydens die NNP-kongres 'n paleisrewolusie wou ontketen en 'n vertrouensbreuk veroorsaak het weens sy aanvalle op die DP. Van Schalkwyk was die hele tyd bewus van die toenemende problematiek rondom Marais en hy het uiteindelik geen ander uitweg gehad as om Morkel opdrag te gee om van Marais in sy kabinet ontslae te raak nie. In sy eerste onderhoud nadat die nuus oor sy afdanking bekend geword het, het Marais te kenne gegee hy was "oorbluf" oor sy afdanking en totaal onseker oor sy politieke toekoms (Van der Westhuizen 2000:2). Hy is deur Morkel ingeroep en oor sy afdanking ingelig, en 'n brief is aan hom oorhandig waarin hy van sy tugverhoor deur die UK van die Wes-Kaapse NNP verwittig is. Hierin is hy meegedeel dat 'n volledige klagstaat aan hom beskikbaar gestel sou word indien daar met die ondersoek voortgegaan word. Sy partyvoorregte en reg om die koukus by te woon is onmiddellik opgeskort (Van der Westhuizen 2000:2).

In 'n onderhoud kort daarna het hy sy lojalitiet aan die party bevestig, asook die premier se reg om 'n dissiplinêre besluit te neem. Sy eie verklaring oor die redes daarvoor was dat Freda Adams, die minister in die kantoor van die premier, "stories" oor hom versprei het. Sy het beweer dat Marais se uitsprake in die pers en oor die radio by verskillende geleenthede haar tot die gevolgtrekking laat kom het dat hy op pad was om by die ANC aan te sluit (Van der Westhuizen 2000:2).

Volgens die NNP-leier het Marais beweer dat Van Schalkwyk Marais se kontroversiële openbare stellings vir nouer samewerking met die ANC net voor en na die Junie-verkiesings die vorige jaar goedgekeur het as deel van die NNP se strategie oor interparty-verhoudings. Marais het weer beweer dat Van Schalkwyk nooit met hom oor hierdie stellings gepraat het, of hom gevra om hulle te repudieer, nie. Marais se aanvalle op die DP het ook ter sprake gekom.

Met sy verskyning voor die tugkomitee, bestaande uit Van Schalkwyk, Morkel, Frik van Deventer en Martha Olckers, op 14 Februarie het Marais ontken dat hy die bewerings gemaak het wat aan hom toegedig is, nieteenstaande 'n eenparige verslag wat dit bevestig het. Van Schalkwyk het ook beklemtoon dat hy en Morkel by verskeie geleenthede vir Marais ernstig oor sy stellings en verklarings moes aanspreek. Marais se ontkenning, nieteenstaande klinkklare bewyse, is as 'n ernstige vertrouensbreuk beskou. Dit het herinner aan Rasool se stelling dat Marais 'n "leuenaar en skynheilige" was (Ensor 2000:1). Marais se verweer was dat sy stellings gewaninterpreteer is en dat hulle in die naam van die stryd teen armoede gemaak is. Hy was ten gunste van interparty samewerking en het om dié rede die behoefte ervaar om met die ANC skakeling te soek.

Die nuus van Marais se probleme was vir die ANC 'n meevaller in die aanloop tot die plaaslike regeringsverkiesings (Ensor 2000:1). Hy was nie 'n onbeduidende figuur in die Wes-Kaapse politiek nie, maar 'n gewilde spreker wat baie steun en stemme gewerf het. Hy het ook in hierdie stadium poste beklee as ondervoorsitter van die Wes-Kaapse NNP se federale raad en provinsiale leier in die Wetgewende Vergadering. Sy optrede en uitsprake ná die koalisievorming het egter toenemend die indruk begin skep dat hy na die ANC neig en al hoe meer oortuig geraak het dat die ANC betrek moet word (Ensor 2000:1). Die provinsiale ANC-leier, Ebrahim Rasool, was oortuig daarvan dat die stappe teen Marais die koalisie se onstabiliteit illustreer, asook die feit dat die NNP besig was om in "wrack and ruin" te verval (Ensor 2000:1).

Die tugkomitee het op 28 Februarie aan die NNP se federale raad verslag gedoen, met die uiteinde dat Marais afgedank is. Die minister van plaaslike regering moes Marais se portefeulje van maatskaplike dienste tydelik oorneem, terwyl Freda Adams na armoedeverligting sou omsien. So delikaat het Marais se situasie geword dat die vermoede ontstaan het dat hy selfs sy NNP-lidmaatskap kon verloor (Van der Westhuizen 2000:1).

Sy afdanking is gesien as bewys van nie net sy eie ongemak binne die NNP nie, maar ook van die "verwarrende stand van sake" binne die party (*Cape Argus* 2000:11). Na die reuse verkiesingsvernedering het die NNP

teruggesak tot 'n Kaapse party wat hoofsaaklik deur die bruin werkersklas gesteun is. Dit het veroorsaak dat die NNP sy visie dramaties moes verander en het uitgeloop op Van Schalkwyk se verklaring dat die NNP links van die politieke sentrum sou skuif om sodoende 'n meer gematigde houding teenoor die ANC in te neem en meer op die armes se behoeftes te fokus. Die Kaapse deel van die party was nie juis vir hierdie verskuiwing te vinde nie en het eerder geneig na wat Marais as die elitistiese DP bestempel het (*Cape Argus* 2000:11). Dit is selfs beweer dat Marais se afdanking die Kaapse politiek deurmekaar gekrap en selfs die koalisie-regering in gedrang gebring het. Daar is gesuggereer dat indien die koalisie die afdanking van Marais kon oorleef, die alliansie en die NNP sterker anderkant kon uitkom (*Cape Argus* 2000:11).

In hierdie vroeë stadium was dit reeds duidelik hoeveel spanning daar tussen die DP en die NNP geheers het, en hoe dit deur die teenwoordigheid en optrede van iemand so onbestendig soos Marais vererger kon word. Van Schalkwyk het teenoor Leon erken dat Marais soos een van sy kinders is, maar dat hy hom in toom kon hou (Leon 2008:560). Leon was steeds bewus van Marais se goeie eienskappe, soos sy empatie vir die arbeiders en verdruktes en veral sy verdediging van bruin belange, wat steeds tot voordeel van die party aangewend kon word (Leon 2008:560).

Vroeg in April 2000 het dit geblyk dat, nadat Marais die party se leierskap om verskoning gevra het omdat hy die partyleierskap uitgedaag het, daar besluit is om hom nie uit die party te skors nie. Voortaan sou hy egter 'n agterbanker in die Wetgewer wees (Ensor 2000:2).Waarmee steeds rekening gehou moes word, was sy gewildheid onder die bruin gemeenskap en sy uitsonderlike vermoë om stemme te werf. Gevolglik is hy op 10 April weer deur Morkel in sy vorige portefeulje as die minister van maatskaplike dienste en armoedeverligting aangestel. Blykbaar wou Morkel graag 'n swart partylid in sy plek as LUK aanstel, maar daar was geen vakante setel in die Wetgewer nie. Marais is steeds as die beste kandidaat vir die pos beskou, was steeds invloedryk onder die bruin mense, en dit was waarskynlik dat hy ook weer sy pos as leier van die Wetgewer sou terugkry. Die skuif was veral daarop gemik om moontlike tweespalt binne die alliansie voor die November verkiesings te vermy (Ensor 2000:2).

Marais het nie slegs sy portefeulje herwin nie, maar soos reeds aangetoon ook gevorder tot burgemeester, en was in hierdie stadium invloedryk onder die bruin mense en 'n politieke faktor waarmee die DA deurgaans deeglik rekening sou moes hou.



**1: Gerald Morkel en Peter Marais jubelend oor hul onderskeie poste as premier van die Wes-Kaap en burgemeester van Kaapstad (*Daily News*, 21 Februarie 2003:10)**

Marais se paadjie het vanaf die "dusty streets of Kensington to the marbled halls of high office" (*Cape Argus* 2001:11) geloop toe hy die goue ketting as burgemeester op 2 April omhang. Die Kaapse Klopse was teenwoordig en, soos die *Cape Argus* dit gestel het, so ook in die gees geslagte van bruin leiers uit die geskiedenis wat nooit die geleentheid gehad het om burgemeester te word nie. Soos Marais tydens sy inhuldiging dit self verwoord het: "Bruin mense het vir 350 jaar gewag vir 'n burgemeester uit eie boesem" (Van der Westhuizen & Pelser 2001:16). Die aanwesiges in die Kunstekaap-

teatersentrum het emiritus aartsbiskop Desmond Tutu, provinsiale ministers, die leier en onderleier van die DA en 200 gaste van vroeër benadeelde gemeenskappe ingesluit om sy inhuldiging te vier. In totaal was daar meer as ’n duisend gaste. Marais se woorde was onder meer: “Hierdie is nie net ’n geleentheid vir die lah-di-dahs nie, maar ook vir Jan Alleman” (Van der Westhuizen & Pelser 2001:16). Hy het te kenne gegee dat hy, en nie Leon nie, die kwotasie van byna R600 000 vir die onthaal te duur gevind het en het herhaaldelik in sy toespraak na die koste verwys. Die kunstenaars wat opgetree het, was Laurika Rauch, Taliep Peterson, Lize Beekman en Jazz Art, en Marais het grappenderwys gewaarsku dat as die sangers dalk met skril stemme sing dit weens die feit was dat hulle arms gedraai is om vir minder te sing (Van der Westhuizen & Pelser 2001:16).

Hy is deur regter-president John Hlope ingehuldig en die baie raak voorspelling is gemaak dat daar tydens sy bewind min saai oomblikke sou wees (*Cape Argus* 2001:11). Sy loopbaan tot op daardie stadium het immers reeds getoon dat hy minagtend kon optree, nie net teenoor die nasionale gesag en beperkende tradisionalisme nie, maar ook teenoor sy eie party-leierskap wanneer hulle probeer het om hom aan bande te lê. Sy handelswyse is as aanmatigend en vol vertoon bestempel, wat weerklank by persone uit die laer klasse sou vind – in teenstelling met hulle apatie teenoor vorige burgemeesters (*Cape Argus* 2001:11). Alhoewel hy reeds die reputasie as ’n skerpsinnige en slu politikus gehad het, is hy gewaarsku dat hy hard sou moes werk om steun onder die swart werkersklas te werf. Sou hy daarin slaag, kon hy die DA se posisie in die provinsie versterk. Daar is profeties voorspel dat hy die geduld van die DA-leierskap sou beproef. “He will entertain, anger, please and chide the people of this city”, sodat wanneer sy termyn in 2006 verstryk, min inwoners nie sou weet wie Peter Marais is nie (*Cape Argus* 2001:11).

Persoonlik vertel Marais dit was Van Schalkwyk wat hom genader het om hom as burgemeester beskikbaar te stel (Marais 2011). Hy sê Leon het ook bepaalde beloftes aan hom gemaak wat later nie nagekom is nie, soos dat sy salaris aangevul sou word en dat hy as LUK kon terugkeer. Een van die redes waarom hy as burgemeester oorweeg is, was sy gewildheid. Volgens hom het

die DA 'n dag nadat hy genader is om homself as burgemeester beskikbaar te stel 'n vergadering gehou en is hy deur André Gaum meegedeel dat hulle van plan was om hom in toom te hou. As burgemeester het hy hom tussen twee maalstene bevind; beide Leon en Van Schalkwyk wou hul sin kry en voorskryf. Uit die DP is Robin Carlisle deur Tony aangesê om Marais "by te staan", en volgens hom was daar baie dubbelsinnigheid (Marais 2011).

Reg vanaf die aanvang van Marais se burgemeesterskap het probleme tussen hom en Leon opgeduik wat 'n voorloper van toenemende spanning en verskille sou word. Reeds voor sy inhuldigingsbanket as burgemeester het 'n rusie ontstaan oor die uitgawes wat aangegaan sou word. Gerugte het reeds ontstaan dat dit slegs die jongste in 'n reeks botsings binne die DA-leierskap was, gekenmerk deur "outbursts of unhappiness" van top amptenare en bewyse van wrywing binne die DA (Smit & Sylvester 2001:1). Die rusie met Marais het daaroor gegaan om die uitgawes van die burgemeester-inhuldiging tot 'n minimum te beperk. Volgens Leon het hy die sweep geklap en op 'n vermindering van die uitgawes aangedring, juis omdat die DA snydende kritiek in die openbaar gelewer het op die ANC-beheerde munisipaliteite se buitensporige uitgawes aan inhuldigingsonthale. (Marais het later verklaar hyself het die koste vir die onthaal te groot gevind en dat hy dit self verminder het.) Die DA se erns betreffende lae koste het ook geblyk uit 'n spesiale mosie hieroor wat tydens 2001 by die Nasionale Vergadering voorgelê is. Leon vertel dat hy en Van Schalkwyk te hore gekom het van Marais se plan om baie geld op 'n buitensporige burgemeesters-inhuldiging vir homself uit te gee, iets wat hulle as die plundering van belastingbetalersgeld beskou het. Nadat Marais deur hulle beide tereggewys is, het hy besin en die uitgawes besnoei, maar nogtans 'n groot en kwistige, maar nou grootliks privaat-befondsde onthaal, gehou (Leon 2008:560).

Wat die burgemeestersbanket betref is Leon daarvan beskuldig dat hy Marais stief behandel het deur te eis dat uitgawes tot die absolute minimum beperk word (Smit & Sylvester 2001:1). Senior raadsamptenare wat nie aangehaal wou word nie, was van mening dat die afgeskaalde begroting vir die seremonie nie reg aan Marais se statuur laat geskied het as die enigste

DA-burgemeester van ’n unistad nie. Marais se bestuurder van kommunikasie in die kantoor van die burgemeester, Johan Smit, het beweer dit was op Marais se instruksie dat uitgawes tot ’n minimum beperk is. Volgens hom wou Marais dit ’n inwoners-inhuldiging maak en die belastingbetalers sou slegs vir die multikulturele musiekproduksie in die Nico Malan-teater met jazz-kunstenaars, die Kaapstad Simfonieorkes en Afrika-dansers betaal. Die raad het R200 000 vir die seremonie begroot wat in totaal op die musiek spandeer sou word, terwyl ongeveer R300 000 uit die private sektor bekom is (Smit & Sylvester 2001:1).

Berigte oor hierdie onderonsie met Marais het te midde van broeiende spanning tussen Leon en sy onderleier aan die lig gekom. Dit was nie die eerste gerugte van wat as baasspelerigheid deur Leon en Ryan Coetzee (Leon se regterhand wat deur hom aangesê is om ook ’n oog oor Marais te hou) oor Marais se administrasie bestempel is nie. Daar was reeds verskeie beskuldigings van ’n breuk tussen die unistad administrasie se DP- en NNP-komponente. Veral Leon is oor sy outokratiese leierskapstyl gekritiseer en die inmenging in Marais se inhuldiging is gesien as nog ’n voorbeeld van die DP-kontingent wat sy sin in die alliansie kry (Smit & Sylvester 2001:1).

Juis op hierdie tydstip het daar ook ’n geheime brief van die DA se beeldpoetser, Ryan Coetzee, aan Leon gerig aan die lig gekom wat as oogmerk die doelbewuste marginalisering van onderleier Marthinus van Schalkwyk binne die alliansie genoem het. Oor die brief wat uitgelek het, het Coetzee verduidelik dat die negatiewe berigte daaroor misleidend en onakkuraat was. Die brief was op sy skootrekenaar wat in Februarie 2000 uit sy kantoor by die Wes-Kaapse provinsiale regeringskantoor gesteel is. Dit het in besonderhede ingegaan oor hoe Van Schalkwyk gehanteer kon word, en Coetzee se aanbeveling was dat Van Schalkwyk in die vergetelheid sou verdwyn deur eenvoudig van hom te vergeet (Smit & Sylvester 2001:1). Daar moes uitwaarts gefokus word sonder kommer of Van Schalkwyk publisiteit in die koerante kry, omdat hy geensins met Leon kon wedywer as dit by die konkretisering van ’n saak of boodskap kom nie. Coetzee was daarvan oortuig dat hy en die DA teikens in ’n smeerveldtog was om ’n skeuring tussen die DA-leiers te bewerkstellig.

Hy het erken dat hy nie altyd diplomaties in sy korrespondensie met Leon was nie, en dat dit vir vyandiggesindes moontlik was om sy brief buite verband te ruk. Dit was geensins 'n plan om van Van Schalkwyk ontslae te raak nie en as politikus sou Van Schalkwyk hopelik besef dat Coetzee slegs besig was om 'n taak te verrig. Hy het verder verduidelik dat sy brief reeds in Augustus van die vorige jaar opgetrek is toe die DA besig was om tot stand te kom en daar 'n toutrekkery vir die sentrale magsposisies in die nuwe party ontstaan het (Smit & Sylvester 2001:1).

Skaars in die burgemeesterstoel, of Marais word deur sy eertydse kabinetskollega, Freda Adams, gedagvaar op grond van haar bewering dat hy gesê het: "Ek wil jou van kop tot tone lek" (Smith 2001:1). Sy het ook beweer dat hy 'n DA-raadslid in Oudtshoorn seksueel geteister het. Adams se "lek"-aantyging was in 'n agtien bladsy beëdigde verklaring vervat waarin daar ook aanklagte van wanbestuur tydens sy termyn as provinsiale minister van maatskaplike dienste verskyn het. Sy het Marais ook vir R1 miljoen gedagvaar vir sy opmerking tydens die radioprogram, "Voice of the Cape Radio Show", toe hy haar daarvan beskuldig het dat sy 'n seksuele verhouding met haar lyfwag gehad het. Tydens 'n DA-vergadering in Oktober 2000 het Marais aan haar gesê dat as hy soos sy gelyk het, hy sou weghardloop en homself skuilhou (Smith 2001:1).

Op sy beurt het Marais weer 'n saak teen haar aanhangig gemaak nadat Adams tydens 'n radioprogram die ateljee gebel het met bewerings dat hy 'n raadslid seksueel geteister het. Sy het die aanklag skynbaar reeds 'n jaar vantevore by premier Morkel aanhangig gemaak, maar die klag het weer kop uitgesteek toe Marais as die DA se burgemeesterskandidaat genomineer is. Toe sake op die spits gedryf is, het die Oudtshoorn-raadslid egter onder eed ontken dat sy enige provinsiale minister of amptenaar van teistering beskuldig het.

Hierdie saak het lank gesloer, en in September 2001 het Adams vir Marais genader en voorgestel dat hulle die saak uit die hof moet hou. Sy het beweer dat Marais se geestelike raadgewer, pastoor Noble, haar vier keer gebel het om te hoor of sy buite die hof wil skik. Sy het ook beweer dat verskeie DP-lede deur Marais daarvan beskuldig is dat hulle saamsmee om hom uit te werk,

en dat hy haar gekontak het om te hoor wanneer haar saak voor die Kaapse Hooggeregshof dien. Sy het hulle daaraan herinner dat sy ook in ’n regstryd met Morkel gewikkel was, van wie sy R50 000 geëis het vir sy opmerking dat sy ’n vendetta teen Marais voer (Smith 2001k:5).

Aan die media het Adams vertel dat sy haar huis in Somerset-Wes in die mark moes sit ten einde geld vir die hofstryd te bekom. Adams was die eerste bruin vrou wat ’n LUK in die provinsie geword het, maar sy moes voor 2000 se plaaslike regeringsverkiesing onder dwang bedank toe dit bekend geword het dat sy Marais, wat pas as burgemeesterskandidaat benoem is, dagvaar. Op daardie tydstip het sy beweer dat sy die slagoffer van ’n komplot binne die NNP was om haar opsy te skuif (Smith 2001k:5).

Hierdie onverkwiklike petaljes waarin Marais betrokke geraak het, sou enduit voortduur en van hom ’n uiters ongemaklike partylid in ’n belangrike amp maak. Dit was vir hom ’n moeilike tyd, want in hierdie stadium was hy met spesiale verlof weens die straathernoemingsondersoek waarna daar volledig verwys sal word. Hy het beweer dat hy ’n slagoffer van die DP, wat probeer om van hom as burgemeester ontslae te raak, was. Blykbaar het Marais se vyande in die DA hulle hoop daarop gevestig dat Adams hom hof toe sou sleep, en sodoende sy reputasie vernietig sodat hy uit die party geskop kon word (Smith 2001:5). Die saak tussen Adams en Marais het eindeloos gesloer en is eers drie jaar later gefinaliseer.

# 4. MARAIS SE STRAATHERNOEMINGSPLAN

Die eerste duidelike roering dat straatname in Kaapstad se middestad kon verander, het reeds in Februarie 1998 opgeduik toe daar in die pers berig is dat die stadsraad se uitvoerende komitee ’n taakspan sou aanstel om die straatnaamkwessie te ondersoek. Die kernoogmerk was om ’n “naambeleid” vir die woon- en sakegebiede te vind, en vas te stel hoe dit bestaande regulasies sou raak (Harmse 1998:4). Tot in daardie stadium was die aangeleentheid in die portefeulje van munisipale dienste se hande, maar deur ’n nuwe besluit is daar bepaal dat alle naamsveranderinge voortaan deur die uitvoerende komitee self goedgekeur moes word. Dit het geblyk dat gemeenskapsleiers in woonbuurte soos Phillipi, Guguletu en Langa reeds die inisiatief geneem het om die strate na politieke en gemeenskapsleiers te vernoem, en dat die nuwe name eenvoudig met verf op die sypaadjies aangebring is. Dit sou die taak van die nuwe taakspan wees om te besluit of so ’n werkswyse en sulke name aanvaarbaar was, en of ander prosesse eerder in werking gestel behoort te word. Die bepaling dat strate na raadslede wat langer as vyftien jaar diens gelewer het vernoem kon word, is ook geskrap, omrede die beskouing dat straatname deur die breër gemeenskap goedgekeur moet word. In ANC-geledere was die gevoel dat straatname in die middestad ook verander behoort te word om by die nuwe demokratiese bedeling aan te pas. Die NP se standpunt was dat straatname eerder na diere en plante, vooraanstaande wetenskaplikes, mitologiese figure ensovoorts benoem moes word. Om politieke leiers te vereer sou nie deug nie, omdat voorkeure voortdurend verander (Harmse 1998:4).

Na die ANC se bewindsoorname is talle redes aangevoer waarom plek- en straatname in die Kaapstad-unistad verander behoort te word. Hierdie redes het die volgende ingesluit: die bestaande name was ’n onaangename herinnering en weerspieëling van die stad se verdeelde verlede, ’n nuwe demokrasie met weersin in die ou orde behoort nie met name van

apartheidshelde voort te bestaan nie, die koloniale verlede was verby en daar was geen sin daarin om die name van die Britse politici te behou nie. Die proses van naamsverandering sou debat en kreatiewe denke stimuleer (*Cape Argus* 1998:15). As verdere beweegredes is aangevoer dat Kaapstad die begin van 'n nuwe era van integrasie tegemoet gaan, waar transformasie sentraal gestel moes word en dit dus noodsaaklik geword het om alle apartheidsbande te verbreek. Heel voorop is gestel hoe belangrik dit was om die stad te integreer omdat dit "etnies, kultureel en godsdienstig" (Nicholas 1998:5) verdeeld was, wat groot wetteloosheid in die hand gewerk het. Daar is veral gewag gemaak van Woodstock, wat gewemel het van Engelse name, terwyl Houtbaai en ander voorstede se straatname selfs die indruk geskep het dat hulle een of ander vergete deel van Brittanje uitmaak.

Vanaf die begin was die probleem egter waar om die streep te trek. Indien alle koloniale verwysings konsekwent verwyder moes word, sou die helfte van die Skiereiland hernoem moes word. Nie slegs strate was ter sprake nie, maar ook die name van voorstede soos Plumstead, Woodstock, Claremont, Kenilworth en Athlone, wat almal Britse teëbeelde was (*Cape Times* 1998:17). Soos in die res van die land het die debat oor straatnaamverandering in heftigheid toegeneem, en in November 1998 is in groot letters in die *Cape Argus* voorspel dat 'n "place names revolution" vir Kaapstad op hande was (Ngoro 1998:1). Daar is bespiegel dat Klipfonteinweg, wat tydens die noodtoestand in die tagtigerjare die toneel van baie straatgevegte teen apartheid was, moontlik Nelson Mandela Rylaan kon word. Die motivering was dat hierdie 'n straat was wat vanaf Guguletu tot in Mowbray deur baie gemeenskappe geloop het. Deur die naam van Mandela – sinoniem met versoening – daaraan te koppel, kon dit 'n belangrike stap vir die stadsraad wees om eenheid tot stand te bring (Pretorius 1998:4). In latere debatte hieroor het die DP-raadslede die idee om Klipfontein se naam te verander as polities geïnspireerd en obskuur bestempel. Die voorsitter van die uitvoerende komitee, Saleem Mowzer, het egter die versekering gegee dat die stadsraad sensitief oor die geskiedenis is en dat konsultasie deurlopend sou plaasvind (Pretorius 1998:4).

Veral in die visier vir straatnaamsverandering in Kaapstad was spesifieke name uit Suid-Afrika se verdelende verlede naamlik, Hertzog Boulevard, Oswald Pirow Rylaan en selfs Riebeeck Plein. Aanbevelings hieroor sou egter eers aan die stad se gemeenskapsdiens se staande komitee voorgelê word. Een van die reaksies hierop was dat die idee om die name van strate en openbare plekke wat Kaapstad se verdeelde verlede reflekteer te verander 'n geldige een was, mits dit behoorlik gedoen is. Dit is by herhaling beklemtoon dat daar van die stad se koloniale verlede weggebreek moes word. Die naelstring met Brittanje was lankal reeds geknip en dit was onsinnig om Britse politici se name in die voorstede te behou. Veral Woodstock was weer onder die loep met sy talle name van Engelse konings en koninginne, buitelandse sekretarisse, generaals, eerste ministers en admiraals. Houtbaai het weer die name van Engelse stede soos Oxford, Worcester, Liverpool, ensovoorts vertoon. Reeds in hierdie vroeë stadium is die mening uitgespreek dat daar veral gewaak sou moes word om te veel lewende politici te vernoem, aangesien dié se aansien dikwels mettertyd kwyn (*Cape Argus* 1998:15).

Vanuit die kringe wat naamsverandering voorgestaan het, is Van Riebeeck, Hertzog en Pirow uitgebeeld as figure wie se name verdeeldheid en die geleidelike neerslag van apartheid versinnebeeld het. Alhoewel Van Riebeeck slegs tien jaar aan die Kaap was, is dit as lank genoeg beskou om sy reputasie te vestig as die voorloper van meer as drie eeue se wit oorheersing. Veral uit die oord van die Khoi-Khoi is hy weens sy direkte verbintenis met hulle eie verlede as "Rogue No. 1" bestempel (Little 1998:15). Uit Khoi geledere is gepleit dat plek vir Khoi-name ingeruim moes word, en Nammoa (ook bekend as Doman) is as die eerste vryheidsvegter in Suid-Afrika voorgehou. Kaapstad was vir die Khoi-Khoi die "Stad van Khoequebs Gogosoa en Khoro" (konings van die Goringhaikwa en die Goraschoukwa) (Little 1998:15).

Dit is daarop gewys dat Hertzog en Pirow later die bewerkers van 'n verdeeldheid geword het wat die grondslag van apartheid as nasionale beleid en lewenswyse sou vorm. Veral Hertzog is as die grondlegger van die apartheidstaat gesien met sy waarskuwing oor 'naturelle stemreg' in sy voorlegging van 'n wet in 1911 waarvan die grondidee rasseskeiding was (Morris 1998:14). Daar is

voorgehou dat hy deur die loop van die volgende dekade wetgewing verfyn het om aan apartheid beslag te gee. Gedurende sy premierskap van vyftien jaar het hy die kleur-slagboom versterk. Erkenning is wel aan die feit gegee dat hy as persoon nederig, hoflik en eerlik was: “[A] quintessential man of action of his time, determined, and duty-bound – as he saw it – to act on the impulses of the society and culture which bore him” (Morris 1998:14). Op sy beurt was Pirow as die minister van justisie onder Hertzog verantwoordelik vir die eerste anti-kommunistiese wetgewing in Suid-Afrika deur ’n wet van 1930. Hy was ’n bewonderaar van Hitler en het in 1940 die Nuwe Orde-beweging gestig met as ideaal ’n nasionaal-sosialistiese stelsel en die verwerping van Joodse imperialisme en kapitalisme. Alhoewel weinig van Pirow se beweging gekom het, was apartheid tog “a chilling mirror of it” (Morris 1998:14).

In die Kaapse blanke geledere was daar, soos verwag, reaksie teen die ANC se erns jeens straatnaamverandering. Die voorgestelde naamsveranderings is bestempel as ’n poging deur die wat die mag besit – die ANC-beheerde stadsraad – om sy “sosiale stempel op ’n bepaalde plek binne ’n sekere tydsgewrig af te druk (Pretorius 1998:4). Daar is op die probleem gewys van hoe een naam vir ’n bepaalde groep aanvaarbaar is, terwyl ander daardeur aanstoot neem. In die strewe na groter eenheid in die stad kon die verandering van straatname dus opnuut ’n verdelende rol speel (aldus J. Gagiano, ’n dosent in politieke wetenskap by Stellenbosch Universiteit, soos aangehaal deur Pretorius 1998:4). In hierdie standpunte was daar min verrekening te bespeur van hoe die onderdrukte meerderheid wat geen sê in die toekenning van straatname gehad het nie in die nuwe demokrasie geakkommodeer sou kon word.

Die ANC-beheerde stadsraad het wel ’n proses in die vooruitsig gestel wat aan deursigtigheid, inklusiwiteit en demokrasie sou voldoen. Hulle het hulself as die nuwe argitekte van die stad bestempel: “We have suffered together, grieved together and persevered together … we are on the road to victory” (Mowzer 1998:10). Onder die NP is die Wes-Kaap as ’n bruin voorkeurgebied uitgesonder en is swart mense as derdeklas-inwoners behandel, hardhandig verwyder en in Groepsgebiede neergeplak. Wat spoedig op die ashoop sou

beland, was die afstootlike NY ("native yard") adresverwysings in Guguletu (Ngoro 1998:1). Die inwoners van Guguletu wou hierdie tipe straatname so gou as moontlik verwyder sien en vervang met die name van helde soos die vakbondlid Oscar Mpetha (Ngoro 1998a:3).

'n Blitsopname in Guguletu gedurende 1998 het getoon dat die inwoners van Kaapstad oor die algemeen ten gunste van straatnaamverandering was, veral omdat die demokratisering van die land sigbare gestalte moes kry. "There must be change after the liberation struggle. We must change things so that we can have confidence in ourselves" (Ngoro 1998:3). Geen tydskaal vir verandering is egter gestel nie, en daar sou eers navorsing gedoen word oor die redes waarom sekere name gebruik is en of dit name is wat verdeel of name wat eenheid bevorder. Die versekering is ook gegee dat daar geen heksejag teen ou straatname of standbeelde met 'n koloniale verbintenis sou wees nie, en dat behoorlike konsultasie sou plaasvind. "Adderleystraat sal, wat my betref, Adderleystraat bly" was Mowzer se versekering (Pretorius 1998:4).

Teen die einde van 1998 is 'n komitee van vername Kapenaars aangestel onder leiding van Mike Marsdon, die uitvoerende voorsitter van die stadsraad se dienstekomitee, om naamsverandering te ondersoek, ontwerpe vir straattekens te bespreek en borge te vind om die plan te finansier. Alle gemeenskappe sou inspraak kry en nadat voorstelle ontvang is, sou 'n konferensie plaasvind om ooreenstemming te bereik ten opsigte van beginsels en kriteria. Die herontwerp van die Grand Parade was hoog aan die lys omdat dit 'n groot deel van Kaapstad se geskiedenis weerspieël het in goeie én slegte tye, en 'n nuwe naam moes iets hiervan weergee. Die burgemeester se slagspreuk sou wees om begrip vir die verlede, aangryp van te openbaar, die hede aan te gryp en voortbouvoort te bou op die toekoms (Ngoro 1998b:5). Wat die finansiële koste betref is laat blyk dat die noodsaaklikheid vir transformasie en integrasie swaarder sou weeg as die kwessie van wat die hele proses die Kapenaars en die provinsie uit die sak sou jaag. Die oogmerk was ook om bande tussen Kaapstad en ander Afrika-kusstede te smee (Ngoro 1998b:5).

Een van die treffendste verduidelikings van wat agter die drang na naamsverandering gesit en die kwessie tot op die been oopgesny het, het uit die pen

van Mowzer gekom. Hy het die bevryding van die mense van Suid-Afrika uit die wurggreep van apartheid op 27 April 1994 as die hoogtepunt van dekades se stryd en opoffering van die onderdruktes gesien. Met groot oortuiging en in duidelike taal het hy daarop gewys dat:

> *[Apartheid] suffocated and repressed our people physically, mentally and emotionally … The apartheid government laid the basis for its oppressive rule in our education system … and from there it spread into our homes, into our communities and our cities and permeated every aspect of our lives. It dominated us politically, economically, socially, culturally and personally. Later it came to taunt us in the form of memorials and statues, and the naming of streets and other apartheid symbols – airports, dams, schools and public buildings – reflected apartheid dominance* (Mowzer 1999:10).

In sy oë was die name en helde van apartheid vir die meerderheid van die bevolking die vergestalting van die onmenslikheid, smaad en onreg van die apartheidsbewind. Apartheid-simboliek het mense degradeer, beledig en onthumaniseer, en is sonder inspraak of onderhandeling afforseer. Alhoewel die ANC die verkiesingsoorwinning behaal het, moes die stryd voortgaan en die geloof was daar dat vryheid en demokrasie uiteindelik sou seëvier.

> *We would restore our pride and dignity and then we would forever remove all vestiges and reminders of apartheid, and with the full participation of all our people, change these names and symbols to ones that would instill national pride and acceptance* (Mowzer 1999:10).

Die drang om dekades van apartheidsbewind ongedaan te maak en die wyse om integrasie te bewerkstellig is deur die Kaapstad-stadsraad soos volg uitgespel: Billikheid en gelyke dienslewering vir alle stadsgebiede, die behandeling van alle bewoners met respek, agting vir die diverse kulture en godsdienste in die stad, die ontwikkeling van verdraagsaamheid en wedersydse respek vir die opinies, waardes, kulture en tradisies van ander, die bevordering van vrede en liefde vir die medemens, bevordering van ’n kultuur van moraliteit en menslikheid, die beoefening en bevordering van gelykheid en die opheffing van almal se lewens (Mowzer 1999:10).

Mowzer het die oortuiging uitgespreek dat die verandering van apartheidsname menslike waardigheid, trots en respek, aspirasies en drome sou herstel. Om voort te gaan om die persone wat talle Suid-Afrikaners gemartel, vermink en om die lewe gebring het, met openbare name te vereer

> *would be a travesty of justice and would disgrace the memories of those who died for their belief in peace, freedom and democracy for all. We cannot retain the names of those people who tried to humiliate, dehumanise and destroy us because we dared to oppose apartheid* (Mowzer 1999:10).

Mowzer het erken dat argumente teen naamsverandering daarenteen gesinspeel het op die feit dat die "layered history" van Kaapstad die sleutel tot die stad se ware geskiedenis is en dat die mees uitdagende eis van 'n pynlike verlede juis was om dit te onthou. Van die belangrikste teenargumente teen straatnaamverandering was die koste-faktor en die feit dat dit nie die sosio-ekonomiese werklikhede van die stad sou verander nie, en slegs 'n korttermyn katarsis sou wees wat nie kon verander wie die Kaapse inwoners werklik was nie (Mowzer 1999:10).

Naamsverandering sou een van die staande punte op die agenda van die demokratisering van die Wes-Kaap word, en bespiegeling oor wat die presiese aard en omvang daarvan in Kaapstad sou wees, het dikwels opgeduik. Die voorsitter van die Rosebank en Mowbray Gemeenskapsvereniging, Jonathan Hobday, het teen die einde van 2000 sy mening uitgespreek oor hoe Mandela vereer behoort te word. Hy het verduidelik dat hy nie 'n groot voorstander van straatnaamverandering is nie omdat daar so baie ander kulturele, historiese, en geografiese platforms was om politici en ander waardigheidsbekleërs mee te vereer. Tog, volgens hom, het daar soms met die verloop van die lewe 'n persoon voorgekom wat nie slegs vanweë sy bydrae vereer behoort te word nie, maar dat die beginsels waarvoor hy staan, in die hele samelewing ingebed en gekoester behoort te word. Mandela was so 'n persoon, wie se verhaal een van verbintenis tot die skep van 'n nie-rassige, vry en demokratiese Suid-Afrika was. Veral sy voortgesette geloof in en bevordering van nasionale versoening as simbool van hoop, nie net vir Suid-Afrikaners nie, maar vir die hele diverse wêreld was uniek. Hy word

immers in dieselfde asem as Gandhi en Churchill, twee vryheidsvegters met Suid-Afrikaanse verbintenisse, genoem (Hobday 2000:13). Hobday het daaraan herinner dat Mandela die grootste deel van sy gevangenskap in ’n tronk in Kaapstad uitgedien en dus ’n sterk persoonlike band met die stad gehad het. Hy wou egter nie Mowzer se idee steun dat Klipfonteinweg na Mandela vernoem moes word nie. Dié straat was te onbeduidend en hy het gemeen dat Setlaarsweg, die hoofingang waardeur besoekers vanoor die hele wêreld Kaapstad binnekom, eerder na Mandela behoort vernoem te word. Dit moes Mandela-weg heet om vir ewig te herinner aan die wysheid en krag van die Mandela-ideaal (Hobday 2000:13).

Dit het duidelik begin word dat die idee om oudpresident Mandela deur straatnaamvernoeming in die moederstad te vereer al wyer steun begin kry het. Dit was iets wat nie ongemerk by die nuwe burgemeester verbygegaan het nie. Hy sou dit egter op sy eie manier in ’n breër konteks plaas. Teen die einde van April 2001 het die eerste berigte oor burgemeester Marais se planne om Adderley- en Waalstraat na Suid-Afrika se oud-presidente, Nelson Mandela en FW de Klerk, te vernoem begin verskyn. Aan die begin is dit veral sterk beklemtoon dat die konsep van vrede sterk in hierdie hernoemingsidee figureer. Marais het aangevoer dat hy deur so ’n hernoeming nie net die boodskap van versoening wou rig nie, maar ook die wêreld daaraan wou herinner dat hulle albei met die Nobelprys vir Vrede vereer is (Van Houwelingen 2001:3). Hy wou die inwoners en die stadsraad vorentoe laat kyk en die historiese hoek van hierdie twee strate en geboue dalk “Vredeshoek” noem om die optrede van Mandela en De Klerk in die afwering van ’n bloedbad vir ewig in die gedagtes van komende geslagte vas te lê. Hierdie “Vredeshoek” moes deel van ’n belangrike kultuurhistoriese omgewing vorm wat die volgende sou insluit: die Groote Kerk, die St. George-katedraal, die Parlement, Tuynhuys, die Kultuurhistoriese Museum (gebou as die slawelosie en toe as die Ou Hooggeregshof gebruik en in 1998 weer tot Slawehuis herdoop), Jan Smuts se standbeeld en die Kompanjiestuin (Van Houwelingen 2001:3).

Marais (2011) vertel dat Mandela en De Klerk vroeg reeds hulle steun aan die moontlike hernoeming van die strate verleen het. Veral Mandela het van die

idee van die samekoms van die twee strate gehou, sowel as van die simboliek wat dit kon versinnebeeld. Uit sekere oorde was daar egter teenkanting teen die verering van De Klerk, en veral die DP was nie entoesiasties oor die hernoemingsplan nie, omdat niemand uit hulle eie geledere, soos byvoorbeeld Helen Suzman, gefigureer het nie. Marais se idee is aan die stadsraad voorgelê, wat dit in beginsel goedgekeur het. Vir Marais was hierdie konsultasie en goedkeuring voldoende en hy kon nooit werklik insien waarom hy daarna nog verder moes raadpleeg en nie dadelik tot aksie kon oorgaan nie. Omdat hy egter nie 'n uitvoerende burgemeester was nie, het dit 'n probleem veroorsaak om werklik so dinamies te werk te gaan. Wat hom betref, was daar in hierdie vroeë stadium positiewe gevoelens oor sy idee vir straathernoeming, maar moedswilligheid daaroor sou nie uitbly nie (Marais 2011).

Min inwoners het werklik geweet wie die persone was na wie die ter sake strate vernoem is. Daar moes navorsing in die argiewe gedoen word om meer hieroor te wete te kom. Dit sou aan die lig kom dat Waalstraat vernoem is na Jan de Waal, 'n kapitaalkragtige inwoner van die 1700's wat baie eiendom in die straat wat uiteindelik sy naam sou kry gehad het. Benewens 'n plaas, "krale en hokke, perde waens, bokke en varkens" (Pelser 2001:3), het hy ook 34 slawe ter waarde van duisende gulde gehad. Jan de Waal was

> *['n] versigtige, vooruitstrewende persoon, die eerste lid van die groot De Waal-familie wat hom in 1714 uit Middelburg, Nederland, in die Kaap kom vestig het. Die De Waal-park tussen Molteno- en Bo-Oranjestraaat is na 'n afstammeling van hom, David de Waal, burgemeester van Kaapstad in 1989, vernoem* (Pelser 2001:3).

Wat Adderleystraat betref, verloop die verhaal soos volg. In April 1850, 'n paar weke nadat die bandiete-skip *Neptune* Simonsbaai vir Tasmanië verlaat het, het Kaapstad se munisipale kommissarisse besluit om die naam van die stad se oudste straat, Heerengracht, te verander ter erkenning van die Britse parlementariër Charles Adderley se steun, wat verhoed het dat die Kaap in 'n strafkolonie omskep is. Hy het gelas dat die skip verder vaar, en uiteindelik het Australië die plek van bestemming vir die bandiete geword. 'n Versierde leunstoel is volgens 'n houtsnee-ontwerp van Thomas Baines gemaak en saam met 'n dankbetuiging aan hom gestuur (Loots 2001:11).

Twaalf jaar later het die kommissarisse egter eenparig besluit om die ou straatnaam, Heerengracht, weer in ere te herstel. Wat hiertoe aanleiding gegee het, was die feit dat alhoewel Adderley en Kaapstad se kommissarisse dieselfde oortuiging tydens die anti-bandiete betoging gehuldig het, hulle beskouings oor ander aangeleenthede intussen uiteengeloop het. Sy steun vir 'n Britse plan om koloniale uitgawes aan die Kaap te besnoei deur die aantal koloniale troepe te verminder is baie sleg aan die Kaap ontvang. Die nuwe argument was dat dit nie tot Kaapstad se kommissarisse se aansien sou bydra indien Adderley se naam op die hoek van een van die belangrikste strate ten toon gestel bly nie. Hierdie siening was kennelik die standpunt van die gemeenskap se Hollandssprekendes (Loots 2001:11).

Die arbitrêre besluit van die kommissarisse om van Adderleystraat se naam weg te doen, het egter hewige reaksie ontlok. Die hele kwessie is onmiddellik deur die pers opgeneem en 'n vlaag hoofartikels en briewe daaroor het begin verskyn. Die hele beleid van die herdenking van beroemde persone het ook in die spervuur beland. So is daar na Prins Alfred-plein, Prins Alfred-kaai, Prins Alfred-hawe en Prins Alfred-park verwys met die argument dat al hierdie name waarskynlik sou verander sodra die volgende prins die gebied besoek. Die inwoners is ook daaraan herinner dat daar in 1859 entoesiasties geld vir 'n standbeeld van sir George Grey ingesamel is, maar die beeld was steeds onvoltooid omdat tye verander het en hy later nie meer so gewild soos voorheen was nie. Die standbeeld sou eers vyf jaar later in die Kompanjiestuin opgerig word (Loots 2001:11).

Meer as 70 persone het 'n versoekskrif geteken waarin daar geprotesteer is teen die wyse waarop die naam van 'n hoofweg summier verander kon word volgens 'n gier wat individue beetpak. Die destydse *Cape Argus* het die protes heelhartig gesteun en in onverbloemde taal hul sterk afkeur uitgespreek oor 'n "measure so frivolous in its origin, so impotently vindictive, and so calculated to provoke scorn, ridicule and contempt" (Loots 2001:11). Die stadskomitee se optrede het as 'n totale verrassing gekom omdat geen vooraf kennis van so 'n mosie gegee is nie (Loots 2001:11). Nodeloos te sê is Adderelystraat se naam behou. Die *Cape Argus* het 'n finale hou ingekry deur te vertel hoe

Adderleystraat 'n paar dae tevore na Heerengracht verander is, net om binne enkele dae weer na Adderleystraat hernoem te word. Die Kapenaars is sinies gewaarsku: "Perhaps next week the wand of the municipal conjurors may produce a more sudden and startling effect still" (Loots 2001:11).

Dit is interessant om te let op een van die indirekte hoofspelers in hierdie verhaal, Mandela, se standpunt rakende naamsverandering. In 'n deurdagte essay wat hy in 1978 as gevangene op Robbeneiland geskryf het, en daardie jaar uit die tronk gesmokkel is om eers in 2001 in boekvorm te verskyn, verwys Mandela spesifiek na die idee om die hele Suid-Afrika 'n nuwe naam te gee, naamlik Azanië. Hierdie idee is deur Azapo, sowel as deur die PAC en swart bewussynskringe as die sogenaamde inheemse naam vir Suid-Afrika gepropageer. Vir Mandela was dit 'n volksvreemde naam, hoewel hy die moontlikheid van 'n naamsverandering vir die land ernstig bejeën het. Sy standpunt, wat veral sy sterk demokratiese instinkte beklemtoon het, was: "Dit vereis die maksimum eenheid en versigtige beraadslaging, nie net met die bevrydingsbeweging nie, maar met die ganse bevolking" (Karsten 2001:20). Hy was nie van mening dat die verandering van die land se naam as sodanig verkeerd is nie. Inteendeel, lande soos Mali, Namibië en Ghana het almal nuwe name na onafhanklikheid aanvaar, maar slegs na sorgvuldige oorweging en met inagname van die geskiedenis. Volgens ou geskrifte het die naam Azanië egter op die kus van Kenia en Tanzanië gedui. Dit het daarom eintlik nooit betrekking op enige deel van Suid-Afrika gehad nie. Mandela het ook in die essay verwys na die destydse aandrang om Robbeneiland na Makana-eiland te hernoem. Hy het daarop gewys dat swart gevangenes reeds lank voor Makana se tyd op die eiland aangehou is. Waarom moes sy naam dus bo die ander gevangenes soos Autshumao (Harry die Strandloper) en Sjeik Motura verkies word? Sy pertinente vraag was of swart mense dan op die Khoi-Khoi neerkyk, en of vryheidsvegters hulle aan sulke diskriminasie durf skuldig maak (Karsten 2001:20).

Dit was asof die geskiedenis sigself herhaal, want dit was spoedig duidelik dat Marais se idee om Adderley- en Waalstraat se name te verander, sterk teenkanting kon verwag. Die inwoners van die Bo-Kaap het tydens 'n

Vryheidsdag-saamtrek hulle stemme by diegene gevoeg wat teen die plan gekant was. Tydens die byeenkoms, wat deur die ANC se provinsiale leier, Rasool, toegespreek is, het hulle laat hoor dat indien Waalstraat, wat deel van hulle buurt was, hernoem word, dit by die hoofsaaklik Moslem-gemeenskap in behoort te pas. Die verlenging van Waalstraat het in elk geval as Yusuf Boulevard bekend gestaan. Blitsopnames het nou getoon dat heelwat Kapenaars nie entoesiasties oor die hernoeming was nie, dit as 'n onnodige uitgawe beskou het en as 'n naamsverandering wat verwarring kon veroorsaak. Rasool het te kenne gegee dat Marais se haas onbegryplik was, en dat die hernoemingproses ook en veral op die strate wat na Verwoerd en Pirow vernoem is moes fokus (Oliver 2001:2).

Die eerste reaksie en sterkste besware was oor die wyse waarop die burgemeester te werk gegaan het. Wilmot (2001:18) voer aan dat Marais eerder eers 'n openbare meningspeiling moes laat uitvoer ten einde Kapenaars se gevoel te toets voordat so 'n sensitiewe saak aangepak is. Juis omdat die hele straatnaamhernoemingskwessie nog in die beginfase was, moes hy eerder "a politically costly symbolic controversy" laat vaar om aandag aan wat regtig saak maak te skenk, naamlik om te verseker dat die bewoners by die DA se visie van dienslewering baat (Wilmot 2001:18).

Die Kaapse Kamer van Koophandel en Industrie het in hierdie stadium ook van hulle laat hoor en bekend gemaak dat hulle hul 3 400 lede daaroor sou toets. Die Kamer se hoof, Albert Schuitemaker, was van mening dat daar enorme koste aan die naamsverandering verbonde sou wees, insluitend die verandering van briefhoofde, advertensieveldtogte in die media, baniere, die Geelbladsye, om nie eers te praat van al die straatfronte en die inwoners van die geboue wat almal daardeur geraak sou word nie (Smetherham 2001:3). Sommige kleinhandelaars het ook hulle negatiewe stemme laat opklink weens die koste daaraan verbonde. Die Kamer het dit duidelik gestel dat hy nie by 'n "political dog-fight" betrokke wou raak nie, en nie daarop uit was om die voorgestelde verandering teen te staan nie, maar gretig was om 'n konsensus by sy lede te probeer vind (Smetherham 2001:3). Die verdere verloop van gebeure rondom Marais se straatnaamplan sou toon dat sy voorstel verreikende politieke tentakels gehad het.

Een van die insiggewendste artikels wat aan die heel begin oor die steun en weerstand teen Marais se plan gehandel het, het begin Mei in die *Cape Times* verskyn (Holtzhausen 2001:9). Hierin is daarop gewys dat Kapenaars geneig was om aan die bekende vas te klou, veral wanneer dit oor dinge wat bekend en geliefd soos onder andere Tafelberg, fynbos en hulle straatname gaan. Dinge verander tog, en veral in Suid-Afrika was daar die enorme verskuiwing van apartheid na demokrasie wat viering en verering verdien het. Marais was dus in 'n sekere opsig reg as daar aan die verering van persone gedink word wat deur woord en daad verandering tot groot voordeel van 'n samelewing bewerkstellig het. Die wêreld het 'n behoefte aan rolmodelle wat ander inspireer om hulself op te hef (Holtzhausen 2001:9).

Dit is ook gewys dat Marais fouteer het deurdat hy bestaande straatname wou verander om sulke figure te vereer. As die nuwe burgemeester was dit Marais se plig om maatskaplike veranderinge te bewerkstellig namens diegene wat hom in dié posisie geplaas het. Hy is aangeraai dat hy meer sou verrig in die verering van die visie wat die twee leiers geopenbaar het deur die tasbare opheffing van die Suid-Afrikaanse gemeenskap. Marais moes bo selfsugtige kwessies probeer uitstyg en deur geïnspireerde leierskap na 'n groter saak reik om sodoende Mandela en De Klerk se oogmerke en ideale verder te voer (Holtzhausen 2001:9). Dít sou 'n blywende huldeblyk wees vir die rol wat hulle gespeel het. In vergelyking met hulle bydraes en ideale was die straatvernoeming onbeduidend, "even cheap and nothing less than a cop-out, a cynical political exercise in fawning" (Holtzhausen 2001:9). Volgens die berig kon Marais eerder steun uit die gemeenskap verwag het met 'n fokus op die bekamping van misdaad, verkragting en kinderverwaarlosing, asook die oprig van meer skole en klinieke.

Dit het nou duidelik deurgeskemer dat Marais se aankondiging gedoen is sonder om die gemeenskap in den brede te raadpleeg. Die negatiewe reaksie van sommige lede van die publiek het onmiddellik begin manifesteer, en in briewekolomme, rubrieke en radiopraatjies het dit geblyk dat daar sterk teenkanting daarteen geheers het. Inwoners het heftige standpunte gelug, soos onder andere die briefskrywer Bell (2001:6) wat hom in sterk taal teen

die pogings van Marais en Smit om altyd te probeer indruk maak verset het, veral omdat hulle volgens Bell te kenne gegee het dat die voorstel ongeag die publiek se wense deurgevoer sou word. Volgens Bell sou daar aan sulke "arrogant autocracy" slegs die skyn van demokrasie gegee word, omdat dié planne deur persone gesmee was wat nog vas aan apartheid geglo het. Dit was immers die NP wat die skyn van ras-eksklusiewe parlementêre demokrasie voorgehou het, terwyl die party 'n "brutal and bloody regime of state terror" gevoer het. In dié lig beskou was dit vir iemand aan so 'n party verbonde waarskynlik maklik om skynheilig op te tree (Bell 2001:6). Bell se vermoede was dat daar politieke motivering agter die voorstel geskuil het om vir die politieke partye van apartheid, nou as die DA verenig, 'n soort van rassistiese geloofwaardigheid te gee deur 'n apartheidspolitikus soos De Klerk aan 'n anti-rassistiese demokraat soos Mandela gelyk te stel. Hy was immers deel van die Staatsveiligheidsraad wat die bloedigste deel van die onderdrukking oorsien het. Nie in staat daartoe om interne weerstand deur brute geweld, omkopery en terreur uit te roei nie, en ten aansien van toenemende internasionale druk, is die NP finaal tot onderhandelings met die ANC verplig. Selfs toe die sogenaamde moordbendes veronderstel was om reeds ontbind te wees, het hulle nog steeds onder die gesag van die staatsekuriteitsafdeling onder De Klerk se toesig bly funksioneer. Ook die WVK het bevind dat De Klerk aan growwe vergrype van menseregte aandadig was. Dit is wel waar dat De Klerk 'n bepaalde rol in die ontlonting van die krisis wat deur apartheid veroorsaak is, gespeel het, maar om hom met Mandela gelyk te stel, was volgens Bell 'n growwe belediging vir Mandela en die miljoene slagoffers van apartheid. Ten slotte haal die briefskrywer die swart Amerikaanse skrywer James Baldwin aan: "Not everything that is faced can be changed, but nothing can be changed until it is faced" (Bell 2001:6).

Ander argumente wat opgeklink het, is dat nie almal "De Klerk- en Mandela-mense" is nie, terwyl almal tot op daardie stadium wel Waalstraat- en Adderleystraat-aanhangers was (Belcher 2001:10). In teenstelling met Marais se bewering dat die twee straatname nie van besondere betekenis was nie, is argumente na vore gebring waarom die hernoemingsidee heroorweeg

behoort te word of anders verwesenlik kon word. Die teenkanting was eerstens gebaseer op hoe gevestig die name reeds na al die jare was en watter assosiasies daaraan verbonde was. Adderley was die Britse parlementslid wat verhoed het dat die Kaap in 'n strafkolonie omskep is, en Waalstraat was nou verbonde aan die jaarlikse karnaval. Terselfdertyd is name te berde gebring wat veel eerder hernoem kon word, naamlik Oswald Pirow ('n fascistiese leier tydens die oorlog), DF Malan (wat vir die Groepsgebiedewet verantwoordelik was) en HF Verwoerd (die argitek van apartheid). Baie inwoners het voorbehoude getoon om plekke na politici wat nog lewe te vernoem en het politiekery vermoed. Die voorstel om Adderley na Mandela te vernoem deur die party wat hom 27 jaar gevange gehou het, is as dekmantel gesien om Waalstraat na De Klerk te vernoem. Daar was ook baie Kapenaars wat ernstige besware daarteen gehad het om De Klerk in dieselfde asem as Mandela te vereer (Du Toit 2001:13). De Klerk het wel wêreldwye eer ontvang, maar sy optrede daarna en sy openbarings oor sy verlede het hierdie eer besoedel. Om ten midde van 'n moontlike knoeiery steun aan die herbenoemings te verleen kon in 'n bespotting eindig (Du Toit 2001:13).

Die straatnaamdebakel is vererger toe De Klerk se werklike bydrae tot die ontlonting van die Suid-Afrikaanse krisis opnuut deur verskeie briefskrywers weer krities bekyk is. Daar is veral daarop gesinspeel dat dit 'n bespotting sou wees om hom saam met Mandela te vereer. Hoe kon De Klerk immers so lank deel gewees het aan die handhawing van die immorele stelsel van apartheid, en hoe kon hy steeds volgehou het in sy oortuiging dat die eerste ministers voor hom eerbare mense met regverdige beleidsrigtings was, wou 'n briefskrywer in die *Cape Argus* weet (Peart 2001:13). Dit was ironies dat Marais se idee om vrede en versoening deur naamsverandering teweeg te bring weer soveel wrewel en haat aangaande 'n verdelende apartheidsverlede sou ontketen.

Talle ander briewe met uiteenlopende standpunte is van die publiek ontvang. Van die merendeels negatiewe argumente het die volgende ingesluit: strate moet nie na politici vernoem word nie omdat hulle dienaars van die publiek is wat voldoende vergoed word; om 'n 150-jaar oue naam op die rommelhoop te gooi is net so barbaars as om 'n 150-jaar oue boom af te kap; Marais se

voorstel moes intelligent en rasioneel bespreek word; die DA het politieke opportunisme bo sensitiwiteit vir die geskiedkundige integriteit van die stad gekies; en Marais se voorstel sou die stad in twee skeur en ’n klaaglike vemorsing van geld wees (*Cape Times* 2001a:9).

Een van die middestad se kleinhandelaars, R. Fisher, het in ’n lang openbare brief aan die *Cape Times* (Fisher 2001:9) verskeie kwessies oor die aangeleentheid aangeraak wat in baie opsigte die kern van die openbare ongemak oor die beoogde naamsverandering verwoord het. Sy betoog was dat Marais se plan nie tot transformasie sou lei nie en in werklikheid die potensiaal gehad het om die verdeeldheid te vererger. Van veel groter belang was die straatname wat moes verander omdat hulle aanstootlik vir swart mense was. Verwoerd-rylaan behoort na Oliver Tambo-rylaan verander te word, ’n stap wat die boodskap aan die swart meerderheid sou stuur dat die burgemeester inderdaad ernstig was om afstand van die verlede te doen en sensitiwiteit teenoor hulle geskiedenis te openbaar. Die gerug was dat Marais reeds besluit het, maar as die eerste stadsburger behoort hy meer sensitief vir die openbare mening te wees (Fisher 2001:9). As besigheidsman was Fisher bereid om die kostes aan te gaan wat naamsverandering sou vereis, maar dan moes die kwessie nie gestoomroller word nie. Inwoners moes die geleentheid kry om insette te lewer wat ernstig opgeneem moes word. Marais moes die versekering kon gee “that you have followed proper processes and have considered all the highly emotional feelings on this issue. Only then will I be convinced that your intention is honourable and not motivated by cheap political point scoring” (Fisher 2001:9).

Die aartsbiskop van Kaapstad, Njongonkulu Ndungane, asook Cosatu het Marais se voorstel verwerp. Ndugane het wel Marais se voorstel geloof, maar dit terselfdertyd afgekeur vanweë die praktiese implikasies wat dit vir die St. George-katedraal sou inhou. Vir hom sou Kaapstad nie Kaapstad wees sonder Adderleystraat nie, en hy was ook besorgd oor die koste. Cosatu het die voorstel summier as wanbesteding verwerp omdat die openbare fondse vir baie belangriker kwessies aangewend moes word (*The Star* 2001a:3).

Vanuit regse geledere is die DA deur die Afrikaner Eenheidsbeweging (AEB) daarvan beskuldig dat hy die gaping tussen die DA en die ANC probeer vernou en besig was om die ANC se transformasiebeleid minstens gedeeltelik in te sluk. Die argument is aangevoer dat die twee strate "internasionaal-bekende historiese landmerke" is en dat die DA vir die ANC in "die proses van geforseerde transformasie probeer oortref" (*Impak* 2001:4). Die AEB was gekant teen wat as die naarstiglike verandering van plekname bestempel is en wat 'n streep deur die geskiedenis trek. Alhoewel die AEB geen sentiment teenoor lord Adderley gekoester het nie, het die straatname tog die verhaal van 'n bepaalde segment van die land se gemeenskaplike geskiedenis vertel (*Impak* 2001:4).

Soos wat die kwessie ontwikkel het, het die argumente daarteen ook verdere dimensies aangeneem. Die ANC was volgens Rasool om vier redes teen die hernoeming gekant: die unistad het geen algemene herbenoemingsbeleid gehad nie en 'n omvattende en ooreengekome beleid oor so 'n delikate saak was noodsaaklik; daar moes begin word om die straatname te verander wat na mense vernoem is wat lyding en ontbering vir die inwoners van die provinsie veroorsaak het (onder andere Pirow en Hertzog); die DA het gepoog om beide Mandela en De Klerk tot 'n posisie te verhef wat gelyke bydraes veronderstel, maar die geskiedenis kan nooit volgens 'n eie siening herskryf word nie; naamsverandering moet eenheid bevorder, nie verdere verdeeldheid skep nie (wat ironies presies die gevolg van Marais se voorstel was) (Rasool 2001:9).

Rasool het sinvolle voorstelle namens die ANC gemaak en Marais aangeraai om die volgende te doen: die voorstel onmiddellik te onttrek; 'n veelpartykomitee van raadslede en kultuurhistorici daar te stel om 'n konsepbeleid vir die hernoeming van die strate, plekke en geboue op te stel; hierdie konsep dan aan die hele raad voor te lê, waarop die publiek vervolgens kommentaar moes lewer; en laastens die DA-provinsiale regering se magte ten opsigte van straatbenoeming aan die plaaslike gesagvoerders te delegeer (Rasool 2001:9).

By passiewe protes het dit nie gebly nie en die ANC se jeugliga (ANCYL) het 'n beroep op Mandela gedoen om sy goedkeuring van die hernoeming te onttrek. Die voorsitter het tydens 'n mediakonferensie gewaarsku dat sy

organisasie ’n massa-optog beoog om onder meer teen Marais se eensydige besluit vir herbenoeming te betoog (Jordaan 2001:3). Die optog sou op die polities betekenisvolle en sensitiewe datum van 16 Junie plaasvind (die datum waarop die Soweto-opstand van 1976 herdenk is), ’n datum wat volgens die ANCYL gebruik sou word om politieke guns by Mandela te wen deur sy teenwoordigheid by die hernoemingsplegtigheid. Die ANCYL se presiese oogmerk was om baie pertinent uit te wys dat kosmetiese vernuwing soos die straatnaamveranderinge nie die jeug se benarde situasie wat werkloosheid en rassisme in die werkplek betref verlig nie (Jordaan 2001b:1).

Daar was egter nie slegs negatiwiteit teenoor die straathernoemingsplan nie, en veral Afrikaanstalige organisasies het hulle steun daaraan toegesê. Op 19 Mei is berig dat die Groote Kerk, die NG Kerk Kaapstad en die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI) die hernoeming steun, en die Groote Kerk se kerkraad het laat weet dat hulle aan die verrigtinge sou meedoen. Die AHI was daarvan oortuig dat die naamsverandering veel vir versoening sou kon beteken (Jordaan 2001b:1).

As die bestuurder van kommunikasie in die burgemeester se kantoor het Johan Smit as die burgemeester se segsman in ’n breedvoerige persberig die redes vir Marais se voorstel op gloeiende wyse uiteengesit. Dit was nie net ’n kwessie van hernoeming nie, maar ook van “a celebration of good over evil” as die toonbeeld van die vernietiging van ’n bose politieke ideologie, asook om hulde aan beide leiers te bring vir hulle opofferings in die strewe na vrede en demokrasie (Smit 2001:9). Marais se inisiatief is as ’n poging wat vrede en demokrasie in Suid-Afrika sou bevorder voorgehou. Die hernoeming sou aan besoekers en Suid-Afrikaners, in besonder die inwoners van Kaapstad, bewys dat beroemde staatslui soos Mandela en De Klerk hulle verskille in die belang van alle Suid-Afrikaners kon oorbrug. Almal moes ook daaraan herinner word dat die Suid-Afrikaanse ekonomie nie vooruit sou kon gaan sonder die ingryping van hierdie twee staatsmanne nie. Die hoek wat die beoogde veranderde strate sou vorm, sou almal aan Suid-Afrikaners se vryheid herinner en aan die botsende politieke magte wat as patriotte hande kon vat. Gedurende die apartheidsjare het Adderley- en Waalstraat bekend geraak

vir protesoptogte, en as't ware as die afspringplek vir demokrasie gedien. Volgens Smit was die voorstel nie polities gedrewe nie, maar juis 'n poging om weg van die politiekte beweeg en om mense se voorneme om rassisme en onverskilligheid te beveg te versterk. "We believe the people of our mother city will have a street corner where patriotism and the celebration of the South African nation will flourish; lest we forget" (Smit 2001:9).

Een van die leidende figure in die NNP, André Fourie (2001:10), het die idee as 'n simboliese gebaar ondersteun en daarop gewys dat versoening nêrens sonder struikelblokke was nie, en dat Suid-Afrika 'n "oordosis historiese verskille" het. Soveel dinge was van versoening afhanklik, onder andere ekonomiese groei en buitelandse beleggings, en Marais se voorstel behoort daarom steun te ontvang het. Daar is ook aangevoer dat Mandela en De Klerk internasionale respek geniet, en dat hulle "die suksesvolle poging om die land te red van 'n bloedige revolusie" en die strewe om Suid-Afrika weer staanplek in die wêreld te gee verteenwoordig het. Daar was ook die positiewe klank van hoe Mandela se naam in die middel van die stad almal kon inspireer om sy vergewensgesinde aard, vrolike ingesteldheid en heerlike sin vir humor na te strewe (Fourie 2001:10).

As gevolg van die toenemend heftiger meningsverskille het Marais geen ander uitweg gehad nie as om deur middel van koerantadvertensies 'n uitnodiging aan die publiek te rig om kommentaar op die voorgenome hernoeming van Adderley- en Waalstraat te lewer. Hierdie sou die eerste stap in die openbare deelnemingsproses wees wat ook openbare byeenkomste en radiogespreksprogramme sou insluit. Daar is nie net terugvoer oor die goed- of afkeuring daarvan gevra nie, maar ook vir blote kommentaar. Marais het die versekering gegee dat die besluit nie teen die wil van die openbare mening geneem sou word nie. Die probleem was egter dat die uitnodigings vir die seremonie wat vir 16 Junie beplan is reeds aan Mandela en De Klerk gestuur was (Smetherham 2001:3). In hierdie stadium kon die die burgemeester se segsman nie 'n verduideliking gee van presies hoe die openbare weerstand of goedkeuring gemeet sou kon word nie. Al wat hy kon sê was dat hulle sou moes wag en sien watter kommentaar ontvang word. Volgens hom sou die

werkswyse openlik en deursigtig geskied, en ’n perskonferensie sou gehou word om ’n samevatting oor die aard van die kommentaar wat ontvang is bekend te maak. Die verdere belofte is gemaak dat die pers deurgaans ingelig sou bly (Smetherham 2001:3).

Marais is aangeraai om alles van voor af in oënskou te neem om sy kritici se monde te snoer deur die konsulteringsproses so wyd en omvattend as moontlik te maak (*Cape Times* 2001:8). Daar was veral skeptisisme dat die aangeleentheid eers openbaar gemaak is nadat die amptelike viering van die naamsverandering reeds beplan is. Indien die inwoners tot die besef kom dat hulle besware nie in ag geneem word nie, kon dit tot groot bitterheid en verdeeldheid in die stad aanleiding gee. Hy is gewaarsku: “Democracy needs to be seen to be done in this instance” (*Cape Times* 2001:8). Rasool het herhaal dat die ANC totaal en al teen Marais se straatnaamplan gekant is en dat omvattende beplanning nodig was om van veral die haatlike apartheidsname ontslae te raak (Smetherham 2001a:3).

Ander voorstelle om die twee staatsmanne te vereer het nou ook die rondte begin doen, soos byvoorbeeld om die nuwe kanaalstelsel, die Oostelike Boulevard of die Waterfront-snelweg na hulle te vernoem (Smith 2001a:1). Die gevoel was dat veral Adderleystraat net so deel van Kaapstad as Tafelberg was. Die groot argument was dat daar dringender kwessies was waarop die geld produktief spandeer kon word soos die HIV-pandemie, die Rooikruis Kinderhospitaal, hawelose kinders, mediese toerusting, beurse, opvoeding en werkskepping. In hierdie stadium het Marais self die versekering gegee dat die uiteindelike besluit nie teen die openbare mening sou indruis nie. Terselfdertyd het die opname egter ook getoon dat daar ’n sterk behoefte bestaan om Mandela op ’n ander wyse te vereer, soos byvoorbeeld om die konvensiesentrum na hom te vernoem. De Klerk se naam het minder reaksie en entoesiasme ontlok (*The Star* 2001:2).

Ander faktore het ook ’n bydrae gelewer om die hernoemingsidee verder te vertroebel. Op 18 Mei het ’n politieke storm losgebars oor ’n verkeersoortreding-dagvaardiging in Adderleystraat waarop Nelson Mandela tussen hakies na dié straatnaam verskyn en toe in *Die Burger* se besit beland

het (Jordaan 2001a:2). Die UDM het dit dadelik beetgepak en beweer dat die DA 'n klug van die raadplegingsproses maak omdat die hernoeming blykbaar reeds toegepas word, terwyl die publiek tot 21 Mei gehad het om kommentaar te lewer. Dit het daartoe gelei dat die DA met die voorstel vorendag gekom het dat 'n veelpartykomitee onmiddellik in die lewe geroep moes word wat onafhanklike instansies soos Ipsos-Markinor en Idasa moes nader om 'n referendum daaroor te hou (Jordaan 2001:2). Hulle moes ook besluit hoe groot 'n verteenwoordigende steekproef behoort te wees.

Die ANC se reaksie op die boete-insident was dat die gebruik van Mandela se naam op die dagvaarding die werk van 'n "DA-gedienstige amptenaar" was en dat die vlak waarnatoe "Marais en sy amptenary gedaal het in 'n poging om 'n dooie perd te probeer verkoop", skokkend was (Jordaan 2001:2). Kaapstad se verkeershoof het dit heftig ontken dat sy departement aangesê is om dagvaardigings op dié manier uit te skryf, maar hy kon nie verklaar hoe die fout ingesluip het nie. Ook Smit het beklemtoon dat so 'n opdrag nie deur Marais gegee is nie en dit as "onnutsigheid" afgemaak (Jordaan 2001:2).

Op 12 Junie het 'n verdere kontroversie Marais se poging om die twee strate te hernoem getref toe 'n brief deur die munisipale hof aan die verkeersdepartement gestuur is met die naam FW de Klerk in hakies na Waalstraat. Die doel van die brief was om die verkeershoof in te lig dat die saak aangaande 'n spesifieke parkeeroortreding teruggetrek word. Dit het Marais se kritici in hulle siening gesterk dat die hernoeming eintlik 'n uitgemaakte saak was (Smith 2001c:1). Die reaksie van die burgemeesterkantoor was dat hulle op voorvalle afgekom het waar verkeersbeamptes De Klerk se naam in hakies naas Waalstraat aangebring het, maar dat dit in April gebeur het en reggestel is. Die versekering is gegee dat dit 'n vergissing was wat gekorrigeer is. Dit het geblyk dat sommige verkeersbeamptes onder die indruk verkeer het dat die naamsveranderinge reeds 'n voldonge feit was (Smith 2001c:1).

Die gerugte van groot verdeeldheid in die DA-geledere rakende die straathernoeming het voortgeduur. Dit was duidelik dat die DA op nasionale en provinsiale vlak huiwerig was om 'n definitiewe opinie oor Marais se straatplan uit te spreek. Selfs tydens 'n vergadering op 18 Mei waar die kwessie bespreek

is en wat deur Leon, Morkel en Marais bygewoon is, was die DA se standpunt nog steeds onduidelik. Blykbaar was Morkel en Leon teen die hernoeming gekant omdat die openbare mening kennelik nie ten gunste daarvan was nie (Jordaan 2001:2). Hulle het in hierdie stadium daarop aangedring dat die openbare mening die deurslag gee en nie net vir die skyn getoets word moes nie. Terselfdertyd het hulle diplomaties te kenne gegee dat hulle wel ten gunste daarvan was dat die twee oud-presidente vereer word, maar nie noodwendig deur strate na hulle te vernoem nie. Volgens Jordaan het die wyse waarop die openbare mening ingewin is ook probleme tussen Marais en die DA se nasionale en provinsiale leierskap veroorsaak. Marais was van mening dat die breë argumente vir en teen die hernoeming teen mekaar opgeweeg moes word, terwyl Leon se standpunt was dat die presiese omvang van die steun ook verreken behoort te word. Morkel het te kenne gegee dat hy is nie vir of teen die plan was nie, maar dat die publiek moes besluit (Jordaan 2001b:1).

Die voorsitter van die DA Nasionale Bestuurskomitee (NBK), James Selfe, het laat blyk dat die komitee binne dae sou vergader om die kwessie te bespreek “omdat dit breë beleidsgevolge” vir munisipaliteite onder DA-beheer ingehou het (Jordaan 2001:2). In hierdie stadium het Marais ontken dat daar druk uitgeoefen word dat hy van die plan moet afsien en te kenne gegee dat die openbare mening voldoende verreken sou word, maar dat dit nie op ’n referendum sou uitloop nie. Vir die eerste keer is daar openlik gewag gemaak van die feit dat Marais se plan besig was om in ’n “warm patat” te ontaard, nie net vir hom as burgemeester nie, maar ook vir die DP en NNP as alliansievennote (Jordaan 2001b:1).




**2: Marais begin die woede van openbare weerstand teen sy hernoemingsplan voel (*Die Burger*, 22 Mei 2001:8)**

Teen 21 Mei was daar tekens dat Marais begin skietgee oor die naamkwessies vanweë toenemende druk en teenkanting. Hierdie afleiding is gemaak uit die aankondiging dat die proses om die publiek se kommentaar in te win met drie weke uitgestel sou word. Dit het ook beteken dat die hernoemingseremonie wat deel van die stad se Jeugdagvierings sou vorm tot verdere kennisgewing uitgestel moes word. Volgens die UDM se segsman het hierdie party nooit daaraan getwyfel dat die publiek uiteindelik geraadpleeg sou moes word nie, maar die verdeling binne die DA en die moddergooiery na die ANC het die proses vertraag. Dit was die UDM wat reeds op 18 Mei die burgemeester skriftelik versoek het om die sperdatum uit te stel sodat die proses bo verdenking kon wees en 'n veelpartykomitee aangestel kon word (Scott 2001:9).

In hierdie stadium was daar toenemende bespiegeling dat die burgemeester besig was om onder die toenemende druk teen sy plan te swig. Marais het dit heftig ontken dat hy besig was om te kapituleer en beweer dat daar groot steun vir sy inisiatief was, maar dat dit duidelik geword het dat die proses deursigtiger moes geskied en verleng word. Die probleem was dat Marais se aankondiging gemaak is na toenemende spekulasie dat die sterkste teenstand van binne sy eie party gekom het, en dat dit ook die verskille tussen die DP en die NNP weerspieël het (Smith 2001b:1).

Marais het steeds volgehou dat sy plan nie net versoening tussen alle Suid-Afrikaners sou simboliseer nie, maar ook tussen gelowe, soos in die St. George-katedraal en die Groote Kerk versinnebeeld. Op hierdie wyse kon Kaapstad op die weg na verdraagsaamheid en nie-rassisme geplaas word. Volgens Marais moes alle Suid-Afrikaners aan die twee staatsmanne die grootste respek en dankbaarheid betoon en die emosies rondom naamsverandering moes plek vir sober, intelligente beredenering maak. Marais het beweer dat hy die uitstel uit eie oorweging gedoen het, en die pad vorentoe sou nou behels dat 'n veelpartykomitee vanuit die unistadsraad saamgestel word ten einde die publiek se kommentaar te oorweeg en die uitvoerende komitee te adviseer (Smith 2001b:1).

As die leier van die DA in die provinsie het Morkel te kenne gegee dat Marais se aankondiging 'n stap in die regte rigting was, en hy het van die standpunt uitgegaan dat die hernoeming nie die mense moes verdeel nie, maar eerder op konsensus moes berus. Hierdie uitlating is deur beide die UDM en ANC verwelkom. Die ANC het dit egter duidelik gestel dat as die veelpartykomitee net "toonvensterpolitiek" sou wees, hy nie daaraan sou deelneem nie, tensy 'n omvattende proses daaruit voortvloei om alle naamgewing rakende apartheid te hersien (Sidego & Jordaan 2001:1).

Na die uitstel van die sperdatum vir openbare kommentaar was die UDM die eerste wat daarop aangedring het dat die DA 'n duidelike standpunt oor die hernoeming op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak inneem. Hierdie aandrang was waarskynlik om politieke munt te slaan uit die feit dat 'n skerp verdeeldheid in die DA daaroor te bespeur was. Die UDM se

vindingryke argument was dat die inwoners van Kaapstad nie hul mening kon lug, terwyl die DA die "openbare mening uit verskillende hoeke" benader nie (Jordaan 2001c:10). Die veelpartykomitee moes vooraf weet wat die DA se standpunt is, omdat die komitee onder 'n feitlik uitsluitlik DA-beheerde uitvoerende komitee sou funksioneer. Marais en sy onderburgemeester, Belinda Walker, is uitgedaag om 'n verenigde verklaring hieroor uit te reik (Jordaan 2001c:10). Terselfdertyd is twyfel uitgespreek of die verlenging van die sperdatum vir die publiek se terugvoer tot 'n besluit sou lei waarmee die meerderheid genoeë sou neem. Marais het egter sy vroeëre standpunt herhaal dat die publiek sleg ingelig was oor die ware oogmerk van versoening deur so 'n hernoeming. Volgens hom het baie van die besware "rassistiese ondertone" gehad, terwyl ander aan hul "koloniale erfenis" vasgeklou het (Jordaan 2001c:10). Volgens Marais het die beswaardes kennelik geen idee gehad waar die strate se name vandaan kom nie, en die uitdaging was om hulle nou behoorlik in te lig. In 'n hoofartikel het *Die Burger* sy aanvanklike steun vir die plan bevestig, maar ook daarop gewys dat dit geblyk het dat heelwat beswaar om historiese en finansiële redes intussen daarteen ingebring is. Tog het hierdie koerant steeds gemeen dat die inwoners 'n unieke geleentheid gehad "om twee van hul hoofstrate te vernoem na die twee hoofargitekte van die nuwe Suid-Afrika – 'n voorreg wat aangegryp behoort te word" (*Die Burger* 2001a:8).

Te midde van hierdie groter toegeeflikheid vanaf die burgemeester se kant het die *Cape Times* nou daarna as 'n "massive opposition from many public bodies and parties" begin verwys (*Cape Times* 2001b:8). Marais is aangeraai om sy mondelinge uitsprake aan die *vox populi*-toets te onderwerp en deur middel van 'n referendum te bepaal hoe die meerderheid Kapenaars daaroor voel. Kaapstad se straatname het immers aan die inwoners en hulle geskiedenis behoort, eerder as aan die politici. Dit is daarop gewys hoe baie van die inwoners die idee opper dat twee ander deurgangpaaie liefs na Mandela en De Klerk vernoem moet word.

Die herbenoemingskwessie, en veral die straatnaam-verering van die persone wat nog lewe, het in die soeklig gebly. So is daar gespekuleer dat pogings om

die lewende persone te vereer altyd van eiebelang getuig en gewoonlik met onbehoorlike haas wat tot agterdog lei gepaard gaan omdat die inisieerders vrees dat die reputasies van diegene wat hulle vereer nie die tand van die tyd sal deurstaan nie (Beresford 2001:27). Die moontlikheid is genoem dat een of ander vorm van burgerlike protes dalk nodig sou wees indien die hernoeming voortgaan. Beresford (2001:27) se oortuiging was dat die "corner on which St. George's Cathedral is situated is clearly Desmond Tutu's by right".

# 5. DIE STRAATNAAMDEBAKEL

Die begin van wat in ’n yslike debakel sou ontaard, met groot gevolge vir verskeie leidende politici en twee politieke partye, het op 24 Mei begin met Marais se bewering (voor die Kaapse Persklub) dat die Kaapse inwoners wat die hernoeming van Adderley- en Waalstraat steun diegene wat dit teenstaan met twee en ’n half teen een oortref. Dit was ’n stelling wat vir hom ongekende probleme sou veroorsaak. Van die skerpste kritiek was dat hy die datum vir die hernoeming gekies het nog voordat die publiek se opinies en bydraes gefinaliseer sou wees. Sonder werklike stawing het Marais beweer dat die res van die wêreld kennis van die feit geneem het dat Kaapstad nog nie vir Mandela vereer het nie, en dat die toekomstige ooreenkomste met oorsese susterstede daarvan sou afhang of die stad toon dat dit na versoening onderweg was (Smith 2001c:1). Hy het ook melding gemaak van die talle alternatiewe voorstelle wat ontvang is, soos dat sekere gedeeltes van Adderley- en Waalstraat hulle name moes behou. Hy het die merkwaardige vergelyking getref dat die twee strate in ’n sekere sin Kaapstad se eie Berlynmuur geword het deurdat die proses aangedui het dat die stad nog verdeeld was. Vir hom het die twee strate op ironiese wyse die verskil tussen die twee kerke, die Anglikaanse en die NG-Kerk geïllustreer (Smith 2001c:1).

Marais het verder verduidelik dat siende hy ernstig daaroor was om die verdeeldheid te beëindig en eerder op gemeenskaplike oogmerke te fokus, hy ’n aanbeveling by die uitvoerende komitee gemaak het om die openbare deelname aan die algehele hernoemingsproses te verleng. Hy het die argument herhaal dat die ter sprake twee strate mekaar ontmoet waar die parlement, die Kultuurmuseum, die Slawekwartiere en die standbeeld van generaal Smuts bymekaarkom. Hierdie twee strate was, wat hom betref, by uitstek geskik om Mandela en De Klerk se name te dra omdat die strate beroemdheid verwerf het weens die protesoptogte wat daar gehou is en as ’n verdieping van hul geskiedkundige waarde beskou moes word. Beide Mandela en De Klerk het die weg vir vrede en versoening gebaan (Smith 2001c:1).

Sonder bewysvoering het Marais gewaarsku dat Kaapstad beleggings sou verloor indien Adderleystraat nie na Mandela vernoem word nie, veral omdat die stad reeds twee keer vantevore geweier het om strate na hom te vernoem; eers Klipfonteinweg en toe die Stellenbosch-hoofweg. Die moontlikheid het bestaan dat Mandela die stad van rassisme kon beskuldig en uiteindelik weier dat enigiets na hom vernoem word (Tromp 2001:5). Volgens Marais het die weiering van die straathernoeming vennootskappe met oorsese stede bedreig, omdat hulle senuagtig was oor die opskudding wat rondom die naamgewing gewoed het. Toe hy Mandela van sy plan verwittig het, was die oud-president opgewonde oor die voorstel omdat sy gedagtes hom teruggevoer het na die dae toe hy daar aan protesbyeenkomste deelgeneem het (Tromp 2001:5).

Tydens sy optrede voor die Persklub moes Marais probeer om katvoet tussen die twee ontevrede pole te beweeg; aan die een kant die ongelukkigheid wat op provinsiale vlak oor sy hantering van die straatnaamkwessie geheers het, en sy bykanse obsessie om Adderley- en Waalstraat te hernoem aan die ander kant. Sy uiteindelike standpunt was dat politieke leiers nie "volslae slawe" van die openbare mening of "applous-verslaafdes" behoort te wees nie, maar morele leierskap aan die dag moet lê om die regte pad te volg (Jordaan 2001d:13).

In die DA-kringe is Marais se uitlatings as 'n onverbloemde klap na die premier en die hoofleier beskou. Intussen het Marais homself verdere kritiek op die hals gehaal oor sy uitlatings in 'n Sondagkoerant waarvolgens hy beweer het dat rassisme agter die sakelui se besware skuil. Morkel en Leon was ontstoke hieroor omdat hy besig was om presies net soos die ANC op te tree die oomblik wat kritiek uitgespreek word deur om rassime te beweer. Hierteen het Marais teruggekap en beweer dat hy verkeerd aangehaal is, en toe belowe om 'n regstellende brief aan die koerant te rig (Jordaan 2001d:13). Dit het duidelik begin word dat hy homself nie kon beteuel om te vinnig te praat en onverantwoordelike stellings kwyt te raak nie.

Wat uiters betekenisvol in die ontplooiing van die debakel in hierdie stadium was, was *Cape Times* se onheilspellende bewering dat die koerant toegang probeer verkry het tot die publiek se terugvoer aan die stadsraad, maar dat die

administrasie beweer het dat dit gekatalogiseer word en slegs beskikbaar sou wees ná die verstryking van die uitstelperiode van drie weke (Smith 2001c:1).

Op 8 Junie het die bom oor die beweerde gekonkel rakende die publiek se deelname aan die hernoeming van die straatname gebars. Die *Mail & Guardian* se opsienbare artikel het dit aan die lig gebring (waarna dit onmiddellik ook die hoofnuus in ander koerante gehaal het) dat verskeie lyste met skynbaar vervalste handtekeninge daarop ten gunste van Marais se kontroversiële plan op die lappe gekom het. Bladsye van 'n petisie waarin beweerde inwoners van Kaapstad hulle stem ten gunste van die benoeming uitbring, maar wat ten minste 300 vervalste name bevat het, het in besit van die raad se veelpartykomitee beland. Baie van die handtekeninge, almal die name van werklike Kapenaars, was na bewering in dieselfde handskrif en feitlik uitsluitlik inwoners van die Kaapse Vlakte (Sylvester 2001:1).

Die meeste van hierdie persone het te kenne gegee dat hulle nooit enige petisie onderteken het nie. Die ANC het die nuus onmiddellik aangegryp en aangevoer dat die bewering oor die vervalste handtekeninge waarskynlik uitgelap is deur die lede van die DA wat ontevrede met Marais was. Dit is uitgewys dat dit in April was dat Marais 'n openbare konsultasieproses aangekondig het en die lyste gesirkuleer is. Kort daarna, maar sonder om die dokumente openbaar te maak, het Marais voor die Persklub oorweldigende steun vir sy straatnaamplan aangekondig ten spyte van die openbare protes daarteen. Die afleiding is toe gemaak dat Marais sy aankondiging op vervalste petisies gebaseer het (Sylvester 2001:1).

Toe die sensasionele berig verskyn, was Marais buite die provinsie, maar sy segsman het laat blyk dat hulle bewus was van die aantygings. Om die proses so deursigtig as moontlik te maak sou die veelpartykomitee gemaan word om die nie-ondertekende en verdagte kommentaar met groot omsigtigheid te hanteer. Volgens hom het Marais 'n beroep op die gemeenskap gedoen om nie te poog om die komitee deur valse dade te probeer beïnvloed nie. Smit het weer daarop gewys dat die raad nie besig was met 'n referendum waar stemme getel sou word nie, maar dat die subkomitee wel deur oortuigende argumente en redenasie beïnvloed sou word, ongeag van hoeveel mense sulke argumente

ondersteun het. Hy het gewaarsku dat indien vervalste dokumente ontbloot word, regsoptrede sou volg. Smit het die versekering gegee: "Whichever way this thing goes, the mayor is not involved. We don't even know how legitimate these claims or the document are" (Sylvester 2001:1).

In sy eerste reaksie daarop het Marais te kenne gegee dat hy "jammer en hartseer" is dat die persone wat blykbaar teen die naamsverandering gekant is, besig was om die proses te saboteer (Van der Westhuizen 2001:1). Hy kon nie glo dat die mense dink hy sou so dom wees om die proses met behulp van vervalste handtekeninge te probeer beïnvloed nie, terwyl hy juis 'n veelpartykomitee aangestel het om die integriteit van die proses te beskerm. Hyself het nog nie die kommentaar gesien nie en dit vreemd gevind dat iemand dit kon uitlek: "Dit moet dus gesteel wees" (Van der Westhuizen 2001a:1). Oor die vraag hoe hy dan sowat twee weke tevore voor die Persklub kon beweer die stemme was twee-en-'n-half teen een daarvoor, was sy antwoord dat die media berig het dat slegs 400 stukke ontvang is. Hy het toe die afdeling wat die kommentaar hanteer gevra of dit die geval is, en hulle antwoord was dat die media se inligting verkeerd was en die verdeling boonop twee-en-'n-half teen een was (Van der Westhuizen 2001:1).

Hierdie verwikkeling was soos manna uit die hemel vir opposisiepartye en die teenstanders van die plan. Die ANC se segsman, Cameron Dugmore, het die DA aangevat en beweer dat die warboel 'n aanduiding van die party se onvermoë was om die stad te bestuur en 'n duidelike bewys van die onenigheid binne die party. Volgens hom was dit duidelik dat die lekplek uit die geledere van die DA gespruit het, in alle waarskynlikheid spesifiek van die DP-vleuel wat sou poog om Marais se inisiatief te ondermyn en hom as burgemeester te verwyder. In so 'n klimaat van oneerlikheid, rugstekery en korrupsie kon geen stad effektief bestuur word nie. Hy het te kenne gegee dat net 'n volledige ondersoek en kriminele aanklag teen die beweerde bedrog die ANC tevrede sou stel. Die ANC was van die begin af skepties toe Marais tydens sy optrede voor die Persklub nie die name van diegene wat sy voorstel gesteun het openbaar wou maak nie. Terselfdertyd het die ANC egter nie gemeen die

naamsverandering moes laat vaar word nie, maar dit moes op 'n omvattende, oorkoepelende beleid gebaseer wees (Sylvester 2001:1).

Dugmore het te kenne gegee dat net 'n volledige ondersoek en kriminele aanklag teen die beweerde bedrog die ANC tevrede sou stel. Wat die ANC aanbetref het, het Marais sy totale politieke geloofwaardigheid op die spel geplaas in sy oorhaastigheid om die strate te laat vernoem. Hy sou volle aanspreeklikheid vir die korrupsie wat aan die lig gekom het moes aanvaar, asook diegene binne die DA wat daarvoor verantwoordelik was aan die kaak stel, aanklagte teen hulle indien sodat hulle uit die party geskors kon word, of anders self bedank (Williams 2001a:1).

Soos reeds aangetoon was dit die UDM wat die burgemeester versoek het om 'n veelpartykomitee aan te stel (Scott 2001:9). Toe die veelpartykomitee wat die openbare mening se terugvoer oor die benoeming sou hanteer teen die einde van Mei tot stand kom, is dit uit sewe lede van die DA, drie van die ANC en een elk van die ACDP en die UDM saamgestel. Die uitvoerende komitee het ook sekere grondbeginsels vir die vasstelling van 'n beleid rakende die hernoeming van strate, geboue en ander openbare plekke neergelê. Een daarvan was dat aktiewe politici nie vereer word nie; 'n ander dat die hernoeming van strate, geboue en ander openbare plekke net in buitengewone gevalle oorweeg moes word. As die burgemeester wou Marais die komitee so verteenwoordigend as moontlik maak en daarom is die volgende persone aangestel: Danny de la Cruz, die speaker van die unistadsraad as voorsitter, Carol Beerwinkel, Una Pick, Stuart Pringle, Anton Fuchs, James Vos en Henry Bush van die DA. Omdat Marais van mening was dat versoening iets is waarmee die jeug nog lank sal worstel, is juis mense soos Vos, Pringle, Beerwinkel en Pick gekies om die jeug en vroue te verteenwoordig. Die ANC het Jeremy Thuynsma, die UDM vir Grant Twigg en die ACDP vir David Price benoem (Van der Westhuizen 2001:5).

In hierdie stadium het Marais te kenne gegee dat hy enige ondersoek na bewerings van kullery verwelkom en 'n beroep op die skuldiges gedoen om na vore te tree en hulle optrede te verduidelik. Hy het nou ook die veelpartykomitee versoek om slegs versoekskrifte met die briefhoof van 'n

organisasie, die naam van 'n organisasie, of 'n naam met kontakbesonderhede te oorweeg, en om verdagte versoekskrifte deeglik te ondersoek. Die vrees is uitgespreek dat die kwessie reeds so 'n wending geneem het van so 'n aard was dat Mandela en De Klerk in elk geval hulle instemming kon onttrek. De Klerk se woordvoerder, Dave Steward, het laat weet dat De Klerk soos almal besorg was oor die bewerings, terwyl Mandela se woordvoerder, Zelda le Grange, bevestig het dat sy die saak nog nie met die oud-president bespreek het nie (Jordaan 2001a:5).

Nie lank na Marais se finalisering van die stadsraad se veelpartykomitee nie, het die DA se provinsiale leierskap (Morkel, Van Schalkwyk as onderleier, en Hennie Bester as provinsiale onderleier) in Marais se afwesigheid vergader en besluit om 'n eie kommissie van ondersoek na die beweerde onreëlmatighede in te stel (Williams 2001a:1). Hierdie kommissie se verslag sou dan na die DA se provinsiale bestuurskomitee verwys word. Morkel wou hom nie in die pers oor die moontlike optrede teen die individue uitlaat nie. Sekere bronne binne die DA het beweer dat indien bevind sou word dat Marais enigsins betrokke by 'n opdrag was dat die dokumente vervals moet word, hy uit sy amp verwyder sou word. De la Cruz, die sameroeper van die reeds benoemde veelpartykomitee, het beloof dat die komitee spoedig sy eerste sitting sou hou en daarna alle kommentaar en petisies openbaar sou maak (Van der Westhuizen 2001a:1). Twigg van die UDM was jammer dat daar 'n vertraging in die sameroeping van die komitee was en het openlik gewonder of die oorsaak daarvan dalk "politieke speletjies" van die DA was (Van der Westhuizen 2001a:1).

Die burgemeesterskantoor en die amptenare wat nou by die saak betrokke was, was onder hewige druk. Williams (2001a:1) het rapporteer dat vrae wat in hierdie stadium aan Smit gevra is die volgende ingesluit het:

> *Weet jy wie die vorms getik en gedruk het? – Nee*
>
> *Weet jy wie die handtekeninge bymekaargemaak het? – Ek het 'n paar mense gevra en niemand weet nie. Maar ons is glad nie betrokke nie.*

Smit het vertel dat hy van die petisie-bladsye gesien het wat om sekuriteitsredes by die burgemeesterskantoor ingehandig is. Hy het enkeles oopgemaak en

hulle daarna direk na die regskantoor geneem wat die proses sou hanteer (Williams 2001a:1).

Op 11 Junie het Morkel die DA se kommissie van ondersoek met Piet Marais, 'n voormalige NP-parlementslid en prokureur van Stellenbosch, as voorsitter aangestel. Die premier het herhaal dat indien die kommissie 'n kriminele ondersoek aanbeveel, hy dit na die polisie sou verwys (Peer 2001:1). Terselfdertyd moes die DA se provinsiale bestuurskomitee op 11 Junie vinnig sy grondwet wysig ten einde in staat te wees om so 'n kommissie van ondersoek aan te stel. Rasool se standpunt was dat dit ongehoord is dat die DA die beweerde bedrog as 'n interne saak wil hanteer, en het laat blyk dat die ANC 'n buitengewone raadsvergadering oor die hele kwessie sou aanvra. Twigg van die UDM se reaksie en ongemaklike kommentaar was dat dit duidelik is dat die DA twee standpunte inneem: die nasionale en provinsiale leierskap stel 'n kommissie van ondersoek aan, terwyl Marais andersyds te kenne gee dat die veelpartykommissie die reg moet hê om enige bedrieglike aanmerkings te ondersoek. Hy was van mening dat alles gedoen moes word om die proses en die integriteit van die unistadsraad te beskerm (Van der Westhuizen 2001b:5).

Die moniteringsproses rondom die debakel het al hoe ingewikkelder geraak. Die veelpartysubkomitee moes binne drie weke die dokumente rakende die publiek se reaksie en kommentaar saam met die unistad-amptenare deurwerk en in kategorieë van steun of beswaar verdeel. Daarna sou die subkomitee van die veelpartysubkomitee verslag oor die verdeling en die kommentaar se inhoud aan die veelpartysubkomitee lewer. Die subkomitee sou uit vyf lede bestaan: Danny de la Cruz en Stuart Pringle (DA), Jeremia Thuynsma (ANC), David Price (ACDP) en Grant Twigg (UDM). Eers daarna sou die media die kommentaar-dokumentasie ter insae kry (Van der Westhuizen 2001c:5).

Dit is vreemd dat die media tot in daardie stadium toegang tot die openbare kommentaar rakende die straathernoeming geweier was, terwyl die bespreking van die kommentaar reeds 'n openbare proses geword het. Die UDM het die veelpartysubkomitee, wat die 1 339 stukke kommentaar moes oorweeg na hulle besluit om eers alleen daarna te kyk, van dubbelstandaarde beskuldig. As die rede vir hierdie beperking tot toegang is aangevoer dat

die unistadsraad aan laster skuldig bevind kon word indien die kommentaar gepubliseer word. Selfs die ANC was besorgd oor individue se reg op privaatheid (Van der Westhuizen 2001c:5).

Die UDM het by monde van die party se voorsitter in die Wes-Kaap die beslissing tot voorwaardelike insae verwerp met die argument dat die voorleggings gedoen is nadat die publiek om kommentaar gevra is. Dit was dus openbare besit en die unistadsraad kon nie van laster aangekla word indien lasterlike stukke wel bekend gemaak word nie. Die media se reg op inligting was immers gewaarborg. Die DA kon nie enersyds die openbare beskermer aanvat omdat die SABC by die openbare sitting oor die staat se wapenaankope verbied word nie, maar andersyds self die media toegang tot openbare inligting weier. Dit is as ’n dubbele maatstaf beskou wat tot ’n regsgeding teen die unistad kon lei. Die UDM het onvoorwaardelike mediatoegang tot die stukke geëis, aangesien Kapenaars andersins eers drie weke later sou uitvind wat die ingesamelde standpunte werklik verwoord het (Van der Westhuizen 2001c:5).

Die veelpartysubkomitee se subkomitee het op 14 Junie in dramatiese omstandighede met ’n luidkeelse ANC-voorstel weggespring: die publiek se voorleggings moes deur die elite misdaadeenheid, die Skerpioene, of deur die polisie hanteer word. Die ander kinkel was die weiering om die media toe te laat, alhoewel sommige van die voorleggings soos gevrees blykbaar wel rassehaat en lasterlike opmerkings bevat het (Smith 2001e:3). Die subkomitee se eerste stap was om die voorgelegde stukke te nommer sodat hulle gekatalogiseer kon word volgens die sake daarin aangeroer. Dit sou behels dat daar vasgestel sou kon word of die brief of petisie ten gunste van die verandering van een of beide van die strate was, of die korrespondensie die kwessie van rekonsiliasie aangespreek het, en of daar standpunt ingeneem is oor die kwessie of die strate na politici wat nog lewe vernoem behoort te word. Die komitee het moeite gedoen om by herhaling te verduidelik en te beklemtoon dat dit nie ’n ”ja” of ”nee” referendum was nie, en dat die ja-stemme nie bloot getel sou word om ’n “wenner” uit te wys nie (Smith 2001e:3). ’n Duidelike bewys dat die verloop van die skandaal groot spanning binne die DA meegebring het, was dat dit

in hierdie stadium tot 'n vyf uur lange DA koukusvergadering aanleiding gegee het.

Intussen het die DA gemengde uitsprake oor die skandaal laat hoor, terwyl die *Mail & Guardian* soos 'n boerboel vasgebyt en alles tot op die been probeer oopkloof het. So indringend was die koerant se ondersoek en argumentering dat dit daartoe sou lei dat Marais al nader aan die beskuldigde bank beweeg het. In 'n hoofartikel op 21 Junie het die koerant berig dat die DA se provinsiale leierskap 'n drieman-ondersoek onder leiding van Piet Marais gelas het. In daardie stadium het laasgenoemde egter nog geen bevestiging van sy aanstelling ontvang nie, 'n feit wat min vertroue in sy ondersoek gewek het. Die koerant het die houding van die ander DA-lede, wat bereid was om Marais se verdedigende verduideliking te aanvaar, nog minder gerusstellend gevind. Die opinie is uitgespreek dat dit veel beter vir die Kapenaars en vir die eerbare DA-lede sou wees indien die ondersoek deur onafhanklike buitestaanders gedoen word. Die *Mail & Guardian* het hom ook nou by die mening geskaar dat die ondersoek polisie-optrede regverdig. Om die stad se oneffektiewe veelpartysubkomitee sover te kry om die saak binne drie weke te ondersoek, is as belaglik bestempel en het slegs die moontlikheid van 'n toesmeerdery verhoog (*Mail & Guardian* 2001a:24).

Marais en sy span is gekritiseer dat hulle in hulle verdediging van wat gebeur het, min konsekwentheid getoon het. Die *Mail & Guardian* het pertinent na Marais se stelling aan die SABC verwys dat die vervalste petisies aan die koerant uitgelek is op presies dieselfde tydstip as wat hulle deur die raad ontvang is. Marais kon geen idee gehad het van wanneer presies die koerant sy dokumente ontvang het nie, maar hy kon wel die artikel vir leidrade daaroor gelees het. Dit is op 21 Mei deur die stadsraad ontvang en Marais se kantoor het die vervalste stukke vanaf daardie datum in besit gehad totdat dit op 8 Junie onthul is (*Mail & Guardian* 2001a:24).

In werklikheid het Marais, wat die *Mail & Guardian* betref, nou in die beskuldigde bank beland as gevolg van die wyse waarop hy steun vir sy plan probeer werf het. Hy het immers reeds voor die Persklub van die vervalste stemme gebruik gemaak toe hy na die "oorweldigende" openbare steun

daarvoor verwys het. Wat hierdie koerant betref, het dit vir Marais en sy span al moeiliker geword om te beweer dat hulle nie geweet het wat presies aan die gang was nie. Indien sy amptenare die stemme getel het, moes hulle tog die blatante vervalsings opgemerk het (*Mail & Guardian* 2001a:24).

Die *Mail & Guardian* (2001a:24) het sy totale argwaan teenoor die NNP-komponent binne die DA luidkeels te kenne gegee. Een van die redes waarom toegang aan die media geweier is voordat die skandaal aan die lig gekom het, was dat die stadsraadsamptenare wat daarmee gemoeid was, besig was om alles uit te sorteer. Onder die NP het Suid-Afrika die toevlugsoord vir allerlei komplot-teorieë, waninligting en leuens geword. Die DA het ’n groot risiko aangegaan om dié party, met sy bedenklike verlede, te inkorporeer. Dit was juis die rede waarom die straatnaam-vervalsings ’n beslissende toets vir die DA, as die alliansie wat voortdurend sy verbintenis tot skoon regering voorhou, geword het. In ’n uitdagende trant het die koerant sy opsienbarende hoofartikel met dié ongemaklike vraag oor die DA afgesluit: “Will it opt for a cover-up, or will it do the right thing by ensuring that heads roll and criminal charges stick for a shameful fraud?” (*Mail & Guardian* 2001a:24).

Daar is, soos aangedui, ’n groot ophef gemaak van die feit dat Kaapstad se unistad-veelpartykomitee, belas met die bestuur van die openbare voorleggings rakende die straathernoemingsplan, die media toegang tot die dokumente geweier het (Merten 2001:2). Soos verwag sou die subkomitee se doen en late met arendsoë dopgehou word, en is daar oor elke stap in die openbaar berig. Eerstens het die komitee, deur die DA oorheers, besluit om die voorleggings wat agterdog gewek het, opsy te sit en later daaraan aandag te gee. Hierna het die kleiner komitee saam met die senior amptenare die 1 339 voorleggings ondersoek. Die komitee se werksaamhede is met ’n gebed tot God voorafgegeaan, onder andere “to free the committee from previous misunderstandings” (Merten 2001:2). Ten aanvang het die voorsitter, De la Cruz, die raadslede oor die burgemeester se riglyne ingelig (soos bo reeds bespreek) (Merten 2001:2).

Marais het by hernuwing versoek dat die veelpartykomitee op ’n deursigtige en verantwoordelike wyse moet optree om die volgende te probeer bereik: alle

kommentaar wat verdag lyk, te ignoreer; enige kommentaar van die mense en instellings wat hulself nie duidelik geïdentifiseer het nie met omsigtigheid te hanteer; enige haatspraak te verwerp; sy byeenkomste oop en deursigtig te hou; in aanmerking te neem dat in sekere gevalle kommentaar uitgelok is (Sylvester 2001a:1).

Wat die komitee eerste gedoen het, was om die stukke te nommer. Die versoek van die *Mail & Guardian* vir toegang tot die dokumente in terme van die Toegang tot Inligting Wet aan die burgemeesterskantoor gerig, is ook aan die komitee voorgelê. Die DA-lede van die komitee het vasgeskop omdat hulle nog nie die dokumente onder oë gehad het nie, slegs die aantygings daaroor in die media gelees het en dus nie kon toelaat dat die mediaberigte hulle beïnvloed nie. Die stadsraad se regsadviseur het ook aanbeveel dat alhoewel die dokumente nie geklassifiseerde inligting was nie en wel beskikbaar gestel kon word, die komitee risiko's op die lyf kon loop omdat daar lasterlike stellings kon voorkom waarvan die komitee deel kon word. Een van die DA-raadslede se mening was dat die komitee eers die dokumente moet fynkam voordat die pers die komiteelede se menings daaroor kon beïnvloed, en dat beweerde laster bloot 'n aanname wat deur die pers gemaak is kon wees. Die dokumente sou eers beskikbaar gestel word nadat die komitee sy taak voltooi het. Dieselfde prosedure en voorwaardes sou vir die premier se ondersoekkommissie vir insae in die proses geld. De la Cruz het dit duidelik gestel dat die veelpartysubkomitee nie aan enige liggaam behalwe die stadsraad se uitvoerende komitee sou rapporteer nie: "If anyone else wants insight, how and when we decide to make it available, that body will also have to stand in the queue" (Merten 2001:2).

Die sluier is gaandeweg oor die inhoud van die voorleggings gelig. Die eerste berigte oor die tong-in-die-kies-kommentaar van sommige respondente het gedui dat sommige Kapenaars gemeen het die strate moet liewer na Evita Bezuidenhout of 'n Griekse godin vernoem word, terwyl Leeukop Peter Marais se naam, en Duiwelspiek president Thabo Mbeki se naam moes kry. Baie respondente het hulle dankbaarheid teenoor Marais en die unistadsraad uitgespreek dat die publiek se mening getoets word. Die voorleggings is eers

in drie stapels – ja, nee en ja/nee – gesorteer en sommige van die menings kon nie anders as lagbuie uitlok nie. So is daar Fidel Castro Walk en Corruption Walk vir Waalstraat voorgestel. Daar was ook voorstelle dat die twee strate hul name behou, maar die nuwe internasionale konferensiesentrum, die N1 en die N2, die Oostelike en die Westelike Boulevard, 'n nagskuiling vir behoeftiges of 'n projek vir die versorging van straatkinders, eerder na Mandela en De Klerk vernoem word (Van der Westhuizen 2001e:16). De la Cruz het laat blyk dat die algemene gevoel onder die respondente was dat die Kapenaars nie die twee strate hernoem wil hê nie en dat daar 'n ernstige gebrek aan steun vir die plan was (Ntabazalila 2001:1). Tog kon hy ook erken dat die komitee bemoedig is dat die publiek nie net teen die proses gekant was nie, maar ook ander voorstelle aan die hand gedoen het vir hoe die oud-presidente vereer kon word. Die hoofweë kon egter nie vernoem word nie, omdat hulle nasionale paaie is.

Van die petisies wat klaarblyklik vervals was, was van Eastridge in Mitchellsplein afkomstig en het gelyk asof dit deur 'n enkele persoon geteken is. Uiteindelik is meer breedvoerig berig dat 92% van die ondersteuners gewerf is. In die totaal is daar 2 237 voorleggings gedoen, waarvan 57.5% daarteen en 42% daarvoor was. Uit die persone wat teen die hernoemings gekant was, was 41% gewerfde stemme. Altesaam 70 voorleggings wat as verdag voorgekom het en ten gunste van die hernoemings was, was van Manenberg afkomstig. Nie een daarvan was deur persone onderteken wat tradisionele swart vanne gehad het nie. De la Cruz het daarop gewys dat werwing wel toelaatbaar was, selfs deur die raadslede. Die komitee het dit aan die groter veelpartykomitee oorgelaat om te besluit of wyer openbare deelname gewens sou wees (Ntabazalila 2001:1).

Die eerste vergadering het bykans ses uur geduur en die teenstemme sou binne dae ontleed word. Dit was egter reeds duidelik dat die meerderheid respondente nie gekant was teen die idee van verering as sodanig nie, maar teen die hernoeming van die betrokke strate. Die voorleggings was oorwegend in Engels en veral van die mense binne die Kaapse munisipale gebied, met baie min reaksie uit die noordelike gebiede (Van der Walt 2001:2).




**3: Die beweerde straatnaambedrog word as 'n ongeurige dis met unistad-suurwyn bedien (*Die Burger*, 27 Julie 2001:12)**

Die eerste tekens van 'n breuk binne die DA oor die hernoemingskwessie het op 28 Junie 2001 gemanifesteer toe dit bekend geword het hoe Pringle, 'n DA-lid, Marais se leierskap openlik gekritiseer het in 'n brief wat direk aan laasgenoemde gerig is. Dit het voor die aanvang van die voorleggingsproses plaasgevind en Pringle het nooit besef dit sou ook as deel van die kommentare deur die veelpartykomitee bestudeer word nie. Hierin het hy sy kommer uitgespreek oor die burgemeester se skynbare vasbeslotenheid om voort te gaan met die hernoeming ongeag die openbare mening, wat besig was om groot ongerustheid onder partyondersteuners te wek. Die opvatting dat die DA se liberale, demokratiese beginsels nie die papier werd was waarop dit geskryf is nie, was volgens hom aan die toeneem (Ntabazalila 2001a:1).

In werklikheid het Pringle se brief net vroeëre gerugte van 'n breuk binne die DA bevestig. Die openbaarmaking van sy brief het hom in 'n moeilike posisie in die veelpartykomitee geplaas. Ten einde die proses nie te kniehalter nie en te verseker dat dit demokraties verloop, het hy besluit hom van die proses te onttrek nadat wetskenners deur die komitee geraadpleeg is. Nog 'n lid van die subkomitee, Twigg, het onttrek omdat hy vroeër 'n brief ter steuning van die hernoeming aan Marais gerig het, sodoende sy standpunt te kenne gegee het en nie as objektiewe lid van die komitee geag kon word nie (Ntabazalila 2001a:1).

Daar is besluit om die 70 (3.1%) voorleggings wat onder verdenking was na advokaat Van der Westhuizen te verwys. Hy sou die aangeleentheid uit 'n regsoogpunt ondersoek en teen 23 Julie verslag lewer (Ntabazalila 2001a:1). Op 15 Junie is advokaat Joe van der Westhuizen, 'n senior lid van die Kaapse Balie, deur die stadsraad as 'n eenmankommissie aangestel om die beweerde bedrog in die proses rondom die hernoeming te ondersoek. Sy aanstelling is skaars 'n dag na die veelpartysubkomitee se eerste sitting aangekondig. Hy is ook aangesê om die integriteit van die proses en enige moontlike foutiewe optrede daarin te ondersoek. Die selektiewe uitlek van dokumente aan die *Mail & Guardian* sou deel van die ondersoek vorm. Ter verduideliking van die eenmankommissie se taak en opdrag is die DA se reeds bekende refrein van "korrupsie-vrye en deursigtige regering" in die unistad, weereens voorgehou (Van der Westhuizen 2001d:8).

Enkele weke later het dit geblyk dat hierdie eenmankommissie nie oor voldoende magte van ondersoek beskik het nie en sou dit op vrywilligers wat inligting aanbied moes steun. Daar was aan die begin geen duidelikheid oor die magte en presiese opdrag van die eenmankommissie nie en dit sou slegs gaandeweg uitgestippel word. Van der Westhuizen het in daardie stadium nog geen presiese mandaat ontvang nie en die sperdatum vir geskrewe voorleggings was reeds 16 Julie. Hy sou die aangeleentheid uit regsoogpunt ondersoek om die beweerde bedrog in die proses rondom die hernoeming te bevestig al dan nie. Hy is ook aangesê om die integriteit van die proses en enige moontlike foutiewe optrede daarin te ondersoek. 'n Verwarrende aspek was dat sy ondersoek parallel met die DA se provinsiale veelparty-ondersoekkommissie

plaasgevind het, wat om die beurt weer die uitkoms van die Van der Westhuizen-bevindings afgewag het. Die voorsitter van die DA se nasionale bestuurskomitee, James Selfe, het laat blyk dat indien dit waar sou wees dat Van der Westhuizen nie ondersoekbevoegd is nie, hy die saak direk met die burgemeester sou opneem (Soggot 2001:6).

Afgesien van die onduidelikheid oor die Van der Westhuizen-kommissie se magte, was daar ook onduidelikheid oor wanneer verslag gelewer moes word. Hieroor wou Van der Westhuizen nie veel sê nie, behalwe dat hy sy taak spoedeisend wou voltooi, maar dit sou daarvan afhang of hy onraad vind of nie wanneer hy die "spreekwoordelike blik wurms oopmaak" (Wyngaard 2001:7). Die openbare verhoor sou op 23 Julie plaasvind en die publiek is in koerantkennisgewings versoek om te reageer. Die reaksie uit die burgemeester se kantoor was dat personeel- en raadslede veronderstel was om hul samewerking te gee omdat dit 'n interne unistad-ondersoek was (Wyngaard 2001:7).

Aan Van der Westhuizen is die dokumente oorhandig waarin die beweerde vervalsings voorgekom het, en hy sou vanaf 24 Julie onderhoude met die amptenare voer wat dié kommentaar hanteer het. 'n Uitnodiging is ook aan die partyswepe gerig om bydraes te lewer, waarop sommiges wel gereageer het. Die plan was om die onderhoude met die politici binne 'n week af te handel. Al die onderhoude sou vertroulik hanteer word omdat Van der Westhuizen nie die ongetoetste getuienis openbaar wou maak en sodoende loopbane in gevaar stel nie. Dit het nou geblyk dat sy kerntaak sou wees om die vervalsings en die integriteit van die openbare deelname aan die hernoemingsidee te evalueer. Wat hul optrede betref het hy oor alle beskikbare munisipale bevoegdhede rakende die munisipale amptenare beskik, maar tugstappe kon nie teen lede van die publiek geneem word nie. Sulke bevindings kon wel na die polisie verwys word (Van der Westhuizen 2001f:3). Toe niemand by die openbare verhoor opdaag nie, is daar nogtans besluit om met die ondersoek voort te gaan.

By monde van sy segsman het Marais herhaal dat hy gedink het die vervalste handtekeninge ten gunste van sy straathernoeming met opset geplant is om die

proses te ontspoor. Hy het geglo dat die waarheid hom sou vryspreek en hy het by herhaling ’n beroep op diegene gedoen wat daarvoor verantwoordelik was om hulself te identifiseer. Terselfdertyd is vanuit die burgemeesterskantoor kapsie gemaak teen die idee van ’n kriminele ondersoek soos deur die ANC geëis. Ook Morkel het so ’n moontlikheid verwerp, en was hy in elk geval met sy eie ondersoek na die aangeleentheid besig. Indien so ’n ondersoek dit uitwys en aanbeveel, sou die die saak wel na die polisie verwys word (Peer 2001:1). Marais het laat blyk dat hy Morkel se kommisse verwelkom.

Mandela was, na berigte, besig om die debakel oor die aanklag van die vervalste handtekeninge versigtig te monitor, maar het die saak in Marais se hande gelaat. Sy segspersoon het laat weet dat hy nog ten gunste van die hernoeming was en dat die inisiatief steeds gesteun word, op voorwaarde van behoorlike openbare deelname. Mandela het Marais ’n paar weke vantevore laat weet dat die hernoeming nie ’n eensydige een moes wees nie, maar openbare deelname moes insluit en inklusief wees met die versekering van ’n onkreukbaarheid wat alle partye tevrede stel (Sylvester 2001a:1).

Die ANC was egter geensins hiervoor te vinde nie en wou sien dat ’n regsproses en aanvaarding van politieke verantwoordelikheid die skade wat die DA en Marais aangerig het herstel. Rasool het laat hoor: “Our relationship of trust and good faith with the Democratic Alliance and Marais’s administration has been dealt a severe blow by these revelations and the inappropriate responses to date” (Sylvester 2001a:1). Wat die ANC betref, kon die unistad se transformasie nie gyselaar gehou word deur ’n verdeelde party wat halsstarrig was om ondersteuners se kriminele optrede aan te spreek en openbare vertroue geskaad het nie.

Deel van die problematiek was dat Marais toegetakel is, die stadsraad betrek is, die DA ingesleep is en alle betrokke partye hulle onskuld deur middel van ondersoekkommissies wou bewys. Morkel se reaksie was dat die DA tot oop, deursigtige en korrupsie-vrye regering verbind was en nie bedrieglike optrede van enige aard sou duld nie. Hy het beloof om ’n reeks kalklig-byeenkomste te reël om die aanstelling van ’n ondersoekkomitee, met die mandaat om die saak volledig te ondersoek, voor te stel. Intussen sou die DA verseker dat

voldoende stappe geneem word om die integriteit van die publiek se deelname te verseker (Sylvester 2001a:1).

Met die aanstel van al die ondersoekkomitees, en die algehele harwar oor wat as feit en wat as fiksie bestempel kon word, het stemme dat die hele saak laat vaar moet word al hoe harder opgeklink. In 'n hoofartikel in die *Cape Argus* (2001:20) onder die sprekende opskrif "Clear up this mess" is na die hernoemingsaksie as 'n "fumbling, premature and ill-planned initiative" verwys. Die oogmerk om die openbare mening te evalueer is as totaal afgewys uitgemaak. Die burgemeester se kantoor was immers in kontroversie gedompel en het die stad se administrasie as kleinlik en ondoeltreffend uitgebeeld, en boonop twee voormalige presidente in die verleentheid gebring. Alhoewel hulle bydraes tot die Suid-Afrikaanse geskiedenis as ongelyk bestempel is, het daar volgens dié koerant nogtans genoeg redes bestaan om hulle te vereer. So 'n erkenning was egter volgens die *Cape Times* (2001d:3) iets heeltemal anders as "to blunder into the public debate with fixed ideas". Dit was niks anders as skandalig nie dat die hele saak gekompliseer is deur suggesties van korrupsie en bedrog en gerugte van sameswering en verraad binne die DA.

Volgens die *Cape Argus* het dit geblyk dat petisies wat die naamsveranderinge gesteun het, wel die name van werklike persone bevat het, maar deur 'n ander persoon ingeskryf en valslik onderteken is. Deur die versekering wat gegee is dat daar geen stemtelling in die proses sou plaasvind nie, sou dit beteken dat die getalle en name op die vervalste petisies eintlik nie saak sou maak nie. Indirek het hierdie name nogtans van belang gebly en daarom was dit uiters noodsaaklik dat die burgemeester se kantoor hierdie debakel vinnig en deeglik moes ondersoek. Dit is daarop aangedring dat die oorsprong van die raaiselagtige petisies, en elkeen daarby gemoeid, aan die kaak gestel word. Siende dat Marais reeds vir sy gebrek aan deursigtigheid gekritiseer is, het hy nou die geleentheid gehad om te bewys dat hy soos altyd tot deursigtige regering verbind sou bly. Dit het ook na die regte oomblik gelyk om die hele kontroversiële idee te laat vaar. So 'n stap moes nie as teenstand teen hernoeming *per se* gesien word nie. Volgens die *Cape Argus* (2001:20) moes hernoeming deel van transformasie bly, maar duidelike prosedures moes

daarvoor gevind en uitgewerk word, sodat dit deursigtig word en die publiek se vertroue kan wen.

Die probleem was dat die vervalsings die hele proses van openbare konsultasie vertroebel het, wat om die beurt tot voorstelle gelei het dat die hele inisiatief eerder laat vaar behoort te word. Een opinie was dat die veelpartykomitee moes voortgaan, maar daar moes nie net op twee strate gekonsentreer word nie. Marais se stelling van vermeende oorweldigende ondersteuning vir sy plan het presies die teenoorgestelde van die waarheid blyk te wees en hy is duidelik mislei. Marais se bewering dat iemand wat teen sy voorstel gekant was verantwoordelik was vir die vervalste lys, kon waar óf onwaar gewees het. Die probleem was dat die "process has become so mired in murk that it is difficult to know who, or what, to believe. That is why we say drop it, and start from scratch" (*Cape Times* 2001c:8).

Die *Mail & Guardian* het op 14 Junie 2001 in 'n hoofartikel met die opskrif "Skulduggery" beweer dat die DA probeer voorgee om 'n toonbeeld van eerbaarheid te wees, maar geensins daarvolgens optree nie. Die party is ongenadiglik deur die koerant toegetakel omdat dit vir die tweede keer in ses maande skromelik in sy gestelde oogmerke gefaal het. Die kullery in die kantoor van die burgemeesterskantoor het minagting vir die wense van die stad se stemgeregtigdes, sowel as 'n verwaande minagting vir die norme van eerlikheid, getoon (*Mail & Guardian* 2001:26). Dit was vir dié publikasie onbegryplik dat handtekeninge vervals word ter ondersteuning van 'n saak in plaas daarvan om die kiesers se vertroue te respekteer.


Die DA-leierskap is aangeraai om vinnig en genadeloos teen die skuldiges op te tree ongeag hulle posisies in die party en al was hulle teenwoordigheid noodsaaklik om die party se twee kulture verenig te hou. Andersins sou die DA se geloofwaardigheid ernstig geskaad word. Die skandelike vervalsings wat blootgelê is, is as simptomaties van ernstiger probleme binne Kaapstad se DA gesien (*Mail & Guardian* 2001:26).

Dié koerant het sy lesers daaraan herinner hoe die DA in Kaapstad vroeër die jaar aangekondig het dat politieke lojaliteit aan sy program van beginsels 'n

primêre oorweging in die keuse van aanstellings in die stadsadministrasie sou wees; presies daardeur het die party 'n bespotting van homself gemaak. Die DA was immers juis geregverdig in sy kritiek op die ANC dat staatsdiensposte in die sentrale en provinsiale regerings afhanklik van lojaliteit aan die regerende party gemaak is. Nog erger, in die proses van die verpolitisering van Kaapstad se amptenare is die stad se mees bekwame bestuurders die trekpas gegeet. Wat alles nog verder versuur het, was dat die DA sedert bewindsaanvaarding nog nie 'n stadsbestuurspan van sy eie aangestel het nie. Indien die DA homself as 'n alternatiewe regering vir die ANC wou bewys sou hy waar dit aan bewind was geloofwaardig moes regeer. Die *Mail & Guardian* was van mening dat die DA nie veel sukses kon behaal het tydens die ses maande wat die party in Kaapstad aan bewind was nie. 'n Skoonmaakproses was dringend nodig en dit moes begin deur die skuldiges in die straatnaamskandaal aan die pen te laat ry (*Mail & Guardian* 2001:26). Hierdie aanklag was uiters ongemaklik vir die DA wat 'n nuwe toetreder tot die politieke toneel was en inderdaad dwarsoor die land dopgehou is vir die suksesse wat die party beloof het in teenstelling met wat die DA as die ANC se gebrekkige bestuur bestempel het.

Teen 14 Junie 2001 het die *Mail & Guardian* berig dat die burgemeester se kantoor geweier het om kopieë van enige van die stemme of petisievorms te verskaf. Die koerant het egter vasgeskop en te kenne gegee dat hy besig was met 'n formele aansoek in terme van die Vryheid van Inligting Wet ter insae in die ondersoek (Soggot 2001:3). Volgens die koerant was dit nie bekend of Marais self deel aan die vervalsing gehad het nie. Hy het wel in die openbaar die stand van die stemme verkeerd voorgestel. Na verskeie onsuksesvolle pogings om toegang tot die stemme te verkry het die *Mail & Guardian* egter sy eie speurtog geloods. Daar is lukraak huishoudings in Manenberg, beskryf as 'n "gang-infested NP stronghold" (Merten 2001:2), wat se addresse op die petisie verskyn het besoek. Hierdeur is vasgestel dat nie een van dié huishoudings gestem het nie, behalwe 'n vorige NNP-organiseerder wat beweer het dat sy wel gestem het. Sommige van diegene wat ondervra is, het bevestig dat hulle handtekening nie ooreenkom met die handtekeninge op die petisie nie. In een geval was die persoon wat veronderstel was om te geteken het,

reeds vir langer as ’n jaar nie meer by die betrokke adres woonagtig nie. Een van die NNP-organiseerders in Manenberg het vertel dat sy haar partylede gevra het om te teken en die petisievorms verder te versprei. In Mitchellsplein het verskeie inwoners gesê dat hulle “form letters” geteken het nadat ’n DA-raadslid hulle genader het (Merten 2001:2).




**4: Die aanklagte van petisiebedrog begin en die burgemeester se son verduister (Zapiro in *Mail & Guardian*, 28 Junie 2001:2)**

Die *Mail & Gaurdian* het verder berig dat Smit die koerant 'n paar uur na die besoek aan Manenberg gekontak het en wou weet waarop die publikasie daar op soek was. Toe Smit gevra word om kommentaar te lewer oor die vasgestelde vervalsing, was sy antwoord dat sy kantoor niks met enige van die petisies te doen gehad het nie. Hierop het hy gesinspeel dat die koerant óf die versoekskrifte gesteel óf hulle ter wille van die storie versin het. Later het hy teruggebel en laat weet dat indien daar enige vervalsing was, die veelpartykomitee dit sou ondersoek. In hierdie berig is Marais ook persoonlik bygekom vir sy verwaandheid en uitgesprokenheid, onder andere sy opmerking dat sommige Gauteng-inwoners so beïndruk met hom was dat hulle hom wou kloon (Soggot 2001:3).

Vir die *Mail & Guardian* was die reaksie op die koerant se onthulling geensins vreemd of verbasend nie. Marais en sy aanhangers het onder meer beweer dat politieke opponente die vervalsings by die *Mail & Guardian* geplant het om hom en sy "lieflingsplan" se geloofwaardigheid aan te tas. Sonder om vir 'n formele ondersoek te wag, het die Marais-kliek dus met 'n gefabriseerde komplot-teorie na vore gekom. Marais se teorie kon as lagwekkend afgemaak word "if it was not so eloquent on the shortage of quality among opposition politicians" (*Mail & Guardian* 2001a:24).

Vroeg in Julie het Marais sy stilswye oor die debakel verbreek deur sy bereidwilligheid te verklaar om die ANC te ontmoet om nuwe planne vir sy hernoemingsidee te bespreek. Hy was daarvan bewus dat die ANC heel van die begin af vir 'n breë benadering tot naamsverandering gevra het. Hierdie olyftak aan die ANC het gespruit uit die toenemende druk vanuit sy eie party om die herbenoeming-inisiatief te laat vaar. Wat Marais nou in gedagte gehad het sou die ontstaan van 'n breë komitee behels, een met die taak om 'n beleid te formuleer oor die name van strate, parke en geboue in die stad wat moontlik beledigend was. Hy het te kenne gegee dat hy reeds die voormalige Kaapse burgemeester, Mfeketo, die plaaslike ANC koukusleier, Mowzer, asook Rasool hieroor genader het (Smith 2001f:3). Terselfdertyd het Marais sy teleurstelling teenoor die ANC uitgespreek rakende die druk wat hulle op

Mandela uitgeoefen het om sy steun vir die aanvanklike plan te onttrek. Hy wou Mandela steeds op geskikte wyse vir sy rol in die land vereer.

Rasool het vir die soveelste keer herhaal dat die ANC nie daaraan geglo het om slegs twee strate te hernoem nie, maar dat alle aanstootlike name verander moes word. Hy was bereid om Marais te ontmoet, te hoor wat hy as ’n wensituasie beskou en was skynbaar gewillig om gehoor te gee (Smith 2001f:3).

So het die debat heen en weer gemaal en meningsverskille oor die verdienstelikheid van die verering al dan nie het voortgeduur. Marais het dit duidelik gemaak dat menings gebaseer op rassistiese of kolonialistiese vooroordele of beuselagtighede geïgnoreer sou word. In *Die Burger* is die hoop uitgespreek dat die veelpartykomitee objektief sou probeer wees en nie deur Marais beïnvloed word nie (Westra 2001:4). As moontlike oplossings vir Marais se dilemma is aan die hand gedoen: skuif die saak op die lange baan; stel ’n komitee aan om duidelike riglyne vir naamsverandering neer te lê; trek die voorstel terug met die verskoning dat iemand met Mandela se statuur nie skade aangerig mag word nie; sê dat daar tot nuwe insigte gekom is en dat die straatname wat onomstrede en lank gevestig is, behoue moet bly; stel voor dat die name wat aan apartheid verbind kan word, vervang moet word; herroep die voorstel ter wille van die verbetering van al Kaapstad se inwoners se lewensomstandighede (Westra 2001:4).

Die *Mail & Guardian* het die Kaapse “Streetgate” laat oopbars met die openbaring dat verskeie lyste van skynbaar vervalste handtekeninge ten gunste van Marais se kontroversiële plan op die lappe gekom het. Kieser, tussentydse hoof van die unistad se regsdienste, se reaksie op die berig was dat hy sou seker maak dat die persoon wat dit uitgelek het, sou boet. Op 10 Junie het die DA se provinsiale leierskap inderhaas in Marais se afwesigheid (hy was uitstedig) vergader en besluit om dringend ’n eie kommissie van ondersoek na die beweerde onreëlmatighede aan te stel. Dié kommissie se verslag sou dan na die DA se provinsiale bestuurskomitee verwys word. Premier Morkel het die kommissie reeds die volgende dag aangestel en gelas om die vervalste handtekeninge te ondersoek. Wat primêr ’n stadsaak was, het nou ál sterker ook die afmetings van provinsiale partypolitiek aangeneem.

Vanuit die publiek het een van die briefskrywers die mening uitgespreek dat diegene wat nie Marais se voorstel steun nie, nie soos wat Marais beweer het teen versoening gekant was nie, maar spesifiek teen ondeurdagte naamsverandering (Ferreira 2001:14). Wat ook aanstoot gegee het, was Marais se verwyt dat sy teenstanders aan kolonialisme bly vasklou. Die burgemeester se mandaat is gesien as een om die stad tot voordeel van almal te bestuur, nie om by omstrede sake betrokke te raak nie. "Ek kan nie glo dat verering onverdiend van iemand weggeneem en tweedehands aan iemand anders toegeken kan word nie. Nog minder kan ek glo dat 'n persoon verering wil ontvang wat onverdiend van 'n ander weggeneem is. Die mens se roeping is om die toekoms te verryk en nie die verlede te verarm nie" (Ferreira 2001:14).

Wat wel positief in die straatnaamdebakel na vore getree het, was dat dit besinning oor die vele fasette van naamsverandering gestimuleer het (*Eastern Province Herald* 2001:4). Onvermydelik is daar teruggekyk na wat gebeur het toe die NP aan bewind was. Dit was algemeen bekend dat die NP geen rekening met ander se wense gehou het nie, en eiemagtig byna elke apartheidsikoon en talle senior politici vereer het in die benaming van damme, brûe, teaters, hospitale, skole, ensovoorts. Siende dat dié party uiteindelik ontbind het, het al hierdie name nou in gedrang gekom. Tydens die apartheidsjare is talle herbenoemings op baasspelerige wyse afgedwing, ongeag besware. Gevolglik was die pleidooi nou vir maksimum sensitiwiteit en raadpleging, en indien nodig, bemiddeling (*Eastern Province Herald* 2001:4).

# 6. VANAF DEBAKEL TOT "MONUMENTALE KLUG"

Wat reeds 'n uiters netelige kwessie geword het, het 'n veel ernstiger wending geneem met die verskyning van 'n beëdigde verklaring van Victoria Johnson, 'n regsadviseur in diens van die unistad. Hierin het sy ernstige bewerings van wangedrag en bedrog rakende die straathernoemingsplan uiteengesit. Toe haar verklaring op 26 Julie 2001 openbaar gemaak is, het dit soveel opspraakwekkende voorbladnuus in feitlik alle Kaapse koerante geword, dat daar nou na Kaapstad se "Streetgate" begin verwys is. Van die hoofopskrifte het gelui: "Verklaring van unistad se regsadviseur wemel van aantygings" (*Die Burger* 26 Julie 2001:2); "Koppe kan rol oor straatname" (*Die Burger* 26 Julie 2001:1); "DA fraud scandal hits Cape council" (*Business Day* 26 Julie 2001:1); "Scandal rocks mayor's office" (*Cape Times* 26 Julie 2001:1); "Unicity reels in wake of street saga" (*Cape Argus* 26 Julie 2001:1). Johnson se sensasionele beëdigde verklaring is weldra deeglik en breedvoerig deur *Cape Times* ontleed (*Cape Times* 2001d:3).

Voordat haar verklaring openbaar gemaak is, iets wat sy geensins voorsien het nie, het Johnson dit vir enkele persone in gesagsposisies gewys. Hoe dit openbaar gemaak is, is in sigself 'n verwikkelde verhaal wat later meer volledig uiteengesit word. Johnson het onmiddellik die etiket van verklikker gekry, met ander woorde 'n informant wat halt roep oor 'n bepaalde oortreding binne 'n organisasie in die hoop dat dit stopgesit sal word.

Johnson is in April 2001 aangewys om saam met Johan Smit, die kommunikasie-beampte vir die burgemeester, en Fritz Marx, die burgemeester se persoonlike assistent, die straatnaamverandering te hanteer. Die presiese verloop van sake was soos volg: op 27 April is die advertensies vir openbare kommentaar geplaas; reeds vanaf 28 April het die teenkantings begin instroom; in die week van 27 April vertel Smit vir Johnson dat 300 briewe ter ondersteuning "gereël" sal word (*Cape Times* 2001d:3). Net voor die sluitingsdatum het Smit teenoor

haar laat blyk "daar gaan oor die naweek besige mense wees" en dat hulle op Sondag "heeldag gaan teken" en "seer hande gaan hê van al die handtekeninge" (Van Houwelingen 2001a:2). Sy het begin besef dat die persone dokumente ten gunste van naamsverandering sou onderteken.

Namate Johnson agterdogtig geraak het oor Smit se optrede, het sy besluit om die saak versigtig te benader: sy het 'n skedule opgestel en die datums wanneer die briewe ontvang is, en of hulle vir of teen die naamwysigingsplan was, aangeteken; sy het 'n kollega (regsadviseur Nadiema Davids) van Smit se opmerkings vertel en Davids stem in om die skedule verder by te hou. In haar verklaring het sy ook vir Ben Kieser daarvan beskuldig dat hy aanbeveel het dat die openbare kommentaar oor die kwessie so gekategoriseer moet word dat 'n klomp besware op goeie gronde geïgnoreer sou kon word Hy sou ook na 'n vergadering met Marais sê dat die kerke sakke vol briewe (*Cape Times* 2001d:3) ter ondersteuning vir die burgemeester se voorstel het en dat hy dit oorweeg om die sperdatum uit te stel om die kerke nog meer tyd te gun om kommentaar te lewer. Volgens haar het hy een van die kantoorassistente "in 'n aggressiewe, paniekerige stemtoon" opdrag gegee dat "niemand die briewe moet sien nie", veral nie Belinda Walker, die onderburgemeester, en Robin Carlisle, een van unistad se konsultante, nie (*Cape Times* 2001d:3).

In *Cape Times* (2001d:3) is die verloop van die hantering van die publiek se terugvoering deur die amptenary gegee. Die eerste fase in die proses was klaarblyklik wie die briewe sou hanteer en wie daarin insae sou verkry. Ben Kieser, tussentydse hoof van die unistad se regsdienste wie se naam in hierdie stadium deur die koerant weerhou is omdat hy in die buiteland was, het aan Johnson en Davids opdrag gegee om die briewe as vertroulik te beskou en niemand insae daarin te gee nie. Kort daarna het Kieser weer al die briewe teruggevra omdat hy hulle van onderburgemeester Walker wou weghou. 'n Dag later het Kieser die briewe egter weer aan hulle terugbesorg. Tussen 10 en 14 Mei is sewe steunbriewe vir naamsverandering ontvang en toe Johnson hulle deeglik nagaan het sy tot die besef gekom dat almal in dieselfde handskrif is, maar met verskillende name en adresse en vanaf dieselfde faksnommer gestuur. Toe sy die telefoongids raadpleeg kon sy

geen rekord van hierdie name vind nie. Toe Davids in hierdie stadium deur Smit uitgevra word oor die aard van die kommentaar en sy te kenne gee dat daar slegs 'n handjievol steunbriewe ontvang is, het hy haar verseker dat 500 steunbriewe aan die kom was. Terselfdertyd het Kieser aan Johnson en Davids opdrag gegee om elke beswaar as een te tel selfs al verskyn dit op 'n petisie met meer name. In hierdie stadium het Smit Johnson ingelig dat hy 'n perskonferensie na die sluitingsdatum gereël het sodat geen verdere besware in berekening gebring kon word nie. Op 18 Mei het Davids op versoek die kommentaar na onderburgemeester Walker geneem. Intussen is die negatiewe kommentaar geherkategoriseer ten einde dit vir Marais makliker te maak om dit met teenargumente te neutraliseer, en sodoende geregverdig 'n groot aantal besware te ignoreer. Nadat die herkategorisering gedoen is, is die briewe na die burgemeester se kantoor geneem, en nie aan die regsafdeling terugbesorg nie. Kieser se kommentaar was nou dat die kerk sakke vol steunbriewe gehad het, maar hulle nog nie gereed was nie en hy gevolglik die periode vir openbare kommentaar met drie weke wou verleng. Teen 20 Mei het Smit met 'n oogknip die opmerking gemaak dat sekere mense se hande seer gaan wees van al die kommentare wat hulle sou moes onderteken. Op 21 Mei – die sperdatum vir kommentaar – was daar 543 besware en sewe steunbriewe en later die middag het Smit 482 steunbriewe aan Johnson oorhandig met die opmerking "this is how you win an election" (*Cape Times* 2001d:3). Die 21ste Mei was ook die datum dat die veelpartykomitee in die lewe geroep is om die proses verder te hanteer. In haar verklaring het Johnson gemeld dat die skielike steunbriewe fotostate van twee petisie-weergawes, gedateer 15 Mei, was en wat haar betref het omtrent een tiende van die handtekeninge eg gelyk. Hierdie briewe het nie soos die vorige briewe stadsraadstempels gehad nie. Gedurende die tydperk van verlenging het Johnson, vir wie die hele proses al meer verdag voorgekom het, twee prokureurs om advies genader oor hoe sy haar teenkanting teen wat aan die gebeur was te kenne moes gee. Teen 24 Mei het Marais in 'n openbare toespraak die bewering gemaak dat die steunbriewe wat ontvang is, die besware met 2.5 teen 1 oortref. Volgens hom is die berekening gedoen deur die regskantoor, maar Davids en Johnson het geen sulke inligting deurgegee nie, en toe hulle die burgemeester daaroor nader het dit gelyk asof hy geen

idee gehad het hoeveel briewe werklik ontvang is nie. Op 25 Mei het Kieser 127 steunbriewe van pastoor Noble ontvang, almal gestuur vanaf dieselfde faksnommer. In hierdie stadium het in die *Cape Times* (2001d:3) ook 'n volledige lys verskyn van wanneer die briewe ontvang is, die aantal briewe en of hulle vir of teen die hernoeming was.

Nadat Johnson haar verklaring van gebeure tot en met 30 Mei voltooi het, het sy dit goed gedink om die waarnemende munisipale bestuurder, dr. Stewart Fischer, op 2 Junie oor haar waarneming van die saak in te lig. Drie dae later het sy formeel in 'n memorandum via e-pos 'n volledige ondersoek vanaf Fischer versoek. Sy het gevoel dat sy niemand kon vertrou nie en sy was "scared at the time" en Fischer waarskynlik ook (Johnson 2010). Kieser en Smit was baie duidelik aan die een kant en Walker aan die ander kant. Die atmosfeer binne die stadsadministrasie was gespanne, en so ook tussen die DP- en NNP-faksies van die DA, iets wat Johnson aanvoer sy deurgaans kon aanvoel. Johnson het nou besluit om haar verklaring gelyktydig aan Maydon, Fischer en advokaat Koekemoer (waarnemende adjunkstadsbestuurder) te oorhandig, nadat sy gevra het om hulle te sien sonder om hulle vooraf in te lig oor waaroor die vergadering sou gaan. Daartydens was hulle raad aan haar dat sy haar verklaring nie aan Walker moes gee nie, omdat dit dan uit die hande van die amptenare sou wees en politici sou betrek (Johnson 2010).

Die presiese pad wat Johnson se beëdigde verklaring gevolg het om uiteindelik by Leon te beland sou mettertyd uitlek. Johnson het dit eers aan die stadbestuurder, en uiteindelik tog aan Walker, gestuur. Hierna het Walker dit na Leon geneem het, wat dit toe aan Hennie Bester, die DA-onderleier in die Wes-Kaap, oorhandig het vir Morkel se kennisname (Van der Westhuizen & Jordaan 2001:1). Intussen is Johnson vir 'n onbepaalde tydperk met verlof gestuur en sy het later te kenne gegee dat sy nie toestemming vir die openbaarmaking van haar verklaring verleen het nie. Sy het dit primêr voorberei met die uitsluitlike doel om dit aan Van der Westhuizen te oorhandig vir die unistad se ondersoek (Schroeder 2001:1). Sy het verdere vrae verwys na Ryan Coetzee, Leon se konsultant en beeldpoetser. Walker het die "politieke vrae" na Coetzee verwys en die regstegniese navrae na Koekemoer,

(Van Houwelingen 2001c:2). Leon se verteenwoordiger, Anthony Hazell, het later volgehou dat die verklaring met Johnson se toestemming bekend gemaak is, en het ontken dat "the party had jumped the gun on inquiries already underway" (Merten 2001a:2).

Daar het vyf weke verloop vandat Johnson haar beëdigde verklaring afgelê het en die uiteindelike openbaarmaking daarvan, en 'n aanvaarbare verduideliking hiervoor kon nie maklik gevind word nie (Van Houwelingen 2001a:2). Sy wou haar nie teenoor die pers oor die redes hiervoor uitlaat nie. Tydens 'n onderhoud met haar het Johnson die indruk van 'n ingetoë, hoogs intelligente individu geskep (Johnson 2010). Dit was kennelik nie haar oogmerk om deur haar verklikking opspraak te probeer verwek of daardeur eer vir haarself te bekom nie. Haar optrede het gespruit uit 'n morele oortuiging dat konkelary en onderduimsheid nie geduld behoort te word nie en reg en geregtigheid nagestreef behoort te word (Johnson 2010).

Leon beweer dat die eerste gerug van die skandaal wat Marais se hernoemingsprojek sou kelder sy kantoor op die middag van 24 Julie 2001 bereik het (Johnson 2010). Die adjunkburgemeester en persoon wat volgens hom nie met haar laat speel het nie, Belinda Walker, het Johnson se beëdigde verklaring waarin ernstige klagtes van stembedrog uiteengesit is vir Leon gewys. Op daardie stadium wou hy nie in die pers die naam van die persoon verklap van wie hy die verklaring ontvang het nie. Volgens Leon was hy daarvan bewus dat die Kapenaars grootliks gekant was teen Marais se hernoemingsplan, maar te danke aan die energieke en onwettige aktiwiteite (Johnson 2010) van twee van Marais se amptenare, is die resultaat bewimpel om die burgemeester in staat te stel om te verklaar dat die meeste mense sy plan verwelkom (Leon 2008:561).

Leon het baie vinnig op Johnson se verklaring gereageer en was ook baie bewus van die feit dat sy haar reputasie op die spel geplaas het. Binne 'n uur na sy ontvangs daarvan het hy Morkel, Uys en ander party-amptenare ontbied. Hy het die aanklagte as baie ernstig beskou en bygevoeg: "Corruption is a form of moral cancer. We [the DA] will root it out wherever and whenever it exists" (*Cape Argus* 2001a:1). Na die byeenkoms is verskeie besluite

uitgevoer: Uys is gevra om 'n kommissie van ondersoek in terme van die Munisipale Stelsel Wet in te stel om die bewerings te ondersoek, aangesien die kommissie van ondersoek deur Marais daargestel nie by magte was om die nuwe aanklagte van bedrog te ondersoek nie; oud-regter Willem Heath is versoek om die kommissie te lei; die stadsbestuurder, Robert Maydon, het die opdrag ontvang om die onmiddellike skorsing (met volle salaris) van Smit en Kieser in afwagting van 'n volle uitpluising te las; die burgemeester moes sy plan herroep. Mandela en De Klerk is onmiddellik gekontak en beide het saamgestem dat in die lig van die openbaarmaking van die bedrog, die proses liefs gestaak moes word (*Cape Argus* 2001a:1).

Die eerste kwessie wat Leon teenoor Marais geopper het, was dat senior amptenare in die burgemeeste se adminstrasie ernstige aanklagte teen hulle ontvang het. Hoewel Marais dit duidelik gestel het dat hyself nie besmet was rakende die aantygings nie, hy nietemin moes aanvaar dat die hernoemingproses in oneer verval het (*Cape Argus* 2001a:1).

Daar is onmiddellik tot optrede oorgegaan. Uys het Heath gebel, wat die opdrag in beginsel aanvaar het. Oor Rasool se stelling dat dit onvoldoende vir Leon was om 'n ondersoek te loods deur die DA se "favourite judge" (Morris 2001:5), was Leon se kommentaar dat Heath se openbare reputasie van korrupsie aan die kaak stel getel het. Hy het bygevoeg: "I would never say the DA has no corrupt or racist people in its administrations. I could never give that guarantee. But one can guarantee how one will act when confronted with an issue of this kind" (Morris 2001:5).

Daar is ook 'n dringende DA-perskonferensie gehou wat deur Leon, Morkel, Uys en Van Schalkwyk bygewoon is. Tydens die konferensie het die DA 'n bom in die vorm van Johnson se verklaring laat bars. Terselfdertyd is die beëindiging van Marais se straatplan aangekondig. Die redes hiervoor aangevoer het ingesluit dat die lede van die publiek wat Marais se plan teengestaan het, "gewen" het ten spyte van Marais se pogings om hulle steun te werf, en dat daar bewerings van vervalste stemme was (Schroeder, Ntabazalila & Smetherham 2001:1).

Dit was duidelik dat Johnson se verklaring van so 'n ernstige aard was, dat dit tot die skorsing van senior amptenare kon lei. Dit het aantygings van leuens, bevoordeling ten gunste van naamsverandering, manipulering van die openbare stemproses, die vervalsing van briewe en handtekeninge, asook intimidasie teenoor Johnson en ander amptenare bevat (Van Houwelingen 2001a:2). Die omvang van die bedrog het gedurende die perskonferensie groter gestalte aangeneem en het in hoofsaak daarop neergekom dat Smit en Kieser aan die vervalsing van ongeveer 500 stemme aandadig was, en dat daar vir die onderburgermeester gelieg is (Schroeder, Ntabazalila & Smetherham 2001:1).

Intussen is Smit steeds toegelaat om met sy werk as die burgemeester se kommunikasie-beampte voort te gaan, maar is hy verbied om enige verdere kommentaar oor die straatnaamkwessie te opper. Hy het Johnson se beskuldigings ontken en laat blyk dat hy regsoptrede oorweeg. Voordat Smit in diens van die stadsraad getree het, was hy die segsman vir adjunkminister Leon Wessels, en voor dit die politieke korrespondent vir *Die Transvaler* (Schroeder, Ntabazalila & Smetherham 2001:1). Teenoor die *Cape Times* het hy te kenne gegee dat die vrylating van Mandela in 1994 hom as Afrikaner bevry het en dat hy geen swart Suid-Afrikaner in die oë kon kyk solank Mandela nog verontreg was nie. Hy het prontuit erken dat hy Marais se hernoemingsinisiatief sterk ondersteun het en trots daarop was. Hy het die versekering gegee dat hy nooit steun vir die hernoemingsplan gewerf het nie en nooit enige brief vir enigiemand opgetrek het nie (Schroeder, Ntabazalila & Smetherham 2001:1).

Smit het Heath se ondersoekkomitee verwelkom omdat hy geglo het dit sy naam en integriteit sou beskerm. Hy sou Maydon oor die status van sy indiensneming raadpleeg, siende dat die DA versoek het dat hy van sy pos onthef moes word afhangende van 'n deeglike ondersoek. Wat hy wel erken het, is dat hy vir Johnson gesê het dat dit die wyse is waarop verkiesings gewen word, maar sy woorde was eintlik gemik op die partystrukture wat daarmee gemoeid geraak het (Schroeder, Ntabazalila & Smetherham 2001:1). Hy kon nie begryp waarom Johnson hom nie genader het oor haar vermoede nie, want hy het 'n goeie verhouding met haar gehad en sy verhouding met Marais was selfs nog beter. Smit sou deurgaans volhou dat hy deurentyd oop kaarte gespeel

het rakende die verwagte stemme, en het beweer dat Johnson sy houding verkeerdelik geïnterpreteer het as deel van ’n skelmstreek (Rooi 2001:6).

Hy het ook beweer dat hy deur pastoor Noble, die burgemeester se persoonlike geestelike raadgewer, ingelig is oor die steunbriewe en die blote feit dat hy bewus was van pogings om steun te werf nie op korrupsie gedui het nie. Wat gerugte betref dat Marais ook bedrog gepleeg het, het Smit getuig dat hy reeds vier-en-’n half jaar saam met Marais gewerk het en hom as ’n eerlike en reguit mens sonder versluierde swakhede ervaar het (*The Star* 2001b:6). Deel van die aantygings teen Smit en Kieser was dat hulle die opdrag gegee het dat regsdepartementele dokumente en inligting van onderburgemeester Walker en die konsultant Carlisle weerhou moes word. Op 30 Julie sou die stad se komitee onder voorsitterskap van Maydon vergader om optrede teen Smit en Kieser te bespreek. Op hierdie stadium was Kieser steeds oorsee en sou eers later reageer.

Teenoor die media het Marais enige onreëlmatighede ontken, maar daar was reeds aandrang uit politieke geledere dat hy moes bedank (Schroeder, Ntabazalila & Smetherham 2001:1). Leon beweer in sy outobiografie dat Kaapstad, wat as die vlagskip vir sy party moes dien, “was about to sink in a sea of corruption” (Leon 2008:561). Sy eerste oorweging was om die beëdigde verklaring te ignoreer, maar hy het gou besef dat dringende stappe noodsaaklik geword het. Wat Leon betref was Marais se leierskapstyl besig om die DA se strategie om sy beheer oor die stad as toonbeeld van bekwaamheid voor te hou ernstig in die wiele te ry (Leon 2008:561).

Teenoor die pers het Johnson erken dat sy Smit nie goed geken het nie, en nie al die presiese datums en besonderhede van al die gebeure kon onthou nie. Sy het ook erken dat haar verklaring indrukke is en sy by implikasie sekere aannames maak. Sy wou steeds nie sê waarom daar vyf weke verloop het sedert die verklaring wat deur haar prokureursfirma opgestel is en die openbaarmaking daarvan nie. Alle navrae het sy na twee persone verwys: advokaat Koekemoer, in hierdie stadium die tussentydse uitvoerende hoof van die Suid-Skiereilandse administrasie en Ryan Coetzer, die DA-konsultant (Van Houwelingen 2001a:2).

Lank na die debakel het Johnson in 'n mondelinge onderhoud te kenne gegee dat sy verstom was oor die "spinelessness" (Johnson 2010) van die topleiers en veral die politici. Sy het erken dat sy 'n totale weersin in die hele debakel gehad het en vermy het om weer enigiets daaroor te lees of enigsins iets daarmee te doen te hê. Die pers (met die uitsondering van *Die Burger* en die *Mail & Guardian*) het volgens haar dikwels die feite verwring, en sy het veral die *Cape Times* se verslaggewer (wat goed met Smit bevriend was) as baie krities teenoor haar ervaar. Afgesien van die gebrek aan steun uit die geledere van die stadsraadsamptenare, het baie van die kantoorpersoneel haar vertroulik verseker van hulle bewondering en steun (Johnson 2010). Sy was steeds bereid om te erken dat Marais 'n leier met besondere charisma was en oor die vermoë beskik het om mense te vermaak. Sy het gemeen dat Kieser vir Marais bewonder het en in 'n sin deur hom betower is. Marais het die idees gegenereer, met Kieser as die slim amptenaar wat daaraan gestalte gegee en dit uitgevoer het. Dit was vir haar 'n uiters traumatiese ervaring, veral omdat niemand anders bereid was om 'n kampvegter vir reg en geregtigheid te wees nie (Johnson 2010).

Marais se hernoemingsplan het nou in 'n sirkus ontaard met talle kritiese stemme en dramatiese berigte wat 'n bohaai veroorsaak het en die intrige en spanning verder aangeblaas het (Fine 2001:1). Dit het gelyk asof sy idealistiese oogmerk tot totale mislukking gedoem was. Alles het daarop gedui dat hy as gevolg van Johnson se verstommende openbaarmaking geen ander keuse sou hê as om van sekere persone in sy administrasie ontslae te raak nie. Haar verklaring het duidelik neergekom op aanklagte dat Smit en Kieser briewe en petisies ter steun van sy plan vervals het. Haar verklaring is beskou as 'n ernstige aanklag teen die burgemeester, wie se politieke loopbaan reeds aan die wankel was (Fine 2001:1).

Onmiddellik nadat die aanklagte van Johnson openbaar gemaak is, moes Marais bontstaan en vrae beantwoord oor wat hy vermoed het vorentoe met Smit en Kieser kon gebeur. Hy sou enduit weier om hom oor die skuld of onskuld van hierdie amptenare uit te spreek. Gerugte wou dit hê dat hulle, afhangende van 'n verdere ondersoek, moontlik met volle vergoeding en

voordele geskors kon word (Van der Westhuizen 2001g:1). Marais het lojaliteit openbaar, volgehou dat hulle bekwame en eervolle werk gelewer het en minstens 'n billike kans gegun moes word om hulle kant van die saak te stel. Kieser was nog steeds in die buiteland en kon nie vir kommentaar bereik word nie. Volgens Van der Westhuizen (2001g:1) het Smit die aantygings teen hom verwerp en beweer dat hy met 'n "knipoog en laggie" gesê het dat daar 300 handtekeninge ten gunste van die hernoeming sou kom. Buitendien was dit tog algemeen bekend dat sommiges steun vir die plan gewerf het. Hyself het nooit aan enigeen opdrag gegee om vervalste petisies op te stel nie en was nie skuldig aan korrupsie en wanadministrasie nie. Hy was in verbinding met sy regsverteenwoordigers en het aangedui dat hy eers later 'n verklaring sou uitreik (Van der Westhuizen 2001g:1).

Marais se plan, wat so pynlik skeef geloop het, was in politieke terme 'n enorme verleentheid vir die DA waaruit die ANC maksimum politieke voordeel sou probeer trek. By monde van Rasool kon die ANC nou sy vroeëre eis vir 'n deeglike misdaadondersoek herhaal (Van der Westhuizen 2001h:2). Hy het veral gesinspeel op die moontlike skorsing van twee amptenare na aan die burgemeester. Die hele debakel is as bewys van korrupsie en verdeeldheid binne die DA voorgehou. Rasool was van mening dat dit onvoldoende sou wees om Heath aan te stel om die debakel te ondersoek, omdat dit 'n "polities gemotiveerde misdaad" was wat polisieondersoek geregverdig het. Hy was van mening dat die DP-elemente in die DA 'n nuwe wapen gevind het om Marais sterker aan bande te lê. Hierdie DP-elemente het volgens Rasool met die bohaai wat oor die straatnaamverandering losgebars het ook die kans gekry om die wit kiesers tevrede te stel dat die kolonialistiese name behoue sou bly. Die ANC was veral ontsteld dat Mandela so direk by die DA-stryd betrek is en dat dit in so 'n verleentheid ontaard het (Van der Westhuizen 2001h:2).

Marais se vurige persoonlikheid sou nie toelaat dat hy lank swyg oor die verloop van gebeure nie, en kort voor lank het hy weer op emosionele wyse op die publiek se gevoel begin speel (Rooi 2001:6). Hy het dit as een van sy moeilikste oomblikke beskryf om aan 'n siek Mandela te vertel dat Kaapstad hom nie meer sou vereer nie:

> *Dit was 'n emosievolle oomblik vir my. Eers het ek hom sterkte met die behandeling vir sy siekte (prostaatkanker) toegewens. Maar toe moes ek vir iemand vir wie ek soveel agting het, meedeel dat ek hom nie meer kan vereer nie. Mandela het lank stilgebly en toe gesê hy verstaan* (Rooi 2001:6).

De Klerk het die polemiek oor die aangeleentheid as 'n "verleentheid" gesien. Hy het te kenne gegee hy waardeer Marais se voorneme om 'n ander weg te volg om steeds sy oogmerk "om met hom en Mandela as simbole die vreedsame oorgang na demokrasie te gedenk" te bereik; en terselfdertyd gemaan dat sulke voorstelle in die toekoms deeglik oorweeg behoort te word om herhaling van kontroversie te vermy (Van der Westhuizen 2001g:1). Jakes Gerwel, hoof van die Nelson Mandela Stigting, se reaksie was dat daar duidelike aanduidings van korrupsie was en dat Mandela die opsegging van die plan heelhartig steun (Schroeder, Ntabazalila & Smetherham 2001:1). Mandela het in elk geval deurgaans daarop aangedring dat die proses "inclusive, wholly consultative and beyond reproach" moes wees (Smetherham 2001b:3).

Die algemene gevoel was dat, in die lig van die openbare polemiek oor die aangeleentheid, dit beter was dat die hernoemingsplan van die baan moes wees. Die vermoede is uitgespreek dat baie Kapenaars waarskynlik 'n sug van verligting geslaak het. Uit die ellendige fiasko was die belangrike les wat geleer moes word dat 'n proses wat openbare deelname vereis, daarmee moet begin, nie slegs met 'n verklaring van voorneme nie. "Besides the moral imperative, there is also the simple fact that it makes good political sense: the big winners today are the Mayor's political opponents" (*Cape Times* 2001e:8). Wat wel positief was, was die feit dat Leon slegs ure na die ontvangs van die beëdigde verklaring met beslistheid opgetree het. Die vraag was egter of hierdie spoedeisende optrede van Leon billik was, siende dat die beskuldigdes geen werklike kans gegun is om hulle kant van die saak te stel nie. Leon se optrede sou later veel skerper kritiek uitlok waaroor hy en die party sou moes bontstaan.

Die voorsitter van die ANC-koukus het 'n beroep op Marais gedoen om te bedank omdat dit vir hom duidelik was dat Smit en ander net die sondebokke was. "Behind them are Peter Marais and Belinda Walker in the mayor's office. They

are clearly trying to put the blame on senior officials" (Smetherham 2001b:3). Hy het Marais gevra om 'n bestaande raadsbesluit te implementeer, naamlik om 'n nuwe veelpartykomitee van kenners, insluitende taalkundiges, historici en ander vooraanstaande Kapenaars, vir al die kwessies betreffende die hernoeming van strate en geboue aan te stel (Smetherham 2001b:3).

Die PAC se onomwonde standpunt was dat die burgemeester belasingbetalers se geld aan die verligting van armoede, en nie aan straathernoeming nie, moes bestee. Die hoof van Kaapstad Toerisme het die saak as skokkend bestempel, gemeen 'n volle ondersoek behoort gedoen te word en dat die skuldiges moes bedank. Die debakel het baie skade aangerig en die Kapenaars was daarop geregtig om agter die kap van die byl te kom (Smetherham 2001b:3).

Nadat die plan laat vaar is, het *Die Burger* 'n meningspeiling gedoen en die respondente was deur die bank verlig en bly dat die name Adderley en Waal behoue sou bly. Van die redes vir hierdie verligting het ingesluit die feit dat dit 'n eensydige besluit sou wees wat gewone mense uitgesluit het, dat geld gemors sou word wat eerder ter verligting van armoede en werkloosheid spandeer kon word, dat die twee strate deel van Kaapstad was, en dat daar ander maniere was om Mandela en De Klerk te vereer (Smith 2001:2).

Marais is nie net as 'n sogenaamde populistiese bruin NNP-burgemeester bestempel nie, maar weens sy geneigdheid om op eie houtjie en ondeurdag op te tree en in die proses te knoei, ook as 'n "loose cannon" gebrandmerk (Hadland 2001:5). Volgens die bekende historikus R.W. Johnson het verskeie verslae oor onreëlmatighede rondom sy persoon opgeduik, en meningsopnames sou later toon dat hy 'n negatiewe uitwerking op die party se status gehad het. Leon se toenemende geïrriteerdheid met hom het sigbaar begin raak omrede sy groeiende oortuiging dat Marais die party in die steek laat (Johnson 2009:77). Marais het egter deurgaans die beskermende hand van die NNP-leier oor hom gehad.

Wyer het spytige stemme opgeklink dat Kaapstad die verloorder in die negatiewe uitkoms van die hernoemingsplan was. Dr. Anthony Hadland (direkteur van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing), het in 'n aangrypende artikel

in die *Cape Argus* sy spyt uitgespreek dat die plan laat vaar is. Hy het die versugting uitgespreek dat wanneer al die stof gaan lê het "we will find a way of throwing off the vested interests and ignoring the political backbiting, the intrigue and the grumpy selfishness, and still find a way of reviving the plan" (Hadland 2001:5). Hadland was daarvan oortuig dat indien die meerderheid Kapenaars hulle insette kon lewer, in plaas van slegs 'n geselekteerde of versinde minderheid, daar geen stryd sou gewees het nie. Wat wel waar was, was dat besighede langs die twee deurgangspaaie die grootste deel van die koste sou moes dek, maar daarteenoor sou die internasionale kliënte of vennote trots daarop gewees het om takke in Mandela- of De Klerkstraat te besit. Wat mens ook al van De Klerk se destydse party mag dink, is hy 'n wêreldfiguur en 'n Nobelprys-wenner. Sy toespraak op 2 Februarie 1990, waarin hy die ban op die ANC opgehef het en Mandela se vrylating aangekondig het, het immers in Kaapstad plaasgevind, 'n hanetree van die straat wat sy naam sou dra. Die hele episode het Hadland herinner aan enkele jare vroeër toe die Kaapse stadsraad onwillig was om aan aartsbiskop Desmond Tutu ereburgerskap toe te ken. Hadland (2001:5) se pleidooi was:

> *Cape Town deserves to have Christmas lights on Nelson Mandela Avenue. It deserves to have tourists asking after it, to have shops thriving on it, to have people round the world referring to it. Nelson Mandela Avenue should be the artery of the city conveying thousands of people to and fro, a conduit for change and activity, a constant reminder of the contribution of one of South Africa's most famous and beloved sons.*

In plaas van 'n verwyderde historiese figuur wat niemand meer onthou nie (belangrik soos wat Adderley se bydrae mag gewees het), sou die straathoeke en briefhoofde die naam van iemand dra wat die nuwe reënboognasie versinnebeeld. Al het Marais politieke skade gelei, het dit tog nie beteken dat die idee nie prysenswaardig was nie. Dit was vir baie 'n tragedie dat die straathernoeming-sage in kleinlike politiekery en kullery verval het.

> *The symbolic and immutable joining of Mandela and De Klerk, as once they gripped hands to usher in a new era, at one corner of the new, democratic parliament was a brilliant thought. It does not deserve to find an undignified and unfulfilled end in the mire* (Hadland 2001:5).

Hadland het aangevoer dat die proses swak bestuur is, waarskynlik omdat daar min teenkanting verwag is. Daar moes van die begin af 'n plan in plek gewees het wat op 'n opwindende wyse veelpartysteun, die samewerking van die besigheidsgemeenskap en ander gevestigde belange verseker het. Wie presies het nou gebaat deur die kansellering van die idee? Was dit regtig bog as gevolg van die koste? Was dit omdat sommiges dit nie kon verdra dat Marais 'n suksesvolle proses van stapel kon stuur nie? Was dit omdat die name van Adderley en Waal steeds sterk resoneer by baie mense? Wat hom betref was Kaapstad die verloorder deurdat die plan skipbreuk gely het. "We have missed out on a wonderful opportunity to etch the names of two of the most important political figures in South Africa's history permanently on to the landscape of our beloved city" (Hadland 2001:5).

Innuendo's oor 'n politieke skeuring in die DA was teen die einde van Julie 2001 reeds 'n geruime tyd in omloop. Waarnemers soos Morris (2001) was van mening dat die ondersoek rakende Smit en Kieser veel meer hieroor aan die lig sou bring. In 'n onderhoud met die *Cape Argus* het Leon egter laat blyk dat hy geen verband tussen die aantygings in Johnson se verklaring en bespiegeling oor politieke binnegevegte in die party gesien het nie. Hy het daarop gewys dat die optrede waarop besluit is Morkel, Uys en Marais se volle steun geniet het. Al drie was immers lede van die NNP, die sogenaamde ander helfte van die DA (Morris 2001:5).

Sekere aanklagte in Johnson se verslag het egter volgens Morris van die *Cape Argus* gelyk asof dit individue en partystrukture betrek. Daar is selfs beweer dat Marais se plan die huwelik tussen die DP en die NNP in twee geskeur het. Dit was bekend dat Walker byvoorbeeld sterk teen die hernoemingsinisiatief gekant was. Dit was ook 'n openbare geheim dat sommige DP-raadslede hulle vir stemme teen Marais se inisiatief in hulle wyke beywer het. Die samesmelting van die DP en NP is vanaf die begin wyd vertolk as 'n verlaging vir die ou regerende party. Sommige het in die hele straathernoemingsplan 'n poging deur die NP-vleuel in die DA gesien om sy eie agenda te versterk. Die alliansie het nog gehou, maar dit was te begrype dat enige blyke van faksieverskille binne die DA ten volle deur die ANC uitgebuit sou word (Morris 2001:5).

Te midde van die ernstigste krisis rakende sy politieke loopbaan het Marais steeds verklaar dat diegene wat dink hulle kon hom polities begrawe nie te seker moes wees nie. Hy het gewaarsku: "I will be the one attending their political funerals, and let me remind them I have been to many during my 20 years in politics" (*The Star* 2001c:2). Hy was vas oortuig daarvan dat die ondersoek deur Heath hom onskuldig sou bevind.

Watter soort regeringskultuur kon die twee senior stadsraadsamptenare daartoe dryf om klaarblyklik oneerlik en manipulerend op te tree ten einde te verseker dat hulle werkgewer se "most mundane political project" om twee strate te hernoem slaag, wou die *Business Day* in 'n hoofartikel weet (*Business Day* 2001:11). Dié koerant het verder aangevoer dat dit te begrype was dat die openbaarmaker se optrede en moed uitgelig en druk bespreek sou word. Johnson is as die ware heldin in die verhaal geloof weens haar moed om wat sy as 'n ernstige vergryp deur haar meerderes beskou het te ontbloot. Sy het haarself aan onguns, en selfs moontlike intimidasie deur minder eerbare kollegas, blootgestel. Daar is gestel dat sy vergoed moes word vir haar waaksaamheid, en dat haar voorbeeld in die ontbloting van korrupsie in die werkplek gebruik kon word (*Business Day* 2001:11).

Die vermoede het ontstaan dat Leon en sy senior kollegas nie werklik spyt was dat Marais homself verongeluk het nie, maar bepaalde amptenare se onbesonne optrede het die DA as geheel skade aangerig deur die party se reputasie vir goeie regering aan te tas. Die DA is ook voor stok gekry vir die glibberigheid waarmee die party hom dikwels oor voorbeelde van korrupsie in ANC-geledere uitgelaat het (*Business Day* 2001:11).

In 'n hoofartikel onder die opskrif "Die waarheid moet uit", het *Die Burger* in alle erns daarop aangedring dat die volle waarheid oor die hele debakel moet uitkom en dat die DA geen ongerymdhede mag duld nie. Ander partye is ook gemaan om hulle nie te probeer verlustig in die DA se verknorsing nie, want in "byna elke ander party is daar tans bewerings en beskuldigings van onreëlmatighede wat ondersoeke verdien" (*Die Burger* 2001b:12). So is daar veral verwys na die debakel oor die staat se wapenaankope en Tony Yengeni se voertuigtransaksie. Eintlik het dit begin lyk asof "Suid-Afrikaners op alle

vlakke meer gekondisioneerd raak dat korrupsie maar normaal is". Rasool is deur *Die Burger* berispe omdat hy bitsig geëis het vir 'n polisieondersoek terwyl hy, gedagtig aan sy eie party, eintlik meer beskeie moes wees. Die ANC sou immers die land ook 'n guns doen deur self enige sweem van korrupsie te ondersoek (*Die Burger* 2001b:12).

Marais, wie se optrede reeds tot heftige debatte op die DA se koukusvergaderings aanleiding gegee het, se posisie het nou die middelpunt van die straatnaamkwessie geword. Sy teenstaanders het dit as die ideale geleentheid gesien om van hom ontslae te raak en druk telefoongesprekke is tussen die leiersfigure in die party gevoer oor presies hoe om die kwessie te hanteer (Van der Westhuizen & Jordaan 2001:1). Reeds tydens die vergadering van die DA se provinsiale bestuur op 23 Julie, is daar sterk standpunte ingeneem oor hoe die proses verder gevoer en beëindig behoort te word. Afgesien van die DA het ook die UDM openlik begin vra vir Marais se skorsing hangende die uitslag van Heath se ondersoek. Intussen was een van die stadsamptenare in die afdeling vir nywerheidsverhoudings besig om 'n verslag op te stel oor Smit en Kieser se moontlike skorsing (Van der Westhuizen & Jordaan 2001:1).

Leon (2008:564) is onder druk geplaas om op te tree en een van sy hoofluitenante, Bester, se woorde was selfs: "If we don't act and fire Marais, the whole party will sink". Wyslik het Leon vir eers vasgeskop dat gesaghebbende regsgronde gevind moes word om teen hom op te tree. Teen 1 Oktober het Leon aan Van Schalkwyk laat blyk dat daar nie langer gesloer kon word nie, dat 'n "soft landing" vir Marais gevind moes word en dat hulle binne 48 uur terugvoering oor die aangeleentheid wou hê, hopelik met Marais se instemming. Van Sckalkwyk het koppig te kenne gegee dat die bestuurskomitee die saak moet oorweeg. Leon vertel hoe hy en Van Schalkwyk op 2 Oktober De Klerk in die Klein Drakenstein besoek het. De Klerk het by Leon aangedring om sy onversetlike standpunt oor Marais te laat vaar, omdat die stappe teen hom onnodige spanning tussen wit en bruin tot gevolg sou hê. Leon moes dus aanvaar dat Van Schalkwyk De Klerk vroeër oor Marais ingelig het. Leon se reaksie was dat hy geen besware daarteen gehad het dat Marais 'n voorste pos in ooreenstemming met sy waardigheid sou behou nie, maar het beslis volgehou "that he could not continue to 'lead and divide' the city" (Leon 2008:564).

Teen die einde van Julie was daar tekens van 'n ernstige debat in die DA oor of Van der Westhuizen se ondersoek moes voortgaan, siende dat Heath ook die beweerde ongerymdhede sou ondersoek. Van der Westhuizen het reeds aan die begin van Augustus met sy ondersoek begin deur die senior raadsamptenare te ondervra, maar niemand het vir die openbare verhoor opgedaag nie. Hy het voorsien dat 'n verslag oor aanbevelings rakende moontlike stappe teen enigeen wat skuldig bevind word aan bedrog binne twee weke daarna sou volg. Sy eie bevindings en die DA se interne ondersoek sou uiteindelik deel vorm van die groter Heath-ondersoek. Alhoewel die party se interne ondersoek aangedui het dit sou Van der Westhuizen se verslag afwag, was daar ook die verwagting dat daar volgens Johnson se beëdigde verklaring opgetree sou word (Merten 2001a:2).

Die debat oor of Van der Westhuizen met sy ondersoek voort moes gaan het heftiger geword. Een van die standpunte was dat dit op duplisering neerkom, terwyl 'n ander beskouing behels het dat 'n kommissie wat deur die unistadraad as outonome liggaam aangestel is, nie sonder meer vervang kon word deur een wat provinsiaal aangestel is nie, selfs al sou dit met die burgemeester se instemming gebeur (Van der Westhuizen & Jordaan 2001:1).

Die mislukking van 'n betreklik eenvoudige plan het tot nie minder nie as drie ondersoekskommissies gelei, en daar sou dit ook nie eindig nie. Die straathernoemingsplan se ineengestrengeldheid met die ingewikkelde heersende politiek was die hoofoorsaak daarvan. 'n Verdeelde stadsraad, 'n alliansie in die vorm van 'n saamgeflansde DP en NNP, en die DA-regeerde provinsiale regering teenoor die ANC se nasionale regering het die potensiaal gehad om die herbenoemingsdebat in 'n kruitvat te omskep.

Ten spyte van bepaalde faksies van die DA se vyandigheid teenoor Marais het Leon tot die besef gekom dat die party vanweë kritiek uit talle oorde, en die wyd verspreide gerugte van ernstige spanning in die party, die beeld van partyeenheid sou moes versterk (Van der Westhuizen 2001i). Dit het gebeur toe die party teen einde Julie om Marais en ander figure in die debakel begin laer trek het om verdere skade aan die party te probeer minimaliseer. Die navrae oor wat rondom die naamveranderingskwessies en Marais aan die

gang was, is na Morkel verwys en Marais is die swye opgelê oor sy mislukte plan. Dié stilswye het gevolg nadat Leon aan Van Schalkwyk opdrag gegee het om die leiersfigure aan die voorpunt van die debakel byeen te roep sodat die onderlinge gevegte stopgesit kon word (Van der Westhuizen 2001i:2). Intussen het Morkel te kenne gegee dat die volledige opdrag aan Heath in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer sou word.

Vanuit die ANC se geledere is die probleme rondom Smit en Kieser, die twee amptenare wat so direk getakel is, gesien as bloot die eerste nagevolge van 'n burgemeester wat na 'n rassistiese verkiesingsveldtog in sy amp beland het. Tydens die verkiesing is hy gebruik om die bruines se steun te werf, net om daarna deur die DA uitgewerp te word (Sylvester 2001b:21). Walker, wat bekend daarvoor was dat sy nie oop kaart speel nie, sou waarskynlik Marais se opvolger wees. Sy het aan die pers genoem dat sy haar kommentaar vir die Heath-kommissie reserveer, en alle navrae is na Leon se kantoor verwys (Sylvester 2001b:21). In sommige kringe is sy daarvan beskuldig dat sy met die steun van die invloedryke DA-simpatiseerders binne die alliansie teen Marais saamspan. Moontlike bekleërs van die burgemeestersamp is toe reeds genoem: die Wes-Kaapse minister van finansies, Leon Markovitz, Pierre Uys (die minister vir plaaslike regering), Helen Zille en Nic Koornhof (Sylvester 2001b:21).

In 'n artikel in die *Sunday Times* het Oppelt (2001:18) beweer dat Marais geensins gewild onder joernaliste was nie omdat sommige hom beskou het as 'n arrogante politieke grootprater wie se hoofoogmerk was om 'n glansryke loopbaan vir homself te verseker. Dit het begin lyk asof Marais, vanweë die debakel waarop sy straatplan uitgeloop het, vir sy politieke voortbestaan sou moes veg. Al sy vroeëre sondes en ongewilde optrede is aan die groot klok gehang en dit was duidelik dat hy in die oë van die pers inderdaad nie groot agting afgedwing het nie. Oppelt (2001:18) wou weet of Marais onthou sou word as 'n politikus wat sy openbare posisie beklee het met intelligensie, regverdigheid en integriteit, en as 'n leier wat na almal in sy unistad omgesien het, en of hy eerder onthou sou word as "a showman, someone who could conveniently 'pull' the coloured crowds for, first, the National Party and, later,

the Democratic Party". Hy is verwyt dat hy die straathernoemingskwessie met verwaandheid, onsensitiwiteit en afkouery hanteer het. Toe dinge egter verkeerd loop het hy die blanke inwoners van Kaapstad as rassiste uitgekryt, en toe hy te wete kom dat 96% van die Kaapse Kamer van Handel daarteen is, het hy hulle van kleingeestigheid beskuldig: Eers toe hy uitvind dat die Kapenaars nie ernstig oor die idee was nie, het hy vinnig advertensies ter uitnodiging van deelname laat plaas (Oppelt 2001:18).

Volgens Oppelt was dit nou die tyd dat Marais tot die besef moes kom dat 'n dreigende en grootpratende lawaaimaker nie altyd sy politieke loopbaan kan red deur eenvoudig die openbare mening te ignoreer nie. Daar is aangevoer dat namate "the vultures begin circling the mayoral carcass" baie van sy flaters en uitlatings by hom sou kom spook (Oppelt 2001:18). Een daarvan was sy onsensitiewe hantering van die Nuweland Stadion-kwessie toe hy verhoed het dat sokkerwedstryde op die rugbyvelde daar gespeel word. In plaas daarvan om die wit inwoners van Newlands, wat gekla het dat swart sokkerspelers meer lawaai maak en hulle swakker gedra as rugbyondersteuners, aan te spreek, het hy hulle ondersteun. Een van die drastiese gevolge hiervan was dat die South African Football Association besluit het dat geen internasionale wedstryde weer daar sou plaasvind nie. Om alles te kroon het hy ná die Ellis Park-tragedie, waarin 43 mense dood is, beweer dat dié ramp sy besluit oor die Newlands Stadion regverdig het. Daar is ook verwys na die homoseksuele "slanging match" (Streek 2001:2) tussen hom en sy Durbanse ampsgenoot, asook sy stelling dat die Grondwet deur kommuniste saamgestel is. Desnieteenstaande het die Wes-Kapenaars vir hom gestem en sodoende die burgemeester gekry wat hulle verdien het – "a tactless entertainer" (Oppelt 2001:18).

Streek (2001:2) het aangevoer dat weinig politici verbonde aan die DA werklik geglo het dat Smit en Kieser onafhanklik opgetree het. Toe Marais die eerste keer sy plan bekend gemaak het, het hy die DA ontstel omdat hy dit gedoen het sonder konsultasie met sy party, om nie eers van sy mede-raadslede te praat nie. Hy het slegs die uitvoerende komitee daaroor ingelig (Streek 2001:2). In hierdie stadium het die ingeligtes binne die party

egter laat blyk dat dissiplinêre optrede teen die amptenare en stadsraadslede slegs geneem sou word op grond van die forensiese bevindings van die twee ondersoekkommissies. Daar was egter reeds politieke gevolge te bespeur, en die "mercurial mayor", soos daar na Marais verwys is, se toekoms binne die DA sou definitief daardeur geraak word (Streek 2001:2).

Marais se hantering van die stadsake is nie slegs negatief beoordeel nie. Daar was byvoorbeeld sterk menings dat Kaapstad die bes bestuurde metropolitaanse raad in die land was en dat hy gesonde beheerstrukture ingestel het tydens die ingewikkelde proses van die vereniging van die sewe bestaande rade. Dit was die eerste stad wat water en elektrisiteit gratis aan arm bewoners voorsien het. Kort tevore het Marais leierskapvaardighede getoon toe hy 'n grondbesettingskrisis afgeweer het deur 'n gesamentlike komitee, met die plakkerverteenwoordigers én die steun van ANC-verteenwoordigers, saam te stel. By ander geleenthede Marais egter weer onvoorspelbaar en ondiplomaties; een van die DA-parlementariërs het Marais se optrede as volg beskryf: "He is like scud missile. When he is on target he is spot on. But he is not always on target" (Streek 2001:2).

Bantu Holomisa van die UDM het Marais se onmiddellike skorsing geëis, gestaaf met die argument dat Smit en Kieser nie in 'n lugleegte opgetree het nie, maar in Marais se diens was. Die DA moes nou getrou bly aan die aard van hulle kritiek op die ANC en wat hulle administratief voortdurend voor almal se oë gehou het. "Marais should take political responsibility by vacating his office until the investigation is completed" (Streek 2001:2). Holomisa het egter ook daarop gewys hoe krities die ANC deurgaans teenoor Marais was en hulle aangeraai om liefs op te hou kritiseer totdat hulle self opgetree het deur iemand soos Yengeni uit hulle geledere te verwyder.

Die kinkels in die straathernoemingsdebakel het onverpoosd voortgeduur. Die beleërde Marais was totaal onbewus van die feit dat hy die teiken was van 'n skynbaar amptelike provinsiale regeringstemming binne die DA om vas te stel of hy moes bedank. Die *Cape Times* het toevallig hierop afgekom terwyl www.westerncape.gov.za besoek is; hier is die vraag gestel: "Behoort Peter Marais afgedank te word as die burgemeester van die Kaapstad unistad?"

(Smith 2001i:1; Leon 2008:562). Die resultaat hiervan het aangedui dat 83.3% van deelnemers hom afgedank wou sien.

Toe Marais oor dié opname genader is, was hy geskok en totaal uit die veld geslaan. Hy het vrae hieroor na die premier verwys en wou weet of dit werklik 'n provinsiale regeringstemming was. Hy het die saak ook onder Van Scalkwyk se aandag gebring (Smith 2001i:1). Die oomblik dat Morkel in kennis gestel is van die stemming het hy dit onmiddellik van die webblad laat verwyder. Dit het geblyk dat die DA se web-bestuurder, Thys Hattingh, die temas vir die web kies op grond van wat hy nuuswaardig en aktueel geag het kon kies. Die premier kon egter nie toelaat dat die administratiewe kwessies, veral oor 'n baie sensitiewe politieke saak, op 'n provinsiale webtuiste bespreek word nie. Dit was onvermydelik dat hierdie stemming verhoudings binne die DA verder vertroebel het (Smith 2001i:1). Morkel het homself dadelik van die onthulling van die stemming gedistansieer, Marais om verskoning gevra en 'n interne ondersoek gelas. Hattingh, die skuldige amptenaar is tot verdere kennisgewing ontslaan. Wat die ANC betref, was dit net nog 'n manifestasie van die DA se tweespalt en die misbruik van staatsreserwes (*Cape Argus* 2001b:1).

Hoe dit ook al sy, volgens die bogenoemde peiling het Kaapstad 'n baie lae dunk van sy burgemeester gehad; slegs 15% bruin mense het hom ondersteun (Leon 2008:562). Marais het onthuts in 'n persverklaring verklaar: "If anyone doubted that there was a conspiracy to get rid of me, this must remove all doubt" (Smith 2001i:1). Volgens Leon het Marais egter in 'n onderhoud laat blyk dat hy die skandaal sal oorleef en vir die eerste keer openlik teenoor die pers te kenne gegee daar mag 'n komplot binne die party wees om van hom ontslae te raak. Hy het die rassekaart gespeel deur te suggereer dat sommige mense dalk nie daaraan gewoond mag wees dat bruin mense hulself kan laat geld, hulle eie opinies kan vorm en karakter kan openbaar nie (Leon 2008:562). Wat Leon betref was Marais se optrede in hierdie stadium "not only a loose cannon but crashing all over the deck". Enkele dae later het Marais te kenne gegee dat hy homself in die beskermende arms van die NNP oorgee en volgens Leon geen begrip of respek betoon het vir die feit dat hy as raadslid verantwoording aan die partyleierskap verskuldig was nie. Marais se argument was dat die DP hom

nie uit sy amp kon ontslaan nie, aangesien die NNP die meerderheid in die stadsraad verteenwoordig het. Leon se uitgangspunt daarenteen was dat nóg die DP nóg die NNP op raadsvlak bestaan, daar was slegs die DA-koalisie. Marais was die DA se munisipale leier en hy het dus sodoende oorlog teen sy eie party – en alle komponente daarvan – verklaar.

Volgens Leon was dit juis as gevolg van hierdie sienswyse dat Hennie Bester (DA provinsiale onderleier), daarop aangedring het dat daar teen Marais opgetree moet word, ongeag van wat deur Heath bevind word. Bester het dit onverklaarbaar gevind dat Marais so 'n standpunt oor die DA kon inneem en hom so wangedra het, maar nog steeds sy posisie binne die party kon behou (Leon 2008:562). Bester het dit onverklaarbaar gevind dat Marais so 'n standpunt oor die DA kon inneem en hom so wangedra het, maar nog steeds sy posisie binne die party kon behou. Bester se argument was dat die skade wat aangerig is nie ter wille van 'n beginsel of die bevordering van 'n regeringsplan gemaak is nie, maar ter wille van Marais se eie posisie en mag. Van Schalkwyk het ontken dat hy enige aandeel in Marais se stelling gehad het en "appeared blind – or deliberately deaf to the damage" (Leon 2008:562). Meer van sy partygenote sou by Leon daarop begin aandring om van Marais ontslae te raak.

# 7. DIE HEATH-ONDERSOEK

Die kennisgewing waarin Heath aangestel is, het op 30 Julie in die provinsiale koerant verskyn. Die magte van 'n kommissie in terme van die Westelike Provinsiale Wet 1998 is aan die ondersoek toegeken (Heunis 2001:2). Die ondersoek kon nie geklassifiseer word as 'n regsliggaam nie, omdat dit nie besluite kon neem rakende die regte van persone nie. Dit kon wel aanbevelings maak rakende moontlike optrede teen bepaalde individue.

Heath (en Campbell, sy regsassistent) se taak was

> *om beweerde wanadministrasie, bedrog, korrupsie of ander ernstige wanpraktyke begaan deur enige persoon of persone in die openbare deelname-oefening onderneem deur die Stad Kaapstad ten opsigte van die voorgestelde hernoeming van Adderley- en Waalstraat, te ondersoek* (Van der Westhuizen 2001j:2).

Heath sou wel oor die mag beskik om enige individu vir ondervraging te dagvaar en moes teen 14 Augustus verslag lewer. In gerapporteerde regsake uit die verlede is gewaarsku teen die gevolge vir individue in sulke ondersoeke. Daar is onder andere uitgewys hoe die buitengewone ondersoekmagte wat aan so 'n kommissie verleen word, gewone lede van die publiek blootstel aan die risiko dat hulle openbare doen en late blootgestel kan word, asook dat ongegronde klagtes teen hulle ingebring kan word (Koekemoer 2001:3).

Indien verhore vir die Heath-ondersoek gerade geag is, sou dit in die openbaar plaasvind. Heath en sy span het vanuit sy Bellville-kantoor gewerk. Enigeen wat valse getuienis lewer, kon 'n boete van tot R24 000 opgelê word (Smith 2001g:4). Dit was as ironies beskryf dat Heath, wat deur die nasionale ANC-beheerde regering nie goed genoeg geag is nie, nou deur die DA-administrasie ingespan word. Hy sou deur 'n "web van politieke intrige" moes worstel, maar hy het 'n "onberispelike agtergrond as korrupsie-jagter" gehad en sou sekerlik sonder aansien des persoons te werk gaan (*Die Burger* 2001c:10). Die moontlikheid het bestaan dat sy ondersoek pynlike gevolge vir die DA kon inhou, maar

dit is as die enigste uitweg gesien indien die DA gestand wou doen aan sy luide beloftes van skoon bestuur. Dit is wel te danke aan die DA dat daar baie vinniger opgetree is as in die geval van die ANC-skandale, soos veral die wapenaankope-kwessie wat in 1999 deur Patricia de Lille oopgevlek is.

Volgens Rasool was dit nie net die DA se onbedorwe reputasie wat op die spel was nie, maar ook Kaapstad se goeie beeld. Hy het die DA by herhaling verwyt dat hulle weier om die kwessie as 'n misdaad, en nie slegs as 'n politieke onbesonnenheid nie, te veroordeel (Sylvester 2001c:3). Rasool het gevoel die polisie moes die saak ondersoek en was met afgryse vervul aan die gedagte van die koste verbonde aan die ondersoek; hy het opgemerk: "Cape Town cannot afford to give the DA's favourite ex-judge a job just to settle party conflicts" (Sylvester 2001c:3) – dat hy hierin korrek was, sou deur die verdere verloop van die debakel bevestig word.

Kieser se teenwoordigheid in die buiteland met die oopvlek van die skandaal het hom in 'n netelige situasie geplaas. Sy aanvanklike reaksie was dat "senior politici binne en buite die unistadsraad" onbetaamlike invloed uitgeoefen het (Van der Westhuizen 2001j:2). In hierdie vroeë stadium was hy hoopvol dat Johnson haar uitsprake sou kon heroorweeg nadat sy al die inligting opgeweeg het. Kieser het ook gehoop dat Heath se ondersoek wyd genoeg sou strek om ook die politieke dinamika en senior politici se betrokkenheid te ondersoek. Hy het dit jammer gevind dat Johnson as 'n toegewyde lid van sy personeel in die spervuur beland het. Kieser en Smit sou op 31 Julie ingelig word oor die besluit rakende hulle skorsing. Hy was egter vol vertroue dat sy naam in ere herstel sou word en het sy volle samewerking beloof (Van der Westhuizen 2001j:2).




**5: Marais besig om sy eie graf te grawe weens die stembedrog, maar steeds onstuitbaar (Zapiro in *Sowetan*, 1 Augustus 2001:14)**

Verskeie persone is gedagvaar om voor Heath te verskyn: Marais, Walker, agt raadsamptenare, die burgemeester se pastoor (Noble) en twee nie-raadslede. Heath het te kenne gegee dat hy nie sou huiwer om die politici, amptenare of ander persone te dagvaar sou hulle name tydens die getuienis opduik en hulle moontlik lig op die saak kon werp nie (*The Star* 2001d:2). Alle getuies kon deur regsverteenwoordigers vergesel word en laasgenoemde kon op hulle beurt weer die ander getuies ondervra indien hulle kliënte betrek is. Die dokumente oor die saak wat Heath van Van der Westhuizen ontvang het, sou eers geopen word nadat 'n handskrifdeskundige aangewys is om die geldigheid van die petisies te ondersoek (Van der Westhuizen & Van Houwingen 2001:1). Die gedagvaardigde amptenare was onder meer Smit, Kieser, Johnson, Fritz Marx, Nadiema Davids, Fiona Ogle (die senior regsadviseur van die Suid-Skiereilandse administrasie), Richard Wooton ('n regsadviseur van dieselfde administrasie), Jan Kruger (die skakelpersoon in die

burgemeester se kantoor), Lynne Milan ('n regsadviseur) en pastoor Noble (*Cape Argus*, 2002:10).

Volgens Heath het al die betrokke partye aangedui dat hulle sou saamwerk. Enige belangstellende persone wat inligting bekend wou maak kon ook die sekretaris van die ondersoek kontak. Volgens Heath is die dagvaardigings uitgereik as 'n roetine-ondersoek ten einde die betrokkenes te beskerm en hy het soos volg verduidelik: "Dit skakel die moontlikheid van geskille uit, en keer dat die werknemers van die unistad deur hul werkgewers hieroor gekonfronteer word. Die ondersoek sal nie 'n politieke uitgangspunt hê nie, maar as dit uit die ondersoek blyk dat politiek 'n rol gespeel het en dit tot bedrog, korrupsie en wanadministrasie gelei het" sou hy dit beslis deel van die ondersoek maak (Van der Westhuizen & Van Houwelingen 2001:1).

Smit en Kieser is vir 'n onbepaalde tyd met salaris op spesiale verlof gestuur en Maydon het bekend gemaak dat hul skorsingsverhoor onbepaald uitgestel sou word. Maydon het ook laat blyk dat die stadsraad nie die regsfooie van die gedagvaardigdes sou dek nie (Kahn 2001:3).

Die bewyse was klinkklaar dat die media 'n sleutelrol gespeel het in die oopvlek van bedrog in die straathernoemingsplan. Indien daar nog enige twyfel oor die belangrike rol van die media as waghond bestaan het, is dit juis deur die gebeure rondom die straatnaamdebakel uit die weg geruim. Die *Mail & Guardian* (2001:22) kon daarop wys dat drie van sy ondersoeke die nut van die media bevestig en tot voordeel van die publiek gestrek het: die voorsitter van die Sentrale Energie Fonds, Don Makwanzi is aan die kaak gestel vir sy oortreding van die Maatskappye Wet deur omkoopgeld van 'n korrupte Liberiese politikus te aanvaar; Bheki Langa, die onderhoof van Telkom, het bedank as gevolg van aantygings van 'n agteraf gekonkel met 'n private sekuriteitsorganisasie (alhoewel Langa beweer het dat sy bedanking niks te doen gehad het met die koerant se blootlegging van sy optrede nie); die derde ondersoek was dié oor die bedrog wat DA-amptenare tydens die straatnaamhernoemingskwessie gepleeg het. Die koerant het dit duidelik gestel dat hy hom nie oor ander se probleme verheug het nie, maar dankbaar was om te sien hoe sy "call for an unrestricted, independent media" geregverdig was en

dat daar wel op beweerde wanpraktyke in die openbare sfeer gereageer word (*Mail & Guardian* 2001:22).

Aanvanklik het *Die Burger* Heath se aanstelling verwelkom en dit beskou as 'n noodsaaklike stap wat die DA moes neem om te bewys dat die party sy belofte van teenstand teen korrupsie gestand doen. Toe dit egter bekend word dat die ondersoek die Wes-Kaapse regering tot R200 000 uit die sak kon jaag het die koerant sy steun ingrypend gekwalifiseer (*Die Burger* 2001d:12). Hierdie bedrag het nie eens die koste ingesluit van moontlike eise vir regsverteenwoordiging wat deur die amptenare ingestel sou kon word nie. Op daardie stadium is bereken dat die totale koste uiteindelik meer as 'n miljoen rand kon beloop. Alles in ag genome was die straatnaamkwessie "besig om in 'n monumentale klug te ontaard" (*Die Burger* 2001d:12). Skielik het die koerant Heath se ondersoek baie meer krities bejeën en die moontlike uitkomste daarvan sterk bevraagteken. Die klugtige aard daarvan is vlymskerp uitgelig:

> *Heath moet ondersoek of iemand "stemme", wat nooit stemme was nie, vervals het in 'n "referendum" wat nooit gehou is nie oor 'n besluit wat reeds drie maande gelede met akklamasie deur die unistad se uitvoerende komitee geneem is. Die "referendum" was van meet af aan net 'n skynpoging deur die komitee om 'n voldonge besluit oor die hernoeming van twee strate te versag of anders gestel, om "openbare deelname" te probeer verseker. Die proses wat daarop gevolg het, naamlik om mense te versoek om hul mening oor die saak te lug, was nie naastenby wetenskaplik of sou ooit kon deurgaan as verteenwoordigend van die openbare mening nie* (Die Burger 2001d:12).

Daar is ook berig dat Marais en Walker se regskoste waarskynlik deur die stadsadministrasie gedra sou word. Intussen het 'n woordestryd tussen die ANC en die DA losgebars en Leon het geïrriteerd laat blyk dat die straatnaamkwessie buitengewoon baie publisiteit ontvang. Volgens hom het die ANC se burgemeesters in glashuise gewoon en kon hulle nie bekostig om klippe te gooi nie (Van der Westhuizen 2001k:2). Die ANC wou spesifiek van Leon weet wat die presiese koste van die openbare deelname was, insluitend Van der Westhuizen se fooie, menslike hulpbronne om die proses te hanteer, die koste van buitengewone vergaderings, koerantadvertensies en

dies meer. Die presiese omvang van die koste sou geleidelik aan die lig kom (Van der Westhuizen 2001k:2).

Vasgevang in 'n politieke oorlewingstryd en met dreigende hofsake wat oor sy kop hang is Marais genadeloos deur die pers onder die vergrootglas geplaas en daar is op krasse wyse oor sy lewenswyse en persoonlike lewe berig. In 'n lang en snedige artikel het Paton van die *Sunday Times* vertel hoe lief Marais vir blomme was. In sy Durbanville-huis met die uitdyende pienk gordyne was daar op daardie oomblik drie ruikers en nog een in sy kantoor se voorportaal. Volgens Paton (2001:13) was dit alombekend dat die onderburgemeester nie Marais se uitspattige lewenswyse kon veel nie en as "prim and proper" Kapenaar gefrons het oor die grootte van hierdie ruikers. Die binnegevegte in die DA het volgens dié verslaggewer tot op 'n vlak gedaal waar "instead of offering a shoulder to lean on during the brief marriage between the DP and the New National Party in Cape Town's city council, Walker has become Marais' nemesis".

Volgens persone na aan en simpatiek teenoor Marais, het hierdie bemoeisieke en opdringerige stadsraadslid elke beweging wat hy gemaak het, dopgehou. Sy het hom selfs nie die klein voorregte soos chauffeurs en lyfwagte gegun nie (Paton 2001:13). Walker het haar na Leon gehaas het met die getuienis dat Marais se naaste vertrouelinge gemoeid was met knoeiery in die openbare steun vir sy projek. Hierdie opmerkings en koerantberigte oor hom en sy straatnaamplan het Marais as 'n bohaai oor niks afgemaak en volgehou: "It is not a scandal. It's a non-event! People were never asked to vote. We asked the public for their comment and opinion! Now the papers say: 'Oh, they rigged the votes'. But there never was any voting. My God, when is someone going to write the truth?" (Paton 2001:13). Volgens hom kon die ANC dit nie hanteer om 'n president uit die apartheid-era te vereer nie. Ongeag Marais se teenargumente het die feit bly staan dat die meeste Kapenaars in beginsel teen sy plan gekant was.




**6: Marais maak 'n bespotting van die DA se belofte van skoon regering as gevolg van die stemverneukery-meulsteen om sy nek (Zapiro in *Mail & Guardian*, 2 Augustus 2001:22)**

Tydens 'n onderhoud met Paton het dit duidelik geblyk dat Marais nie net slae kon vat nie, maar dit ook kon uitdeel. Hy het vertel dat hy die politieke stryd in 1972 betree het toe hy 'n kampvegter vir die bruin belastingbetalers geword het. Hy het gewaarsku dat hy as 'n langslewende bekend was. So kon hy skouers skuur met 'n apartheid-president soos PW Botha en sitting hê op baie korporatiewe liggame wat deur anti-apartheid betogers verafsku is. Die filosofie agter sy optrede was "to plug in where the power is. In politics you don't have permanent friends, neither do you have permanent enemies. You only have interests" (Paton 2001:13).

Paton vertel hoe Marais Kaapstad se grootste "vote-catcher" geword het, maar ook hoe sy toenemende gewildheid hom al hoe meer onbedwingbaar gemaak

het. Sy beskryf sy voorkoms en houding soos volg: "He puffs out his chest and, with his waistcoat straining over his round belly, winds up crowds on the terrible failures of the ANC". Van Paton wou hy weet: "Can I help it if I am so popular?" Hy het bly insinueer dat die teenkanting van sy straatnaamplan bewimpel is. "Everyone looked at the pro and said it was orchestrated. How come nobody questioned the anti? It all seemed to come from certain affluent areas, like Constantia and Fish Hoek" (Paton 2001:13). Paton se siening van Marais was dat hy sy gewig rondgooi en besluite op die ingewing van die oomblik gemaak het sonder om prosesse en beleidsvoorskrifte in ag te neem. Hy was uit sy eie mond 'n man van daad wat oplossings soek: "I don't talk forever. I listen, then I say I am the elected mayor and this is my decision. Consensus government is weak government … When are we going to turn away from consulting, consulting and do something so that people can see there's the house, there's the clinic, there's the job?" (Paton 2001:13).

Wat Marais grensloos geïrriteer het, was dat die pers en die publiek die talle positiewe dinge wat hy bereik het, nie voldoende wou erken nie. Sonder skroom kon hy daarop wys dat vandat hy in April die burgemeester geword het, veel bereik is: gratis water teen Mei; gratis elektrisiteit teen Julie; lae prysverhogings; 500 polisielede in opleiding; skoon strande; geen stakings nie; twee nuwe munisipale howe; 20 000 huise in die vooruitsig. Hy het Paton verseker dat hy die slae kon vat; sy enigste probleem was "that the people who sometimes punch me don't like it when I hit back" (Paton 2001:13).

In haar gereelde rubriek in *Rapport* het Hanlie Retief (2001:17) hom beskryf as 'n "Oompie-Doompie op die puntjie van sy stoel, 'n manhaftige, besige prentjie teen die voorstedelike vuilpienk van sy sitkamer in Durbanville". Hy het teenoor haar erken dat die burgemeestersamp hom verander het en dat hy homself nie meer as 'n Moses sien nie, eerder as 'n Josef.

> *Ek veg nie meer vir politieke doelwitte nie, maar om kos in my broer se maag te sit. Ek doen sewe burgemeesters se werk. Niemand het ons nog ooit van bedrog beskuldig nie, maar nou kom neuk hulle met kleinlikhede soos 200 stemme wat nie eens stemme was nie! ... Die mense dink Peter Marais is 'n lollypop. Almal wil my, uh, lek.* (Retief 2001:17)

Toe Retief vir Marais daaraan herinner hoe hy in die moeilikheid beland het deur Leon "die Joodjie" te noem, kon hy antwoord dat hy later hard gewerk het om die DA te versoen. Hy het aangevoer dat hy as een van die hoofonderhandelaars aan die interim-grondwet help skryf het. Op 'n vraag hoe hy en Leon oor die weg kom, was sy antwoord dat Leon, net soos hyself, 'n baie reguit mens is. Leon het besliste idees, hy wat Marais is ook. Leon toon sterk leierseienskappe, hy ook. In sy gevatte beeldspraak het hy vertel hoe hy en Leon die verkiesingsveldtog gevoer en die Kaap "opgecharge het in die Tony en Peter show" (Retief 2001:17). Hy was kennelik daarvan bewus dat die politiek 'n ondankbare taak is. Tydens die verkiesings was hy almal se "darling", maar daar was reeds voor die verkiesing diegene wat getwyfel het of hy by die DA se liberale uitkyk kon aanpas. Volgens Marais het hy getoon dat hy wel die stad kan bestuur. Eendag moes daar op sy grafsteen staan: "Hier lê 'n afgeleefde spanner. Hy's so baie gebruik, hy kon nie meer die moer vat nie". Met hierdie woorde het hy aldus Retief in sy pienk sitkamer baie aangedaan geraak (Retief 2001:17).

Dit was duidelik dat Augustus vir Marais 'n krisisweek sou wees siende dat hy op 8 Augustus voor Heath sou verskyn om homself in die openbaar teen die beskuldigings van onregmatighede te verweer. Alhoewel sy naam nog steeds op die lys van moontlike getuies was, het hy homself wysgemaak dat hy nie self sou hoef te getuig nie, omdat sy naam nie in die beëdigde verklaring genoem is nie (Sylvester 2001f:1).

Gerugte het die rondte begin doen dat die DA aan die wankel was deurdat drie DP-lede (Belinda Walker, Bryan Watkyns en Ian Nielsen) op 3 Augustus 'n belangrike vergadering van die party se uitvoerende komitee, waartydens besluit sou moes word oor regshulp vir die amptenare van die unistad (Marais ingesluit), geboikot het. Tydens die vergadering is besluit hulp sou wel op sekere voorwaardes verleen word indien die betrokkenes binne die raamwerk van hulle amptelike pligte opgetree het. Op 6 Augustus het onder andere Johnson, Davids en Fisher (die voormalige tussentydse stadsbestuurder) voor Heath verskyn. 'n Dag later was dit Marx, Kieser, Kruger en Walker se beurt, en op 8 Augustus sou Marais, Smit en pastoor Noble aan

die beurt kom (Rooi 2001a:8). Die verwagting was dat die Heath-ondersoek onvermydelik ook die sluier sou lig oor die gespanne verhouding tussen die DA-bondgenote, sowel as die beweerde komplot om Marais uit die kussings te lig (*The Star* 2001e:6).

Enkele dae voor Marais hom voor Heath moes verweer het die NNP duidelik laer om Marais begin trek. Siende dat Marais steeds volgehou het hy is onskuldig, was Van Schalkwyk se redelike standpunt dat hy die kans gegun moes word om sy kant van die saak te stel. Die redes waarom die drie persone die uitvoerende komitee-vergadering geboikot het, is toegeskryf aan die frustrasie binne die liberale kern van die alliansie dat Marais te moeilik was "om in toom te hou" en die lede van die DP-komponent gefrustreerd was dat die party landswyd die hoofvennoot is, maar dat die twee belangrikste poste in die Wes-Kaap, dié van premier en burgemeester, in NNP-hande was (Joubert 2001a:1). Die NNP kon hom egter daarop beroep dat hy 24 000 ingeskrewe lede in die provinsie gehad het teenoor die DP se minder as 2 000, en dus geregtig op hierdie poste was. Joubert berig dat terwyl die eenheid meer krake begin toon het, Van Schalkwyk volgehou het dat die alliansie nie in gevaar verkeer nie. Die feit dat die straatnaamkonflik, 'n minder belangrike en eintlik onbeduidende saak, soveel tyd en aandag in beslag geneem het, is deur baie DA-lede as negatief ervaar. Die party se ondersteuners se verwagting was dat werklik belangrike sake aangespreek moet word; tog was die gevoel dat die DA sal voortgaan solank "daar genoeg verantwoordelike leierskap uit die DP- en NNP-komponente is" (Joubert 2001a:1).

Die ontevredenheid oor die groot bohaai en kostes wat aan die debakel spandeer is, in vergelyking met die nypende problematiek van die dag, het telkens na die oppervlak deurgebreek. Kommer is veral uitgespreek dat die Heath-ondersoek die aandag van ernstige kwessies soos dienslewering afgelei het. Die "wankelende DA-huwelik" het sy leiers se energie begin tap in hulle stryd om beheer oor die party te kry; die tyd het aangebreek dat die "strydende huweliksmaats" moes besef dat die werklike vyande "armoede, wanhoop, misdaad en korrupsie" was (Sidego 2001:10). Gemeenskappe was

besig om in ellende te verval, terwyl die politici vir wie hulle gestem het, hulle met kleinlike binnegevegte bemoei het (Sidego 2001:10). 'n Raak opmerking is gemaak dat daar genoeg meganismes op munisipale vlak was om bewerings van die aard wat deur die Heath-ondersoek gedoen word, te hanteer, terwyl daar 'n gebrek was aan verbeeldingryke oplossings vir die bevegting van armoede en die stimulering van ekonomiese ontwikkeling. Die duidelike boodskap was dat armes 'n beter regering verdien en eerste prioriteit moes geniet (Sidego 2001:10).

Uiteraard sou die leier van die party duidelik op hierdie kritiek moes antwoord. In 'n brief aan die *Cape Times* het Leon homself en sy party verdedig deur te kenne te gee dat hy geglo het die DA die straathernoemingsbedrog behoorlik hanteer het (Leon 2001:8). Wat hom steeds geïrriteer het, was hoe die kwessie buite verband publisiteit gegenereer het, terwyl daar soveel ander skandale in die plaaslike regerings was waaroor die pers die swye gehandhaaf het. Leon (2001:8) se grief was dat, terwyl die ANC 'n groot bondel wasgoed weggesteek het, die DA se "smalls" opgehang is vir die wêreld om te sien. Die DA se probleem het volgens hom op nie meer as een-en-'n-half op die Richter-skaal van bedrog en wanadministrasie geregistreer nie. Hy het daarop gewys dat die DA-raadslede elders in die land pas gestem het teen die Tshwane-metroraad se begroting van R1.9 miljoen om die Algerynse ambassade uit belastingbetalers se geld vir die burgemeester aan te koop. Hy het voorts vertel hoe Kaapstad se onderburgemeester die vorige aand op straat geslaap het om ongeveer R415 000 vir die haweloses in te samel. Dit was nooit deel van enige ANC-tak se plaaslike verkiesingsmanifes dat hulle die mense se geld wil spandeer op behuising vir politici nie. In die ANC se manifeste is gratis water en elektrisiteit vir almal beloof. Die DA in Kaapstad het beide gelewer, maar in Johannesburg en Pretoria is die gratis elektrisiteitskwota teruggehou afhangend van die nasionale regering se beleidsbesluit. Hy het met 'n direkte en eenvoudige vraag afgesluit: "Which party would you rather have running your city?" (Leon 2001:8). Dit was nie die laaste keer dat hy oor die straatnaamskandaal wal sou moes probeer gooi en verduidelik nie.

# Cast of CHARACTERS

**Last year saw several politicians and officials swop positions, others were booted out and there were also some new faces on the scene. This is where they find themselves at the start of 2002.**

**Peter Marais.** After resigning as unicity mayor last year Marais was elected as premier by a New NP and ANC coalition. He now also leads the New NP in the province.

**Gerald Morkel.** The former premier resigned as member of the New NP and is now provincial leader of the Democratic Alliance. He swopped seats with Marais and is now mayor of the city.



**Hennie Bester.** Deputy leader of the DA in the province and former MEC for Community Safety, Bester's dedication often received nods of approval even from his ANC opposition. He has been replaced by the ANC's Leonard Ramatlakane. Bester heads the opposition in the legislature.



**Ebrahim Rasool.** The Western Cape leader of the ANC has traded his seat as leader of the opposition in the legislature for an MEC post. He heads the Finance, Business Promotion and Asset Management portfolio, previously held by Leon Markovitz. Rasool was tipped to be premier but negotiations with the New NP saw Marais snatch the position from him.



**Johan Smit.** The former mayoral spokesman has left the scene quietly after his contract with the city expired late last year. Smit faced disciplinary action over his role in the street renaming fiasco.



**Ben Kieser,** unicity legal adviser, faced similar disciplinary action to Smit, and also resigned. His career was, however, revived by Morkel who hired him to advise his fledgling administration.



**Helen Zille** was forced out of her position as MEC for Education and is now part of the opposition in the provincial legislature. She has been replaced by New NP advocate Andre Gaum.



**Piet Meyer,** the former Minister of Transport, swore allegiance to Morkel last year, only to do an about-turn. Meyer is now MEC for Health in the new administration. He replaces Nic Koornhof who's been relegated to the opposition benches.



**Cecil Herandien,** Morkel's former MEC for Housing, is no longer part of the cabinet and has been replaced by the ANC's Nomatyala Hangana.



**David Malatsi,** former MEC for Social Services and Poverty Relief, has been replaced by the ANC's Marius Fransman. Malatsi now heads up the Environmental Affairs and Planning portfolio.



**Lynn Brown,** who ran for mayor against Peter Marais towards the end of last year, was rewarded with a position as speaker for the Western Cape legislature. She replaces former speaker Willem Doman, who is now MEC for Local Governme Brown was the former deputy speaker.



**Belinda Walker,** the DA deputy mayor, spent nearly as much time in the mayoral chair as Marais himself during last year. Walker still faces a disciplinary hearing by the unicity after Ben Kieser accused her of not observing proper procedu when she took evidence of maladministratior the street renaming process to DA leader Tor Leon.



**Pastor Theo Noble.** The charismatic and always snappily dressed Noble was Marais's personal spiritual adviser at a cost of R500 an hour. His services have since been terminated.



**Victoria Johnson,** the unicity's legal adviser under Ben Kieser who lifted the lid on the street renaming saga, is still working for the city. She testified against both Kieser, Smit and Marais in hearings conducted by Judge Willem Heath a later the city

**7: Die hoofkarakters in die straatnaamdebakel tydens die Heath-verhoor (*Cape Argus*, 8 Januarie 2002:10)**

Nieteenstaande Leon se poging om 'n realistiese perspektief op die straatnaamdebakel te plaas is die verloop van die Heath-kommissie se verhoor tot in die fynste detail gevolg en het noukeurige verslae daaroor in die media verskyn. Die verlede is onder andere deur die *Business Day* se Fine (2001a:15) opgediep om die ironie uit te wys van hoe, voor die algemene verkiesing van 1999, die DP en die NNP in 'n hewige stryd gewikkel was, maar daar twee jaar later amptelik geen DP of NNP meer in die Kaapstad-stadsraad sou wees nie en 'n nuwe politieke alliansie die meerderheidsparty sou uitmaak. Net so ironies was die feit dat die verhoor in Waalstraat, in die gebou wat ook die ou Metropolitaanse raadskamer gehuisves het en as vergaderplek vir die uitvoerende komitee-vergaderings gedien het, gehou is (Fine 2001a:15).

Fine het in groot detail die opset van die verhoor en die politieke maneuvers wat dit voorafgegaan het weergegee en probeer ontrafel. Die drie oorspronklike DP-lede wat nou lede van die party se uitvoerende raad was, Walker, Nielson en Watkyns het in die agterste ry gesit; terwyl die sewe uitvoerende komiteelede van die NNP in die galery, weg van die DP-lede, gesit het. Marais self het stelling ingeneem agter die tafel van die regsverteenwoordigers wat gesamentlik en op gekoördineerde wyse hom, die raad, Smit en Kieser sou verteenwoordig. Gedurende die verloop van die sitting was dit duidelik dat Marais die steun van die sogenaamde galery-koukus geniet het (Fine 2001a:15).

Die NNP se uitvoerende komitee het nie die kans laat verbygaan om daarop te wys dat hulle uitgesluit was van 'n beweerde geheime DP-koukusvergadering op 8 Mei te Constantia, toe die rusie tussen die twee partye volgens hulle in werklikheid ontstaan het nie (Fine 2001:15). Hulle vermoede was dat dit die geleentheid was waar Walker en haar kollegas die komplot uitgevoer het om Marais se plan te kelder. Na bewering is dit deur meer as dertig DP-raadslede bygewoon. Blykbaar is een van hulle oor die kole gehaal vir sy steun aan die straathernoemingsprojek wat voorwaardelik deur die raad gesteun is afhangende van die resultaat van die openbare deelname wat uiteindelik so rampspoedig verloop het. Hierteenoor het die DP-lede weer beweer dat die gegriefde NNP-lede uit die suidelike voorstede kom waar politieke verteenwoordigers geen belang in versoening gehad het nie – iets wat immers

ook een van Marais se verklaarde oogmerke met die hernoemingsprojek was (Fine 2001a:15). Teenoor die media het Walker en haar ondersteuners steeds die stilswye bewaar nadat die ongerymdheid uitgelek het. In teenstelling hiermee het hulle NNP-opposisie toenemend uitgesproke geraak omdat hulle onder die indruk was dat hulle binne hulle eie koalisie ondermyn word, en uit hoop dat sake tydens die verhoor dalk in hulle guns kon draai

Vanuit hierdie oord was die teenkanting teen Leon veral baie sterk en die aanstelling van Heath is as ’n groot flater bestempel, nie slegs omdat dit as ’n ongeregverdigde aanval op Marais beskou is nie, maar vanweë die skade wat dit die DA se administrasie in Kaapstad berokken het (Fine 2001:15). Hierdie NNP-faksie was van mening dat Leon oorgretig was om die ergste van die Marais-kamp te glo en dat hy dieselfde fout as Johnson begaan het. Wat sy as ‘bedrog en manipulering’ beskou het, het hulle as steun vir ’n politieke projek gesien. Buitendien was die werwing van steun vir die naamsverandering juis die gevolg van die DP se beplande teenstand teen die projek. Fine berig dat veral Leon se openbaarmaking van Johnson se verklaring was vir die NNP ’n bewys van sy valsheid en onbedagsaamheid. Wat hulle betref moes daar van óf Marais óf Walker ontslae geraak word. “There is no room on this executive committee any longer for both Marais and Walker. One will have to go” (Fine 2001:15). In die lig van die ongeveer 70-30 / NNP-DP verdeeldheid in die koukus was daar geen twyfel oor wat die uitkoms van so ’n besluit sou wees nie. Dit het gelyk asof die wantroue tussen die faksies onomkeerbaar geword het, soos onder andere geblyk het uit ’n koerantopskrif met ’n Yeats-verwysing: “DA’s centre is not holding” (Fine 2001:15).

Wat op hierdie tydstip vreemd voorgekom het, was die swye uit ANC-geledere. Toe die party daaroor uitgevra is, was die interessante reaksie dat dit met opset was, want indien die ANC sou saampraat “the effect would be to drive the two DA factions together. The DA factionalism is currently doing that party more harm than the ANC could ever do” (Fine 2001:15). Die ANC kon egter nie nalaat om die waardige burgemeestersoptrede van Marais se ANC-voorganger, Nomaindia Mfeketo, met die stormagtige periode van DA-oorheersing te vergelyk nie.

Spitsvondige beskrywings van die persoonlikhede wat hulle verskyning tydens die verhoor gemaak het, is gegee. Dit is soos 'n John Grisham verhaal met uiteenlopende en interessante karakters uitgebeeld: Die pragtige blonde kerngetuie, Johnson, met haar Harrison-Ford "look-alike" eggenoot, David; die nasionale "corruption-busting super-hero" Heath voorsittend; sommige van die land se beste advokate op die aanval; 'n Porsche-besturende amptenaar (Smit?) in die getuiebank en die DA se oorlogvoerende leiers, die charismatiese Marais en die ernstige Walker wat toekyk (Williams 2001b:1).

Dit is selfs opgemerk dat Marais reeds na die eerste dag van die sitting opgehou het om notas in sy wynrooi notaboek te maak. Op die derde dag het 'n handvol betogers hom met "Hands off our mayor"-plakkate begroete. Tydens die verhoor het hy lekkernye met sy hand voor sy mond geëet, vir sy prokureur gefluister en dikwels vol selfvertroue geglimlag (Merten 2001b:11). Daar is ook berig hoe Marais sy "vertoonsug tydens sy getuienis openbaar het. Vir langer as vyf uur het hy grappe gemaak, die getuiebank as politieke platform gebruik, sy pastoor verdedig vir laasgenoemde se stemwerwery, uitgevaar teen sy onderburgemeester wat hy beskuldig het dat sy haar lyf speurder gehou het, en van Johnson gesê het dat haar werk nie was om waghond te speel nie. Hy het volgehou dat absoluut niks verkeerd gegaan het nie en gespog dat die proses ontwerp is om foutloos te verloop (Merten 2001c:7).

Voor Heath sou Johnson getuig dat die DA-leiers haar om die bos gelei het deur aan die media haar "damning but secret" verklaring te openbaar (Smith 2001j:1). Die onderburgemeester het haar belowe dit sou in die grootste geheim aan Leon oorhandig word. Haar spesifieke woorde was: "I specifically did not authorise it to be published", alhoewel sy besef het dit word voorwaardelik aan Leon oorhandig sodat hy daarop kon reageer (Smith 2001j:1). Sy het verduidelik dat sy uiteindelik die verklaring aan Walker as die hoof van die unistad se korporatiewe dienste oorhandig het, omdat sy bang was dat sy geviktimiseer sou word oor die aantygings teen Kieser en Smit (Smith 2001j:1). Haar aanvanklike getuienis voor Heath dat Marais aan 'n regsadviseur opdrag gegee het om verdagte voorleggings te

ignoreer, het sy later teruggetrek en dit duidelik gestel dat dit nie as 'n klagte teen Marais beskou moes word nie (Van der Westhuizen 2001l:2).

Dit was veral die NNP se uitvoerende komiteelede wat hulle verkneukel het oor Johnson se getuienis dat sy haar verklaring in streng vertroulikheid aan Leon beskikbaar gestel het. Uit mediageledere is daarop gewys dat dit moeilik te begryp was hoe die DA se elf uitvoerende komiteelede in die afsienbare toekoms weer as 'n span sou kon saamwerk (Fine 2001a:15).

Walker het later voor Heath getuig sy het, nadat sy Johnson se verklaring ontvang het, gereken dit moet so gou as moontlik onder Leon se aandag gebring word. Johnson het ingestem dat sy dit vir Leon wys, maar daarop aangedring dat dit vertroulik moet bly. Na die oorhandiging was dit egter nie meer in haar hande nie (Van der Westhuizen 2001l:2). Sy het dit beklemtoon dat sy by meer as een geleentheid toegang tot die openbare kommentaar in sake die hernoemingskwessie geweier is. Sy was nie teen die plan *per se* nie, maar was besorgd oor hoeveel tyd dit in beslag geneem het en dat dit potensieel 'n kwessie was wat verdeeldheid kon veroorsaak (Kahn 2001a:4). Waarnemers het opgemerk hoe Marais van toorn geblaak het terwyl Walker haar getuienis gelewer het.

Walker het getuig dat sy insae in die dokumente probeer verkry het, maar dit geweier is. Die volgende oggend het Kieser se sekretaresse wel die dokumente aan haar besorg, maar dit is weer verwyder terwyl sy in 'n vergadering was. Op 6 Junie het 'n verslaggewer (Suggot) van die *Mail & Guardian* haar om hulp genader om toegang tot die openbare kommentaar te kry. Hierop is sy na Smit se kantoor, maar sy antwoord was dat die dokumente nie openbaar gemaak kon word nie, omdat dit die veelpartykomitee se besluit kon beïnvloed, waarop sy te kenne gegee het dat sy nie daarmee kan saamstem nie. Sy het die verslaggewer gebel en voorgestel dat hy hom op die Toegang tot Inligting Wet beroep, terwyl sy ook besluit het om 'n regsmening oor die kwessie in te win. Die regsadvies was dat die media wel toegang behoort te kry (Smith 2001k:1). Volgens Walker het Johnson dit beaam dat sy die beëdigde verklaring vir Leon kon wys, maar daarop aangedring dat dit vertroulik bly en dat sy Leon pertinent daarop attent gemaak het. Na Walker se getuienis het Kieser te kenne

gegee dat hy van plan was om ’n klag by die unistad se reëlskomitee teen haar te lê omdat sy opsetlik inligting van Leon weerhou het wat sy naam in ere sou kon herstel.

Die raaisel oor sommige van die vervalste name is ook opgelos toe Marion Samuels, gemeenskapswerker te Manenberg, getuig het dat sy ’n versoekskrif ter ondersteuning by ’n DA-organiseerder gevra het en verskeie handtekeninge gewerf het. Een van die persone was Eva Martin, ’n De Klerk-bewonderaar wat ongeletterd was en Samuels gevra het om die versoekskrif namens haar te teken. Samuels het ook op versoek namens ’n paar ander geteken (Van der Westhuizen 2001o:2).

Die eenvoudige verduideliking vir die honderde handtekeninge ter steun van Marais se plan was volgens pastoor Noble se getuienis voor Heath dat baie van sy Kaapse Vlakte-lidmate ongeletterd was en een persoon met ’n netjiese handskrif dikwels gevra is om vorms in te vul waarop hulle hul handtekening kon aanbring. Dit was die rede waarom ’n stapel van honderde briewe vanaf sy New Covenant Tabernacle-kerk in Mitchellsplein voorgelê is. Volgens hom was niemand negatief teenoor die hernoeming nie, maar indien wel sou die persoon sekerlik so ’n brief geskryf het. Sy kerk se uitvoerende raad het ook die plan formeel gesteun.

Noble het ontken dat hy by enige kullery betrokke was en Marais en Smit se “integriteit en lojaliteit” geprys (Van Houwelingen 2001b:2). Verder het hy Johnson se insinuasie verwerp dat die 127 steunbriewe van sy kerk afkomstig was. Hy het beweer dat sy kerk se faksgeriewe bloot in die proses gebruik is en dat hy wel sy gemeentelede aangemoedig het om by die openbare proses betrokke te raak, maar dat niemand voorgesê is oor hoe om te stem nie (Van Houwelingen 2001b:2).

Heath wou van Noble weet of die brief vir ondertekening persone die opsie gebied het om nee te sê, wat kennelik nie die geval was nie. Hy wou ook weet waarom Noble hom onder die indruk wou bring dat die brief wel beide keuses gebied het. Hierop het Noble te kenne gegee dat hy slegte gehoor in sy regter oor gehad het. Op Heath se vraag waarom hy nie van die begin af aangedui

het dat hy 'n gehoorprobleem het nie, was sy antwoord: "I answer questions according to what I heard" (Scott 2001:8). Scott, die joernalis wat hieroor berig het, het nie die kans laat verbygaan nie om die opskrif van sy berig te laat lui: "Hear(d) the one about the mayor, his pastor and an unsound organ?" Hy het ondeund opgemerk dat die geleerde prokureurs in die eerste twee rye "must have felt that, having listened to Noble, they had heard everything" (Scott 2001:8).

Noble het verder getuig dat hy op die ou end 127 briewe in 'n Pick n Pay-sak na Marais se kantoor geneem het en te kenne gegee dat hy dieselfde sou gedoen het vir enige party wat Mandela wou vereer. Hy het sy kerk se lidmate ingelig dat hulle vir of teen die plan kon stem en 'n standaardbrief (wat klaarblyklik nie die opsie gebied het om nee te sê nie) is opgestel en in die gemeente versprei (Van der Westhuizen 2001m:1). Sekere kerklui verbonde aan die Evangelical Minister's Fraternal van Mitchellsplein, het hulle dadelik gedistansieer van Noble se implikasie dat die mense wat hulle bedien, ongeletterd is en nie vir hullself kan dink nie. Daar was baie hoogs gekwalifiseerde individue in hulle kerke en hulle het heftig geprotesteer dat om sleg daaraan toe te wees, nie beteken dat hulle 'n laer intellek het nie. Noble se stelling is as 'n belediging vir die mense van die Kaapse Vlakte beskou en daar is te kenne gegee dat hy om verskoning behoort te vra. Toe Marais daaroor deur die media uitgevra is, het hy geweier (Ray 2001:3).

Spottery met van die getuienis voor Heath het voortgeduur. Selfs Raymond Ackerman kon nie die soort publisiteit koop wat deur Pick n Pay se plastiese sakke in die getuienis voor die Heath-ondersoek neerslag gevind het nie, aldus die *Cape Times*. Die hele saak "was accompanied by a lot of packet-passing" (Scott 2001:6). Eers was die gemeentelede se steun in so 'n sak; toe noem Davids vir die eerste keer die sak toe Kieser se telefoon gelui het en hy met 'n Pick n Pay-sak teruggekeer het; daarna het Smit, geklee in 'n toegeknoopte swart baadjie "in what appeared to be an unsuccessful attempt to disguise his natural geniality", voor Heath getuig oor die belangrikheid van die Pick n Pay-sak se inhoud (Scott 2001:6). Noble het verduidelik dat dit niks ongewoons in die bruin gemeenskap was om briewe in sulke sakke rond te dra

nie. “Peter Marais’s colossal mistake may have been that, with packet in hand, he thought he had it in the bag” (Scott 2001:6).

Terwyl die ondersoek na sy straathernoemingsinisiatief aan die gang was, het Marais ook betrokke geraak in ’n vreemde insident oor beweerde afluistery in sy kantoor. Marais het verplig gevoel om sy kantoor te laat fynkam vir afluister-apparate nadat ’n gesprek met die *Cape Argus* kort tevore uitgelek het. Op sy versoek is sy kantore in die Paul Sauer-gebou vir meeluister-apparate deursoek, maar niks kon gevind word nie. Wat wel gevind is, is ’n stempos van homself waarop hy verstom moes erken dat dit sy eie stem was en hy die gesprek die vorige aand gevoer het (Sylvester 2001d:5). Sy verduideliking was dat hy via sy kantoortelefoon ’n gesprek met Kieser en David Erleigh, een van die uitvoerende raadslede, gevoer het. Sonder om werklik te skakel, het hy die telefoon opgetel en voorgegee dat hy met iemand praat net om Erleigh te ontsenu. Dit was ’n grap. Marais se argument dat hy ’n gesprek versin het, is deur die opname bevestig. Slegs die burgemeester se stem is gehoor waar hy melding van sy plan maak om ’n ongeïdentifiseerde persoon vir naamskending te dagvaar. Die trant van die gesprek is dat hy valslik beskuldig word en vir R10 miljoen wil dagvaar, dat Erleigh se naam nie ter sprake is nie, dat hy net name bymekaar gemaak het en nie self geteken het nie en dat hierdie feite hom sal steun in sy aansoek vir skadevergoeding. Die oproep eindig met Marais wat luid uitbars van die lag (Sylvester 2001d:5).

Marais het ontken dat hy enigeen vir R10 miljoen wou dagvaar en erken dit was alles net as ’n grap bedoel. Die insident het sy beeld op hierdie kritieke stadium verdere skade berokken en die herhaaldelike kritiek dat hy tot aapstreke geneig was versterk (Sylvester 2001d:5).




**8: Marais se aanhoudende en ernstige misstappe laat hom reddeloos (Zapiro in *Mail & Guardian*, 16 Augustus 2001:18)**

Volgens Smit se getuienis was die vergadering van die sogenaamde DP-komponent van die stadsraad op 8 Mei (waarna reeds verwys is) die begin van stygende spanning oor die straatnaamplan. Voor die vergadering was dinge rustig, maar daarna het 'n toenemende spanning en mededinging tussen die twee kampe begin heers. Smit het tot die besef gekom dat daar steun vir en teen die straatplan gewerf word, steun wat besig was om in politieke twis tussen die DP- en NNP-lede te ontaard (Van der Westhuizen 2001n:2). Smit het getuig

dat hy dieselfde mening as Marais gehuldig het, naamlik dat die versoekskrif met vervalste handtekeninge geplant is om die plan te ontspoor, maar hy kon geen stawende bewyse daarvoor lewer nie. Hy het oor sy besige program gepraat en genoem dat toe navrae oor die "vervalste" versoekskrif verskyn het, hy besig was om te verhoed dat 'n storie oor 'n raadslid wat sy broek in 'n kroeg afgetrek het in die koerant beland (Van der Westhuizen 2001n:2). Wat Johnson betref, het Smit haar as uiters intelligent bestempel, maar geneig om in haar eie wêreld te woon. Sy het sy knipoog verkeerdelik vertolk en dit deel gemaak van wat hy as haar komplot-teorie bestempel het (*The Star* 2001f:3).

Dit was ongetwyfeld so dat die Heath-ondersoek besig was om, in die beeldspraak van Hadland, die goiingsak met twee vegtende katte wat die eenheid van die DA versimboliseer het, oop te maak (Hadland 2001b:6). Die beskouing was dat die NNP- en DP-koukusse intern besig was om soos kat en hond te baklei. Die onmin is ook in 'n positiewe lig beskou, deurdat dit op die lange duur moonlik daartoe kon bydra om sekere kwessies oor die kernwaardes en handelswyse van die DA op te klaar. Wat reeds oor en oor beweer is, het volgens Hadland al hoe duideliker na vore getree: die alliansie was 'n pynlike en omstrede sameflansing van sterk uiteenlopende belange en sonderlinge persoonlikhede. Ook simptomaties van die verdeeldheid was die feit dat daar tot op daardie stadium nog nie tot 'n party-grondwet ooreengekom kon word nie (Hadland 2001b:6). In Oktober is 'n konsep-grondwet aanvaar, maar dit sou sloer tot 13 April 2002 voordat die finale DA-grondwet goedgekeur is, en teen daardie tyd het die politieke landskap reeds merkwaardig anders daar uitgesien.

Van die senior DA-beamptes het Hadland daarop attent gemaak dat die DA nie uitsluitlik gedefinieer kon word op grond van wat in die Kaap gebeur nie. Waaroor dit egter eintlik gegaan het, is dat die DA sy enigste werklike magsposisie in die Kaap gehad het, en hoe dit daar sou vaar, sou bepalend wees vir die party se nasionale ambisies en politieke koers. Alhoewel die DA reeds baie verrig het met amptenare wat durf en administratiewe vernuf getoon het, was die probleem dat dit alles vervaag het "when Marais takes the stand" (Hadland 2001b:6).

Dit was alombekend dat Marais en Walker mekaar nie kon veel nie en dié stand van sake niks goeds ingehou het vir goeie stadsadministrasie nie. Die DA is deur Hadland aangeraai dat indien hulle ernstig was om Marais as burgemeester in diens te hou hy 'n ondersteunende onderburgemeester nodig gehad het, nie iemand wat met die eerste tekens van probleme haar na die partyleier wend nie. Vir die soveelste keer is Marais aangeraai om hom slegs by die stad se werklike kernprobleme te bepaal: werkloosheid, misdaad, HIV, ongeletterdheid, huishoudelike geweld, bendegeweld, voedselsekerheid, vervoerprobleme en dies meer (Hadland 2001b:6).

*Rapport* (2001:16) het berig dat dit wou voorkom asof die DA as 'n nuwe huwelik amptelik bevestig was, maar "nog nie in die politieke slaapkamer volvoer is nie". Die onmin het blykbaar so erg geraak dat dit die indruk geskep het dat die DP en die NNP nog harder aan die baklei was as toe hulle politieke opponente was. Enige onderduimse veldtog was wel 'n ernstige oortreding, maar in die debakel voor hande het dit gelei tot "'n peperduur, hoë profiel-ondersoek" waar twee partye "mekaar se derms in die fel lig van die openbare mening sit en uitryg" (*Rapport* 2001:16). Die ondersoek het ontaard in 'n hewige konfrontasie waarin politieke faksies met mekaar stry om die oorhand te kry voor die alliansie se finale aanvaarding van 'n grondwet. "Dié agterstevoor paringsdans is vir die opposisiekiesers onbegryplik. Veral omdat húlle daarop aangedring het dat die DP en die NNP saamstaan om die weghol-meerderheid van die regerende party te stuit" (*Rapport* 2001:16).

Al die intriges en verskuilde agendas van die uiteenlopende belangegroepe het daartoe gelei dat die hernoemingsplan nou ook al hoe meer deur die publiek "Streetgate" genoem is. In 'n heldersiende skrywe wat sterk reaksie sou uitlok, het 'n briefskrywer van Rondebosch DA politici aangespreek omdat hulle skynbaar vergeet het hoeveel skade "streetgate" besig was om Kaapstad te berokken. Twee oud-presidente en Nobel-pryswenners is immers in die proses oneerbiedig behandel en geen van die betrokke politici kon hulle verontskuldig oor die wyse waarop die straatnaamkwessie hanteer is of "one-upmanship" opeis nie (Mellet 2001:6). Leon is in die besonder aangespreek vir sy onvermoë om te besef dat Kaapstad se kiesers op die hoogte

kon bly van kwessies soos die hantering van korrupsie, wanadministrasie en bedrog. Daar is ook aangetoon dat die DA se beskouing oor en uitbasuin van die eise vir moralitieit vir openbare ampte al hoe meer krities bejeën is. Die moeilike, en soos later sou blyk baie geldige, vraag is aan Leon gestel: Wat gee die leier van 'n politieke party die reg om die mag van polisiëring en regsgesag te aanvaar deur 'n kommissie van ondersoek aan te stel oor 'n saak wat veel wyer strek as die jurisdiksie van 'n party? Die hernoemingskandaal was 'n saak wat onder die aandag van die plaaslike regeringsminister, die polisie en die howe vir moontlike vervolging gebring moes word (Mellet 2001:6). Leon se eintlike rol was om partydissipline toe te pas en besluite oor dissiplinêre prosedures te neem. Mellet het dit is as onheilspellend beskou dat 'n partyleier hom die reg toeëien om in die regstelsel in te meng. Die tyd het vir die DA aangebreek om aan die Kapenaars en die voormalige presidente verskoning te vra. Nie net het die debakel individue geraak nie, maar ook die "obnoxious, intolerant and maverick party culture that has become more glaring since the DA won the local government elections" is uitgelig (Mellet 2001:6). Hierdie briefskrywer het voorgestel dat een deel van Government Avenue na De Klerk, en die ander deel na Mandela vernoem word. Mellet het geskryf dat, veral wat Mandela betref, Kaapstad skromelik agterweë gebly het om een van Suid-Afrika se grootste leiers te vereer.

Die DA, geteister deur swak publisiteit, sou hierdie opmerkings nie onbeantwoord laat nie en die voorsitter van die NBK het soos volg gereageer: Die DA het onmiddellik en beslissend opgetree en binne 24 uur na die beëdigde verklaring is dit onder Leon se aandag gebring; 'n ondersoekkommissie onder leiding van Heath is aangestel, nie deur Leon nie maar deur die LUK vir plaaslike regering; Kaapstad was wel besig om te kyk na ander wyses om Mandela en De Klerk te vereer (Selfe 2001:8).

In sy getuienis het Kieser ook vir Leon bygekom deur beswaar te maak op die wyse waarop "die leier van 'n politieke party vra dat amptenare in die sfeer van plaaslike regering geskors word", en hom van wanadminstrasie beskuldig wat ook ondersoek behoort te word (Van der Westhuizen 2001:1). Leon was nie veronderstel om hom met die bedrywighede van 'n munisipaliteit te bemoei

nie (Rooi 2001b:2). Indien dit waar was dat Johnson se vertroulike beëdigde verklaring sonder haar toestemming bekend gemaak is, moes dit prontuit gesê word; die "uitsmokkel" van 'n vertroulike dokument en bekendmaking daarvan was immers ook wanadministrasie en rede tot ondersoek (Van der Westhuizen 2001:1). Kieser was oortuig daarvan dat Johnson en die ander hulle standpunt sou gewysig het as hulle die proses van openbare mening beter begryp het. Dit het nie oor die tel van stemme gegaan nie, maar oor die argumente vir of teen straathernoeming. Uit die DA-kringe is Kieser se bewerings as 'n rookskerm bestempel (Van der Westhuizen 2001:1).

Vertroulike en persoonlike korrespondensie tussen Leon en Marais is as bewysstukke tydens die Heath-ondersoek ingedien en die stram verhouding tussen Marais en sekere lede van die DP-kontingent is daardeur in die kollig geplaas. Toe hierdie briewe ter sprake kom, het Marais gereageer dat as "politieke verhoudinge met kollegas" geopper word, hy graag daaroor sou wou getuig (Rooi 2001b:2). In een van die briewe sê Leon dat hy verras was deur Marais se opmerking voor die Persklub op 25 Mei dat die openbare mening 2.5 teen 1 ten gunste van die straatnaamveranderinge was, en dat Marais besig was om die uitkoms vooruit te loop. In sy antwoord hierop het Marais daarop gewys dat hy voor sy toespraak gekonfonteer is oor gerugte dat meer as 400 briewe teen die hernoeming was en hy daarop moes reageer. Hy het Leon ook gevra om hom nie in 'n "onverdedigbare posisie te plaas" deur van hom te verwag "om die grense tussen party en staat te vervaag nie, iets waarvan die DA die ANC gereeld beskuldig" (Rooi 2001b:2).

Heath was veronderstel om op 14 Augustus verslag te lewer, maar moes uitstel vra ten einde nog getuies te ondervra. Die sentrale figure se advokate het ook laat blyk dat hulle argumente nie voor 22 Augustus gereed sou wees nie. Uiteindelik kon Heath sy verslag op 28 Augustus oorhandig (*The Star* 2001g:6). Algaande het dit duidelik geword dat Kapenaars 'n groot bedrag vir die Heath-ondersoek sou moes opdok, en die uitstel het die koste verder laat toeneem. Die eerste beraming was R200 000 vir die verwagte twee weke wat die ondersoek aanvanklik sou duur, maar die einddatum is uiteindelik met 'n week verleng. Heath het R740 per uur, Campbell R500

en ’n administratiewe assistent R200 per uur verdien. Die uitgawes vir die regsverteenwoordigers vir Marais en Walker en die unistad-werknemers kon meer as R400 000 beloop. Hierdie span het twee senior advokate ingesluit, wie se fooie tot R20 000 per dag kon beloop. Daarby moes ’n rekening van sowat R50 000 gevoeg word vir advokaat Van der Westhuizen, wie se kontrak opgeskort is en in werklikheid ’n vruglose uitgawe was. Die provinsie sou Heath betaal, maar Kaapstad sou die koste vir die res van die gedagvaardigdes moes dra indien hulle onskuldig bevind is (Rooi 2001c:2). Uiteindelik is daar berig dat dit die provinsie R275 000 sou kos (Smith 2001o:6). Die finale berekening was dat die Marais-debakel in totaal R1 miljoen gekos het. In die lig van hierdie enorme bedrag wou die opposisiepartye hê dat die openbare beskermer die hele kwessie moes ondersoek (Rooi 2001d:2). Hieraan is daar nooit gehoor gegee nie.

Uit die geledere van die publiek is indringende vrae oor die mislukking van Marais se plan en die finansiële implikasies daarvan gevra. Een van die briefskrywers wou weet of die bruin mense wat vir die DA gestem het, vir Marais toestemming gegee het om hulle huur-, belasting-, elektrisiteit- en watergeld op die hernoeming van strate te spandeer. Daar is aangevoer dat die DA eie partygeld moes gebruik om hulle interne gevegte mee te voer, nie die swaar verdiende geld van die belastingbetalers nie. Die bruin kiesers se mandaat was duidelik: behuising, verligting van armoede, welsyn, belastingvermindering en gesondheid. In die straatnaam-projek is baie bruin kiesers se basiese behoeftes eenvoudig links laat lê en Marais is as ’n baie swak beskermer van hulle belange uitgebeeld (Redelinghuys 2001:17).

’n Uitvloeisel van die hofsaak was dat die DA en sy leier se optrede steeds onder skerp kritiek in briewe in die media deurgeloop het. In ’n verdoemende tirade en in gloeiende beeldspraak deur die rubriekskrywer Kirby van die *Mail & Guardian*, is die hoop uitgespreek dat die DA vorentoe meer aanvaarbare politieke optrede uit die klaaglike hernoemingsinsident sou leer. Leon is by name aangeraai om aandag aan sy politieke tafelmaniere te gee en in sy manhaftige houding en breedvoerige uitsprake oor al die ander partye se korrupsie, en in sy manhaftige houding en breedvoerige uitsprake

oor al die ander partye se korrupsie versigtiger en minder arrogant te wees. Sy eie party se verwaandheid oor die eerlikheid en onaantasbaarheid van die DA-alliansie is genadeloos ingevryf (Kirby 2001:18). Dit was vir Kirby verstommend dat Leon week na week daarin kon slaag om die fiasko van die DA-aangevoerde ondersoek te ignoreer. Dit was vanaf die oomblik wat die bedrog in *Mail & Guardian* blootgelê is so, totdat sy "impeccable instincts told him to step in and make a great big self-righteous public feast out of it" (Kirby 2001:18). Nie net was die gevolg dat die DA 'n interne ondersoek gedoen het nie, dit het ook neergekom op 'n "veritable whore's banquet of conflicting committees, probing forums and all the rest of the typically befuddled panic mechanisms of those caught with their fingers in the till" (Kirby 2001:16).

Die verloop van die debakel is ook as heel amusant voorgestel soos wat die burgemeester se amptenare "into full-on whinge-mode" (Kirby 2001:18) gegaan het en na alle kante verduidelik en sondebokke probeer identifiseer het. Eers het hulle beweer dat die verdagte petisies deel van 'n verskuilde ANC-komplot was om die DA-alliansie in die verleentheid te stel en is selfs die rassistiese fluitjie geblaas met Marais se bewering dat die hele fiasko 'n duidelike bewys was dat die blanke Kapenaars ten spyte van sy aangevoerde inspirerende leierskap nog nie getransformeer het nie (Kirby 2001:18). Die *Mail & Guardian* het onder die DA deurgeloop omdat die koerant dit durf waag het om die bedrog openbaar te maak. Wat Kirby die ergste van al die maneuvers rondom die kabaal gevind het, was die feit dat die einste individu wat in die beskuldigde bank beland het – regsadviseur Ben Kieser – self die perke van ondersoek vir Van der Westhuizen se eenmankommissie, wat hyself gekies het, opgestel het. "It's known that dogs return to their own vomit: Here they were rolling in it. All this chicanery was watched – from a safe distance – by the great and wise Mr Leon" (Kirby 2001:18).

Leon het wel privaat vir Marais om 'n skriftelike verduideliking gevra, maar toe dit werklik kom by intree en halt roep, het die "oracle" geswyg. Toe ontstaan die fatale breekspul in die vorm van Johnson se beëdigde verklaring wat in die strengste vertroue aan Walker gegee is en wie haar toe in alleryl na

Leon gehaas het (Kirby 2001:18). Sonder om te besin oor die wesenlikheid van Johnson se regte en persoonlike reputasie in die saak, om nie eers te praat van haar toestemming verkry nie, het Leon die vertroulikheid geskend en die hele saak tydens 'n spesiale perskonferensie wyd en syd verkondig. As politikus was dit vir Leon te aanloklik om volle politieke voordeel te trek deur sy eie morele statuur ten toon te stel. Sy houding het van totale ongevoeligheid teenoor Johnson se reputasie en haar persoonlike veiligheid getuig:

> *She was just another bit of grist to the ravenous Leon mill. If this affair has proved anything it is how the DP component of the Democratic Alliance has brought down the tone of the Nats. It was once said about Harold Wilson and it applies just as well today. There are two things I dislike about Tony Leon – his face* (Kirby 2001:18).

Soos verwag sou die DA hierdie afkeurende woordevloed so volledig as moontlik probeer aanspreek. Dit het kennelik besinning geverg, want twee weke sou verloop voordat Ryan Coetzee vanuit Leon se kantoor puntsgewys op hierdie aantygings gereageer het. Sy reaksie op Kirby se brief was net so heftig as die aanklag self, en hy het die toon daarvan as geheel en al afstootlik bestempel (Coetzee 2001:23). Leon het nie vir weke lank niks gedoen nie, maar ná die openbaring oor moontlike bedrog in die *Mail & Guardian* 'n noodvergadering van die DA-alliansie se NBK byeen geroep waartydens daar aan die burgemeester uitgewys is dat hy ondersoek na die bewerings van bedrog moet instel omdat Kaapstad se ampsdraers en stadsamptenare daarby betrek is. Terselfdertyd is daar besluit dat die DA self 'n ondersoek oor die aanklagte teen die DA-ampsdraers sou loods (Coetzee 2001:23).

Kirby se oortuiging van toesmeerdery het op die hipoteses en die stellings van stadsamptenare berus. Vir Coetzee (2001:23) was dit glad nie duidelik hoe dit alles op toesmeerdery kon dui nie. Hy het probeer verduidelik dat die werklike probleem met die stad se ondersoek was dat advokaat Van der Westhuizen nie oor die reg van dagvaarding van die getuies beskik het nie. Dit was die rede waarom Leon die provinsiale minister van plaaslike sake moes vra om 'n intensiewer ondersoek te loods in ooreenstemming met klousule 106 van die Munisipale Stelsel Wet. Hy het dit binne 24 uur nadat hy Johnson

se verklaring ontvang het gedoen, wat toe op die Heath-ondersoek uitgeloop het. Leon het besluit om Johnson se verklaring openbaar te maak omdat dit in elk geval sou gebeur het, aangesien Johnson dit opgestel het om dit aan die stad se ondersoek deur Van der Westhuizen beskikbaar te stel. Volgens Coetzee het Johnson te kenne gegee dat, alhoewel sy nie formele toestemming kon gee vir die bekendmaking van die verklaring ter wille van haar eie regsbeskerming nie, sy nie beswaar sou aanteken as die DA dit op homself geneem het om dit openbaar te maak nie. Ter wille van haar veiligheid is stappe deur die stadsbestuurder gedoen om te verseker dat sy haar nie in 'n vyandige omgewing by die werk sou bevind nie. Kirby verwys na wat Wilson gesê het en maak dit van toepassing op Leon, maar wat Wilson eenkeer van Tony Benn gesê het, is perfek op Kirby van toepassing: "He immatures with age" (Coetzee 2001:23).

Marais het steeds volgehou dat hy nie deur die hernoemingskandaal afgeskrik is nie en sou vorentoe sorg dat Mandela en De Klerk behoorlik vereer word. Teenoor die *Cape Argus* het hy in alle erns te kenne gegee dat hy nie opgetree het om applous te ontvang nie. Hy het gedoen wat reg is en die openbare mening "must be addressed, adjudicated and satisfied" (Williams 2001b:1). Hy het hierin ook erken dat hy mense se geesdrif om Mandela en De Klerk te vereer oorskat het en nie genoeg gedoen het om die arm gemeenskappe se menings daaroor in te win nie. Hy het te kenne gegee dat hy die besluit sou kon stoomroller, maar eerder besluit het om wel die openbare mening te toets. Gevra of hy die naampetisies vooraf gesien het, was sy antwoord dat hy nie wou nie, want hy het baie politieke vyande en wou dit vertroulik hou totdat die veelpartykomitee dit ter insae gehad het (Van der Westhuizen 2001:2).

Dit was nie vreemd dat Marais in 'n hoofartikel in *Die Burger* gemaan is dat sy getuienis gedurende die verhoor die indruk geskep het dat hy nie uit die debakel geleer het nie en weer tot die aanval wou oorgaan. Hy moes eerder versigtig wees "dat hy nie die openbare indruk versterk dat dit vir hom persoonlik hoofsaak geraak het om sy eie aansien te red en te wys dat hy bloot een veldslag verloor het, nie die oorlog nie", en is vir die soveelste keer daaraan herinner om eerder dienslewering voorop te stel (*Die Burger* 2001e:8).

Marais se verknorsing was aan die toeneem. Op hierdie punt het die stadsbestuurder, Maydon, ondersoek begin instel na die kontroversiële aanstelling van Theo Noble as Marais se geestelike raadgewer teen R500 per uur. Dit het ook geblyk dat die burgemeester se dogter, prokureur Cheryl Ehrenreich, besig was om gratis regshulp aan Noble, ’n familievriend, te gee. Maydon het hom gedwonge gevoel om samesprekings met Marais te voer oor die kwessie van ’n betaalde geestelike raadgewer. Dit is as ’n vreemde praktyk geag omdat dit voorheen altyd ’n erepos was (Underhill 2001:18). Marais se verduideliking was dat daar vraagstukke was waaroor hy raad nodig gehad het, soos gay-kwessies wat uit ’n godsdiendstige oogpunt bekyk moes word en dat geen amptenaar dit aan hom kon verskaf nie. Wat Maydon ook nie kon verstaan nie, was waarom Noble gekies is siende dat Marais nie ’n lidmaat van hierdie pastoor se kerk was nie (Underhill 2001:18).

As persoon was Noble volgens Underhill ook nie sonder probleme nie. Hy het die eerste keer in kontroversie beland toe hy aan ’n nuusblad erken het dat hy in Junie 2001 as vrywilliger van die Christelike radiostasie, Cape Community FM, afgedank is. Hy is daarvan beskuldig dat hy die opdragte geïgnoreer het om nie oor die lug reklame vir sy eie kerk te maak nie. Sy vrou Patricia was soms sy mede-aanbieder, en toe die stasiehoofde geweier het om Noble op die lug toe te laat voordat hy sekere ondernemings sou gee, het sy met die uitsending voortgegaan, die deur gesluit en tydens die uitsending growwe taal teenoor die hoof gebesig (Underhill 2001:18). Sy moes agterna om verskoning vra. Wat Ehrenreich aanbetref het sy bevestig dat sy Noble gratis verteenwoordig het omdat hy ’n familievriend was.

# 8. DIE HEATH-VERSLAG SE GEVOLGE

Op 28 Augustus was Heath gereed om sy verslag aan die minister vir plaaslike regering te oorhandig, maar dit was onbekend wanneer dit openbaar gemaak sou word. Uys het laat blyk dat dit nie aan 'n politieke party oorhandig sou word nie, maar aan hom persoonlik, en hy en die amptenare in sy department se regsafdeling sou die verslag, gevolgtrekkings en aanbevelings bestudeer. Siende dat dit 'n saak van openbare belang was, sou hy die bekendmaking daarvan nie vertraag nie, maar wou hy ook nie te oorhaastig optree nie. In hierdie vroeë stadium voor die bekendmaking was Heath uiters versigtig. Toe hy gevra is of hy nog staan by sy aanvanklike opmerking dat Marais nie 'n verdagte is nie, was sy saaklike reaksie dat hy tot sekere gevolgtrekkings gekom het en die stad sou moes besluit welke daarvan hulle aanvaar of verwerp (Smith 2001l:3). Die ANC in die Wes-Kaap het volle en onmiddellike vrystelling van die verslag gevra, veral omdat die DA geen spesifieke tyd vir die bekendmaking daarvan aangedui het nie (*The Star* 2001h:5).

In hierdie stadium is 'n landswye opname deur die maatskappy MTD Research Surveys (www.socialresearch.co.za) oor die naamsverandering van polities of histories sensitiewe name, wat reeds in Julie voltooi is, bekend gemaak. Tweeduisend verteenwoordigende respondente is in die metropolitaanse areas getoets (*Cape Times* 2001f:3). Dit is nooit bekend gemaak waarom daar so lank gesloer is om die inhoud daarvan bekend te maak nie. Die resultate word in Tabel 1 hieronder bespreek.

**Tabel 1 Opname: Hernoeming van strate, skole en teaters met polities/histories sensitiewe name**

| | Swart | Bruin | Indiër | Blank |
|---|---|---|---|---|
| Vir hernoeming na huidige politici | 66% | 10% | 9% | 7% |
| Vir vernoeming na voormalige politici | 60% | 9% | 7% | 10% |
| Vir vernoeming na fauna en flora | – | 37% | 60% | 49% |
| Vir vernoeming na name met geografiese assosiasies | – | 38% | 29% | 48% |

Uit die opname het geblyk dat 48% van die respondente gedink het die herbenoeming van skole, teaters en strate in Suid-Afrika met polities of histories sensitiewe name 'n goeie idee sou wees (31% het nie hiermee saamgestem nie en 21% was onbeslis). Die meerderheid blankes (73%), bruin mense (69%) en Indiërs (61%) het gedink dit is 'n slegte idee, maar net 10% swart mense het hierdie opinie gehuldig. Die Kapenaars was die negatiefste, met 57% van respondente wat die idee teengestaan het vergeleke met 30% in Port Elizabeth, 28% in Durban en 25% in Gauteng. Onderskeie etniese groepe het ook verskille in hulle keuse van name getoon: 66% swart stemme het gevoel dat die name van huidige Suid-Afrikaanse politici geskik was om skole, teaters en strate mee te hernoem, teenoor slegs 10% bruin, 9% Indiër en 7% wit stemme. Dieselfde verskille het oor die gebruik van name van voormalige politici gegeld: 60% swart respondente het daarmee saamgestem teenoor 10% wit, 9% bruin en 7% Indiër. Die gebruik van inheemse fauna en flora name is deur 49% wit, 37% bruin en 60% Indiër respondente verkies. Name met geografiese assosiasies is deur 48% wit, 38% bruin en 29% Indiër respondente aangehang. Swart respondente het die gebruik van huidige politici (60%), asook ander bekende Suid-Afrikaners met geen politieke affiliasies of verbintenisse nie, verkies (Sylvester 2001c:3).

Soos hierbo blyk was daar geen oorweldigende entoesiasme vir hernoeming (en veral nie vir hernoeming na politici) in Kaapstad nie. Fauna en flora name en geografiese benamings het geblyk die gewildste te wees. Daar was wat Kaapstad betref nooit 'n omvattende, wetenskaplike opname gemaak oor hoe gewild vernoeming na Mandela en De Klerk sou wees nie.

Teen die einde van Augustus is die mening in die pers uitgespreek dat aanvalsdag vir die DA aangebreek het soos die spanning tussen die NNP- en DP-faksies binne die alliansie aan die oplaai was. Die DA het pas 'n jaar oud geword, maar die fiasko wat deur die straathernoemingsidee veroorsaak is, het die spanning en gebreke binne die DA wyd oopgeruk (Streek 2001a:5). Aan die een kant was daar die DP wat 'n groot ophef van die verbondenheid tot skoon regering en deursigtigheid gemaak het, en aan die ander kant die

NNP wat tydens die fiasko verwyt is oor die beginselloosheid en optrede wat aan die NP-era herinner het. Op sigself van mindere belang het die straatnaamdebakel tog die verskille tussen die NNP en DP duidelik aan die kaak gestel. Dit was volgens Streek vir die DP in die eerste instansie Marais se neiging tot skandalige optrede en uitsprake, en sy gewilligheid om ook die rassekaart te speel, wat afstootlik was. Deurgaans is egter in gedagte gehou dat hy een van die NNP se gewildste politieke trekpleisters was; 'n mislukte aksie teen hom kon die reeds gespanne verhouding tussen die NNP en die DP tot finale uitbarsting bring (Streek 2001a:5).

Die een groep het Marais as 'n politieke probleem beskou waarvan daar ontslae geraak moes word ongeag die uitslag van die Heath-ondersoek. Die ander groep was versigtig om Marais die trekpas te gee, omdat hy dalk die ander oud-Natte om hom kon verenig en selfs met die een of ander hofsaak vorendag kon kom. Tom Lodge, 'n politieke wetenskaplike by Wits, het dit raak opgesom: "I am sure they are all hoping – even Tony Leon is hoping – for an escape clause so that they don't have to get rid of Marais" (Streek 2001a:5). Lodge het gemeen dat die skorsing van Marais tot 'n breuk tussen die DP en die NNP kon lei. Hierdie opvatting en Van Schalkwyk se hand van beskerming was eintlik die skans wat aan Marais, ten spyte van die talle ongemaklike situasies wat hy deur sy onbesonne optrede geskep het, beskerming verleen het.

Reeds in hierdie stadium is daar in die pers gespekuleer dat die twis rondom Marais daartoe kon lei dat die NNP 'n ooreenkoms met die ANC aangaan om beheer oor die stadsraad te verkry. Dit was duidelik dat Leon en die DA hulle morele beeld veel moeiliker ná die Marais-debakel sou kon voortsit. Richard Calland van Idasa het die kwessie van hoe Heath die verklikkings-aspek sou hanteer as die groot toets vir die DA gesien (Streek 2001a:5).

Op 30 Augustus is Heath se verslag openbaar gemaak met die twee belangrikste aanbevelings as 1) dissiplinêre optrede teen die burgemeester, sy segsman (Johan Smit) en regsadviseur (Ben Kieser) vir die oortreding van die munisipale gedragskode en statutêre verpligtinge, en 2) die las van 'n polisie-ondersoek rakende die bedrog wat deur die twee raadslede, Una Pick en Bonita Jacobs, en drie Manenberg-inwoners in die versoekskrif-veldtog gepleeg is.

Heath het spesifieke aanbevelings in sy verslag gemaak oor Marais, Kieser en Smit, Pick en Jacobs, en die drie inwoners van Manenberg wat versoekskrifte namens ander onderteken het. Verder het Heath bevind dat Marais nie werklik bewyse gehad het vir sy bewering dat steun vir sy plan 2.5 tot 1 ten gunste daarvan was nie, en dus die media en die publiek aan wie hy verantwoording moes doen verkeerd ingelig het (Van der Westhuizen 2001r:11). Kritiek op Marais waarvolgens Heath tugstappe aanbeveel het, het ingesluit: dat hy nie sy pligte as burgemeester deursigtig en eerlik uitgevoer het nie; nie voortdurend in die beste belang van die munisipaliteit opgetree het nie, en die geloofwaardigheid van die munisipaliteit in die gedrang gebring het; dat hy versuim het om teen Smit op te tree; dat die inligting in sy Persklub-toespraak kon bygedra het tot wanpraktyke; en dat sy optrede in eiebelang was (Van der Westhuizen 2001r:11).

Daar is bevind dat Kieser en Smit nie openlik en op ’n regverdigbare wyse in die hantering van openbare kommentaar opgetree het nie. Heath se bevinding van hulle wanadministrasie het berus op die feit dat hulle nie eerlike administrasie tussen hulle en die gemeenskap bevorder het soos deur die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels vereis nie; nie onpartydig opgetree het nie; en nie die gemeenskap die geleentheid gegun het om ten volle aan sake deel te neem nie (Van der Westhuizen 2001a:11).

Pick het bedrog gepleeg met die handtekeninge op die versoekskrifte, en Heath het aanbeveel dat haar saak na die polisie verwys moes word. So ook in Jacobs en die inwoners van Manenberg se geval, waar bedrog gepleeg is in terme van die redes waarom sommiges die versoekskrifte geteken het (Van der Westhuizen 2001a:11).

Op die voorblad het die *Cape Times* op 31 Augustus aangekondig “Mayor suspended” en gerapporteer hoe Marais deur Morkel verplig is om onmiddellik verlof te neem met onderburgemeester Walker wat in sy plek sou waarneem. Smit en Kieser sou op aanklag van wanadministrasie voor die unistad se dissiplinêre verhoor verskyn (Smith 2001m:1).

Marais se eerste reaksie was dat hy al sy beloftes jeens die stad nagekom het en dat hy nie wetlik verplig was om verlof te neem nie, maar dat hy onder die omstandighede nie behoorlik in sy pos kon funksioneer nie. Hy het erken "[i]t hurts … I am very shocked at these findings" (Smith 2001m:1) omdat, wat hom betref, daar geen getuienis was wat hom aan korrupsie of bedrog kon verbind nie.

Daar is toe besluit op 'n drieman-ondersoek na Marais en die twee raadslede, met 'n verslag aan die party se beheerkomitee; die tydelike ontslag van die twee raadslede; en die tydelike opheffing van Marais se party-ampte hangende verdere ondersoek (Jordaan 2001f:11; Fine 2001b:2). Marais is hiervolgens van sy pligte as stadsraadslid en burgemeester onthef, en ook van alle poste wat hy in die DA beklee het. Marais het gemeen dat die Heath-ondersoek ver buite die gestelde mandaat beweeg het. Hy het onmiddellik sy kantoor ontruim, en na samespreking met sy regsverteenwoordigers die getuienis waarop Heath sy bevindings gegrond het as onbeduidend afgemaak. Hy het ook laat blyk dat hy verdere ondersoek van die kant van die provinsiale regering sou verwelkom. In hierdie stadium was die bespiegeling dat so 'n ondersoek waarskynlik deur regter Edwin King, wat reeds deur die provinsiale regering daaroor genader is, gedoen sou word. Pick en Jacobs is ook in afwagting van die verdere ondersoek uit die party geskors (Van der Westhuizen 2001s:1).

Soggot (2001b:24) het berig dat Heath se ondersoek in 'n sekere sin as 'n toets vir homself beskou is. Dit was die eerste keer dat sy regsvernuf fel in die openbare oog sou kom nadat hy weer privaat begin praktiseer het na sy uittrede as hoof van die spesiale ondersoekeenheid. Die vreesloosheid waarmee hy dit benader het, het van hom eers 'n ikoon en toe 'n martelaar gemaak (Soggot 2001b:24). Waaroor Heath onmiddellik gekritiseer is, was dat hy in sy bevindings nie duidelik was oor hoe presies hy tot sy gevolgtrekkings gekom het nie. Veral sy aanval op Johnson as sleutelgetuie is as ongegrond gekritiseer, asook die feit dat hy versuim het om enige oorkoepelende mening te lug oor wie vir wie aangesê het om die openbare steun te bekonkel.

Sy verslag is uit meer as een oord as 'n "rush job" gekritiseer (Soggot 2001b:24). Soggot het onder andere bespiegel dat die openbare en politieke

belangstelling in die debakel so groot was dat Heath dit so gou as moontlik moes afhandel. Heath was veral krities oor Marais se optrede en het dit veral oor sy luidrugtige onbestendigheid gehad. Hy het dit gebaseer op wat hy as Marais se leuens oor die omvang van openbare steun vir sy plan gesien het. Wat Soggot (2001b:24) betref het, was dit 'n kwessie van "Heath milked what there was for all it was worth". Dit is daarop gewys dat dit veel meer gewig sou gedra het indien hy dit met 'n deeglike ontleding van Smit en Kieser se optrede gestaaf het. Heath het ook nie die besonderhede verskaf van hoe presies die opdragskakel verloop het nie. Wie presies het vir wie aangesê om die stemme te vervals? Hy het Smit se opmerking dat sekere mense se arms lam sou wees as gevolg van 'n week se ondertekening sonder indringende ondersoek daar gelaat. Smit het in sy getuienis beweer dat hy na die 300 beloofde ja-stemme van pastoor Noble verwys het, maar laasgenoemde het getuig dat hy nie die lewering daarvan beloof het nie en Smit so direk weerspreek. Dit het die kardinale vraag na wie se seer arms Smit eintlik verwys het onbeantwoord gelaat (Soggot 2001b:24).

Heath se hantering van die openbaarmaker, Johnson, is veral as problematies uitgewys omdat hy in werklikheid geen vaste bewyse vir sy stellings oor haar getuienis gegee het nie. Hieroor is hy, soos aangedui sal word, uit talle oorde heftig gekritiseer. Heath was nie besonder beïndruk met Johnson se getuienis nie: "We are not impressed with her evidence in many respects ... save to the extent that her evidence was confirmed and corroborated by other witnesses" (Callard 2001:23). Toe Heath in 'n hoek gedruk word om oor sy negatiewe kommentaar oor haar getuienis uit te wy, was sy antwoord dat dit nie prakties moontlik was om die besonderhede te verskaf nie, maar dat Johnson ontwykend was. Hy het egter toegegee dat sy onder geweldige druk was. Sy negatiewe kommentaar oor Johnson is gesien as 'n poging om sy onpartydigheid te probeer bewys; "he had to look lofty, willing to blast even the whistleblower" (Soggot 2001b:24).

Heath het in sy bevindings ook die kwessie van verklikking aangeraak en verklaar: "We are very disappointed in the fact that the attitude disclosed by the Mayor, Mr Kieser and Mr Smit, is not conducive to whistle blowing ... we are

of the opinion that other employees of the City Council may in future hesitate, or even refuse to become involved in whistle blowing" (Heath Specialist Consultants 2001:61-62). Dit is as tragies beskou dat sy kritiek op die openbaarmaker tog die verkeerde boodskap uitgestuur het, omdat die openbaarmaking van ongerymdhede so raar en ongewoon was. Dit was dus te begrype dat Johnson soveel antagonisme vanaf haar kollegas beleef het. Haar behandeling deur die DA-leierskap, veral die wyse waarop haar verklaring geopenbaar is, is as kommerwekkend bestempel (Soggot 2001b:24).

Vanuit die meeste oorde is Johnson as die ware heldin in die verhaal beskryf. *Business Day* byvoorbeeld het haar moed om wat sy geglo het ernstige oortredings was aan die kaak te stel en haarself op dié wyse aan ongewildheid by haar kollegas bloot te stel as eerbare optrede gesien. Daar is gestel dat sy vergoed moes word vir haar waaksaamheid, en dat haar voorbeeld in die ontbloting van korrupsie in die werkplek gebruik kon word (*Business Day* 2001:11). Heath se oorhoofse benadering tot die hele debakel is as styfhoofdig en weerbarstig beskryf, veral omdat hy die poging deur Marais se regsadviseurs om sy bevindings tot bedrog en korrupsie te beperk geïgnoreer het en in stede daarvan dit tot wanadministrasie en oneerlikheid uitgebrei het (Soggot 2001b:24).

Die nadeel van sy verslag was dat die openbaarmaker deur sy ongemotiveerde kritiek nog een van die talle "whistleblowers" geword het wat agterna moes wonder of dit die moeite werd was om 'n loopbaan daardeur in die gedrang te bring. Dit was wel waar dat die Wet op Beskermde Onthullings (RSA 2000) vergoeding verseker het indien 'n openbaarmaker loopbaan skade ly in die vorm van teistering of nie-bevordering, maar dit het haar nie in die aanloop tot en verloop van die verhoor teen Heath of Leon beskerm nie. Inteendeel, Heath het Johnson se naam op totaal onverwagse wyse beklad. Callard was van mening dat Heath die gulde geleentheid laat verbygaan het om Johnson vir haar dapper optrede te loof en sy pleidooi was dat openbaarmakers, waar hulle ookal na vore tree, beter beskerming ontvang (Callard 2001:23).

Dit is interessant dat daar in meer as een kring verbasing oor die felheid van Heath se bevindings teen Marais uitgespreek is. Selfs uit die DA-kamp is

beweer dat Heath se verslag verras het omdat hy die indruk geskep het dat hy Marais wou bykom (Kahn 2001c:4). Ook Marais se kritici, wat hoogstens ’n moontlik polities skadelike berisping van Heath se kant verwag het, was deur die ondersoeker se skerp kritiek verras. Fine (2001b:2) het dit as verstommend beskou dat ’n senior politikus hom soveel moeilikheid oor so ’n onbenullige kwessie op die hals kon haal. In der waarheid het dit die problematiek van naamsverandering wat in die politiek verstrengel raak getoon, en gewys hoe ’n paar petisies oor twee strate se naamsverandering ’n sluimerende vete tussen twee faksies van ’n nuut gestigte party tot uitbarsting kon bring (Fine 2001b:2). Die uiteindelike vraag was of Heath se verslag die DA se posisie in die Wes-Kaap sou verswak of versterk. Die hoofdoelwit van die DA en sy leier wat so dikwels aan die groot klok gehang is, was immers om geloofwaardigheid as regering in die Wes-Kaap te verkry en dit as vasstrapplek te gebruik om nasionale aansien te verwerf (Fine 2001b:2).

Dit was duidelik dat die verslag, ten spyte van gebreke, ernstige gevolge vir die toutrekkery tussen die DP en die NNP ingehou het. Dit is daarop gewys dat die straatnaamprojek in wese ’n NNP-inisiatief was en tipies was van die oneerlikheid en beginselloosheid wat so kenmerkend van die die party geword het (Callard 2001:23). Uit Callard se pen is daar veral bitsige kommentaar op Heath se lomp hantering van sy ondersoek gelewer. Heath se optrede was vir Callard eerder soos dié van ’n Don Quixote as van ’n Superman, en dit terwyl hy daarop uit was om homself as die groot uitsnuffelaar van korrupsie en redder van die nuwe Suid-Afrika te projekteer: “Clumsy with the sensibilities of the politicians, clumsy with the media and, if the *Henning Report* that recently evaluated the performance of the SIU [Special Investigation Unit] is to be believed, clumsy with its planning and management” (Callard 2001:23).

Twee verdere verhore het Marais nou in die gesig gestaar: ’n dissiplinêre ondersoek deur regter King oor sy beweerde verontagsaming van ’n statutêre gedragskode, en ’n driemankommissie om op die politieke gevolge van die kabaal in te gaan met rapportering aan die DA se NBK. Marais se posisie is nie as baie rooskleurig beskou nie. Dit was te begrype dat sekere NNP uitvoerede komiteelede vroeëre bewerings dat die hele affêre ’n komplot deur

Leon en sy DA-aanhangers teen Marais en sy NNP-kollegas was herhaal het. Dit was opvallend dat die aanstelling van Heath en die hantering van die verslag, deur Uys uitgevoer, en deur Morkel gesteun is. Veral ook opmerklik tydens die bekendmaking van die verslag was dat nie een van dié twee gewillig gelyk het om Marais te verdedig nie (Fine 2001b:2).

Ook betekenisvol was die feit dat die verklaring uit die DA-hoofkwartiere gesamentlik deur Leon en Van Schalkwyk onderteken is, en dat Uys vir Walker as waarnemende burgemeester aangestel het met Marais se ontheffing. Dit in weerwil van die feit dat sy in NNP-kringe as die eintlike aanstigter van al die moeilikheid beskou is. Sy het haar nuwe taak egter kalm aangepak en te kenne gegee dat die tyd aangebreek het om die raad weer ten volle op die spoor te bring. Fine (2001b:2) berig dat al die stadsraadslede in hierdie stadium opdrag van die partyleiers ontvang het om nie met die media te praat nie. Daar was sprake van 'n teenaanval uit pro-Marais geledere om 'n dissiplinêre aanklag, gegrond op die feit dat sy Johnson se voorwaardes geminag het, teen Walker te maak.

Nog 'n kwessie wat opgeduik het, was wie Marais sou vervang indien hy nie sy afdanking oorleef nie. Die problematiek was dat die DA nog nie 'n grondwet in plek gehad het nie, en gevolglik oor geen formele prosedures beskik het om so 'n kwessie die hoof te bied nie. Die nasionale en provinsiale leierskap het blykbaar besef dat om hulle eie keuse te probeer afdwing, slegs die bestaande tweespalt in die stadsraad sou vererger. Die oorheersende gevoel was dat dit weer iemand uit die geledere van die NNP sou moes wees (Fine 2001b:2).

Na die bekendmaking van Heath se verslag het Leon en Van Sckalkwyk gesamentlik verklaar dat hulle glo hulle het reg opgetree, maar hulle spyt en misnoeë uitgespreek dat die proses om die openbare mening te toets tot Heath se ondersoek moes lei (Van der Westhuizen 2001s:1). Dit sou nou die DA as politieke party se taak wees om die openbare vertroue te herstel. Hulle het herbeklemtoon dat dit die stadsraad se belangrikste taak is om diens te lewer. Terselfdertyd het hulle te kenne gegee dat hulle steeds die plan om Mandela en De Klerk te vereer steun, en die hoop uitgespreek dat die stadsraad 'n geskikte manier daarvoor sou vind. Daar is ook bekend gemaak dat die DA

se bestaande driemankommissie onafhanklik van die King-kommissie sou vasstel watter partypolitieke stappe teen Marais, Pick en Jacobs geneem sou moes word (Van der Westhuizen 2001s:1). Ook Walker en Morkel het hulle skok oor die verloop van die gebeure uitgespreek.

Hierdie troebel politieke waters het die ander partye die kans gegee om op die DA se ernstige interne probleme te hamer. Die ANC het die verslag gekritiseer as eerder 'n oefening wat veral daarop gemik was om die leierskap-strydpunte binne die DA te besleg, as om werklik tot die kern van die aangeleentheid deur te dring. Dit het duidelik geword dat persone binne die DP sou poog om van Marais ontslae te raak, omdat hy eintlik bloot geduld en verduur is terwyl hy darem nog bruikbaar genoeg geag is om die bruin stemme te werf (Kahn 2001b:1).

Daar kon weinig twyfel bestaan dat die gebeure 'n yslike slag vir die DA was deurdat betrekkinge tussen die DP en die NNP ernstig versleg het. Wat nou weer opgerakel was, was die feit dat daar reeds voor die samesmelting 'n toenemende gevoel onder beide faksies was dat die politieke eenwording nie deurgevoer moes word nie (*Die Burger* 2001f:12). Die hele kabaal was ook 'n slag teen gesonde demokrasie, waarin 'n sterk opposisieparty onontbeerlik is. Die kernvraag was nou of die Heath-ondersoek die DA sou versterk of verswak. Dit is in herinnering geroep dat reeds met die aanvang van die plaaslike regeringsverkiesing, dit duidelik begin word het dat Marais 'n gemengde seën vir die alliansie sou wees. Die raak beskrywing van hom was dat hy 'n "fundamental populist" is wat skares kon lok en aanpor, maar ook "accident prone" in sy politieke oordele was (Fine 2001b:2).

Alhoewel Leon vir sy vinnige optrede geloof is, is hy andersyds fel gekritiseer vir wat as sy oorangstige reaksie en optrede bestempel is. Callard (2001:23) het hom verwyt dat hy betower is deur die wonderlike geleentheid wat in sy skoot geval het om twee dinge te bereik: om bewys te lewer van sy party se onverdraagsaamheid teenoor korrupsie, en om van die lastige en wispelturige Marais ontslae te raak. In die proses het hy egter nie gehuiwer "to trample over the rights and interests of the whistleblower" nie (Callard 2001:23). Die vraag was waarom Heath nie dié laakbare gedrag van Leon veroordeel het nie.

Callard het toegegee dat Leon nie die oorsaak van die besluit was om Heath aan te stel nie en Heath ook nie 'n "hired gun" was nie, maar dat Heath wel 'n sogenaamde politieke missiel lanseer het waardeur Marais ernstig getref is (Callard 2001:23). Die DA se geleentheidshuwelik was besig om te ontrafel met die kernrede daarvoor die skrille kontras tussen die DP en die ou Natte, en "in the deep recesses of the political belly, so to speak, ... good old-fashioned snobbery" (Callard 2001:23). Skynbaar kon die DP-liberales in die suidelike voorstede Marais se kru maar uiters effektiewe soort politiek nie uitstaan nie. In hierdie stadium was die politieke toekoms van die DA vloeibaar en onseker, en net die verloop van tyd sou uitwys wie op die lange duur uit die hele sage sou baat.

Die feit dat Marais se politieke loopbaan aan 'n draadjie gehang het, het meegebring dat sy omstrede verlede vir die soveelste keer opgerakel en voorgehou is. Hadland het daaraan herinner dat vanaf die oomblik dat Marais sy belangrike leiersposisie as burgemeester betree het, daar reeds diegene was wat verwag en voorspel het dat hy weens sy onbedwingbare grootdoenery die een of ander tyd in die moeilikheid sou beland. Die verwagting dat met Marais "dull moments will be few and far between" is inderdaad bewaarheid (Hadland 2001c:4). In werklikheid het dit net agt maande geneem vir die onteenseglik omstrede en uitbundige Marais om uit sy amp gedwing te word. So onkeerbaar en onbedwingbaar is Marais egter gesien dat Hadland (2001c:4) voorspel het dat daar met die oordeelsdag net bepaalde oorlewendes sou wees: "[T]he only survivors will be cockroaches, Winnie Mandela and Peter Marais".

Marais se lang en problematiese loopbaan van politieke opportunisme is onomwonde voorgehou, en sy politieke oortuigings is as 'n warboel van sosialistiese idees en ou NNP-lojaliteite bestempel. Hy was van nature "abrasive and speaks out against his own party when he sees fit" (*Financial Mail* 2001:14). Gerugte dat Marais met die ANC praat was besig om vinnig te versprei en die vraag was of die ANC hom werklik kon of wou omarm binne die party se uitkringende aanhang (Callard 2001:23). Al sou hy vrygespreek word van die stembedrogskandaal kon hy volgens die *Financial Mail* hoegenaamd nie van waarde vir die ANC wees nie. Hulle kon net sowel vir Abe Williams wat

binnekort uit die tronk sou kom en sy skuld teenoor die gemeenskap betaal het, werf. Die oordeel oor Marais was: "The incredible lightness of mayor Peter Marais" (*Financial Mail* 2001:14).

Marais het nooit weggeskram van kontroversie of uitdagende standpunte teenoor die nasionale leiers nie, of van konfrontasie binne sy eie party wanneer hulle probeer het om hom in te perk nie. Voorbeelde van kontroversie waarin hy betrokke geraak het, was onder andere die uitspattigheid en koste van sy inswering, die twis oor sy gebruik van veiligheidswagte en chauffeurs, 'n amptelike reis na Rusland wat R300 000 gekos het, sy wegvlug van die KTC-inwoners en uiteindelik die straathernoemingsdebakel.

Marais het volgehou dat Heath hom van enige ernstige oortreding vrygespreek het. Sy verweer was onder andere dat indien elke politikus wat sy syfers verkeerd het aanspreeklik daarvoor gehou word almal tuis met verlof sou wees (Michaels 2001:5). Daar was by heelwat persone die gevoel dat die DP eintlik vir Heath gebruik het om van Marais ontslae te probeer raak (Michaels 2001:5). Oor sy siening van en verhouding met Leon en sy binnekring het Marais nou laat blyk dat hy Leon as "'n ander tipe wit mens" ervaar het:

> *Hy staan met sy neus in die lug, hand agter die rug, lig sy wenkbroue en bevraagteken elke geluid wat jy maak. Kyk wat eet jy by 'n partytjie, hoeveel jy drink, of jy die Engelse woord reg uitspreek ... of jy deel kan word van die klub van hoogaangeskrewe mense. Hulle sit nie langs bruin mense by vergaderings nie. Toe die mense in die Unistad se raad kom kla, sê een van hulle 'ons is nie rasbewus nie, maar klasbewus'* (Hugo 2002:38).

Die wyer beskouing was dat die Marais-sage steeds by die twistende alliansie gespook het en dat die DA besig was om op 'n spandraad te loop in sy hantering van Marais (Michaels 2001:5). Verloor die DA Marais se steun, sou hulle ongetwyfeld 'n vyand van hom maak, iemand met invloed wat die party baie skade kon berokken. Die ANC was reeds besig om na verskeie NNP-raadslede te vry, maar is voorlopig aan bande gelê deur wetgewing wat oorlopery tussen partye verbied het. Indien Marais dit oorweeg om na die ANC te dros, wat hy twee jaar tevore blykbaar oorweeg het, sou hy genoeg steun binne die raad moes werf om die DA te ontsetel (Michaels 2001:5). Dit

is egter as onwaarskynlik beskou dat die ANC hom in daardie stadium in hulle midde sou verwelkom nadat hulle hom tydens die munisipale verkiesings skerp gekritiseer het.




**9: Marais se illusies oor sy invloed en statuur word 'n tydbom op pad na tamatiestraat (*Rapport*, 2 September 2002:28)**

Aan die einde van Augustus het die spanning in die DA breekpunt bereik met Marais as die spilpunt daarvan. 'n Ontevrede protesgroep van die Kaapse Vlakte en die Boland sou op 1 September na die DA se saamtrek in Parow opruk om teen Marais se skorsing te betoog en hulle griewe te lug. Die beswaar uit NNP-geledere was dat "Leon en sy DP-laksmanne" hul sin gekry het wat optrede teen Marais betref (Jordaan & Sidego 2001:1). Veral die NNP-veterane kon geen duidelike verband tussen Heath se verslag en sy aanbevelings vind nie; in hulle oë het Heath se feitebevindings nie sy aanbevelings onderskryf

nie. Die wyse waarop Marais behandel is, is as die laaste strooi gesien om die DA se bruin ondersteuning van die alliansie te vervreem, en daar was aanduidings dat ’n beduidende bruin groep binne die alliansie die bevindings “as ’n klinkklare aanduiding sou interpreteer dat die Engelse liberale die oorhand het en die bruin mense se belange finaal deur die DA vertrap word” (Jordaan & Sidego 2001:1). Marais se ondersteuners het nou hulle hoop op die King-ondersoek gevestig.

Uit die DP-geledere is Marais weer as ’n “gevaarlike tydbom” beskryf (Jordaan & Sidego 2001:1). Daar is geargumenteer dat hy nie onvervangbaar is nie en dat die verkiesing boonop nog ver in die toekoms was. Die belangrike stemme binne die DP het die oortuiging uitgespreek dat daar geen ander uitweg was as om teen Marais op te tree nie. Volgens Jordaan en Sidego (2001:1) sou die DA steun inboet indien die “beginsels van skoon regering” nie gestand gedoen is nie. Daar is weer gewag gemaak van die feit dat die besluit op die Heath-ondersoek gesamentlik deur Marais, Van Schalkwyk, Leon en Morkel geneem is, en dat verantwoordelike regering beteken dat so ’n ondersoek daarna ernstig opgeneem moet word. Volgens dié verslaggewers was Heath se ondersoek die eerste fase, terwyl die volgende fase die King-ondersoek sou wees wat finale bevindings moes gee.

Terwyl Marais ondersteuners gehad het, is Leon aan die ander kant vir sy vinnige reaksie rakende die straatnaamdebakel geloof. Op hierdie delikate stadium het ’n hoofartikel in die *Cape Argus* (2001a:1) onder die opskrif “Open government” Leon se optrede gekontrasteer met die geveinsde bravado wat Suid-Afrikaners so dikwels van hulle leiers ervaar. Al kon siniese persone argumenteer dat die straatnaamkwessie ’n totaal onbelangrike een was, was Leon se optrede ’n voorbeeld wat die regerende party gerus kon navolg. Leon en sy kollegas se optrede, insluitende die Heath-ondersoek, is selfs bestempel as ’n “series of benchmarks against which to measure the fight against corruption and mismanagement at all levels of government” (*Business Day* 2001a:13). Die ANC, en by name Rasool, se skielike simpatie met Marais is as krokodiltrane afgemaak, en sy opmerkings was as ’n duidelike poging beskou om Marais in die ANC-kamp te probeer kry (*Business Day* 2001a:13).

Ten spyte van al die gerugte van tweespalt en skeuring was daar steeds pogings om groter eenheid in die alliansie te probeer bevorder. By herhaling het die *Business Day* daarop gewys dat die DA 'n nuwe politieke alliansie was en dit 'n ruk sou neem om die uiteenlopende belange te versoen, siende dat dit die oogmerk was om 'n sterk party op te bou. Sake is bemoeilik deurdat dié politieke huwelik so gou na die verkiesing plaasgevind het en slegs bewerkstellig kon word deur dit van bo af te dwing. Die leierskap het voortgegaan met die alliansie sonder om dit behoorlik aan die elektoraat te verkoop. Tog het die uitslag van die plaaslike verkiesing getoon dat die kieserspubliek die samesmelting aanvaarbaar gevind het. Die interne spanning wat in die DA te bespeur was, was ook te sien in die ANC en sou nie noodwendig die alliansie in duie laat stort nie. Dit is wel so dat die positiewe dinge wat reeds deur die alliansie tot stand gebring is, deur die Marais-sage verbloem is (*Business Day* 2001a:3).

Na die bekendmaking van die Heath-verslag was Walker een van die mees ongewilde stadsraadslede. In 'n brief aan die unistad se speaker, De la Cruz, het Kieser haar as 'n verleentheid vir die raad uitgekryt. Sy beswaar was dat sy veronderstel was om te weet dat hy geen rol in die vervalsing van die stemme kon gespeel het nie (Smith 2001k:1). Sy was immers bewus van al die beheermaatreëls om die integriteit van die proses te verseker. Hierdie inligting sou getoon het dat hy betrokke was by die aanbeveling dat 'n veelpartykomitee daargestel word om die openbare voorleggings te evalueer. Sy is ook daarvan beskuldig dat sy raadsinligting buite die raad se demokratiese prosesse uitgelek het (Smith 2001k:1).

Walker was ook die persoon wat Johnson se verklaring na Leon geneem het. Wat Kieser betref, het sy gedeeltes van skedule 1 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels (RSA 1998) oortree wat spesifiek oor versuim gehandel het: om die funksie van 'n stadsraadsamp in goeder trou, eerlikheid en deursigtigheid te verrig; om in die beste belang van die munisipaliteit op te tree sodat die geloofwaardigheid en integriteit van die munisipaliteit nie gekompromiteer word nie (Sylvester 2001g:7). Wat hom betref het haar rol in die beëindiging van die straatnaamprojek een van die grootste verleenthede nog vir die munisipaliteit veroorsaak. De la Cruz het Kieser se aanklag na die

munisipaliteit se reëlskomitee verwys en die minister vir plaaslike regering het te kenne gegee dat indien optrede teen Walker gevra word, dit waarskynlik dieselfde weg as die ondersoek na Marais sou volg (Michaels 2001:5).

Op 21 September is die King-kommissie, wat die beweerde oortreding deur Pick, Jacobs en Marais volledig moes ondersoek, op dramatiese wyse laat vaar. Dit was die gevolg van ’n beslissing in die Kaapse Hooggeregshof teen die minister van plaaslike regering dat hy sy magte oorskry het toe hy ’n kommissie van ondersoek oor die gedrag van ’n raadslid aangestel het (Van der Westhuizen 2001t:1). Kort na hierdie uitspraak het Uys laat blyk dat die provinsie King se aanstelling sou moes terugtrek. Moontlike verdere tugstappe teen Marais sou nou deur speaker De la Cruz ondersoek word, terwyl die polisie versoek sou word om verdere ondersoek na Pick en Jacobs in te stel. Volgens De la Cruz sou hy eers die getuienis moes deurgaan om vas te stel of daar ’n oortreding van die gedragskode, soos bepaal deur die Wet op Plaaslike Regering (RSA 1998), was. Verskeie opsies was wel moontlik, waarvan een ’n ondersoek deur die unistad se reëlskomitee (’n veelpartykomitee) was. Marais het laat blyk dat hy bereid was om sy volle samewerking te gee (Van der Westhuizen 2001t:1).

Vir die ANC-sweep was die hofuitspraak teen die minister geen verrassing nie, want volgens hom is die korrekte proses in die straatnaamkwessie nooit behoorlik gevolg nie en alles was ’n groot geldvermorsing as gevolg van die misleiding van die DA. Die UDM het te kenne gegee dat dié party tevrede sou wees indien die ondersoek deur die reëlskomitee gedoen word (Van der Westhuizen 2001t:1). Ook Walker sou deur die reëlskomitee ondersoek word na Kieser se klagtes teen haar.

Tydens die NNP se kongres in September het Van Scalkwyk sy volgelinge gemaan om op te hou kla dat hulle in die DA geviktimiseer word en moes begin optree soos meerderheidspartylede. Skerp kritiek is uitgespreek oor die geld wat vermors is op die straathernoemingspoging en daar is voorgestel dat Marais onmiddellik as burgemeester heraangestel word (Sylvester 2001h:3). Hierop het Marais gevra dat die mosie teruggetrek word omdat hy sy naam in die openbaar in ere herstel wou sien. Vanuit die gehoor is Walker gekritiseer dat sy na bewering nie in God glo nie omdat sy stille gebed voorstaan, terwyl

die DP's gekritiseer is vir hulle houding en die wyse waarop hulle die alliansie bedryf het. Marais is deur die meerderheid op die kongres as ondervoorsitter herkies en Morkel eenparig as leier van die NNP in die Wes-Kaap.

Wesenlik was Morkel en Marais twee uiteenlopende leiers. Een van die treffendste karakteriserings van hulle was:

> *Morkel is 'n veilige, bedeesde, amper vervelige politikus wat min vyande maak en sy magsbasis binne die partystrukture hou. Marais is die flambojante orator met 'n massa-aanhang wie se uitgesprokenheid hom in politieke kringe duur te staan kom* (Joubert 2001b:13).

Net so uiteenlopend was die kongresse van die DP en die NNP, 'n weerspieëling van die twee verskillende kulture binne die partye. By die NNP was dit "baldadigheid en populisme" met 'n jillende gehoor en gebulder oor mikrofone, "so Afrikaans as wat die DP Engels was"; by die een die Christelike en by die ander vrydenkery voorop (Joubert 2001b:13). Verwysings na die nalatenskap van apartheid het by NNP-kongresse steeds kop uitgesteek toe een van die sprekers ongelukkigheid uitgespreek het oor die wyse waarop wit lede in Kaapstad se stadsraad baas speel oor bruin en swart lede (Cull 2001:4). Tog het die NNP besef dat daar geen ander uitweg was as om met die DP saam te werk nie en daar was ook die besef dat die NP se boek finaal toegemaak moes word. Soos Joubert (2001b:13) dit treffend verwoord het: "[D]it is 'n gróót boek wat hier afgesluit word: omstrede en bevlek, met bloed op die hande maar ook met idealistiese passie in die hart, en dít vir 'n partypoliteke toekoms waarin baie nie ten volle glo nie".

Teen die einde van September was Marais en Walker se toekoms in die hande van die unistad se reëlskomitee. Van der Westhuizen (2001u:2) berig dat die debakel intussen verdere kinkels ontwikkel het deurdat die DA-onderleier, Bester, oor sy opmerkings rakende Marais aangekla is nadat daar besluit is dat slegs die provinsiale leier van die DA enige uitlatings mag maak. 'n Soortgelyke klagte is teen Marais aanhangig gemaak en hulle sou voor 'n DA-driemankommissie moes verskyn. Die lede van die kommissie sou uit Piet Marais, die oud-minister van nasionale opvoeding, en twee DA-LP-lede, Johann Durand en Colin Eglin, bestaan. Hulle sou eers kon

begin funksioneer nadat die stadsraad besluit het oor optrede teen Marais (Van der Westhuizen 2001u:2).

Na al die bohaai en beskuldigings is Marais op 5 Oktober deur die unistad se reëlskomitee vrygespreek van die klagte dat hy die gedragskode vir raadslede oortree het. Hy sou dus nie geskors word nie, ongeag Heath se bevinding. Die komitee was eenparig in sy beslissing dat Marais geglo het die inligting wat hy oor die openbare terugvoering oor die straatnaamvoorstelle ontvang het korrek was (in 'n stadium het die ANC sy deelname aan die reëlskomitee beëindig en die vergadering verlaat omdat daar nie met die prosedure saamgestem is nie) (Oliver 2001:1). Die magstryd in die DA rondom Marais was egter nog nie verby nie. Nou het dit neergekom op 'n botsing tussen die DA se provinsiale leierskap en die DA-beheerde stadsraad oor wanneer Marais weer sy burgemeestersamp kon opneem. De la Cruz het gehoop dat Marais spoedig in sy amp herstel kon word en wou so gou as moontlik 'n spesiale raadsvergadering belê om die reëlskomitee se beslissing te bevestig. Premier Morkel, as die party se provinsiale leier, het egter te kenne gegee dat die een regsproses afgehandel was, maar bygevoeg dat die politieke proses van die DA ook eers afgehandel sou moes word voordat Marais volkome vrygespreek kon word om sy amp te hervat. Hy kon nie aandui hoe lank dit sou neem nie (Van der Westhuizen 2001v:1).

Die politieke proses waarna Morkel verwys het, was die ondersoek deur die driemankommissie, wat spesifiek sou kyk of Marais die bepalings van die party oortree het. Die aanstel van ondersoekkommissies het feitlik in 'n klug ontaard met ondersoek na ondersoek in die stadsraad en die provinsie. Hierdie kommissies se oorsprong en presiese funksies het al hoe moeiliker geword om van mekaar te onderskei of behoorlik te begryp. Dit het in 'n web van klagtes en teenklagtes ontaard met kommissies wat gekom, gegaan, gekanselleer en heftig gekritiseer is.

In hierdie stadium het 'n stroewe Marais laat blyk dat hy en sy gesin erg deur die gebeure van die vorige twee maande getraumatiseer is en dat dit "die mees vernederende ondervinding" van sy ganse politieke loopbaan was (Van der Westhuizen 2001v:1). Omdat hy geglo het dat "geregtigheid sal

seëvier" het hy hom aan al die ondersoeke onderwerp. Hy was dankbaar dat hy deur sy "gelykes verhoor en vrygespreek is, en dankbaar dat die sage tot ruste kon kom", maar spyt dat die twee oud-presidente by die debakel ingesleep is. Hy wou aanbeweeg, veral om die Kapenaars te dien en hulle lot te verlig (Van der Westhuizen 2001v:1).




**10: Vir Leon word Marais se aapstreke te veel, terwyl Van Schalkwyk hom steeds beskerm (*Saturday Star*, 20 Oktober 2001:8)**

Die ANC het steeds die DA se politiese ongemak en verleentheid ten volle uitgebuit. Die ANC het verwag dat Marais vrygespreek sou word, en dat die kabaal net 'n "duur klug" geword het wat die belastingbetaler meer as 'n miljoen rand uit die sak gejaag het (Van der Westhuizen 2001v:1). Die ANC het die spyker op die kop geslaan met die opmerking dat die ondersoek nou meer oor binnegevegte in die DA as oor goeie regering gegaan het, en die ironie was dat die DA nog steeds nie van Marais ontslae kon raak nie. Hulle beswaar was dat De la Cruz voorgesit en aangekla het, en dat die klagtes boonop nie gespruit het uit 'n verslag vooraf deur die stadsraad aangevra nie (Van der Westhuizen 2001v:1).

# 9. MARAIS SE AFDANKING AS BURGEMEESTER

Op die voorblad het *Rapport* dit op 7 Oktober 2001 uitbasuin dat die slagordes op die hoogste vlak in die DA vir die konfrontasie oor Marais opgestel was. Die DA was op die rand van skeuring. Die koerant het, met bevestiging uit die DP-bronne, uitgesnuffel dat Leon vir Van Schalkwyk voor die ultimatum gestel het dat Marais teen 6 Oktober uit die party moes tree. So nie sou Leon self ingryp. Binne die DA se NNP-faksie was Van Schalkwyk Marais se leier en hy sou dus van Van Schalkwyk die trekpas moes kry. Toe die twee leiers oor die gerug van ’n ultimatum genader is, wou Van Schalkwyk nie daarop reageer nie, terwyl Leon die gerug ontken en ontwykend beweer het dat hy talle gesprekke met mense voer en dat hy nie bereid is om kommentaar oor privaatgesprekke met sy onderleier te lewer nie (Swart 2001:1). Hierdie ultimatum het egter ’n lang aanloop gehad, soos Leon dit in sy outobiografie aandui, en waarop kortliks ingegaan sal word.

Die verloop van die gebeure rondom Marais sedert hy die burgemeestersamp aanvaar het, het sterk daarop gedui dat Leon en sy koterie die voortdurende omstredenheid rondom Marais finaal as te veel van ’n las en verleentheid vir die DA beskou het. Die probleem was dat Marais steeds gewild by die NNP-lede was, soos bewys sou word deur die stemme wat hy as onderleier tydens die NNP-kongres sou trek. Daar is berig dat sekere van Leon se raadgewers “glo geskrik het” toe soveel steun vir Marais tydens die kongres getoon word (Swart 2001:1). Optrede teen hom kon die party baie steun onder bruin kiesers kos. Die spanning binne die DA was aan verskeie sake te wyte: die dooiepunte om die DA-grondwet te finaliseer, partyfaksies, persoonlike vyandighede, en veral Marais se manewales.

Vir Leon en die DA is sake erg bemoeilik toe Marais deur die stadsraad se dissiplinêre komitee onskuldig bevind is. Swart (2001:1) skryf die gerug was dat ná Marais se sukses tydens die NNP-kongres, in die geheim besluit is dat

hy uitgeskakel moet word voordat sy statuur te oorheersend raak. Daarna het Leon blykbaar vir Van Schalkwyk aangesê om van Marais ontslae te raak. Die feit dat Van Schalkwyk sy leier se opdrag geïgnoreer het en in hierdie stadium na die buiteland vertrek het, is as steun vir Marais geïnterpreteer. Die DP-groep was in opstand oor Van Schalkwyk se afjak teenoor Leon toe dié die ultimatum ignoreer, terwyl daar in die NNP-kringe verklaar is: "Leon het homself in 'n leierskapstoets vasgeverf" (Swart 2001:1). Die moontlikheid was sterk dat die optrede teen Marais die alliansie sou verdeel deurdat dit die NNP-faksie sou dwing om tussen Marais en die alliansie te kies.

Marais kon Morkel se standpunt dat daar nog "politieke aspekte" (Swart 2001:1) rakende die aanklagte teen hom was nie begryp nie. Marais is ook nie deur Morkel daaroor ingelig nie. Wat Marais wel aan Swart, die *Rapport*-verslaggewer, kon bevestig was dat die kerkleiers hom laat weet het dat duisende van hulle lidmate bankvas agter hom gestaan het. Hy het sy vertroue in die NNP-leierskap herbevestig en was steeds vol vertroue dat Van Schalkwyk hom sou steun (Swart 2001:1).

Leon (2008:563) erken in sy outobiografie dat die aanstelling van Heath as sy grootste fout bestempel is, nie net omdat dit as 'n ongeregverdigde aanval teen Marais gesien is nie, maar vanweë die skade wat dit die DA-administrasie in Kaapstad berokken het. Uit die NNP-geledere is geglo dat Leon bereid was om die ergste van die Marais-kamp te glo, en dat hy tot dieselfde verkeerde gevolgtrekking gekom het as dié van Johnson in haar beëdigde verklaring. Dit was op hierdie punt dat Leon deur *Rapport* ingelig is dat die publikasie inligting van Leon se eis dat Marais die party binne 48 uur moes verlaat ontvang het. Leon beweer dit was onwaar, aangesien hy reeds vroeër vir Van Schalkwyk versoek het om vir Marais 'n "soft landing" te verseker (Leon 2008:565). Leon was oortuig dat Marais elders gehuisves moes word, ideaal gesproke in die provinsiale regering "with perks and prestige sufficient for both his seniority and his ego" (Leon 2008:563). Aanvanklik het Van Schalkwyk hom verseker dat so 'n plan kon slaag en op koers was. Morkel se weerstand het egter die hele plan laat misluk. Tydens die NNP se kongres het Van Schalkwyk wel sy lojaliteit aan die DA betuig, maar ook sy NNP-volgelinge daaraan herinner

dat hulle die meerderheid in die provinsie vorm en daarop geregtig was om dienooreenkomstig op te tree. Volgens Leon (2008:563) het alles hierna in 'n konfrontasie uitgeloop toe Van Schalkwyk in die openbaar te kenne gegee het dat Marais homself op 'n wyse gedra wat Van Schalkwyk tevrede stel en dat hy alles in sy vermoë sou doen om hom by te staan om sy naam in ere te herstel.




**11: Leon en Van Schalkwyk bult spiere oor Marais se lot (*Die Burger*, 18 Oktober 2001:10)**

Leon se groot erns was die belofte wat die DA-raadslede afgelê het waarvolgens onder andere die volgende van raadslede vereis is: steun vir die beginsels en oogmerke van die party; handhawing van die hoogste vlak van persoonlike en professionele optrede; en aanvaarding van opsegging van ampte indien nie hieraan voldoen word nie (Leon 2001b:37-39). Tydens die Marais-debakel het Leon veral diep verontrus geraak oor die voortdurende teenstelling tussen

die eise wat die DA aan die ANC gestel het en die voorbeeld wat die DA in Kaapstad gestel het. Swak administrasie was totaal onaanvaarbaar en hy was bereid om persoonlike verantwoordelikheid vir die optrede van ampsdraers binne die party te aanvaar. Wat hy van elke ampsdraer verwag het, was om die gemeenskap bo persoonlike belange te stel en in ooreenstemming met die kernwaardes van die DA te regeer. Hy moes ook erken:

> *I specifically had Marais in mind when I made these remarks because I saw quite clearly that instead of using his leadership and governance in Cape Town, the situation had become an embarrassment to the party rather than the sort of example it should present to the public* (Leon 2001b:37-39).

Leon vertel dat hy reeds vanaf 17 Januarie 2001 verskeie ontmoetings met Marais en andere gereël het ten einde te verseker dat Kaapstad 'n beleid volg en 'n leierskapstyl vertoon in ooreenstemming met die beginsels, beleidsrigtings en strategie van die DA. Die DA het verwag dat die optrede en besluite van die stadsraad hierdie kriteria moes reflekteer (Leon 2001b:38). Leon se knap strateeg, Ryan Coetzee, is spesiaal as konsultant vir Marais gestuur, maar die burgemeester het die baie sterk neiging gehad om sy eie kop te volg. Hieroor het Marais self verklaar: "When a liberal gives a Christian Democrat advice, it's not always palatable. It didn't fit in with my political strategy" (Paton 2001a:13). Marais beweer dat Leon hom baie meer krities begin behandel het nadat hy van Coetzee ontslae geraak het.

Ander faktore in die stelselmatige verwydering en toenemende vyandskap tussen die twee faksies in die DA was dat die DP blykbaar hulle bestaande strukture ter wille van die DA opgeskort het, maar die NNP nie dienooreenkomstig opgetree het nie. Daar was toenemende klagtes dat Van Schalkwyk homself as mede-leier geprojekteer het, in plaas van as Leon se adjunk. Baie van die DP-lede het juis tot die alliansie ingestem omdat hulle oorreed was dat dit 'n volle oorname van die NNP sou beteken (Paton 2001a:13). Die gevoel het al hoe sterker posgevat dat Van Schalkwyk en sy adjudante 'n teenoorname beplan het. Die NNP-strukture is op alle vlakke aan die gang gehou en gereëlde koukusvergaderings het plaasgevind. Intussen "in the Cape Town Unicity, Marais had spun out of control. The embarrassments

had become weekly. Marais was regularly the butt of jokes in the media and funders were deserting the party in droves" (Paton 2001a:13).

Soos reeds daarop gewys het die DA-leierskap verskeie konsultasies met Marais gehou ten einde goeie bestuur te probeer waarborg. Alhoewel Kaapstad se stadsraad etlike suksesse behaal het, was daar volgens Leon ernstige tekortkomings en mislukkings, en wat veral ontstellend was, was watter swak publisiteit die DA gekry het (Leon 2001b:29). Verskeie insidente rondom Marais het Leon tot die besef gebring dat eersgenoemde nie in 'n leidende pos soos die van burgemeester sou kon aanbly nie. Die ernstigste was die bewerings van seksuele teistering teen Marais, die verdeeldheid wat hy tussen die DP-en NNP-faksies veroorsaak het, sy negatiewe kommentaar oor gays, ensovoorts. Die straatnaamdebakel het weliswaar rondom die etiek van oneerlikheid en bedrog gesentreer, maar ook om die feit dat dit verwarring onder belangrike party-ondersteuners veroorsaak het. Marais se optrede en reaksies was so onvanpas dat daar wyd besef is dat dit in die party se belang is om sake tot 'n punt te dryf (Leon 2001b:29).

Alhoewel daar reeds groot vyandigheid onder baie DA-lede teenoor Marais as gevolg van sy skokkende 'apespel' was, het Leon steeds die situasie met die steun van die onderleier, die premier en die relevante partystrukture probeer beheer. Hy vertel dat hy uiteindelik en verrassend deur NNP-LUK Leon Markovitz genader is, wat aangedui het dat dit in die party se beste belange sou wees dat Marais die trekpas kry, en dat Leon dit met Morkel moes opneem. Sy eie oortuiging van 'n ernstige probleem rakende Marais binne die party is finaal hierdeur bevestig en Leon het op 6 Augustus 2001 deur middel van 'n e-pos aan Morkel, Van Schalkwyk, Selfe en Bester aan hierdie versoek gehoor gegee. Hierin het hy as die leier 'n aantal voorwaardes aan Morkel en die stadsraad gestel ten einde Marais se onaanvaarbare optrede te probeer hokslaan. Hierdie mededeling moes aan die stadsraad voorgehou word, tesame met opdrag dat daar dringend en beslissend oor die skokkende mediadekking rakende die DA ingegryp moes word en dat die die tweespalt in die UR en die koukus herstel moes word. Daar is spesifiek gevra vir reaksie vanaf die provinsiale leierskap, wat die situasie in heroënskou moes neem ten einde

die nodige veranderinge te bewerkstellig. Leon erken dat hy nie veel hoop gekoester het dat die gewenste resultate behaal sou word nie, maar het hom verplig gevoel om 'n laaste en ernstige poging aan te wend (Leon 2001b:30).

Daar het inderdaad niks van gekom nie, maar juis op hierdie tydstip het die Heath-verslag ammunisie teen Marais verskaf. Op 30 Augustus het die topbestuur by die premier ontmoet om Heath se bevindings oor hoe die burgemeester die gedragskode vir raadslede oortree het te bespreek. Dit is interessant om Leon se weergawe van hoe Marais afgedank is onder oë te neem. Omdat die verslag verdoemende getuienis teen Marais en twee amptenare bevat het, is voorgestel dat spesifiek Marais ondersoek moet word rakende die verbreking van die munisipale gedragskode. Daar was besondere eenparigheid in die vergadering oor hoe opgetree moet word en 'n teensinnige Marais is op langverlof geplaas (Leon 2008:563). Volgens Leon was dit nooit die idee om die burgemeester se optrede slegs aan die hand van hierdie enkele bevinding te beoordeel nie. Ook nie dat die straatherbenoeming die enigste maatstaf sou vorm om sy burgemeesterskap te evalueer nie. Tydens die ontmoeting is besluit om Heath se voorstel dat die provinsiale regering 'n verdere ondersoek moet doen te implementeer. Regter Edwin King sou hiervoor genader word. Volgens Leon het Van Schalkwyk self tydens hierdie ontmoeting gemeen dit sou onvanpas wees om die ondersoek teen Marais na 'n raadskomitee te verwys, omdat hy onteenseglik invloed op 'n bepaalde kiesersdemografie gehad het (Leon 2001b:31).

Kort hierna het Van Schalkwyk vir Leon vertel dat hy 'n gesprek met De Klerk gevoer het. Laasgenoemde het ook besef dat Marais buite beheer was, maar hy het Marais steeds as 'n belangrike stemwerwer beskou (Leon 2008:63). De Klerk het voorgestel dat premier Morkel ideaal vir die burgemeestersamp sou wees en dat die een of ander prominente posisie vir Marais gevind moes word om sy burgemeestersamp te vervang. Van Schalkwyk het voorgestel dat hy self premier kan word, maar Leon het sy agting vir Morkel te kenne gegee en dit as problematies beskou om 'n bruin premier met 'n wit een te vervang. Tydens hierdie politieke maneuvers agter die skerms het De Klerk vir

Morkel vir tee genooi en aan hom voorgestel dat hy vir Van Schalkwyk moet terugstaan, maar Morkel het prontuit geweier (Leon 2008:63).


Leon was onseker of Van Schalkwyk werklik direk met De Klerk gepraat het en of hy net sy eie idees voorop wou stel. Van Schalkwyk het weereens teenoor Leon te kenne gegee dat hyself die premierspos behoort te beklee. Leon was positief oor Van Schalkwyk se voorstel en het gereken dit kon dalk meer stabiliteit teweegbring. Van Schalkwyk het te kenne gegee dat Morkel op 24 September deur die NNP-Kongres onder druk geplaas sou word om te bedank (Leon 2001b:31).

Nadat Leon reeds finaal tot die oortuiging gekom het dat Marais 'n te groot las en hindernis vir die hele party geword het en dat hy elders geakkommodeer sou moes word, het hy dit aan Van Schalkwyk meegedeel. Laasgenoemde het aangevoer dat die oplossing sou wees om Marais in die Wes-Kaapse kabinet op te neem waar daar meer beheer oor hom uitgeoefen kon word. Sy probleem as leier van die party was egter dat Marais "had become a symbol of the NNP being overwhelmed by the DP" (Leon 2001b:31). Toe Morkel sonder teenstand weer op 24 September 2001 as premier verkies is, het dit 'n einde aan die planne om hom uit die pos te skuif gemaak. Intussen het 'n hofuitspraak op 29 September dit duidelik gemaak dat die King-kommissie nie kon voortgaan nie en dat die saak weer in die hande van die stadsraad geplaas sou moes word. In hierdie stadium het Van Schalkwyk sy standpunt dat Marais gedissiplineer behoort te word verander en te kenne gegee dat indien die stadsraad se reëlskomitee Marais onskuldig bevind dit as die einde van die Marais-probleem beskou moes word. Alhoewel Leon baie duidelik laat blyk het dat dit geensins sy beskouing was nie, het Van Schalkwyk voortgegaan om sy eie siening in die openbaar te kenne te gee (Leon 2008:63).

Op 1 Oktober het 'n vergadering in Leon se kantoor tussen Van Schalkwyk, Schoeman, Leon en Gibson plaasgevind om oor twee sake te beraadslaag: die *impasse* in die konstitusionele onderhandelings tussen die DP en die NNP, en die voortslepende probleme rondom Marais. Van Schalkwyk het egter laat blyk dat Marais onwillig was om elders geakkommodeer te word en dat die hele saak laat vaar moes word. Leon het vasgeskop en Van Schalkwyk versoek

dat hy binne twee dae 'n aanduiding moes gee of daar enige oplossing vir die probleem was, anders sou Leon dit na die NBK neem. Leon self het dit nie as 'n ultimatum, soos later in die *Rapport* beweer is, gesien nie (Leon 2001b:34). Soos reeds aangedui was die uiteindelike bevinding van hierdie komitee dat Marais nie die etiese gedragskode vir raadslede oortree het nie.

Leon se standpunt was steeds dat die party se oordeel oor Marais se burgemeesterskap niks daarmee te make gehad het of hy die raad se gedragskode oortree het nie. Die sake aangaande Marais het so ingewikkeld geraak omdat daar 'n politieke dimensie (die kwessie van sy geskiktheid as burgemeester) en 'n regsgeldige dimensie (die Heath-ondersoek na die "street naming saga") was (Leon 2001b:34). In hierdie stadium het Leon vir Morkel gekontak en hulle het saamgestem dat die premier 'n verklaring sou uitreik om daarop te wys dat die straatnaamdebakel beide 'n politieke en regsgeldige proses veronderstel het en dat, alhoewel die reëlskomitee tot 'n bepaalde bevinding gekom het, die kwessie van Marais se terugkeer na sy burgemeestersamp afhanklik van die beideprosesse was, waarvan slegs een behandel is. By hierdie uitleg wou Van Schalkwyk hom hoegenaamd nie skaar nie en hy het eenvoudig volgehou dat Marais onskuldig bevind is en gevolglik weer sy pos kon inneem. Dit moes noodwendig op 'n direkte botsing tussen Morkel en Van Schalkwyk uitloop deurdat hulle mekaar direk weerspreek het. Vir Leon was Morkel se standpunt die korrekte een: die kwessie van Marais se ampsaanvaarding kon nie bloot op grond van die reëlskomitee se bevinding besleg word nie. Volgens Leon het daar toe op 7 Oktober die skadelike en foutiewe weergawe van die ontmoeting op 1 Oktober tussen Van Schalkwyk, Renier Schoeman (onderleier van die NNP), Douglas Gibson (later hoofsweep van die DA) en Leon in *Rapport* verskyn waarna reeds verwys is. Hiervolgens is voorgestel dat Leon 'n ultimatum aan Van Schalkwyk gerig het dat Marais uit die openbare lewe moes tree en indien dit nie gebeur nie, Marais uit die party geskors sou word (Leon 2001b:35).




**12: Leon se vasberadenheid om van Marais ontslae te raak en Van Schalkwyk en Marais se halsstarrigheid laat die DA-alliansie tuimel (*Beeld*, 23 Oktober 2001:8)**

Die kwessie van Marais se burgemeesterskap kon nie meer deur konsensus opgelos word nie. Volgens Leon is sy pogings om dit agter die skerms te probeer bewimpel, totaal uit verband geruk en verkeerdelik uitgelek (Leon 2001b:35). Op grond van regsadvies het Leon finaal besluit om in die belang van die party se toekoms teen Marais op te tree.

Intussen is groot druk vanuit die NNP-kamp op Morkel geplaas en dit is pertinent aan hom gestel dat 'n mosie van wantroue hom in die gesig staar indien hy nie sy mede-NNP-genote in die sogenaamde ultimatum steun nie.




**13: Terwyl Van Schalkwyk plek inruim vir Marais, pluk Leon die stoel onder hom uit (*Sowetan*, 21 Oktober 2001:17)**

Die regsopinie (sien Rose-Innes & Breitenbach 2001:1) wat oor Marais se afdanking ingewin is, het daarop gewys dat vyf van die sewe voorbeelde van Marais se beweerde wangedrag op die stellings wat in die pers aan hom toegeskryf en gerapporteer is berus het. Van die stellings het hy reeds in die pers ontken en hy sou volgens regsopinie waarskynlik verontskuldigende verduidelikings vir die ander gee. Die veroordelende bevindings deur Heath kon moontlik die grondslag vir optrede teen hom vorm. Hierdie bevindings was egter ook die onderwerp van die pas afgehandelde veelparty-ondersoek wat Marais vrygespreek het. Dit is daarop gewys dat 'n verdere ondersoek na Marais se rol in die straathernoemingsdebakel, en sy daaropvolgende getuienis, na alle waarskynlikheid uitgerek sou wees, en in die lig van die botsende bevindings moontlik onbeslis sou kon uitdraai. Die moontlikheid het ook bestaan dat Marais hom op die federale raad kon beroep, wat verdere vertragings kon veroorsaak (Rose-Innes & Breitenbach 2001:6).

Dit is in die regsopinie beklemtoon dat indien daar teen Marais opgetree word, die prosedures regverdig sou moes wees. Dit het die volgende behels: voldoende kennisgewing van die aard van die voorgenome besluit; toegang tot die relevante inligting; 'n redelike geleentheid om inligting persoonlik of deur 'n regsverteenwoordiger aan te bied en te weerlê; en 'n opgaaf van die redes vir die besluit wat geneem is (Rose-Innes & Breitenbach 2001:6). Dit sou later blyk dat Marais nie voldoende oor die aard van die beskuldigings ingelig is nie en nie voldoende geleentheid vir verweer gegun is nie.

Op 13 Oktober is die inhoud van Leon se afdankingsbrief aan Marais in die pers bekend gemaak (sien Bylae 1). Hy motiveer sy verlies aan vertroue in Marais se bekwaamheid om die stad as burgemeester te lei met drie redes: sy leiding as burgemeester het sy uitvoerende gesag en koukus verdeel, sy leierskap het die DA se openbare beeld in Kaapstad geskaad en negatief ingewerk op die party se werwing van steun in Kaapstad en in ander dele van die land, en hy kon nie daarin slaag om 'n goeie werksverhouding met die provinsiale regering op te bou en te handhaaf nie (Leon 2001a:2). Op hierdie gronde het Leon hom versoek om as burgemeester te bedank, en indien hy nie daartoe bereid was nie sou hy 'n mosie van wantroue in die NBK-vergadering op 19 Oktober in die gesig gestaar het. By daardie geleentheid sou Leon die vertrouensbreuk meer volledig motiveer. Marais is uitgenooi om die vergadering by te woon en sy regsverteenwoordiging saam te bring. Totdat die saak daar afgehandel sou word, het Leon egter van Marais verwag om nie die raadsvergaderings of ander DA-bedrywighede by te woon nie. Ter afsluiting het Leon op 'n positiewe toon probeer afsluit met die opmerking dat Marais steeds 'n waardevolle bydrae tot die politiek kon lewer, maar nie in die hoedanigheid as burgemeester nie (sien Bylae 1).

Marais het onmiddellik aangedui dat hy nie van plan was om te bedank nie. Die tergende vraag was nou of hy op 16 Oktober, wanneer die stadsraad daaroor sou beraadslag, na sy pos kon terugkeer. Die stadsraad het uit 200 lede bestaan, waarvan 107 lede die DA verteenwoordig het. Die DP- en NNP-faksies het onderskeidelik 30 lede en 70 lede beslaan, alhoewel hulle almal tegnies gesproke DA-lede was (Jordaan 2001g:10).

In hierdie delikate stadium het Van Schalkwyk sy eie impromptu perskonferensie gehou waarin hy Leon se besluit verwerp het en aangevoer het hoe 'n leier sy partylede behoort te beskerm (Leon 2008:565). Leon vertel hoe Van Schalkwyk se "self-serving hypocrisy" hom gewalg het. Van Schalkwyk het immers tevore presies dieselfde gedoen toe hy Marais uit die provinsiale regering geskop het en sou kort daarna ook vir Morkel uit die party skors en hom van sy premierskap ontneem. Daar was reeds besluit om ook teen Van Schalkwyk op te tree indien hy nie die partydissipline en Leon se leierskap wou aanvaar nie.

Terwyl Marais onder hewige spervuur verkeer het, het die DP-faksie hom beywer om terselfdertyd ook van Van Schalkwyk ontslae te raak na laasgenoemde se openbare botsing met die partyleier (Gunning & Rooi 2001:1). Die situasie het so kritiek begin raak dat albei kampe hul skuiwe volgens regsadvies gemaak het. Wesenlik het dit gegaan oor of Leon die reg gehad het om Marais af te dank of nie. Die regsadvies wat die NNP ingewin het, was dat die NBK nie oor die reg beskik om besluite oor Kaapstad se burgemeester te neem nie. In DP-kringe was die gevoel dat die DA as alliansie moet voortbestaan, maar sonder Van Schalkwyk. Die verhouding tussen die twee faksies was so gespanne dat die vermoede ontstaan het of 'n finale breuk nie onvermydelik geword het nie (Gunning & Rooi 2001:1).

Van Schalkwyk is uit die DP-geledere met agterdog bejeën dat hy die krisis aanblaas omdat hy sy oog op die premierskap gehad het. Die NNP-lede daarenteen het gemeen dat dit onwaar is en dat die DP die aandag van hulle "oordeelsfoute" probeer aflei het, en dat Leon met 'n "vyandige korporatiewe oorname" besig was (Gunning & Rooi 2001:1). Vir Van Schalkwyk was die geskil tweeledig van aard: om net wit kiesers te verenig, of om bondgenootskappe oor kleurgrense heen te laat realiseer. Wat hom betref moes wat reeds bereik is voortgaan, al moes moeilike persoonlikhede geduld word. So nie sou swart steun nie verwesenlik kon word nie. Hy was teleurgesteld oor wat hy by herhaling as die DA se "ultimatum politiek" bestempel het, maar steeds sy bereidwilligheid verklaar om met die leier saam te werk (Gunning & Rooi 2001:1). Leon het volgehou dat hy as leier wel die reg gehad het om teen Marais op te tree.

Die binnegevegte in die DA is oopgeruk toe die DP-element openlik begin eis het dat Van Schalkwyk se kop moet rol. Persone na aan Leon het al duideliker te kenne gegee hulle wou die DA sien voortbestaan, maar sonder Van Schalkwyk. Juis op hierdie oomblik het 'n verdoemende meningsopname oor Marais uitgelek, wat getoon het dat hy glad nie so gewild was as wat die NNP voorgegee het nie. Dit het getoon dat die unistadsraad gefaal het om die kiesers se belangrikste vraagstukke aan te spreek en in die algemeen nie hoog aangeslaan is nie (Suggot 2001c:2). Die navorsing is tussen 30 Mei en 11 Junie deur Ryan Coetzee, Leon se raadgewer, in samewerking met MTD Research Surveys gedoen. Die opname het onder andere getoon dat 58% van die respondente geglo het die stad se lewensgehalte is sleg; 59% het die werksverrigting van die unistad afgekeur, 5% wat die werkskeppingspoging, en 4% wat die misdaadrekord goedgekeur het; 76% was van mening dat die unistad geen duidelike plan van aksie het nie; 70% het gesê dit is uit voeling met hulle behoeftes, en 63% het geglo die unistad-administrasie gee meer vir hulself om as vir die bewoners. Wat Marais persoonlik en sy straatnaamplan betref het die volgende geblyk: 62% was gekant teen die straatnaamplan en veral betekenisvol was dat 74% bruin respondente daarteen was. Slegs 28% was gunstig gestem teenoor Marais en net 24% het gereken hy is suksesvol as burgemeester. Hy het die beste onder wit respondente gevaar (48%), terwyl slegs 24% van die bruin deelnemers hom goedgesind was en net 15% sy optrede as burgemeester gesteun het. Die swart mense was grootliks negatief teenoor hom, met 52% wat baie negatief teenoor hom was (Suggot 2001c:2).

In hierdie gelade atmosfeer het Marais voor twee beslissende oomblikke in sy openbare loopbaan te staan gekom. Eerstens sou die volle stadsraad van 200 raadslede moes besluit of die veelpartyreëlskomitee se bevinding van Marais se onskuld bevestig word. Tweedens sou die DA self 'n besluit moes neem oor Marais se posisie in die party. Die verwagting was dat genoeg stadsraadslede Marais sou steun, wat sy uiteindelike lot in die hande van die DA se NBK sou plaas (Sylvester 2001i:1). Tekens van hoe ernstig die problematiek rondom Marais geag is, het geblyk toe die jaaroue party skielik besluit het om 'n provinisiale toer met Leon en Morkel uit te stel. Indien Marais die

raadsvergadering sou oorleef, is verwag dat Leon die laaste sê sou hê. Ingeligtes het gemeen dat Marais dan die trekpas sou kry en dat die steun uit die NNP-geledere tevergeefs sou wees (Sylvester 2001i:1).

Sylvester (2001i) berig dat Van Schalkwyk op 15 Oktober tydens 'n NNP federale raadsvergadering in Pretoria herhaal het dat hy van mening was dat Leon nie in die provinsiale politiek behoort in te meng nie. Terselfdertyd het hy egter steeds die NNP se volle steun aan 'n verenigde DA gegee en die deur vir onderhandeling oopgelaat. Die NNP se federale raad het onder andere die volgende mosies van steun aanvaar: Van Schalkwyk se standpunt dat Marais as burgemeester moet aanbly; die stadsraad se veelpartykomitee-bevinding dat Marais as burgemeester moes terugkeer; en die oproep dat provinsiale strukture gerespekteer en toegelaat moes word om politieke besluite op provinsiale vlak te neem. Terselfdertyd het die NNP steeds die deur vir onderhandeling oopgelaat met die versoek dat die DA-leiers dringend op nasionale en provinsiale vlak moes ontmoet om die probleme wat samewerking belemmer het uit te stryk (Sylvester 2001i:1).

Leon se reaksie hierop was dat die NNP nie sy gewig in die alliansie kan rondgooi nie. Marais se toekoms was 'n algemene DA-saak en nie net toe te skryf aan een alliansie-komponent nie. Leon se woorde is in NNP-kringe vertolk as 'n poging om 'n wig tussen Marais en Van Schalkwyk in te dryf deur laasgenoemde se lojalitieit aan die DA te toets. Nou was Leon se prontuit uitdaging aan die onderleier: "Deeds should follow words. I now ask him to support my political leadership in my decision to remove Mr Marais as mayor of Cape Town" (Sylvester 2001:1).Vir die eerste keer het Leon dus in die openbaar te kenne gegee dat hy reeds maande daaraan dink om van Marais ontslae te raak. Die posisie waarin Leon homself bevind het, het die ANC die geleentheid gegee om Marais indirek te steun deur prontuit te kenne te gee dat hulle Leon nooit sou steun nie – Rasool se standpunt was dat die ANC gekant was teen wit bevoorregting soos versinnebeeld deur die DP (Sylvester 2001i:1).

Die DA se politieke twis het groot openbare belangstelling en duidelike standpunte daaroor onder die inwoners van Kaapstad uitgelok. So het 'n briefskrywer van Simonstad laat blyk dat Van Schalkwyk sy politieke toekoms

in verkeerde hande geplaas het deur Marais te steun, en dit nadat hy goeie oordeel aan die dag gelê het om die sterwende NNP in die DA-alliansie te versterk (Cage 2001:10). Tydens die straatnaamdebakel het hy egter sy politieke toekoms in die hande van die wispelturige Marais geplaas deur klaarblyklik te argumenteer dat Leon se standpunt rakende Marais die beginsels van "fair play" versaak het. Van Schalkwyk behoort te besef het dat Leon se posisie 'n politieke posisie was en sy taak dus was om in die beste belang van die party waarvan hy die leier was, op te tree. Marais was arrogant deur sy wil op die inwoners van Kaapstad af te forseer. Toe die bespotlike openbare deelname wat hy verplig was om te volg nie uitwerk soos hy dit wou gehad het nie, was hy oneerlik daaroor. Die DA-leierskap het alle rede gehad om Marais se afdanking te eis, en indien hulle nie daartoe oorgegaan het nie sou dit 'n belediging vir hulle ondersteuners wees (Cage 2001:10).

Leon (2008:569) beskryf sy hantering en belewenis van Marais se afdanking in fyner detail. Die middag van 12 Oktober is Leon se besluit om Marais te skors met 'n stembreuk tussen die DP- en NNP-faksies van die party aanvaar. Marais het die vergadering verlaat en laat blyk dat hy hom tot die hof sou wend. Daar is toe tot 'n tweede fase oorgegaan, naamlik om hom te skors vanweë sy weiering om die burgemeestersamp neer te lê. Leon vertel hoedat Van Schalkwyk en die NNP-leierskap bewegingloos en in spanning gesit het en dat daar besef is dat dit slegs 'n kwessie van tyd sou wees voordat ook hulle Marais sou volg. Van Schalkwyk het die vergadering ontstoke verlaat en te kenne gegee dat die hele aksie na rassisme geruik het en dat Marais onbillik behandel is. Vanaf die DA se kant sou sekere eise nou aan Van Schalkwyk gestel word: 'n openbare verskoning aan Leon; die versekering dat hy die wet van die DA-ooreenkoms sou uitvoer; die sluiting van sy aparte kantoor; die beëindiging van aparte NNP-vergaderings; en dat hy hom soos 'n onderleier, eerder as medeleier, sou gedra (Leon 2008:569). Tydens 'n laaste ontmoeting tussen Leon en Van Schalkwyk het laasgenoemde voorgestel dat hulle mediasie inroep, maar toe hy te kenne gee dat hy help om geld vir Marais se stryd teen die DA in te samel, het Leon besef dat die alliansie daarmee heen is (Leon 2008:569).



**BLOW-BY-BLOW ACCOUNT OF DEMOCRATIC ALLIANCE CATFIGHT IN CAPE TOWN**

DA

**Peter Marais**
**AGE** 57
**BIRTH PLACE** Elsies River
**RESIDENCE** Durbanville
**POSITION** Mayor of Cape Town

"I saw my father being publicly humiliated by a white man. "Afterwards I asked why he had allowed it to happen. He said I should remember that in this country, the white man was the *baas*. I disagreed, and still do. I am prepared to compete with any white man and I know I am his equal".

■ **CAREER**
**1983** He came onto the scene with his Congress Party but later joined the Labour Party.
He lost during the tricameral parliament elections but was appointed a member of the President's Council. He later became one of the first Labour Party members to join the National Party.
As Western Cape MEC for local government, he fought with central government over the demarcation board pairing Khayelitsha with Tygerberg.
**1998** Marais was defeated by Peter Morkel to become the first coloured leader of the NP.

**2000**
■ **February** Marais was fired as social services MEC and suspended from all NNP activities.
Then it was understood that Marais had fallen out with New National Party leaders over the future of the NNP-Democratic Party coalition in the Western Cape. It was believed Marais wanted the ANC to be included in the coalition government. Morkel said a crisis of confidence had developed between him and Marais and left him with no option but to fire him from the provincial cabinet because of his controversial public pronouncements.
But Marais was reinstated a few weeks later after apparently apologising to Morkel, following intervention by NNP leader Marthinus van Schalkwyk.
■ **October** NNP colleague Freda Adams resigned from the party and threatened to sue Marais R125 000 for defamation for saying "If I looked like you, I'd run and hide away".
■ **December** When asked about Marais' outspokenness, Tony Leon was quoted as saying "Peter Marais is our great gift to press freedom". He added: "If I am judged by history, it must be because I did not break the trust that coloured people on the Cape Flats placed in me."

**THIS YEAR**
■ **February** DA strategist Ryan Coetzee's laptop disappears, and information portraying Leon as the DA's key leader with plans to sideline Van Schalkwyk and Marais are leaked to the press.
■ **July** Irregularities in street-renaming saga are exposed by deputy mayor Belinda Walker.
■ **August** Marais forced to take leave from August 30 after former judge Willem Heath found that he had misled the public about the level of support for his proposal to rename Adderley and Wale streets.
■ **September** At the NNP provincial congress, 147 out of 172 party members voted Marais in as deputy provincial leader.
■ **October** A Cape Town unicity multiparty rules committee found no evidence of wrongdoing, and committee chairperson and former NNP member Danny de la Cruz said Marais could return to work. As if to contradict this statement, DA chief whip Douglas Gibson said Marais' position would be discussed this Friday (tomorrow).
Days before tomorrow's party meeting to decide his future, a damning poll was leaked to the media, which found that while Marais regularly boasts of his coloured support base, whose cause he champions, those surveyed tell a different story.
The poll found that more white people approved of the mayor than coloured people.
Among whites questioned, 44% approved of him, compared with 15% of coloured people.
There was overwhelming disapproval of the mayor among black respondents, with just under a quarter of respondents approving of the work he was doing, compared with nearly half who disapproved.
The poll report states: "When compared to party support levels in December, the mayor's job approval ratings are generally low."
The report blames Marais' "unfavourable ratings on the street renaming debacle ... it is clear that the low favourability ratings are linked to the issue of street renaming, which is very unpopular with most Capetonians".
■ **This week** Leon asks Marais to resign.
■ **Yesterday** Marais returns to his office and receives a rousing welcome.

Democratic Alliance leader Tony Leon
DA deputy leader Marthinus van Schalkwyk
Western Cape Premier Gerald Morkel
DA strategist Ryan Coetzee
Deputy mayor Belinda Walker

'I became a politician at the age of 14 when I saw my father, a labourer on the railways, a proud man, being publicly humiliated by a white man.'
*Peter Marais, mayor of Cape Town*

GRAPHIC: GAIL IRWIN, TEXT: RAPULE T

**14: 'n Opsomming van die opskudding binne die DA met Marais as die spilpunt (*The Star*, 18 Oktober 2001:6)**

Intussen het 'n triomfantelike Marais sy amp as burgemeester hervat, en sy terugkeer is deur die NNP, die IVP en selfs Cosatu-ondersteuners toegejuig

(Leon 2008:568). Leon beskryf die finale uitrafeling van die DA en hoe hy vanaf middel Oktober sy senior kollegas as't ware in 'n oorlogskabinet omskep het en hulle aangesê het om elke aand by sy huis te vergader. Op hierdie tydstip het Gibson 'n brief aan Van Schalkwyk gerig, wat ook aan die media beskikbaar gestel is, waarin hy dit stel dat Van Schalkwyk leuens vertel het oor die sogenaamde ultimatum (Leon 2008:568-569). Gerugte het al sterker geword dat Van Sckalkwyk besig was met geheime samesprekings met die ANC. Omdat Leon besef het dat baie van Van Schalkwyk se volgelinge so 'n moontlikheid weersinswekkend sou vind, het hy die situasie aangegryp om 'n perskonferensie te hou waartydens hy (soos hy dit self stel) Van Sckalkwyk se gekonkel onthul het. Hy het nou ook nie meer gehuiwer om te openbaar dat Van Schalkwyk premier Morkel se pos wou hê nie. Volgens hom het Van Schalkwyk probeer om die oplossing van die Marais-probleem as 'n onderhandelingsinstrument te gebruik. Morkel het egter vasgestaan, veral na sy herverkiesing tydens die NNP-kongres (Sylvester 2001j:1).

Op 19 Oktober het die party se NBK vergader om Leon se versoek aan Marais te bespreek. Dit sou die laaste keer wees dat die NNP-leierskap ook teenwoordig was. Marais het opgedaag met sy prokureurs en Leon het sy motivering uiteengesit. Volgens Leon was dit nie 'n aanklag nie en Marais is ook nie spesifiek van enigiets aangekla nie. Dit was 'n politieke oordeel dat Marais gefaal het om leiding aan sy uitvoerende komitee en die koukus te gee (Leon 2008:568).

Toe gerugte die rondte begin doen dat Leon vir Marais gaan afdank, het Heath ook 'n stuiwer in die polemiek gegooi. Hy het gemeen dat Marais uit sy eie moes bedank in belang van die stad vanweë die siening van hom wat geskep is gedurende die stemproses, die verhoor en Heath se eie verslag (Phahlane & Michaels 2001:5). Ook hy was krities oor die reëlskomitee se bevinding rakende Marais omdat die stadsraadslede 'n oordeel oor hul eie senior kollega moes uitspreek.

Die 19de Oktober was vir Marais 'n dag van afwagting, omdat daar gemeen is dat hy sy amp kwyt sou wees en uit die party geskop kon word. Hy het 'n laaste poging aangewend om sy pos te behou deur die DA se beheerkomitee

se vergadering om uitstel te vra. Dit is deur Leon verwerp (Sylvester 2001j:1). Intussen het Marais se regspan laat weet dat hulle nie oor die gronde van aanklagte teen Marais ingelig is nie en hom dus nie kon verdedig nie. Hulle betoog was dat die besonderhede en gronde vir hulle kliënt se verwydering uit sy amp en die beëindiging van sy party-lidmaatskap nie aan hom voorsien is nie en dat hy geen idee gehad het watter faktore 'n rol kon gespeel het nie. Dit sou later 'n geldige klagte blyk te wees, iets waarteen die DA se regsopinie in werklikheid gewaarsku het. Van Schalkwyk het Marais uit beginsel gesteun maar het sy morele houvas verloor toe Leon tydens die perskonferensie laat blyk het dat Van Schalkwyk daarop uit was om Morkel se pos as premier in te palm. Sylvester (2001j:1) berig die DA-leierskap se argument was dat Marais voldoende inligting ontvang het en dat die DA nie kon bekostig dat die saak verder aansloer nie. Dwarsdeur die vergadering het die NNP volgehou dat die proses teen Marais die vorm van 'n dissiplinêre verhoor moes aanneem en dat Marais die geleentheid gegun moes gewees het om homself te verdedig. Dit wou die DP nie toelaat nie, uit die oortuiging dat die uitskop van die burgemeester 'n suiwer politieke kwessie was en Leon dus die reg daartoe gehad het omdat hy vertroue in die burgemeester verloor het (Sylvester 2001j:1).

Paton (2001a:13) vertel hoe Marais op 19 Oktober na 'n dag van intense drama, en na 'n nasionale raadsvergadering van agt uur agter geslote deure, uit die DA geskors is. Toe Marais se versoek vir uitstel verwerp is, het hy met 'n somber gemoed die vergadering verlaat. Later het 'n groep stuurse NNP-lede hom gevolg, maar almal het geweier om kommentaar te lewer. Kort daarna het die NBK-voorsitter, Selfe, die vergadering verlaat en die joernaliste meegedeel dat Marais uit sy amp ontslaan is aangesien 'n dooiepunt bereik is. Dit was inderdaad 'n geval van "from wedlock to deadlock" (Paton 2001a:13). Binne 'n uur het Marais se prokureurs laat weet dat Marais die besluit onwettig ag. Die komitee moes weer vergader om hierdie nuwe verwikkeling in behandeling te neem en Marais se lidmaatskap hier is weer deur 'n dooiepunt beëindig. In hierdie stadium het albei leiers nog steeds te kenne gegee dat hulle meen dat die DA as party moes voortgaan.




**15: ’n Onverbiddelike Leon raak hardhandig van Marais ontslae terwyl Van Schalkwyk onthuts toekyk (Zapiro in *Sowetan*, 24 Oktober 2001:16)**

Marais sou hom nou na die hof wend (Segar 2001:1). Toe hy uit die vergadering storm het hy in weerwil van sy prokureurs se instruksies om stilswye te handhaaf strak laat hoor dat demokrasie veronderstel is om die kenteken van enige party te dra en veral as dit boonop die naam demokraties dra. Sy vrou, Bonita, het die wyse waarop haar man behandel is, as skandelik bestempel en gesê dat dit hulle vyftig jaar terug neem toe die bruin Suid-Afrikaners van die kiesersrol geskrap is (Williams 2001c:1).

Hierdie verwikkelinge was die uiteinde van sewe maande se geskille wat deur die straatnaamveranderingsidee begin is. Nadat hy deur die stadsraad se reëlskomitee vrygespreek is, het hy sy amp as burgemeester hervat en beloof dat hy die poging om van hom ontslae te raak, sou oorleef – sy woorde aan die pers was: “So far I have survived on faith. I have absolute faith that I will stay in power” (Stuart 2001:2). By sy kantoor is hy deur ’n koor van

ondersteuners begroet. Die vergadering van 19 Oktober het egter finaal die einde van sy burgemeestersamp en DA-lidmaatskap beteken. Hiermee het hy ook outomaties sy setel as raadslid verloor en vanaf hierdie oomblik sou die verhouding tussen die DP en NNP niks meer as "chillingly cordial" wees nie (Williams 2001c:1).

In *Rapport* (Gunning 2001:4) is bespiegel dat wat plaasgevind het, Marais in 'n "politieke martelaar" kon verander en die opposisiepolitiek in die Wes-Kaap in 'n krisis kon dompel. Die DA se "huismoles" het 'n uiters negatiewe sein uitgestuur: "As julle nie eers jul eie huis in orde kan hou nie, hoe kan julle verwag om as 'n alternatiewe regering oorweeg te word?" (Gunning 2001:4). Gunning het ook die vraag geopper of daar dalk iets met Leon se leierskapstyl skort en of dit in die DA nie eerder oor 'n magstryd en persoonlikhede as oor beleidsverskille gaan nie.

Uit die reeks krisisse waarby Marais betrokke geraak het, het daar egter ook waarheid in die bewering gesteek dat hy feitlik alle beheer verloor het. Deur sy doen en late het verleenthede en verwarrings vir die DA feitlik weeklikse gebeure geword (Paton 2001a:13).


Weens wilde spekulasie in persberigte het die DA dit nodig gevind om 'n persverklaring uit te reik onder die opskrif "'n Amptelike boodskap van die DA waarom Peter Marais versoek is om te bedank" (*Die Burger* 2001g:28. Sien Bylae 2). Hierin is verduidelik dat die DA se NBK 'n besluit aanvaar het waarin Marais aangesê is om te bedank, maar dat hy geweier het. Daar is verduidelik dat die DA tot stand gekom het om Suid-Afrika "'n beginselvaste, sterk alternatief vir die ANC te gee" en om in Kaapstad te bewys dat die regering dienslewering voorop kan stel en doetreffend kan regeer. Die vaste en uitgesproke oogmerk van die party was om van Kaapstad 'n "toonbeeld vir die res van Suid-Afrika te maak". Instede daarvan het Marais se problematiese leierskap veroorsaak dat Kaapstad se bestuur deur "krisis, omstredenheid en skandaal" gekenmerk is en dat hy sy uitvoerende komitee verdeel in plaas van saamgesnoer het. Marais het ook nie 'n gesonde werksverhouding met die provinsiale regering bewerkstellig nie (*Die Burger* 2001g: 28).

Verder is die oortuiging uitgespreek dat wanneer 'n politieke leier in sy party se gestelde oogmerke faal, hy verantwoordelikheid daarvoor moet neem. Die kern van die verklaring was eintlik om te verduidelik dat daar 'n wye wanindruk bestaan het dat Marais gevra is om te bedank weens Heath se bevinding oor sy optrede as burgemeester. Nog 'n wanopvatting was dat Marais burgemeester behoort te bly omdat die stadsraad se reëlskomitee bevind het dat hy nie die raad se gedragskode oortree het nie. Ten slotte is dit beklemtoon dat Marais "weens sy gebrek aan politieke leierskap" gevra is om te bedank, "nie omdat hy 'n wet of kode oortree het nie" (*Die Burger* 2001g:28. Sien Bylae 2).

Marais se onmiddellike reaksie was dat hy nie vir die politiek verlore was nie en sou terugkeer. Hy het dadelik 'n dringende aansoek by die Kaapse Hooggeregshof ingedien vir 'n interdik teen die NBK se beslissing (Sylvester 2001k:3). Wat Marais betref het die NBK min respek vir die fundamentele beginsels van geregtigheid getoon en aan hom geen ander opsie gelaat as om hom op die howe te beroep nie. Hy het dit as 'n hardhandige beregting bestempel en beweer dat sy skorsing daartoe sou lei dat die stem van die Christene, die Afrikaanssprekendes en die armes stil word. Sy siening was dat drie kwessies tot sy botsing met die DA gelei het: die moraliteit van die stadsbestuur wat die kerke met die idee van rooiligdistrikte en pienk toerisme ontstel het; sy standpunt vir armes teen privatisering, wat duisende werksgeleenthede in die slag sou laat bly; en sy beywering om Afrikaans dieselfde status as Engels op raadsagendas en unistad-dokumentasie te gee (Smith 2001:3).

Hy het regsoptrede as die effektiefste manier beskou om die voorafbepaalde, onregverdige en kwaadwillige besluit teen hom ongedaan te maak (Sylvester 2001p:3). Die gebrek aan steun van Leon en die party se DP-komponent het hom min geskeel. Aan die einde van die dag het dit vir hom nie gegaan oor wie die mag in Kaapstad in pag het nie, maar oor wie die beste na die belange van die inwoners omsien. Op hulle beurt was die DA net so onwrikbaar dat die besluit regverdig, asook die vervolging geheel en al in ooreenstemming met die bepalings van die party se voorlopige grondwet,

was. Deurdat Marais geweier het om die NBK se besluit te aanvaar het hy die skorsing, volgens Sylvester (2001p:3), oor homself gebring. Walker sou wéér as burgemeester waarneem.




**16: Die leier en onderleier van die DA in 'n botsing, terwyl dringende stadsake agterweë bly (*The Star*, 19 Oktober 2001:12)**

In die pers is die vraag gevra of Marais die "slagoffer van botsende bevindings" was (Van der Westhuizen 2001w:11). Die beslissing van die reëlskomitee, wat bevind het dat Heath fouteer het in sy uitspraak dat Marais die publiek probeer mislei het ten opsigte van statistiek ter ondersteuning van sy hernoemingsinisiatief, is weer voorgehou. Die reëlskomitee het bevind dat Marais se stelling korrek was, maar deur die Heath-kommissie verkeerd geïnterpreteer is. Marais was hiervolgens geregtig daarop om op die inligting wat hy van sy amptenare ontvang het in goeder trou te gebruik. Die argument is ook opgehaal dat Marais se stelling op die inligting gegrond was op wat hy op daardie tydstip tot sy beskikking gehad het, terwyl Heath sy afleiding gemaak het op meerdere inligting waaroor Marais nie beskik het nie. Gemeet aan die

optrede van ’n redelike politikus in soortgelyke omstandighede en die feit dat hy uit die vuis vrae moes beantwoord, kon sy berekening dat die steun 2.5 teen 1 was as redelik beoordeel word. Marais se afleiding oor die steun vir die straatnaamsverandering het ook op inligting uit informele gesprekke berus. “Hy kon ook nie daarvan beskuldig word dat hy ondeursigtig opgetree het nie, want hy het ’n veelpartykomitee en ’n eenmanskommissie aangestel en verklarings in die pers daaroor gemaak” (Van der Westhuizen 2001w:11). Dit was asof daar ’n groot vraagteken oor die hele debakel bly hang het. Advokaat CY Louw, Marais se regshulp, wou weet of alles uiteindelik “niks meer as ’n gejaag na wind oor ’n onskuldige en onbenullige stelling” was nie? (Van der Westhuizen 2001w:11).

Teen 26 Oktober het Sylvester (2001l:5) berig dat die DA voorbereidings tref vir ’n konfrontasie met Marais in die Kaapse Hooggeregshof. Dit was die gevolg van Marais se aansoek om ’n hersiening van die DA se bestuursbesluit wat hom van sy burgemeestersamp ontneem het. Hy het versoek dat die DA se besluit intussen opgehef word, totdat die hof ’n bevinding kon maak wat hy gehoop het hom in die amp sou herstel (Sylvester 2001l:5). Marais se redenasie was dat hy onregverdig behandel is, die NBK hom nie voldoende tyd gegun het om vir sy verdediging voor te berei nie, en ook dat hy geen klagstaat ontvang het nie.

Die DA se teenargument was dat die nasionale liggaam op politieke gronde by magte was om te eis dat Marais sy amp as burgemeester ontruim en dat Marais se prosedurele besware ongegrond was. Marais het ’n week tyd gehad om vir die NBK se vergadering voor te berei en hy was ten volle op hoogte van die gronde vir sy ontslag. Die DA het verder betoog dat Marais ’n deursigtige poging aangewend het om ’n antwoord op die klagtes oor sy politieke leierskap te vertraag ten einde as burgemeester aan te bly (Sylvester 2001l:5).

Kringe na aan Marais het beweer dat hy besig was om die NNP-ondersteuners te besoek ten einde finansiële steun te vra in die geval van ’n uitgerekte regstryd. Hierin is hy na bewering, ook volgens Leon, deur Van Schalkwyk ondersteun (Ellis 2001:3). Dit het geblyk dat Marais onbewustelik besig was om met sy regsaksie internasionale regsgeskiedenis te maak deur vir die eerste

keer 'n saak aanhangig te maak om 'n besluit van 'n organisasie wat vrywillige lidmaatskap gehad het te laat hersien. Die DA se standpunt was dat dit in Marais se geval 'n kwessie was van "as the party giveth, the party can take away" (Ellis 2001:3). Die DA-advokaat, Gauntlett, se argument was dat om aan 'n politieke te party te behoort soortgelyk aan kerklidmaatskap was deurdat dit 'n persoon aan sekere reëls onderwerp het en dat skorsing onder sekere omstandighede moontlik was. Marais se regspan se standpunt daarenteen was dat die prosedure wat gevolg is soortgelyk aan dissiplinêre optrede was en gevolglik aan die bepalings van die DA se voorlopige grondwet moes voldoen. Dit was egter nie die geval nie. Tydens die verloop van die verhoor het advokaat Gauntlett die stappe wat teen Marais gevolg is, een vir een uitgelig vanaf Leon se eerste e-pos waarin hy beweer het dat dinge onaangenaam geword het. Dit is daarop gewys dat Leon wel sy waardering vir Marais en sy bestuurspan uitgespreek het, maar dat die negatiewe publisiteit rondom veral Marais besig was om die DA befondsing te kos. Daar is selfs beweer dat die DA besig was om dood te bloei (Ellis 2001:3). Marais se bewering dat hy slegs 48 uur gehad het om op die afdankingsbesluit te reageer, is deur Gauntlett weerlê met die argument dat 'n mens nie 'n genie hoef te wees om te besef dat die ernstige gesprekke en duidelike memorandum daarop gedui het dat Marais se amp in die gedrang was nie (Ellis 2001:3). Dit was die DA wat hom tot burgemeester verkies het en indien die party ongelukkig met sy optrede was, kon daar besluit word om hom elders te ontplooi. Marais is gevra om as burgemeester te bedank, nie as raadslid nie, en die party wou nog van sy dienste gebruik maak.

Marais het reguit laat blyk dat hy nie die verkiesing op 'n DA-platform gewen het nie, maar as 'n lid van die NNP. Al wat hy terug wou hê, was sy burgemeesterpos. Buite die hof het sy ondersteuners plakkate rondgeswaai: "Hands off our mayor" en "Voetsek Baas Tony Leon" (Ellis 2001:3). Volgens die hofverslae het Leon vir Marais gevra om uit die party te bedank nadat hy vertroue in sy burgemeesterskap verloor het. Toe Marais weier, het Leon landswyd die DA-leiers, ondersteuners en strukture geraadpleeg, wat saamgestem het dat Marais besig was om die alliansie onherstelbare skade te berokken. Leon was onder die indruk dat die nasionale opvatting oor Marais

se uitwerking op die party indien hy as burgemeester sou aanbly oorweldigend negatief was. Marais "was widely seen to be an ineffective and divisive mayor and to be at the epicenter [sic] of serial controversies and debacles" (Ntabazalila 2001b:3). Dit het geblyk dat die DA hul fondsinsamelingspogings moes begin kanselleer weens die negatiewe publisiteit rondom die Marais-debakel. Eers na dit alles het Leon die DA se nasionale bestuursliggaam versoek om Marais af te dank. Dit het nou openlik aan die lig gekom dat Leon teen die einde van Augustus aan Van Schalkwyk voorgestel het dat hy as premier moet oorneem en Morkel dan burgemeester moet word.

Marais se regspan het geargumenteer dat die NBK wat hom afgedank het, hom onbillik behandel het. Die optrede teen hom was deel van 'n voorafbeplande skuif wat alle reëls van natuurlike geregtigheid en billikheid verontagsaam het. Die optrede was onredelik en onverklaarbaar en die NBK het alle reëls van natuurlike geregtigheid verontagsaam deur op 'n kru en onnatuurlike wyse te handel (Ntabazalila 2001b:3). Marais is ernstig benadeel deur die onregverdige en ongeldige wyse waarop die NBK opgetree het. Ter verdediging van Marais was advokaat Heunis se argument dat dit 'n fyn beplande komplot was en dat Marais se lot reeds verseël was voordat hy voor die NBK verskyn het. Sy verdere argument was dat die DA sy eie grondwet, waarin voorsiening vir tyd om te appelleer gemaak word, oortree het, en dat Leon die die NBK se besluit beïnvloed het. Deur hom in die openbaar te vra om te bedank het Leon Marais se lot effektief verseël en het hy die NBK met die keuse tussen hom of Marais gekonfronteer. Dit het die NBK voor die moeilike keuse gelaat wat op 'n mosie van wantroue sou neerkom indien hulle anders sou besluit. Die DA se advokaat het egter volgehou dat daar nie sprake van 'n komplot was nie. Volgens die proporsionele verteenwoordigingstelsel het Marais sy pos as burgemeester te danke aan die feit gehad dat die DA hom daartoe verkies het (Ntabazalila 2001b:3).

# 10. DIE DA SE FINALE AFTAKELING

Terwyl die uitkoms van Marais se beroep op ’n hofbeslissing afgewag is, het Van Schalkwyk aangekondig dat hy ’n strategiese alliansie met die ANC oorweeg. Uit die DP-geledere is hy terstond uitgekryt en gewaarsku dat hy toelaat dat sy party deur die ANC misbruik word om later opsy gewerp te word (Xako 2001:2). Die bitterheid tussen die twee faksies het ’n nuwe laagtepunt bereik toe die DP se sweep, Douglas Gibson, Van Schalkwyk beskuldig het dat hy vir sy lyfwagte twee Mercedes Benz motors aangeskaf het, terwyl Leon steeds sy ou motor gebruik. Hy het gewaarsku dat Cosatu en die SACP niks anders sou doen as om uiteindelik op brutale wyse Van Schalkwyk ontslae te raak nie. Hy het na Van Schalkwyk se wegbreek van die DA verwys as “flip-flop, zig-zag – the contortions of a political gymnast” (Xako 2001:2). Vir hom was Van Schalkwyk die leier wie se “rent-a-principle, borrow-an-idea, steal-a-policy approach to politics” al duideliker geword het.

Die reaksie van die NNP, by monde van hul uitvoerende direkteur Renier Schoeman, was dat die party nie aan naamskending wou deelneem nie, en die teleurstelling is uitgespreek dat Gibson daartoe gedaal het om Van Schalkwyk by belaglike en fantastiese komplot-teorieë te betrek . Die NNP was immers nie besig om ’n alliansie met Cosatu en die SACP te vorm nie, en Gibson het min insig in die politieke wetenskap getoon. Schoeman het die aandag probeer aflei van die feit dat die DP al hoe meer deel uitgemaak het van ’n onbeduidende groepie woedende wit protesterendes (Xako 2001:2).

Met die aanbreek van November het Marais tydens ’n byeenkoms van die Helderberg-sakekamer by Afrikaners gepleit om hulle mismoedige houding te laat vaar en te help om die politiek te herskik ten einde deel van die regering se invloedsfeer te word. Hy het na homself as ’n Afrikaner verwys en ernstig vir die taal en vir samewerking tussen bruin, swart en wit gepleit. Afrikaners moes hulle skuldgevoel oor apartheid laat vaar, want daardie “skuld is betaal toe die Afrikaner die mag in die land afgegee het” (Van der Westhuizen 2001x:3). Hy het

te kenne gegee dat hy bereid sou wees om hande met die ANC in die belang van die streek en die land te vat, mits daar oor 'n beleid ooreengekom kon.

Juis op hierdie tydstip, in wat as "an intrigue out of a Rocky film" beskryf is (Michaels & Sylvester 2001:1b), het Marais na sy uitdrywing op 1 November beheer van die NNP in die Wes-Kaap oorgeneem. Die rede was dat Morkel weens sy opstand teen Van Schalkwyk as partyleier afgedank is. Dit het uit sy teenstand teen die party se vorming van 'n alliansie met die ANC, en sy pleidooi dat NNP-amptenare getrou aan die DA moes bly, gespruit. As die mees senior lid van drie onderprovinsiale leiers was dit nou Marais se verantwoordelikheid om die krisis in die party te hanteer. Morkel se standpunt was dat hy sy kiesers se mandaat sou vervul deur hulle as NNP-kiesers te verteenwoordig. Vir hom was die NNP se federale raad se besluit om met die ANC saam te werk geheel en al teen bruin kiesers se wense (Michaels & Sylvester 2001:1).




**17: Wedersydse rugstekery en agterdog met Marais dodelik verwond deur die straatnaamdebakel (*The Star*, 23 Oktober 2001:12)**

Dit was politieke maneuvers vol ironie: Van Schalkwyk het teen Morkel opgetree met die steun van die NNP se drie provinsiale onderleiers, onder andere Marais, wat op sy beurt weer met Morkel se goedkeuring van sy burgemeestersamp onthef is (Michaels & Sylvester 2001:1). Wat vreemd voorgekom het was dat Van Schalkwyk se optrede ingedruis het teen sy standpunt teenoor Leon toe laasgenoemde van Marais ontslae wou raak. Toe was die argument dat die burgemeester nie genoeg tyd gegun was om sy verdediging voor te berei nie. Nou is Morkel sonder die opgawe van redes en sonder tyd om sy verdediging voor te berei, die trekpas gegee. Ook Bester het Van Schalkwyk se optrede as totaal huigelagtig bestempel en gesê dat Van Schalkwyk die indruk skep dat hy nie sy party tyd wil gun om werklik 'n opinie oor die nuwe toenadering tot die ANC uit te spreek nie (Michaels & Sylvester 2001:1). Die DA het beweer dat die opstand teen Van Schalkwyk baie wyer strek as wat laasgenoemde wou erken en dat hy in 'n delikate posisie was. Hy het sy rug op die DA gekeer sonder om die meerderheid van sy party se mening in te win. Terselfdertyd het hy ook nog nie daarin geslaag om 'n ooreenkoms met die ANC te bereik nie.

Op sy beurt kon Van Schalkwyk daarop wys dat die samewerkende regering deel van die mandaat was wat die NNP na die 1999-verkiesing ontvang het en dat dit nie noodwendig 'n alliansie met die regerende party uitgesluit het nie (Joubert 2001c:2). Hy het wel aangedui dat partystruktureerders geraadpleeg sou word, maar nie aangedui welke nie. Volgens hom was die koalisie met die DP onbestendig omdat dit nie verteenwoordigend van genoeg inwoners van Kaapstad was om wye dienslewering te verseker nie. Die alliansie met die DP het beteken dat die NNP net 51% van die kiesers verteenwoordig het. Word 'n alliansie met die ANC aangegaan, styg dit tot 80% en sluit dan alle groepe in. Die NNP was van plan om die kennisgewingtyd van 30 dae vir die opsegging van die provinsiale koalisie in werking te stel sodra die verhouding met die ANC uitgeklaar is (Joubert 2001c:2). Die oorloopklousule sou na alle verwagting gou geskrap word en die ANC het slegs vier oorlopers nodig gehad ten einde die Wes-Kaap alleen te regeer. Van Schalkwyk het die argument gebruik dat De Klerk ook sy ontbanning van die ANC sonder die steun van al die Nasionaliste aangekondig het.

Die redes vir die beoogde alliansie tussen Van Schalkwyk, sy koterie en die ANC is uit meer as een oord as “pure unadulterated political expediency” (Trent 2001:6) beskou. Hy is gewaarsku dat alliansies wat bloot vir eiebelang gesluit word, maklik verbreek word. Dit was dalk juis die rede waarom hy die alliansie met die DP verbreek het. Van Schalkwyk is deur *The Herald* se verslaggewer as voorbeeld voorgehou van die politikus wat ’n opruiende toespraak met die volgende woorde sou kon beëindig: “Those are my principles. However, if you don’t like them, I have others” (Trent 2001:6).

Op 28 November is die samewerkingsooreenkoms tussen die ANC en die NNP bekendgemaak. Dit het, na wat berig is, ’n geheime klousule bevat wat aan die ANC ’n meerderheid in die Wes-Kaapse kabinet sou besorg (Ensor & Xako 2001:1). Die twee partye was vol vertroue dat hulle ook ’n aantal DA-lede sou kon werf wanneer die oorloop-klousule vroeg in 2002 opgehef word (Ensor & Xako 2001:1). Hierdie ooreenkoms het natuurlik die doodsklok vir die DP-NNP-alliansie gelui.

Op 7 November het die federale raad van die NNP besluit dat die DP en die NNP se weë moes skei. Dit het gebeur nadat die Kaapse Hooggeregshof Morkel se aansoek om die raad te verbied om te vergader afgekeur het (Govender, Khumalo & Smith 2001:1). In hierdie stadium het Van Schalkwyk nog bespiegeling oor ’n alliansie met die ANC afgewys. Die NNP sou wel sy herverkreë selfstandigheid vir deelnemende demokrasie met die ANC en die IFP gebruik. Morkel het die provinsiale kabinet op 12 November van sy bedanking verwittig (Merten & Kindra 2001:5).

Vanuit die DA het Leon te kenne gegee dat die DA vir Morkel steun en beloof dat indien hy as gevolg van ’n ANC/NNP-magsoorname in die Wes-Kaap afgedank word, die alliansie nie sy dienste sou wou verloor nie; hy het ook sy bewondering vir Morkel se beginselvaste standpunt en optrede uitgespreek (Stuart 2001a:4). Op 11 November het ’n lang brief van Van Schalkwyk in die pers verskyn oor “why I threw in my lot with the ANC” (Van Schalkwyk 2001:6) waarin hy hom by Mbeki se African Renaissance-idee geskaar het en ’n pleidooi gelewer het vir almal wie se hart werklik in die nuwe Suid-Afrika was om dit te steun.

In hierdie stadium het die DA-koukus reeds vir Morkel as hul burgemeesterskandidaat benoem en dit sou Marais die opsie bied om as gewone raadslid terug te keer. So 'n stap sou Marais in 'n uitsonderlike posisie plaas omdat hy ondervoorsitter van die NNP was en die NNP reeds hulle voorneme te kenne gegee het om uit die DA te onttrek (Kahn 2001d:2).

Op 21 November het 'n volbank van die Hooggeregshof beslis dat die NBK op grond van die partyleier se politieke oordeel "onregverdig, onbillik en onredelik" teen Marais opgetree het (Van der Westhuizen 2001z:2). Die besluite moes ter syde gestel word en die DA moes die hofkoste dra. Die redenasie was dat die NBK nie by magte was om Marais af te dank nie, en dat dit buite die (voorlopige) DA-grondwet geval het en daarom ongeldig sou wees – hiervolgens was die beëindiging van Marais se DA-lidmaatskap ook ongeldig. Regter Van Zyl, wat die uitspraak in oorleg met regter Hlope geskryf het, het aangevoer dat dit sy indruk was "dat dit 'n ietwat deursigtige politieke streek was om van die applikant as burgemeester ontslae te raak sonder om eers tugprosesse te volg" en die optrede "klaarblyklik politieke besluite wat deur die politieke oordeel van die respondent se leier [Leon] aangestig en geïnisieer" was (Van der Westhuizen 2001z:2). Daar was "onbehoorlike haas" betrokke en Marais is nie 'n billike kans gegun om sy saak voor te berei nie: "Hy is inderdaad die mees basiese reg ontneem wat deur die beginsels van natuurlike geregtigheid gewaarborg word, naamlik die reg om sy saak aan die hand van die grondreël *audi alteram partem* te besleg".

Marais was jubelend oor die bevinding dat sy afdanking ongeregverdigd was en dat hy heraangestel moes word. Verrassend het hy egter enkele ure na die hofuitspraak as burgemeester bedank, terwyl die DA met stappe begin het om Morkel as burgemeester aan te stel. As rede vir sy bedanking het Marais aangevoer dat hy tussen die amp en 'n onseker toekoms moes kies omdat hy nie in 'n "baas-slaaf" verhouding trou aan die DA en Morkel wou betoon nie (Van der Westhuizen 2001z:2). Sy visie was nou om saam met sy NNP-leier na die armes om te sien. Wat hom betref het die hofuitspraak Leon as 'n "insecure, incompetent" leier wat agter "spin-doctors, scriptwriters and a liberal dosage of arrogance" skuil aan die kaak gestel (Cull 2001:3).

Die ANC het aangekondig dat hy nou van plan was om die vier posisies waartoe hy op die stadsraad geregtig was op te eis. Indien die NNP-komponent nou in die stadsraad met die ANC sou saamspan, kon dit Morkel se termyn as burgemeester kortknip sodra die gewraakte oorloop-klousule vroeg die volgende jaar opgehef sou word. In hierdie stadium is Marais reeds as Morkel se moontlike opvolger genoem (Van der Westhuizen 2001y:4).

In die DA-kringe is Marais se bedanking as burgemeester verwelkom en dit is as ’n duidelike erkenning dat hy nie in die rol van burgemeester van Kaapstad gepas het nie beskou. Alhoewel die DA hulle vasbeslotenheid te kenne gegee het deur self ’n nuwe burgemeester te kies, sou dit dalk nie so maklik kon geskied nie. Indien Van Schalkwyk se regsopinie dat die opposisiepartye die geleentheid gegun sou moes word om die pos te vul korrek was, kon die ANC as die grootste party die septer in die keuse swaai (Cull 2001:3).

Vir die NNP was die hof se uitspraak vir Marais ’n “juridiese en morele oorwinning”, asook vir “billikheid en regverdigheid”. Dit is ook as ’n “reuse-terugslag” vir die DP, die DA en Leon se “wraaksugtige leierskap” bestempel, en die mening dat Leon “behoort te bedank” is gelug (Van der Westhuizen 2001y:4). Binne die stadsraad was die speaker, De la Cruz, se standpunt dat Kaapstad weer tot “stabiliteit en voorspelbaarheid” sou kon terugkeer.

Misbach (2001:2) berig dat Marais met sy bedanking as burgemeester selfs sy eie ondersteuners geskok het. Dit het nou rugbaar geraak dat die stadsraad se speaker hom vroeër aangeraai het om te bedank en met waardigheid uit die stadsraad te tree, omdat die DA aangedui het dat hulle met hulle voorneme sou voortgaan om van hom ontslae te raak. Sy hofsege sou in elk geval net verder sy uitgesprokenheid aanvuur; hy het die DA daarin prontuit as ’n “pale white laager who fear association with black people” gekarakteriseer (Misbach 2001:2). Die DA se kans om ’n burgemeester van hul eie keuse aan te stel, is as slegs ’n interim reëling voorspel, aangesien wetgewing reeds die volgende jaar deurgevoer sou word wat ’n NNP en ANC alliansie sou toelaat om beheer oor Kaapstad en die Wes-Kaap te verkry. Alhoewel die ANC die vier setels wat deur die NNP-lede in die uitvoerende komitee ontruim is sou

opneem, was selfs dít, in afwagting van die nuwe wetgewing oor oorlopery, as 'n tydelike maatreël gesien (Misbach 2001:2).

Marais het sy steun vir Van Schalkwyk herbevestig en dankbaar erken hoe Van Schalkwyk en die NNP sy toevlug en krag gedurende hierdie tyd was. Terselfdertyd het hy nuwe politieke geluide begin maak en sy keuse as voor die hand liggend beskryf: "We dare not break the strong bonds that have developed in the NNP between die ANC and the coloured people nor lead coloured people again into a master-servant relationship" (Misbach 2001:2).

Die DA se uitdaging op hierdie tydstip was om te verseker dat nie een van sy 107 raadslede saam met Marais oorstap nie, want dit sou die meerderheid in die stadsraad aan die ANC besorg. Die DA het laat hoor dat Marais baie tuis in die ANC sou voel omdat hulle ook die rassekaart speel, en terselfdertyd beklemtoon dat alle vorme van rassistiese etikettering, van wie en waar ookal, deur die DA veroordeel word (Stuart 2001b:4).

In sy outobiografie erken Leon dat hy heftig vir sy "high-handed dismissal of Marais" gekritiseer is (Leon 2008:579), en dat hy in die uitspraak oor sy rol as "judge, jury and executioner" gekritiseer is (Leon 2008:580). Alhoewel die DA genoop was om in die oordeel te berus dat die optrede teenoor Marais onbillik was, is daar in dieselfde asem teruggekap dat die NNP se summiere afdanking van Morkel as premier, sonder dat hy homself kon verdedig, net so onregverdig was. Die DA was ook bereid om te erken dat Marais en Morkel se afdankings traumatiese gebeure was, en dat bepaalde lesse oor die aangeleenthede wat opklaring en veranderinge genoodsaak het geleer is. Anders as die NNP was die DA besig om sy strukture te demokratiseer (Pelser & Joubert 2001:2). Deur sy kongres en nasionale bestuursvergadering sou die DA stappe neem om die magte binne die party af te wentel. Hierteenoor was die NNP besig om presies die teenoorgestelde te doen deur die magte te sentraliseer. Volgens die DA was dit omdat die NNP bang vir 'n provinsiale verkiesing was en nie kon toelaat "dat die kiesers oor hul toekoms besluit nie, want die uitslag is voor die hand liggend" (Pelser & Joubert 2001:2).

Morkel is in hierdie stadium as die DA se Wes-Kaapse provinsiale leier verkies. Hy het erken dat die politiek "vloeibaar" was, maar hy het nie wat besig was om te gebeur as 'n "seismiese herskikking van opposisiekragte in die politiek of 'n strategies vernuftige poging om rassisme uit die politiek te haal nie" beskou nie (Pelser & Joubert 2001:2). Indien die ANC werklik ernstig oor 'n "samewerkende regering met verteenwoordigende inspraak" was, wou Morkel weet waarom dit dan skynbaar net in die Wes-Kaap gegeld het (Pelser & Joubert 2001:2). In 1999 het die ANC 'n samewerkende regering afgewys om sodoende alleen te regeer en die Kaapstadse bestuursposte geweier wat hulle nou bereid was om te aanvaar. Morkel se pleidooi was om tot stabiele regering terug te keer en korrupsie aan die kaak te stel, en hy moes ook erken dat die heersende politieke situasie kiesers verwar het en dienslewering in "gevaar gestel" het (Pelser & Joubert 2001:2).

Nadat Marais uit die DA bedank het, is hy kort daarna in Morkel se pos as premier aangestel. Leon erken dat dit alles polities uiters verwarrend geraak het: "In a further twist, no doubt bewildering even to the most avid follower of politics, Morkel was elected mayor by the DA Cape Town caucus" (Leon 2008:571). Vir Marais was dit 'n triomfantlike oomblik om die mees senior politieke pos in die Wes-Kaap te aanvaar. Hy vertel hoe hy gewaarsku is dat as 'n politieke leier van iemand ontslae raak, so 'n persoon dit nooit weer in die politiek maak nie. Dit het hy na sy botsing met Leon verkeerd bewys. Met groot bravade kon hy daarop wys dat hy nie net die hofsaak en die dra van regskoste teen die DA gewen het nie, maar dat die party ook moes toekyk hoe hy een van die land se nege provinsiale premiers word (Erwee 2002:19). Hy het in herinnering geroep hoe, met die verloop van sy jare as politikus, hy van talle politieke sondes beskuldig is: seksisme en rassisme, die betoning van min respek teenoor sy leiers, en van "opgeblase en erg misplaaste oortuiging van sy eie belangrikheid" (Erwee 2002:19). Wat hom betref het hy uiteindelik tog "die tier [Leon] se nek gebreek".

Marais se onmiddellike oogmerk was om die Wes-Kaapse regering se topstruktuur in terme van transformasie en die vermindering van poste te herstruktureer (Joubert 2002a:9). Hy was veral geskok oor die "groot empire"

wat Niel Barnard as direkteur-generaal in die hart van die provinsiale regering opgebou het, asook die dramatiese verhoging in die begroting en personeel van die department van provinsiale administrasie waaronder sy eenheid geval het. Afgesien van die superintendent-generaal was daar ook drie vise-direkteur-generaals, tien hoofdirekteure, talle direkteure, asook 'n groot aantal bystandspersoneel (altesaam 'n totaal van 543 amptenare). Barnard het meer as die premier verdien en het só 'n vooruitstrewende kantoor gehad, bestaande uit 'n *en suite* badkamer, kombuisfasiliteite, 'n private braai-area en 'n oorhoofse televisie, dat Marais dit sy eie kantoor wou maak. Ook Morkel se kantoor het 'n 'super ministerie' geword en in werklikheid die LUK's se funksies oorgeneem (Joubert 2002a:9).

As teenargument vir Marais se kritiek oor die grootte van die provinsiale administratiewe departement is uitgewys dat die Wet op Openbare Dienste 1994 die sentralisering van alle dwarslopende funksies as deel van die Transformasie 2000-projek vereis het. Dit is vanuit hierdie oogpunt ontken dat die department 'n "gesentraliseerde monster" geword het (Joubert 2002a:9).




**18: Die verbysterende omruil van premier- en burgemeestersposte deur twee bruin leiers met min ooghare vir mekaar (*Eastern Province Herald*, 3 November 2001:4)**

In die *Argus* is berig dat ten spyte daarvan dat Heath haar oor die aanklagte van wanoptrede tydens die straatnaamdebakel voor stok gekry het, het Una Pick aan die einde van November 2001 met die steun van haar mederaadslede in die NNP-komponent van die DA ’n nuwe pos as vise-raadsvoorsitter vir die Atlantis-, Blaauwberg- en Mamre-areas losgeslaan (Underhill 2001a:5). Sy het as ’n uitbundige kiesersvlak-werker met volkome toewyding aan haar werk bekend gestaan. Haar onomwonde standpunt tydens die debakel was dat sy ’n ondersoek na haar optrede sou verwelkom omdat sy niks gehad het om weg te steek nie. Haar argument was dat Marais ook in Heath se verslag genoem is, maar tog het hy die premier geword “so what does that show you about the report?” (Underhill 2001a:5). Sy het verduidelik dat toe sy daartoe versoek is, sy die name van sommige persone ten gunste van die naamsverandering op die petisies aangebring het, maar hierdie persone het toe self geteken. Die polisie het haar tot op daardie stadium nooit genader nie. Sy was nie deur die verslag ontstel nie, want sy het geweet dat sy niks verkeerds gedoen het nie. Die unistad se spreker het ook verduidelik dat die raad na die Heath-aantygings gekyk het, maar niks kon vind wat haar geïnkrimineer het of die aanklagte in die verslag gestaaf het nie.

Daar was wel kritiek op haar nuwe aanstelling gelewer en een ontstoke raadslid was van mening dat haar aanstelling ’n verspotting van die Heath-ondersoek, wat die raad ’n enorme bedrag geld gekos het, gemaak het. Dit was hiervolgens verregaande dat Pick bevorder word terwyl sy in die visier van ’n polisie-ondersoek was (Underhill 2001a:5). Hierteen het die minister van plaaslike en regeringsontwikkeling egter wal gegooi met die stelling dat die aanbevelings van die Heath-ondersoek wel opgevolg is. Die saak rakende die twee raadslede en drie gemeenskapslede is op 22 September na die SAPD verwys, maar geen terugvoer is tot op daardie stadium ontvang nie en die saak was nou uit die regering se hande. Niemand het ooit weer ’n woord hieroor gerep nie (Underhill 2001a:5).

Die verhoor teen Kieser en Smit het wel heel ver onder voorsitterskap van ’n arbeidskonsultant gevorder, maar uiteindelik is daar ook nie teen hulle opgetree nie, omdat hulle uit die diens van die raad getree het en ’n

werkgewer-werknemer-verhouding vir tugstappe vereis is. Die klagtes teen Smit is nie teruggetrek nie, met die gevolg dat dit wesenlik 'n onafgehandelde verhoor gebly het. Smit se kontrak het op 31 Desember 2001 verval en is nie hernu nie, terwyl Kieser bedank het, maar dit het lank gesloer omdat persone van buite die raad nie geredelik beskikbaar was nie. Albei se verhoor is deur Kieser behartig, maar hulle veranderde werksituasie het beteken dat die saak teen hulle nie enduit gevoer kon word nie (Joubert 2002:3).

As nuwe burgemeester het Morkel 'n ongewone stap geneem deur die kontroversiële aanstelling van Ben Kieser as regsadviseur. Die ooreenkoms tussen hom en die unistad was dat hy nie die besonderhede van die vertroulike skikking wat met hom gesluit is openbaar sou maak nie (Ntabazalila 2002c:1). Toe die unistad se kommunikasiedirekteur genader is om Kieser se aanstelling te verduidelik kon hy nie verklaar waarom Kieser as konsultant aangestel is terwyl die saak teen hom nog hangende was nie. Hy kon egter daarop wys dat die burgemeester die reg het om sy eie konsultante aan te stel. Hy het bevestig dat Kieser en Smit se verhore tot in daardie stadium R240 000 beloop het. Geen uitsluitsel is bereik nie, omdat die stadsraad van mening was dat dit nie die moeite werd was om die saak verder te voer as dit nie in een van die partye se belang was nie. Morkel het laat blyk dat hy Kieser vanweë sy bekwaamheid en onderlegdheid in die plaaslike regering aangestel het (Ntabazalila 2002c:1).

Teen laat Januarie 2002 was die straatnaamdebakel byna vergete, maar stadsbestuurder Maydon het te kenne gegee dat hy steeds ongemaklik voel omdat Smit se saak nog nie afgehandel was nie. Daaroor was Smit net so ontsteld. Die stadsbestuurder het te kenne gegee dat indien Smit om 'n getuigskrif sou vra, hy hom van een sou voorsien waarin hy sou aandui dat die ondersoek onafgehandeld was, maar dat Smit goeie diens gelewer het. Hy kon daarop wys dat wat Kieser betref, 'n oplossing gevind is toe hy 'n bekentenis gemaak het en daarna bedank het. Hy het 'n skriftelike waarskuwing oor 'n uitlating in die teenwoordigheid van 'n kollega ontvang, maar is van al die ander klagtes van wanadministrasie vrygespreek. Sy gewraakte woorde teenoor Johnson was "F*ck the public" (Van der Westhuizen 2002:6).

Teen einde Februarie 2002 het Van der Westhuizen (2002) berig dat Walker skotvry verklaar is nadat die klagtes teen haar deur die munisipaliteit se regsafdeling teruggetrek is. In hierdie laat stadium het die stof nog steeds nie oor die debakel, wat die stadsraad 'n miljoen rand gekos het, gaan lê nie. Smit het intussen bekend gemaak dat hy by die Kommissie vir Bemiddeling, Versoening en Arbitrasie 'n arbeidsgeding aanhangig gaan maak oor die wyse waarop hy behandel is. Hy het volgehou dat geen beslissing oor hom gefel is nie en dat hy nooit die kans gegun is om sy kant van die saak te stel nie (Van der Westhuizen 2002a:14).

Kieser het laat blyk dat die regsmenings niks met sy besluit te doen gehad het om die saak teen Walker terug te trek nie. Omdat hy deur Morkel aangestel is, moes hy in die uitvoerende komitee met haar saamwerk en hy het besef "die kool is die sous nie werd nie" (Van der Westhuizen 2002a:14). Volgens De la Cruz het dit suiwer 'n partypolitieke saak geword en die DA sou moes besluit wat verder aan die saak gedoen moes word. Walker sou dalk haar betrokkenheid moes verduidelik, onder andere oor die redes waarom sy Morkel gesystap het en haar direk na Leon gewend het. Hy het ook laat blyk dat die DA se provinsiale bestuurskomitee dalk dringend die posisie van die DA-raadslede wat die party openlik in die rug gesteek het sou moes evalueer. Hy het ook oor inligting van die raadslede wat die NNP-vergaderings bygewoon het beskik (Van der Westhuizen 2002a:14). Al hierdie problematiese aangeleenthede binne die geledere van die munisipaliteit het uiteindelik in die doofpot beland.

Wat verdere pogings tot naamsverandering betref is daar teen einde Februarie 2002 berig dat die provinsie besig was om 'n beleid te formuleer om afbrekende en beledigende straat- en provinisale name te verander. As premier het Marais sy teenstanders gewaarsku dat regter Heath "will not save your colonial teddy bears" (Ntabazalila 2002d:1). Hy het herhaal dat hy van die wandade tydens die straatnaamdebakel vrygespreek is en dat sy ondergang reeds beplan is die dag nadat hy burgemeester geword het. Vol bitterheid het hy beweer dat die DA deur "dishonourable, cunning, deceitful and back-stabbing members" beheer is (Ntabazalila 2002d:1).

Toe dit bekend raak dat hy van plan is om plekname in die Wes-Kaap te verander indien hulle ras-aanstootlik is, is Marais in *Cape Argus* (2002:18) gewaarsku om nie weer die foute van die verlede te herhaal nie. Dit is daarop gewys dat terwyl van die ander provinsies na 1994 vinnig beweeg het om name wat aan die apartheidsverlede herinner het te verander, die Wes-Kaap traag was. Hy is aanbeveel dat so 'n stap nie net bekostigbaar moet wees nie, maar ook die stadsinwoners moet saamsnoer. Die provinsie het die tweede laagste begrotingsverhoging van die nasionale regering ontvang en daar kon nie ruimte gelaat word om dit op nuwe straattekens en padkaarte te spandeer nie. Daar is voorgestel dat 'n beter opsie die geleidelike infasering van die nuwe name sou wees deur vir 'n vasgestelde tydperk van 'n tweeledige naamstelsel gebruik te maak. Dit sou dwaas wees om die foute van die verlede te herhaal deur die politici van die regerende bewind te vereer. Die Saterdag-uitgawe van die *Cape Argus* (2002:18) het aangevoer dat "[g]oodwill among all the province's people must be the ultimate goal".

Marais se kort termyn as premier het beteken dat hy ook nie ver met hierdie nuwe naamsveranderingsplanne sou vorder nie.

# 11. DIE VERDERE VERLOOP VAN STRAATNAAMVERANDERING AAN DIE KAAP

Die wyse waarop Marais sy eie vernietiging bewerkstellig het deur by aanklagte van seksuele teistering en omkoopgeld betrokke te raak val buite die bestek van hierdie bespreking. Dit het daartoe gelei dat hy op 31 Mei verplig was om as premier te bedank. Alhoewel hy as die "comeback kid" (Ndenze 2010:1) bekend was, kon hy nie hierdie terugslae oorleef nie en het sy poging om met die stigting van 'n nuwe party weer die politieke terrein te betree, klaaglik misluk. Daarna het hy by COPE aangesluit, waar hy met afsydigheid behandel is.

Siende dat straatnaamverandering een van die sentrale temas in hierdie verwikkelde verhaal oor Marais is, is dit sinvol om kortliks te probeer aantoon hoe die straatnaamverandering in Kaapstad verder verloop het. In Februarie 2007 het die stadsraad voorlopig die goedkeuring verleen om Keizersgracht in Distrik Ses na Taliep Petersen te vernoem. Helen Zille het op versoeke dat die straat se naam verander word ag geslaan en met 'n hernoemingsproses begin. In hierdie stadium is 'n onafhanklike paneel onder leiding van die eertydse politieke aktivis, Rhoda Kadalie, aangestel (Ndenze 2010:1). Teen Mei 2007 is 238 voorleggings ontvang en 'n paneel kundiges onder leiding van Kadalie het voorgestel dat 31 straatname verander word. Die opposisieraadslede het die DA egter daarvan beskuldig dat hulle net vier name uit die 31 gekies het ten einde kiesers tevrede te stel. Siende dat die naamsveranderingsproses in Kaapstad steeds soveel tweespalt veroorsaak het, het burgemeester Zille dit in Julie 2008 stopgesit (Ndenze & Hartley 2010:1). Aan die begin van Julie 2010 is die vroeëre verslag waarby Kadalie betrokke was weer opgediep. Daarin is voorgestel dat onder andere die kontensieuse Hans Strijdom-laan en Hendrik Verwoerd-rylaan verander moet word. Vir die soveelste keer is die geloofwaardigheid van die hernoemingsprojek in twyfel getrek

(Barnard 2010:7) en op die lange baan geskuif. In Junie 2011 het 'n berig verskyn dat burgemeester Patricia de Lille aandag aan die straatnaamsveranderinge gee (Williams 2012:1). In November 2011 is 'n nuwe hernoemingskomitee deur die stadsraad goedgekeur en 'n span kundiges is aangestel om bystand te verleen, en De Lille het Kapenaars beloof dat hulle die finale sê daaroor sou hê. Ongeveer 19 000 voorstelle is van die publiek ontvang en dit sou inderdaad insig verg om die regte besluite te neem (Hartley 2012:1). Eers in Augustus 2012 kon die stadsraad aankondig dat verskeie strate hernoem sou word. Die plegtigheid het op 21 Maart 2013 (Menseregtedag) plaasgevind toe vier strate na swart strydhelde hervernoem is, met Verwoerd-weg wat as Uys Krige-weg hernoem is.

Die proses van straatnaamsverandering is 'n voortdurende proses dwarsoor die land, en in Kaapstad se geval lyk dit tog of 'n duur les uit die Marais-debakel geleer is en geen besluite hieromtrent verder sonder deeglike verrekening van die inwoners se wil en wense geneem sal word nie.

# 12. TUSSEN TEORIE EN PRAKTYK

Wanneer die teoretiese merkers wat aan die begin van die boek bespreek is aan die verloop van die gebeure rondom die pogings tot straatnaamverandering in Kaapstad getoets word, blyk dit dat verskeie daarvan die toets van die praktyk deurstaan. Eerstens word dit duidelik dat die vroeëre geskiedenis van die twee straatruimtes – Adderley- en Waalstraat – opgehaal sou word en pertinent ter sprake sou kom as gevolg van wat in die Suid-Afrikaanse samelewing aan die gebeur was. Die kollektiewe geheue van die straatname het ’n bepaalde weerstand teen verandering ontlok en die twee strate se historiese verbintenis weer op die voorgrond geplaas. Marais se hernoemingspoging het getoon hoe belangrik erfenisgoedere, geskiedenis en die bekendhied van straatname binne ’n gemeenskap bly, al moes die akkurate verslae daarvan argivaal opgediep word. Ook is die simboliese konstruksie van wat nuut bedink is om die stempel van ’n veranderde bewind sigbaar te maak sterk deur die nuwe politieke magsverhoudings en belange beïnvloed. Die ANC se politieke magshebbers was grootliks onvergenoegd dat die heerskappy oor die Wes-Kaap en die stad Kaapstad hulle ontneem is, siende dat hulle in die res van die land seëvierend uit die verkiesingstryd getree het. Enersyds sou dit vir die DA soveel moeiliker word om die simbole en straatname in Kaapstad te verander, terwyl hulle andersyds gedwing is en begerig was om hulle eie stempel op die Wes-Kaap en Kaapstad te probeer afdruk en hulle afkeur te betuig oor straatname wat baie direk heengewys en herinner het aan die apartheidsonderdrukking.

Soos die teoretiese besinning aandui, is veral twee aspekte van besonderse belang in naamsverandering – die politieke stryd en omwenteling, en die besluitnemingsprosesse wat daarmee gepaard gaan. Omdat die proses om die twee straatname in Kaapstad te verander nie van die begin af deursigtig en demokraties uitgevoer is nie, het die weerstand daarteen al hoe heftiger geraak en het dit, soos aangetoon is, tot talle ondersoekkommissies, hofsake en selfs die ontbinding van ’n politieke alliansie en die afdanking van stadsamptenare gelei. In die geval van Kaapstad het die ineengevlegtheid van die politiek en

straathernoeming getoon watter kragte daardeur ontketen kan word, iets wat uiters nadelige gevolge vir die gemeenskap as 'n geheel kan inhou. Voeg hierby die rol en optrede van onbeheersde en egoïstiese politieke leiers, en die resultaat was inderdaad iets soos "a veritable whore's banquet of conflicting committees, probing forums and all the rest of the typically befuddled panic mechanisms of those caught with their fingers in the till" (Kirby 2001:16).

Op die keper beskou was die onderliggende oogmerk van die straathernoeming, naamlik politieke versoening mits die ANC genoeë met die feit sou neem dat die voorste leier uit die verslane apartheidsera ook vereer sou word, lofwaardig. Die idee om Mandela en De Klerk te vereer sou simbolies kon word van die konstruksie van 'n nuwe identiteit vir die stad deur die handevat van die ou en die nuwe bewind. Soos een joernalis dit treffend gestel het: "The symbolic and immutable joining of Mandela and De Klerk, as once they gripped hands in order to usher in a new era, at one corner of the new, democratic parliament, was a brilliant thought" (Kirby 2001:16). Marais se hernoemingsplan het volgens Kirby nie verdien om uiteindelik in 'n "undignified and unfulfilled end in the mire" te verval nie. Die herinneringe aan die nalatenskap van die apartheidsbewind was egter nog te vars en onthutsend in die geheue om dit werklik haalbaar te maak om De Klerk te vereer.

In die laaste instansie is dit die gebruikers van stadsruimtes wat die name daarvoor aanvaar of verwerp. Die feit dat daar sprake van oneerlikheid oor die openbare toetsing van die naamsverandering was, het 'n alreeds delikate kwessie finaal die doodslag toegedien. Die idee van versoening het te gou gekom en die gaping tussen dié wat bereid was om hande te vat en diegene vir wie die belewenis van die verlede nog te rou en traumaties was, was nog te wyd en onoorbrugbaar.

# BYLAE 1

Tony Leon se afdankingsbrief aan Peter Marais (*Die Burger*, 13 Oktober 2001:2).

Beste Peter,

Dit spyt my om jou mee te deel dat ek vertroue verloor het in jou vermoë om as burgemeester van Kaapstad aan te bly. Ek is die mening toegedaan as leier van die party, onder meer op grond van die volgende: 1. Jy kon nie daarin slaag om te lei op 'n wyse wat saambind nie, maar eerder op 'n wyse wat jou uitvoerende gesag en koukus verdeel. 2. Onder jou leierskap het die openbare aansien van die DA in die unistad Kaapstad 'n negatiewe invloed op die DA gehad om sy ondersteuning in Kaapstad en in ander dele van die land te kan mobiliseer. 3. Jy het nie daarin geslaag om 'n goeie werksverhouding met die provinsiale regering te vestig en te behou nie.

Ek moet jou daarom ernstig versoek om uit jou pos as burgemeester te bedank. Sou jy besluit om nie te bedank nie, gee ek jou kennis dat 'n mosie aan die vergadering van die nasionale bestuurskomitee gestel sal word op 19 Oktober 2001 om 10:30vm in die FW de Klerkraadsaal, Markgebou, Kaapstad, waarvolgens van jou verwag sal word om te bedank.

Op die vergadering sal ek die gronde meer volledig motiveer wat gelei het tot my verlies van vertroue in jou vermoë om burgemeester te wees.

Natuurlik is jy welkom om die vergadering by te woon en te praat. Jy is ook welkom om jou regsverteenwoordiging te nooi om jou te vergesel.

Totdat die nasionale bestuurskomitee die saak afgehandel het, sal ek van jou verwag om jou te verskoon van die raad en alle ander DA-bedrywighede en vergaderings, buiten die NBK op 19 Oktober 2001.

Ek meen steeds dat jy 'n waardevolle bydrae tot die politiek kan lewer, maar my oordeel is dat jy nie dié bydrae kan maak as burgemeester van Kaapstad nie.

Die uwe,
Tony Leon LP
Leier van die Demokratiese Alliansie

# BYLAE 2

Amptelike korrespondensie van die DA waarom Peter Marais versoek is om te bedank (*Die Burger*, 25 Oktober 2001:28)

Verlede Vrydag het die Demokratiese Alliansie se Nasionale Bestuurskomitee 'n voorstel aanvaar wat van Peter Marais vereis dat hy as burgemeester van Kaapstad bedank. Mnr. Marais het geweier om dié besluit te aanvaar. Die NBK het toe besluit om sy lidmaatskap van die DA te beëindig.

Hierdie boodskap verklaar waarom ons mnr. Marais versoek het om te bedank.

Die Demokratiese Alliansie is gestig om Suid-Afrika 'n beginselvaste, sterk alternatief vir die ANC te gee.

In Kaapstad was dit ons missie om aan Suid-Afrikaners te bewys dat regering 'n mag ten goede kan wees. Doeltreffend. Op lewering ingestel. Onverdraagsaam wat korrupsie en wanpraktyke betref. Sensitief teenoor die publiek se behoeftes. Oop en toerekenbaar.

Die DA wil hê die Moederstad moet 'n toonbeeld vir die res van Suid-Afrika wees. Pleks daarvan is die bestuur van Kaapstad onder mnr. Marais se leierskap deur krisis, omstredenheid en skandaal gekenmerk, en dit het ons belangrike prestasies oorskadu.

Binne die DA het mnr. Marais só gelei dat sy uitvoerende komitee en koukus eerder verdeel as saamgesnoer is. Hy het ook versuim om 'n gesonde werkverhouding met die provinsiale regering in stand te hou.

Wanneer 'n politieke leier misluk, moet hy of sy die verantwoordelikheid aanvaar. Die DA glo hy moet dieselfde hoë standaarde handhaaf wat hy van die nasionale regering verwag. 'n Party moet genoeg integriteit hê om sy mislukkings eerlik in die gesig te staar. Dan moet hy deurslaggewend optree om sake reg te stel. Dis wat ons nou gedoen het.

Daar is 'n breë wanopvatting dat mnr. Marais gevra is om te bedank omdat oudregter Willem Heath bevind het dat hy die publiek oor die mate van steun vir sy voorstel om Adderley- en Waalstraat te hernoem, mislei het.

Nog 'n wanopvatting is dat mnr. Marais die burgemeester moet bly omdat die stadsraad se reëlskomitee bevind het dat hy nie stadsraadslede se gedragskode oortree het nie.

Soos ons hierbo genoem het, is mnr. Marais weens sy gebrek aan politieke leierskap in Kaapstad gevra om te bedank, nie omdat hy 'n wet of kode oortree het nie.

As mnr. Marais die Nasionale Bestuurskomitee se besluit aanvaar en bedank het, sou hy vandag steeds 'n lid van die party gewees het. Dis jammer dat hy verkies het om die NBK se besluit uit te tart. Ons sou graag in 'n ander belangrike hoedanigheid steeds met hom saam wou werk.

***Ons is nou daartoe verbind om die toekoms aan te pak, nogmaals doeltreffende bestuur in Kaapstad in te stel, en te bewys dat ons werklik 'n verskil aan die lewens van die Moederstad se mense kan maak.***

# BRONNELYS

## Algemene bronne


Azaryahu, M. 1996. The power of commemorative street names. *Environment and Planning D: Society and Space*, 14(3):311-30.

Azaryahu, M. & Kook, R. 2002. Mapping the nation: Street names and Arab-Palestinian identity: Three case studies. *Nations and Nationalism*, 8(2):195-213.

Billig, M. 1995. *Banal nationalism*. Londen: Sage.

Democratic Alliance. 2000. Outline agreement between the Democratic Party and the New National Party. 24 June 2000. Adopted by the National Management Committee on 11 Augustus 2000. Tony Leon-versameling, Ineg, Bloemfontein.

Entrikin, J.N. 1991. *The betweenness of places*. Baltimore: John Hopkins University Press.

Ferguson, P.P. 1988. Reading city streets. *The French Review*, 61(3):386-97.

Groenewald, P.J. 2005. Die oorloopklousule in die herskikking van die Suid-Afrikaanse politiek. MA-verhandeling. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

Heath Specialist Consultants. 2001. Final Report. Investigation in terms of Section 106 of the Provincial Government Municipal Systems Act 32 of 2000. Proposed renaming of Adderley and Wale Streets, Cape Town. Augustus 2001.

Heunis, J.S. 2001. Legal representation inquiry. 3 Augustus 2001: 5-14 as Annex B. Tony Leon-versameling, Ineg, Bloemfontein.

–. 2001a. Notule van ’n spesiale vergadering. 3 Augustus 2001:4. Tony Leon-versameling. Ineg, Bloemfontein.

Johnson, R.W. 2009. *South Africa's brave new world: The beloved country since the end of apartheid*. London: Allen Lane.

Johnson, V. 2010. Persoonlike onderhoud. Kaapstad, 17 Desember.

Koekemoer J. 2001. Investigation: Proposed renaming of Adderley and Wale streets. 3 Augustus 2001, 1-3 as Addendum A. Tony Leon-versameling, Ineg.

Lefebvre, H. 1991. *The production of space*. Oxford: Basil Blackwell.

Leon, T. 2000. Outline agreement between the Democratic Party and the New National Party. 24 June 2000. Adopted by the National Management Committee on 11 Augustus 2000. Tony Leon-versameling, Ineg, Bloemfontein.

–. 2001b. Notes by Tony Leon, 21 Oktober 2001. Aangeheg by die Rose-Innes-dokument as verdere inligting vir adv. Breitenbach: 27-39.Tony Leon-versameling, Ineg, Bloemfontein.

–. 2001c. Introductory remarks by Tony Leon on what is really at stake:1-16. Tony Leon-versameling, Ineg, Bloemfontein.

–. 2008. *On the contrary*. Johannesburg: Jonathan Ball.

Marais, P. 2011. Persoonlike onderhoud. Durbanville, 20 April.

Mckenzie, K. 2000. Human resources high on the agenda. *Diverse Publikasies*, 14 April.

Moll, J.C. 2007. Pleknaamsverandering in Suid-Afrika: Bevestiging van ANC mag, wettigheid en 'selfrespek'. *Acta Academica*, 39(3):106-28.

Munisipaliteit Kaapstad 2001. Minutes of a special meeting of the executive committee held in the council chamber, 11th floor, former Cape Town Metropolitan council building, 44 Wale Street, Cape Town, Friday, 3 Augustus.

–. 2001a. Verslag van die stadsbestuurder. 16 Julie 2001.

Palonen, K. 1993. *Reading street names politically.* Helsinki: The Finnish Political Science Association.

Rose-Innes, L.A. & Breitenbach, A.M. 2001. Ex parte the Democratic Alliance in re Peter Marais, opinion. Chambers Cape Town, 10 Oktober. Tony Leon-versameling. Ineg, Bloemfontein. 1-9.

RSA (Republic of South Africa). 1998. Local Government Municipal Structures Act 117 of 1998. Pretoria.

RSA (Republic of South Africa). 2000. Protected Disclosures Act 26 of 2000. Pretoria.

Schwartz, B. 1982. The social context of commemoration: A study in collective memory. *Social Forces*, 61(2): 374-402.

Spears, R.A. 2007. *Dictionary of American slang and colloquial expression*. New York: McGraw Hill.

Who's Who. *Petrus Marais*. Beskikbaar: [Datum van gebruik 4 November 2011] http://whoswhosa.co.za/petrus-marais-3197

Wikipedia. *Street or road name*. [Datum van gebruik 24 November 2011] http://en.wikipedia.org/wiki/Street_or_road_name

Zaaiman, S.J. 2007. The tale of three mayors: Mayoral politics in the unicity of Cape Town. *Acta Academica*, 39(3):67-105.

# Koerantbronne


Barnard, M. 2010. Strate gaan wel nuwe name kry. *Die Burger*, 29 Julie.

*Beeld*. 2000. FW verwelkom party; ANC sê dit gaan na rykes omsien. 26 Junie.

Belcher, R. 2001. Ou straatname het tradisie. *Die Burger*, 8 Mei.

Bell, T. 2001. De Klerk has no place on our city streets. *Cape Times*, 4 Mei.

Beresford, D. 2001. Give me that old-time religion. *Mail & Guardian*, 4 Mei.

Brummer, W. 2000. Ervare hoof lei Kaap na unistad. *Die Burger*, 24 Februarie.

–. 2000a. Unistad se naam oor week of wat bekend. *Die Burger*, 8 April.

*Business Day*. 2000. Marais's address. 18 Desember.

–. 2001. Cape Town capers. 27 Julie.

–. 2001a. Setting a benchmark. 31 Augustus.

Cage, R. 2001. Simon's Town, DA Showdown. *The Citizen*, 17 Oktober.

Callard R. 2001. The return of Heath is upon us. *Mail & Guardian*, 20 September.

Campbell, C. 1999. The unicity: People-friendly government or a bureaucracy waiting to happen? *Cape Argus*, 8 Augustus.

*Cape Argus*. 1998. Changing the city's identity. 5 November.

–. 2000. Marais sacking a 'make or break' game. 15 Februarie.

–. 2000a. It's mayor Marais. 7 Desember.

–. 2001. The reign of mayor Marais begins. 3 April.

–. 2001a. Unicity reels in wake of street saga. 26 Julie.

–. 2001b.Metro Reporter City scandal: Kieser accuses. 1 Augustus 2001.

–. 2002. No easy ride for Marais and his Boks. 8 Januarie.

Carrim, Y. 1998. New local government era dawns. *The Daily News*, 20 November.

*Cape Times*. 1998. Follow Asmal's renaming model. 6 November.

–. 2001. Canvas city on renaming of streets. 1 Mei.

–. 2001a. Kaapstad bewoners. 1 Mei.

–. 2001b. Hold a referendum on street names. 22 Mei.

–. 2001c. Drop this murky renaming process. 11 Junie

–. 2001d. The records speak for themselves. 26 Julie.

–. 2001e. End of a sorry saga. 26 Julie.

–. 2001f. Most Capetonians opposed to giving public places new names, survey finds. *Cape Times*, 28 Augustus.

Carter, C. 2008. Don't worry, you're black, Zuma tells ex-premier Marais. *Cape Argus*, 30 Maart.

Coetzee, R. 2001. Kirby is just talking fancy rubbish. *Mail & Guardian*, 6 September.

Cull, P. 2000. DP triumphs as Nats surrender. *Eastern Province Herald*, 26 Junie.

–. 2001. End of an era as NNP holds its last congress in W Cape. *Eastern Province Herald*, 1 Oktober.

–. 2001a. Marais in victory bombshell. *The Herald*, 22 November.

*Daily Dispatch*. 2008. Our opinion. 4 Desember.

Dawie. 2002. Wie wil stem vir partye sonder waardigheid? *Die Burger*, 11 Mei.

*Die Afrikaner*. 2001. Peter Marais al meer in die vaarwater. 16 Augustus.

*Die Burger*. 1999. Kaapse metropool word een van vyf megastede. 7 Augustus.

–. 2000. Kaart van die wyke. 7 Desember.

–. 2001. Teistersaak van lyfwag teen Freda Adams misluk. 11 Mei.

–. 2001a. Nuwe straatname. 22 Mei.

–. 2001b. Waarheid moet uit. 27 Julie.

–. 2001c. Heath se taak. 1 Augustus.

–. 2001d. Straatnaamklug. 2 Augustus.

–. 2001e. Behou perspektief. 14 Augustus.

–. 2001f. Peter Marais. 31 Augustus.

–. 2001g. ’n Amptelike boodskap van die DA waarom Peter Marais versoek is om te bedank. 25 Oktober.

Du Toit, D. 2001. Nine points for Marais to ponder. *Cape Argus*, 9 Mei.

*Eastern Province Herald*. 2001. Not easy to drop. 9 Julie.

Ellis, E. 2001.Marais fights in court to get back his job. *Cape Argus*, 31 Oktober.

Ensor, L. 2000. Marais fired from provincial cabinet. *Business Day*, 15 Februarie.

–. 2000a. Marais set to regain post. *Business Day*, 10 April.

Ensor, L. & Xako, S. 2001. Parties strike a ‘secret deal’. *Business Day*, 28 November.

Erwee, C. 2002. Skuus tog, tier, dat ek jou nek gebreek het. *Huisgenoot*, 17 Januarie. 18-20.

Essop, P. 2003. Marais nou herder vir ‘vergete volk’. *Die Burger*, 1 September.

Ferreira, D. 2001. Straatname steeds ’n tameletjie. *Die Burger*, 11 Julie.

*Financial Mail*. 2001. The incredible lightness of mayor Peter Marais. *Financial Mail*, 7 September.

Fine, A. 2000. Marais ‘set to axe Andrew Boraine’. *Business Day*, 15 Desember.

–. 2001. DA fraud scandal hits Cape council. *Business Day*, 26 Julie.

–. 2001a. DA’s centre is not holding. *Business Day*, 8 Augustus.

–. 2001b. Cape political infighting the DA can ill-afford. *Business Day*, 31 Augustus.

Fisher, R. 2001. An open letter to the mayor from a city centre small businessman. *Cape Times*, 1 Mei.

Fourie. A. 2001. Straathernoeming verdien steun. *Die Burger*, 5 Mei.

Gear, S. 2000. DP, NNP form Democratic Alliance. *Natal Witness*, 26 Junie.

Govender, P., Khumalo, S. & Smith, A. DA lies dead and buried. *Daily News*, 8 November.

Gunning, G., 2000 Nuwe Party: NNP en DP verdwyn. *Rapport*, 25 Junie.

–. 2001. Peter Marais kan nou ’n ‘politieke martelaar’ word. *Rapport*, 21 Oktober.

-.2002. Bedanking plaas kollig op Marthinus. *Rapport*, 2 Junie.

–. 2002a. Nuwe party: NNP en DP verdwyn. *Rapport*, 25 Junie.

Gunning, E. & Rooi, J. 2001. DP eis Van Schalkwyk se kop. *Rapport*, 14 Oktober.

Hadland, A. 2001. Cape Town the loser in the street name debacle. *Cape Argus*, 27 Julie.

–. 2001a. Heath inquiry lets two fighting cats out of the bag. *Cape Argus*, 10 Augustus.

–. 2001c. So it's 'totsiens' to showman Marais after a rollercoaster ride. *Cape Argus*, 31 Augustus.

Hadland, A. & Campbell, C. 1999. It's Mother Megacity. *Cape Argus*, 6 Augustus.

Hadland, A. & Lund, T. 2000. DA claims city victory. *Cape Argus*, 6 Desember.

Harmse, J. 1998. Straatname in middestad kan verander. *Die Burger*, 6 Februarie.

Hartley, W. 2000. Cape Town to seek new city boss. *Business Day*, 21 Desember.

Hobday, J. 2000. The right way to honour Mandela. *Cape Argus*, 21 November.

Holtzhausen, E. 2001. Why Peter Marais is right … but also wrong. *Cape Times*, 1 Mei.

Hugo, P. 2002. Die bruin Boereprofeet. *Insig*, Maart.

*Impak*. 2001. Transformasiespook pak DA beet. 18 Mei.

Jack, M. 2002. On a mission to reclaim the heritage of Africans. *City Press*, 3 Februarie.

Johns, L. 2008. Peter Marais joins new party. *Cape Argus*, 29 November.

Jooste, B. 2011. Praise for lack of exploitation in renaming road after Mandela. *Cape Argus*, 23 Junie.

Jordaan, W. 2001. ANC-jeugliga teen nuwe straatname. *Die Burger*, 17 Mei.

–. 2001a. Storm los oor 'Mandela' op dagvaarding. *Die Burger*, 19 Mei.

–. 2001b. DA wil niks sê oor straatname, maar leiers glo oneens. *Die Burger*, 19 Mei.

–. 2001c. DA moet 'standpunt stel oor straathernoeming'. *Die Burger*, 22 Mei.

–. 2001d. Marais moet fyn trap oor straatname. *Die Burger*, 25 Mei.

–. 2001e. Marais sê hy sal ondersoek na kullery verwelkom. *Die Burger*, 11 Junie.

–. 2001f. DA-leiers wil vertroue in unistadsregering herstel. *Die Burger*, 31 Augustus.

–. 2001g. Leon se versoek 'gaan oor of Marais goed kan regeer'. *Die Burger*, 15 Oktober.

–. 2003. Peter Marais stig 'n nuwe politieke party. *Beeld*, 28 Maart.

Jordaan, W. & Sidego, P. 2001. Vonke spat in DA oor Marais. *Die Burger*, 1 September.

Joubert, J-J. 2002. Peter Marais wil topstruktuur herstruktureer. *Die Burger*, 19 Januarie.

–. 2001a. NNP veg hard vir Marais se toekoms. *Die Burger*, 6 Augustus.

–. 2001b. Einde van 'n era. *Die Burger*, 29 September.

–. 2001c. Samewerking dui g'n op alliansie – NNP-leier. *Beeld*, 2 November.

–. 2002. G'n stappe teen 2 in straatnaamsaak. *Die Burger*, 7 Januarie.

Joubert, J-J. & Jordaan, W. 'Dit is laster'. *Die Burger*, 9 Mei 2002.

Gagiano, J. 1998. Dosent in politieke wetenskap aan die Universiteit van Stellenbosch soos aangehaal deur H. Pretorius: "G'n heksejag' teen ou straatname in Kaapstad". *Die Burger*, 6 November.

Kahn, T. 2001.Spokesman, lawyer 'suspended'. *Business Day*, 2 Augustus.

–. 2001a. Council papers 'Mei not reflect events'. *Business Day*, 8 Augustus.

–. 2001b. Peter Marais Mei face dismissal. *Business Day*, 31 Augustus.

–. 2001c. Whistle-blowing but not sneaks – acting mayor. *Business Day*, 3 September.

–. 2001d. Marais secures vital interdict. *Business Day*, 15 November.

Karsten, C. 2001. Goeie les oor onbekookte naamgeëry. *Rapport*, 3 Junie.

Kirby, R. 2001. Bringing down the tone of the Nats. *Mail & Guardian*, 23 Augustus.

Leon, T. 2001a. 2001. DA's smalls get hung out to dry in the open. *Cape Times*, 7 Augustus.
–. Brief aan Peter Marais. *Die Burger* 13 Oktober 2001.
Little, C. 1998. Reserve a place for Khoi names when changing old. *Cape Argus*, 19 November.
Loots, J. 2001. Municipal conjurors up to old tricks in Adderley Street. *Cape Argus*, 16 Mei.
Lund, T. 2000. It's mayor Marais. *Cape Argus*, 7 Desember.
*Mail & Guardian.* 2001. DA Skulduggery. 14 Junie.
–. 2001a. Crucial test for the DA. *Mail & Guardian*, 21 Junie.
–. 2001b. Vindicated. 2 Augustus.
Marais, P. 2008. Brief. *Die Burger*, 7 April.
Maughan, K. 2004. R2 000 ends bitter suit. *The Star*, 19 Augustus.
McLachlan, N. 2000. The challenges awaiting our unicity. *Cape Argus*, 3 Julie.
Mellet, T. 2001. Rondebosch-Oos. *Cape Times*, 10 Augustus.
Merten, M. 2000. Race divide deepens in Cape Town. *Mail & Guardian*, 8 Desember.
–. 2001. Media denied access to votes. *Mail & Guardian*, 21 Junie.
–. 2001a. City official implicated superiors in vote rigging. *Mail & Guardian*, 2 Augustus.
–. 2001b. Tale of a streetwise campaign. *Mail & Guardian*, 16 Augustus.
–. 2001c. Probes to cost R220 000. *Mail & Guardian*, 23 Augustus.
Merten, M. & Kindra, J. 2001. Morkel 'at the end of the road'. *Mail & Guardian*, 15 November.
Michaels, J. 2001. Mayor 'used as a guinea pig'. *Pretoria News*, 6 September.
Michaels, J. & Sylvester, E. 2001. Marais takes over Cape Nats. *Cape Argus*, 1 November.
Misbach, W. 2001. Marais quits as judge lashes DA. *Sowetan*, 22 November.
–. 2003. Marais to launch party. *Sowetan*, 18 Augustus.
Molele, C. 2008. Cope welcomes sorry Marais. *Sunday Times*, 30 November.
Morris, M. 1998. The men whose names spelt division. *Cape Argus*, 5 November.
–. 2001. DA braces itself for Heath probe. *Cape Argus*, 26 Julie.
–. 2003. Geen opskrif. *Daily News*, 21 Februarie.
Mowzer, S. 1998. Apartheid came to taunt us in the naming of streets. *Cape Argus*, 17 November.
MTD Research Surveys. [Datum van gebruik 23 Novermber 2011] http://socialresearch.ca.za
Mvoko, V. 2001. Marais saga Mei show DA divide. *Business Day*, 3 September.
Ndenze, B. 2010. City streets to be renamed. *Cape Times*, 1 Julie.
Ndenze, B. & Hartley, A. 2010. Cape Town streets to get name makeover. *Cape Times*, 10 Desember.
Ndletyana, M. 2000. Why the ANC lost the Cape Town race. *Sowetan*, 12 Desember.
Ngcai, S., Gunning, E. & Rooi, J. 2001. The premier harassed us, say five. *City Press*, 12 Mei.
Ngoro, B. 1998. Placenames revolution on way for Cape Town. *Cape Argus*, 4 November.
–. 1998a. What's in a name? A lot, say those calling for changes in Guguletu. *Cape Argus*, 5 November.
–. 1998b. City name revolution hits road. *Cape Argus*, 10 November.
Nicholas, P. 1998. Kaap herdoop straks gou strate met apartheidsbande. *Die Burger*, 6 November.
Ntabazalila, E. 2001. Capetonians say no to new street names. *Cape Times*, 27 Junie.

–. 2001a. Split emerges in DA over street names. *Cape Times*, 29 Junie.

–. 2001b. Marais was divisive and ineffective as mayor, DA tells court. *Cape Times*, 31 Oktober.

–. 2001c. Morkel engages Peter Marais. *Cape Times*, 22 Februarie.

Oliver, L. 2001. Street names: Bo-Kaap says no. *Cape Argus*, 29 April.

–. 2001a. Marais bounces back. *Cape Argus*, 7 Oktober.

Oppelt, P. 2001. Boo to this tactless political showman. *Sunday Times*, 29 Julie.

Paton, C. 2000. Two opposition hearts beat as one. *Sunday Times*, 25 Junie.

–. 2001. The eagle has landed. *Sunday Times*, 5 Augustus.

–. 2001a. From wedlock to deadlock. *Sunday Times*, 21 Oktober.

Peart, H. 2001. St Francis Bay. *Cape Argus*, 14 Augustus.

Peer, N. 2001. Fake signatures planted – Marais. *Cape Times*, 11 Junie.

Pelser, W. 2001. Waalstraat kry sy naam van groot grondbesitter. *Die Burger*, 4 Mei.

Pelser, W. & Joubert, J-J. 2001. DA bely skuld oor Marais. *Beeld*, 23 November.

Phahlane, C & Michaels, J. 2001. Marais should have quit, says Willem Heath. *Cape Argus*, 18 Oktober.

Phakathi, B. 2011. Mayor upbeat on changing street names. *Business Day*, 21 Junie.

*Pretoria News*. 2002. Opposition as a force is crumbling. 3 Junie.

Pretorius, H. 1998. 'G'n heksejag' teen ou straatname in Kaapstad. *Die Burger*, 6 November.

Prince, L. 2004. Nog plekname moet glo verander. *Die Burger*, 29 November.

*Rapport*, 2001. Liefdelose alliansie. *Rapport*, 12 Augustus.

Rasool, E. 2001. A road by any name. *Cape Times*, 1 Mei.

Rautenbach, E. 2002. Dan ben ik een dokter Dr Audrey van Zyl het op 9 Mei 'alle hel laat losbars'. *Insig*, Julie. 28-30.

Ray, R. 2001. Call on Noble to apologise for 'insult' to Cape Flats. *Cape Times*, 14 Augustus.

Redelinghuys. R. 2001. DA playing football with basic needs. *Cape Argus*, 5 Augustus.

Retief, H. 2001. Hanlie Retief gesels met Peter Marais: Manhaftige Oompie-Doompie wat nie wil val nie. *Rapport*, 5 Augustus.

Rodgers, P. 2000. DP buries the Nats. *Business Day*, 30 Junie.

Rooi, J. 2001. Marais se pyn by siek Mandela. *Rapport*, 29 Julie.

–. 2001a. Krisisweek vir Peter Marais. *Rapport*, 5 Augustus.

–. 2001b. Marais 'aggressief' oor briewe. *Rapport*, 12 Augustus.

–. 2001c. Kapenaars sal moet opdok. *Rapport*, 12 Augustus.

–. 2001d. Marais-debakel kos R1m. *Rapport*, 21 Oktober.

Scott, C. 2001. Set up committee to deal with street name changes. *Cape Times*, 23 Mei.

Scott, J. 2001. Heard the one about the mayor, his pastor and an unsound organ? *Cape Times*, 9 Augustus.

–. 2001a. Marais thought he had the votes in the Pick n Pay bag. *Cape Times*, 10 Augustus.

Scroeder, F. 2001.Whistleblower feels heat. *Cape Times*, 27 Julie.

–. 2004. Marais to pay Adams R2 000. *Cape Times*, 19 Augustus.

Schroeder, F., Ntabazalila, E. & Smetherham, J-A. 2001. Scandal rocks mayor's office. *Cape Times*, 26 Julie.

Segar, S. 2001. DA boots out mayor Marais. *Natal Witness*, 20 Oktober.

Selfe, J. 2001. Chairperson of the DA National Management Committee. *Cape Times*, 15 Augustus.

Sidego, P. 2001. DA se eintlike vyande is uitsigloosheid en misdaad. *Die Burger*, 8 Augustus.

Sidego, P. & Jordaan, W. 2001. Marais gee skiet oor straatname. *Die Burger*, 21 Mei.

Smetherham, J-A. 2001. Have your say on street renaming. *Cape Times*, 30 April.

–. 2001a. Chamber of Commerce to get views on street names. *Cape Times*, 3 Mei.

–. 2001b. Scrapping of renaming process welcomed. *Cape Times*, 26 Julie.

Smit, J. 2001. Bestuurder van kommunikasie in die kantoor van die burgemeester. *Cape Times*, 1 Mei.

Smith, A. 2000. City boss set for chop. *Cape Argus*, 15 Desember.

–. 2001. Mayor faces ugly battle. *Cape Argus*, 16 Februarie.

–. 2001a. Business says 'no' to new street names / Chamber of Commerce survey. *Cape Times*, 7 Mei.

–. 2001b. Marais hesitates on renaming streets. *Cape Times*, 21 Mei.

–. 2001c. City backs street renaming. *Cape Times*, 25 Mei.

–. 2001d. Fresh controversy in Mayor's street renaming. *Cape Times*, 12 Junie.

–. 2001e. Councillor suggests handing street name ballots to Scorpions. *Cape Times*, 15 Junie.

–. 2001f. Marais seeks new route to resolve street names issue. *Cape Times*, 3 Julie.

–. 2001g. D-day for unicity's Smit as vote-rigging probe gets moving. *Cape Times*, 20 Julie.

–. 2001h. Kapenaars bly hart van stad kry nie nuwe name. *Die Burger*, 27 Julie.

–. 2001i. Province 'poll' asks: Should Marais go? *Cape Times*, 31 Julie.

–. 2001j. DA deceived me, says whistleblower. *Cape Times*, 7 Augustus.

–. 2001k. Marais fumes as deputy testifies. *Cape Times*, 8 Augustus.

–. 2001l. Heath to hand in report on street renaming initiative. *Cape Times*, 28 Augustus.

–. 2001m. Mayor suspended. *Cape Times*, 31 Augustus.

–. 2001n. Let's settle our legal battle out of court, Adams tells Marais. *Cape Times*, 17 September.

–. 2001o. Heath inquiry costs province R275 000. *Cape Times*, 21 September.

–. 2001p. No wilderness for me, Marais says he prepares to fight DA 'kangaroo courts' in court. *Cape Times*, 22 Oktober.

Smit, A. & E. Sylvester. 2001. DA row over mayor's banquet. *Cape Argus*, 2 April.

Smook, E. 2010. Street name erupts. *Cape Argus*, 10 Desember.

Soggot, M. 2001. DA in fake vote fraud. *Mail & Guardian*, 14 Junie.

–. 2001a. No power for fraud probe. *Mail & Guardian*, 13 Julie.

–. 2001b. In search of the vote riggers. *Mail & Guardian*, 13 September.

–. 2001c. Leon's case against Marais. *Mail & Guardian*, 18 Oktober.

Steenkamp, J. 2002. Tamboerskloof. Premier klip in partye se maag. *Die Burger*, 14 Mei.

Streek, B. 2001a. Is Marais' ticket up? *Mail & Guardian*, 2 Augustus.

–. 2001a. Street scandal:D-Day for the DA. *Mail & Guardian*, 30 Augustus.

Stuart, B. 2001. Marais: I'll stay. *The Citizen*, 18 Oktober.
–. 2001a. Leon pledges DA will back Morkel. *The Citizen*, 9 November.
–. 2001b. Mayoral chain of events leads to Marais quitting. *The Citizen*, 22 November.
–. 2002. NNP was forced to dump Marais. *The Citizen*, 4 Junie.
*Sunday Independent*. 2004. Sweeping name changes on the cards for South Africa. 28 November.
Swart, F. 2001. Leon se eis ruk DA. *Rapport*, 7 Oktober.
Sylvester, E. 2001. Votes on street names 'forged'. *Cape Argus*, 8 Junie.
–. 2001a. Mandela stays out of street row. *Cape Argus*, 13 Junie. 1
–. 2001b. A mayor at the crossroads. *Cape Argus*, 29 Julie.
–. 2001c. Unicity duo will know their fate today. *Cape Argus*, 31 Julie.
–. 2001d. Mayor's call leaked to Argus. *Cape Argus*, 9 Augustus.
–. 2001e. 'How we helped illiterate to vote'. *Cape Argus*, 9 Augustus.
–. 2001f. I don't have to testify before Heath. *Cape Argus*, 10 Augustus.
–. 2001g. Knives are out for city's acting mayor. *Cape Argus*, 5 September.
–. 2001h. New Nats told to shape up or ship out. *Cape Argus*, 25 September.
–. 2001i. Marais set for two big fights. *Cape Argus*, 16 Oktober.
–. 2001j. Marais faces DA axe today. *Cape Argus*, 19 Oktober.
–. 2001k. Marais out – but far from down. *Cape Argus*, 22 Oktober.
–. 2001l. DA prepares for legal showdown with Marais. *Cape Argus*, 26 Oktober.
–. 2002. Morkel: 'Nothing to hide'. *Cape Argus*, 11 April.
*The Star*. 2001. Mother City's businesses oppose renaming of street names. 7 Mei.
–. 2001a. Bishop and Cosatu reject plan to rename Cape Town streets. 8 Mei.
–. 2001b. Cape Town Mayor drops street-name-change plan. 26 Julie.
–. 2001c. Marais defiant as vote-rigging row intensifies. 27 Julie.
–. 2001d. Marais, deputy mayor subpoenaed. 2 Augustus.
–. 2001e. Heath's vote-rigging probe likely to unearth lots of dirt. 6 Augustus.
–. 2001f. Adviser wanted to believe vote-rigging conspiracy. 10 Augustus.
–. 2001g. Heath wants more time to sort out street name saga. 13 Augustus.
–. 2001h. Release Heath's report. 30 Augustus.
*The Times*. 2008. Cope brings hope despite its dubious leadership choices. 17 Desember.
Toussaint, J. 2007. Processing of odonyms in Quebec, Canada. *Progress Report*, Junie:1-5.
Trent, E. 2001. ANC has set a trap for NNP. *The Herald*, 19 November.
Tromp, B. 2001. Marais hits out over Adderley row. *Cape Argus*, 25 Mei.
Underhill, G. 2001. Probe into adviser's appointment. *Cape Argus*, 26 Augustus.
–. 2001a. Despite Heath report Una Pick is given senior job by supportive unicity councillors. *Cape Argus*, 1 Desember.
Van der Walt, L. 2001. Meeste gekant teen nuwe straatname. *Die Burger*, 29 Junie.
Van der Westhuizen, T. 2000. Peter Marais 'oorbluf' ná afdanking. *Die Burger*, 15 Februarie.

–. 2000a. DA in Kaapstad 'aan bewind met 108 setels'. *Die Burger*, 7 Desember.
–. 2000b. Nuwe DA-raadslede vergader vandag. *Die Burger*, 8 Desember.
–. 2000c. Peter Marais dalk sy NNP lidmaatskap ook kwyt. *Die Burger*, 18 Februarie.
–. 2001. Komitee oor straatname amper voltallig. *Die Burger*, 29 Mei.
–. 2001a. Peter was hande in onskuld oor strate. *Die Burger*, 9 Junie.
–. 2001b. Woordestyd woed voort oor hernoeming van strate. *Die Burger*, 12 Junie.
–. 2001c. UDM verwerp redes vir besluit oor straatname. *Die Burger*, 15 Junie.
–. 2001d. Balielid bekyk hernoeming van strate. *Die Burger*, 16 Junie.
–. 2001e. Unistad sif voorstelle vir straatname. *Die Burger*, 27 Junie.
–. 2001f. Straatnaam-saak 'gaan voort'. *Die Burger*, 24 Julie.
–. 2001g. Koppe kan rol oor straatname. *Die Burger*, 26 Julie.
–. 2001h. Polisie moet straatherrie ondersoek. *Die Burger*, 26 Julie.
–. 2001i. DA sluit geledere om eerste burger. *Die Burger*, 28 Julie.
–. 2001j. Senior politici betrek by debakel oor straatname. *Die Burger*, 31 Julie.
–. 2001k. Straatnaam-herrie kan stad duisende kos. *Die Burger*, 3 Augustus.
–. 2001l. Beskuldiging teen Marais teruggetrek. *Die Burger*, 8 Augustus.
–. 2001m. Pastoor getuig oor kerk se rol in straatnaam-debakel. *Die Burger*, 9 Augustus.
–. 2001n. DA 'in kampe verdeel' oor straatname. *Die Burger*, 10 Augustus.
–. 2001o. Vrou het namens ander vir nuwe straatname geteken. *Die Burger*, 11 Augustus.
–. 2001p. Marais sal vandag sy saak stel oor straatname. *Die Burger*, 11 Augustus.
–. 2001q. Marais 'sal oudleiers vereer'. *Die Burger*, 13 Augustus.
–. 2001r. Tug Marais, ander amptenare – Heath. *Die Burger*, 31 Augustus.
–. 2001s. Marais uit maar veg terug. *Die Burger*, 31 Augustus.
–. 2001t. Marais se aandeel in straatkwessie nie meer bekyk. *Die Burger*, 22 September.
–. 2001u. Speaker haastig oor Marais-hulle. *Die Burger*, 27 September.
–. 2001v. DA wik nog. *Die Burger*, 6 Oktober.
–. 2001w. Peter Marais – slagoffer van botsende bevindings? *Die Burger*, 23 Oktober.
–. 2001x. Afrikaners hoef nie te vrees nie. *Die Burger*, 1 November.
–. 2001y. Marais bedank ondanks hofuitspraak. *Beeld*, 22 November.
–. 2001z. DA se besluit was onbillik teenoor Marais, sê hof. *Die Burger*, 22 November.
–. 2002. Straatnaam-saak spook nog. *Die Burger*, 22 Januarie.
–. 2002a Walker kom skotvry af oor straatname. *Die Burger*, 27 Februarie.
Van der Westhuizen, W. & Jordaan, W. 2001. DA-messe uit vir Peter Marais. *Die Burger*, 27 Julie.
Van der Westhuizen, W. & Pelser, W. 2001. Peter Marais op Kaapse manier ingehuldig. *Die Burger*, 3 April.
Van der Westhuizen, W. & Van Houwelingen, M. 2001. Marais en nog 12 voor Heath oor straatname. *Die Burger*, 2 Augustus.
Van Houwelingen, M. 2001. Vrede speel rol in Marais se straatplan. *Die Burger*, 28 April.

–. 2001a. Verklaring van unistad se regsadviseur wemel van aantygings. *Die Burger*, 26 Julie.
–. 2001b. Burgemeesterleraar ontken betrokkenheid by ‘straatkullery’. *Die Burger*, 27 Julie.
–. 2001c. Verklaring van strate moes nie uitlek. *Die Burger*, 28 Julie.
Van Schalkwyk, M. 2001. Why I threw in my lot with the ANC. *Sunday Independent*, 11 November.
Van Zyl, J. 2001. Marais wil rassiste ’n ding wys. *Beeld*, 23 Januarie.
Viall, J. 1997. Marais on a mission: ‘every patient a VIP’. *Cape Argus*, 27 Desember.
West, B. 2000. Councillors agree on way to unity. *Cape Times*, 1 Maart.
Westra, P. 2001. Straatnaamkwessie het ’n uitweg. *Die Burger*, 10 Julie.
White, R. 2001. May be Kortbroek is really a Papbroek. *The Star*, 7 Junie.
Williams, M. 2001. Boraine slams DA over ‘culture of fear’. *Cape Argus*, 18 Februarie 2001.
–. 2001a. DA to set up probe into street name ‘fraud’. *Cape Argus*, 10 Junie 2001.
–. 2001b. ‘We will still salute Madiba in a big way’. *Cape Argus*, 12 Augustus 2001.
–. 2001c. Cast into the wilderness. *Cape Argus*, 20 Oktober.
–. 2002. Marais quits. *Cape Argus*, 1 Junie.
–. 2002a. Comeback kid at it again. *Cape Argus*, 15 Oktober.
Wilmot, J. 2001. Rubriek sonder opskrif. *Cape Argus*, 13 Mei.
Wyngaard. H. 2001. Spertyd vir verslag oor straat name ook onduidelik. *Die Burger*, 17 Julie.
Xako, S. 2001. ANC ‘will chew, spit out NNP’. *Business Day*, 30 Oktober.
Yeld, L. 2008. Legal duel slows down wheels of justice for Malatsi and Marais. *Cape Argus*, 19 Junie.

# INDEKS


ACDP 19, 70, 72

Adams, Freda 31-32, 38-39

Adams, Zane 27

Adderley 48-49, 54, 56, 100-102

- Adderley- en Waalstraat 47, 50, 57-58, 66-67, 111, 199
- Adderleystraat 2, 7, 44, 48-50, 55, 59, 67
- Adderley, Charles (Sir) 48

AEB 56

Africa Muslim Party 19

Afrikaanse Handelsinstituut 57

Afrikaanstalige organisasies 57

Afrika-dansers 37

Afrikaner Eenheidsbeweging 56

AHI 57

Algerynse ambassade 121

amptenare 10, 12, 22-25, 36, 71, 75, 80, 84, 92-95, 97-98, 103, 106, 108, 113, 115, 119, 131, 133, 136, 140, 164, 180, 192

ANC 2, 4, 6, 10, 14-17, 19-24, 28, 30-33, 40, 43, 45, 51, 53, 56, 59-60, 62-63, 67-70, 72-73, 81, 84, 86-87, 98, 101-102, 104-106, 108-109, 115-116, 118, 121, 124, 134, 140, 142, 149-154, 157-158, 162, 172, 175, 178, 184-187, 189-191, 199-200

ANC-koukus 99

ANCYL 56-57

apartheid 6, 13, 17, 25, 28, 41-43, 45-46, 52-54, 63, 87, 156, 184

apartheidshelde 41

apartheidsname 46, 59

Arbeidverhoudingswet 23

Athlone 41

Autshumao 50

Azapo 50

Baines, Thomas 48

Baldwin, James 53

Barnard, Niel 192

Beekman, L 35

Beerwinkel, Carol 70

Benn, Tony 138

beroep op Mandela 56

Bester, Hennie 71, 92, 104, 110, 156, 163, 186

Bezuidenhout, Evita 76

Blitsopnames 51

Boraine, Andrew 9, 23-26

Botha, PW 28, 117

Breitenbach, AM 168-169

Brittanje 41-42

Brown, Lynn 20

bruin mense 28, 33-34, 109, 135, 141, 151, 153

burgemeestersamp 10, 106, 118, 157, 159, 164, 166, 173, 178, 181, 186

Bush, Henry 70

Calland, Richard 142

Cape Community 139

Cape Town Unicity 24, 162

Carlisle, Robin 36, 90, 96

Christelike radiostasie 139

Churchill, Winston 47

Claremont 41
Coetzee, Ryan 37-38, 92, 137-138, 162, 171
Constantia 118, 123
COPE 197
Corruption Walk 77
Cosatu 17, 55, 184
Cosatu-ondersteuners 174
DA 2, 10, 13-16, 18-26, 30, 34-39, 51, 53, 55-56, 60-64, 68-75, 78-84, 87, 89, 92-96, 98, 102-112, 115-117, 119-121, 124-126, 131-138, 140-142, 144, 147-160, 162-163, 166, 169-176, 178-191, 193, 195, 197, 199, 201-202
Davids, Nadiema 90-91, 113, 119, 128
debakel 8, 66-67, 72, 81-82, 86, 89, 97-98, 100, 103, 105-106, 112, 120, 132-133, 136, 138, 145-146, 156, 158, 181, 193, 195
De Gaulle, Charles 20
De Klerk, FW 3, 5, 16, 18, 22, 47-48, 52-54, 56-60, 64, 66, 71, 77, 94, 99-101, 104, 133, 138, 141, 148, 164-165, 186, 200
De la Cruz, Danny 70-72, 75-77, 154-155, 157-158, 189, 195
De Lille, Patricia 112, 198
Demokratiese Party 14
De Souza-Zilwa, Leonora 24
De Waal, David 48
De Waal, Jan 48
Distrik Ses 197
DP 13-19, 21, 26, 29, 31, 33, 36, 39, 48, 61, 63, 102, 105, 109-110, 116, 120, 123-124, 132, 137, 141-142, 147, 149-151, 153, 156, 162, 165, 170, 172, 176, 178, 184, 186-187, 189
drieman-ondersoek 74, 144
Dugmore, Cameron 69-70
Dunn, Elmar 20
Durand, Johann 156
Eastridge 77
eenmankommissie 79, 136
Eglin, Colin 156
Ehrenreich, Cheryl 139
Engelse name 41
Erleigh, David 129
Evangelical Minister's Fraternal 128
FA 14, 19
Fauna en flora name 141
Fidel Castro Walk 77
Fischer, Stewart 92
Fisher, R 24, 55, 119
Fish Hoek 118
Fourie, Andre 58
Fuchs, Anton 70
Gagiano, J 43
Gandhi, Mahatma 47
Gaum, André 36
Gauntlett, J 182
Gauteng-inwoners 86
gedagvaardigde amptenare 113
Gerwel, Jakes 99
Ghana 50
Gibson, Douglas 165-166, 175, 184
Gordonsbaai 22
Grand Parade 44
Grey, George 49
Grisham, John 125

Groote Kerk 4, 47, 57, 63
Guguletu 40-41, 44
Hadland, Anthony 9, 17, 20, 29, 100-102, 131-132, 150
Hans Strijdom-laan 197
Harry die Strandloper 50
Hattingh, Thys 109
Heath, Willem 94-95, 98, 103-106, 110-115, 119-120, 124-128, 133-135, 140, 142-153, 157, 160, 164, 168, 175, 179-180, 193, 195
    Heath-aantygings 193
    Heath-kommissie 106, 123, 180
    Heath-ondersoek 105, 111, 120-121, 128, 131, 134, 138, 142, 144, 149, 153, 166, 193
    Heath se feitebevindings 152
    Heath se ondersoek 104, 112, 115, 144, 148, 153
    Heath se verslag 142, 147-148, 152, 193
    Heath se voorstel 164
    Heath Specialist Consultants 146
    Heath-verhoor 122
    Heath-verslag 140, 154, 164
Hendricks, Alan 28
Henning Report 147
Hertzog Boulevard 42
Hertzog, JBM 42-43, 56
Heunis, Jan 13, 111, 183
Hlope, John 35, 188
Hobday, Jonathan 46-47
Holomisa, Bantu 108
huldigingstraatname 3
Idasa 60, 142
IVP 174
Jacobs, Bonita 20, 142-144, 149, 155
Jan Alleman 35
Jazz Art 35
Johnson, RW 13-14, 21, 89-97, 100, 102-103, 105, 112-113, 119, 124-127, 131, 134, 136-138, 144-146, 148, 154, 160, 194
Kaapse Hooggeregshof 39, 155, 179, 181, 187
Kaapse Kamer van Koophandel 51
Kaapse Klopse 34
Kaapse Metropolitaanse Raad 9
Kaapse Persklub 66
Kaapse Vlakte 22, 68, 128, 152
Kadalie, Rhoda 197
Kenia 50
Khoi-Khoi 42, 50
Kieser, Ben 87, 90-92, 94-98, 102, 104, 106-108, 112-114, 119, 123, 125-126, 128-129, 133-134, 136, 142-143, 145, 154-155, 193-195
kiesers 20, 21, 23, 83, 98, 171, 185-186, 190-191, 197
    bruin kiesers 135, 159, 185
    Kaapstad se kiesers 132
    kiesersdemografie 164
    kieserspubliek 154
    kiesersrol 177
    kiesersvlak-werker 193
    NNP-kiesers 185-186
    opposisiekiesers 21, 132
    swart kiesers 20
    Transkei-kiesers 22
King, Edwin 144, 147, 164
    King-kommissie 149, 155, 165
    King-ondersoek 153
Klein Drakenstein 104
Klipfontein 41

komitee
- beheerkomitee 144, 175
- bestuurskomitee 15, 61, 71-72, 80, 87, 104, 195, 201
- breë komitee 86
- DA-beheerde uitvoerende komitee 64
- DA Nasionale Bestuurskomitee 61
- DA se beheerkomitee 175
- DA se elf uitvoerende komiteelede 126
- DA se nasionale bestuurskomitee 80
- DA se provinsiale bestuurskomitee 71-72, 87, 195
- stadsraad se uitvoerende komitee 40, 76
- eerste minister se ekonomiese advieskomitee (1983-1985) 30
- gesamentlike komitee 108
- hernoemingskomitee 198
- kleiner komitee 75
- komiteelede 76, 123, 126, 147
- munisipaliteit se reëlskomitee 155
- nasionale bestuurskomitee 61, 80, 201
- NNP se uitvoerende komitee 123
- NNP se uitvoerende komiteelede 126
- ondersoekkomitee 81, 95
- ondersoekkomitees 82
- provinsiale beheerkomitees 15
- raadskomitee 164
- reëlskomitee 127, 155-157, 165-166, 175, 177, 179-180
- sewe uitvoerende komiteelede 123
- spesiale komitee 25
- staande komitee 42
- stadskomitee 49
- stadsraad se dienstekomitee 44
- stadsraad se dissiplinêre komitee 159
- stadsraad se reëlskomitee 165, 177, 179
- stadsraad se veelpartykomitee 71, 172
- stadsraad se veelpartykomitee-bevinding 172
- straatkomitees 30
- subkomitee 68, 72-73, 75, 79
- tugkomitee 32
- uitvoerende komitee 12, 20, 24, 29, 40-41, 63-64, 66, 70, 76, 107, 115, 119, 123, 175, 178, 189, 195
- uitvoerende komiteeposte 20
- uitvoerende komitees 14
- uitvoerende komitee-vergadering 120
- uitvoerende komitee-vergaderings 123
- unistad se reëlskomitee 127, 155-157
- unistad-veelpartykomitee 75
- veelpartykomitee 26, 56, 60, 62-64, 68-71, 75, 77-79, 83, 86-87, 91, 100, 126, 138, 154-155, 181
- veelpartyreëlskomitee 171
- veelpartysubkomitee 72-74, 76, 79

Koornhof, Nic 106

Kruger, Jan 113, 119

Kultuurhistoriese Museum 4, 47

Kunstekaap-teatersentrum 34

Langa, Bheki 114

Le Grange, Zelda 71

Leon, Tony 14-20, 26, 33, 35-38, 61, 67, 92-96, 99-100, 102-106, 109-110, 115-116, 119, 121, 123-127, 132-138, 142, 146, 148-154, 158-173, 175-179, 181-184, 186-191, 195, 201

Lodge, Tom 142

Louw, C 181

Ludwig, David 27

LUK 12, 29-30, 33, 35, 39, 133

Luyt, Louis 14

Macassar 22

Makana-eiland 50

Makwanzi, Don 114

Malan, DF 54

Mali 50

Mandela 3, 5, 41, 46-47, 50, 52-54, 56-60, 64, 66-67, 71, 77, 81, 87, 94-95, 98-101, 128, 133, 138, 141, 148, 150, 200
- Mandela, Nelson 3, 41, 47, 59, 99, 101
- Mandela-weg 47
- Mandela, Winnie 150
- Nelson Mandela Rylaan 41
- Nelson Mandela Stigting 99

Manenberg 77, 84-86, 127, 143
Marais, Anne Magdalena 27
Marais, Peter 17-20, 23-40, 47-48, 50-64, 66-72, 74-76, 78-84, 86-88, 90-91, 93-110, 113, 115-120, 123-132, 134-136, 138-140, 142-153, 155-186, 188-193, 195-197, 199-202
Marais-debakel 135, 142, 161, 183, 198
Marais-kamp 124, 160
Marais se straathernoemingsplan 1, 36, 40, 51-52, 55, 59, 61, 93-98, 102, 123, 127, 135, 200
pro-Marais 148
Marais, Piet 72, 74, 156
Markovitz, Leon 106, 163
Marsdon, Mike 44
Martin, Eva 127
Marx, Fritz 89, 113, 119
Maydon, Robert 92, 94-96, 114, 139, 194
Mbeki, Thabo 22, 76, 187
megastede 9
metropolitaanse munisipaliteite 9
Mfeketo, Nomaindia 86, 124
Milan, Lynne 114
Mitchellsplein 77, 85, 127-128
monumentale klug 89, 115
Morkel, Gerald 17-18, 29-34, 38-39, 61, 63, 67, 71-72, 81, 87, 92-94, 102, 106, 109, 143, 148-149, 153, 156-157, 160, 163-167, 170-171, 175-176, 183, 185-192, 194-195
Moslem-gemeenskap 51
Motura, Sjeik 50
Mowbray 41, 46
Mowzer, Mohamed 20, 23-24, 41, 43-47, 86
Mpetha, Oscar 44
naamsverandering 7, 12, 41-42, 44, 46, 50-51, 54-57, 59, 63, 69-70, 86-88, 90, 95, 124, 140, 147, 193, 195, 199-200
Nammoa 42
Nasionale Vergadering 14, 36
National Health and Allied Workers Union 30
native yard 44
NBK 61, 133, 137, 147, 166, 170-171, 175, 178-181, 183, 188, 201
NBK-voorsitter 176
Nehawu 30
Neptune 48
Newlands Stadion 107
NG-Kerk 66
Nico Malan-teater 37
Nielsen, Ian 119
Niemand, Keppies 15
NNP 13-19, 21, 30-33, 39, 58, 61, 63, 102, 105, 109-110, 120, 123-124, 126, 132, 142, 147-149, 155-156, 160, 162, 165-166, 170-174, 176, 178, 182, 184-190
Nobelpryswenners 3
Noble, Theo 38, 92, 96, 113-114, 119, 127-128, 139, 145
NP 2, 15, 25, 40, 43, 53, 75, 84, 88, 102, 156
NY 44
Odendaal, Willem 15
Olckers, Martha 32
Oliver Tambo-rylaan 55
oorlogskabinet 175
oorloopklousule 186
Oostelike Boulevard 59
openbaarmaker 103, 145-146
openbare konsultasieproses 68
openbare verhoor 80, 105
Oswald Pirow Rylaan 42
Oxford 42
Parker, Howard 20

Parlement 4, 13-15, 47, 66
Parow 152
Petersen, Taliep 197
Phillipi 40
Pick n Pay-sak 128
Pick, Una 20, 70, 142, 193
Pirow, Oswald 42-43, 51, 54, 56
Plumstead 41
premier 2-3, 17, 28, 31, 34, 38, 67, 72, 76, 87, 109, 120, 157, 163-166, 175-176, 183, 190-193, 195-197
Price, David 70, 72
Pringle, Stuart 20, 70, 72, 78-79
Prins Alfred 49
Progressiewe Party 14
provinsiale kabinet 187
Rasool, Ebrahim 18, 32, 51, 56, 59, 72, 81, 86-87, 94, 98, 104, 112, 153, 172
Rauch, Laurika 35
Research Surveys 140, 171
Retief, Hanlie 27, 118-119
Riebeeck Plein 42
Robbeneiland 50
Rosebank en Mowbray Gemeenskapsvereniging 46
Rose-Innes, LA 168-169
Rylands 22
SABC 73-74
SACP 17, 184
Samuels, Marion 127
SAPD 193
Schoeman, Renier 165-166, 184
Schuitemaker, Albert 51
Selfe, James 61, 80, 133, 163, 176
Seremane, Joe 14
Setlaarsweg 47
Sibisi, Judy 24
SIU 147
Skerpioene 73
Smit, Johan 36-38, 53, 57-58, 60, 68-69, 71, 86, 89-92, 94-99, 102, 104, 106-108, 112-114, 119, 123, 125-128, 130-131, 142-143, 145, 193-195
Smuts, Jan 4, 47, 66
Special Investigation Unit 147
stadsraadslede 108, 148, 154, 171, 175
Stellenbosch Universiteit 43
stemme 7, 13-14, 18-19, 22, 28, 32-33, 35, 51, 68-69, 74-75, 77, 82, 84, 94-97, 100, 102, 115, 118, 134, 141, 145, 149, 153-154, 159
Stempatrone 22
steunbriewe 90-92, 96, 127
Steward, Dave 71
straatkinders 77
straatnaamdebakel 30, 54, 66, 88, 114, 122-123, 142, 153, 163, 166, 173, 185, 193-195
straatnaamskandaal 84, 121
"Streetgate" 87, 89, 132
Swart, Freek 159-160
Thuynsma, Jeremia 70, 72
transformasie 9, 11, 24, 41, 44, 55-56, 81-82, 191-192
Tutu, Desmond 35, 101
Tuynhuys 4, 47
Twigg, Grant 70-72, 79
UDM 14, 60, 62-63, 70-73, 104, 108, 155
ultimatum 159-160, 166-167, 170, 175

unistad 10-11, 24, 37, 56, 73, 79, 81, 87, 89-90, 92, 106, 108, 114-115, 119, 125, 127, 143, 151, 154-155, 157, 171, 193-194, 201
- unistad-kommissie 11
- unistad-veelpartykomitee 75
- unistad se reëlskomitee 127, 155-157
- unistadsraad 63, 70, 72-73, 76, 112, 156, 171

Uys, Pierre 12, 93-94, 102, 106, 140, 148, 155, 198

Van der Westhuizen, Jan 20, 31-32, 34-35, 69-73, 77, 79-80, 92, 98-99, 104-106, 111-116, 126-128, 130-131, 133-138, 143-144, 148-149, 155-158, 180-181, 184, 188-189, 194-195

Van Deventer, Frik 32

Van Ryneveld, Philip 24

Van Schalkwyk, Marthinus 14-15, 17, 19, 31-33, 35-38, 71, 94, 104, 106, 110, 120, 142, 148, 153, 158-168, 170-173, 175-177, 181, 183-187, 189-190

Van Zyl, Deon 20-21, 27-28, 188

Vawda, Ahmedi 24

verdeeldheid 42, 55-56, 59-60, 63, 66, 98, 124, 126, 131, 163

Verenigde Party 14

vererings- en gedenkstraatname 5

vereringstraatname 3-4

vervalsings 75, 80, 83, 86

vervalste stukke 74

Verwoerd, HF 2, 51, 54
- Verwoerd-rylaan 197
- Verwoerd-weg 198

Volksraad-regalia 2

volstrekte meerderheid 20

Vorster, John 16

Vos, James 70

Vredeshoek 47

vrydenkery 156

Vryheid van Inligting Wet 84

Waal 48, 100, 102
- Waal- en Adderleystraat 2, 7
- Waalstraat 47-48, 50-51, 54, 57-58, 60, 66-67, 77, 111, 123, 199

Waarheid- en versoeningskommissie 16

Walker, Belinda 25-26, 64, 90-93, 96, 99, 102, 106, 113, 115-116, 119, 123-126, 132, 135-136, 143, 148-149, 154-156, 180, 195

wapenaankope 73, 103

Waterfront-snelweg 59

Watkyns, Bryan 119, 123

Wes-Kaap 15, 17, 21, 28, 30, 34, 43, 46, 73, 92, 120, 140, 147, 156, 178, 185-187, 189, 191, 196, 199

Wes-Kaapse kabinet 29, 165, 187

Wessels, Leon 95

wit bevoorregting 15, 172

Woodstock 41-42

Wooton, Richard 113

Worcester 42

WVK 16-17, 53

Yengeni, Tony 103, 108

Yusuf Boulevard 51

Zapiro 85, 113, 117, 130, 177

Zille, Helen 15, 106, 197

Vandag is die hernoeming van veral plek- en straatname om die onreg van die verlede reg te stel weer sterk op die voorgrond, en dit bly 'n kontroversiële aangeleentheid wat rolspelers en die mens op straat se belangstelling vasvang. Derhalwe is dié boek se tema en inhoud, naamlik die straatnaam-hernoemingsdebakel etlike jare gelede in Kaapstad en die meegaande politiekery op die breë front, relevant in die huidige geskiedskrywing omdat dit treffend aandui hoe so 'n kwessie kan skeefloop as dit nie met die nodige empatie teenoor alle belangstellendes en bevolkingsgroepe hanteer word nie. In hierdie geval het dit tot die uiterste gestrek deurdat bekende politieke leiers in die proses betrek is en selfs geval het. Deur inleidend 'n deeglike agtergrond van die sogenaamde straatnaam-hernoemingsfenomeen te gee, gepaardgaande met die politieke opset in Kaapstad, word die leser genoegsaam geposisioneer om die gebeure wat volg goed te begryp. Die toepaslike en treffende – soms selfs skreiende – spotprente bied sinvolle illustrasies tot die verhaal.

**Dr Hannes Haasbroek**, *Nasionale Museum, Bloemfontein*

SUNBONANI SCHOLAR

9 781920 382582 >